

**BEMAGTIGING VAN ENKELOUERKINDERS
IN HULLE LAAT MIDDELKINDERJARE IN ‘N
MIDDESTAD KONTEKS DEUR GESTALTGROEPWERK**

deur

Carla Marika Winter

Voorgelê ter vervulling van ‘n deel van die vereistes vir die graad

Doctor Philosophiae in Maatskaplike Werk

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Pretoria

PROMOTOR: PROF DR M.S.E. DU PREEZ

Mei 2003

DANKBETUIGINGS

Ek wil graag my opregte dank uitspreek teenoor die volgende persone wat die suksesvolle uitvoering en voltooiing van die studie moontlik gemaak het:

- **My Hemelse Vader, wat die totale uitvoering van hierdie navorsingstudie vir my moontlik gemaak het.**
- My ouers, vir hulle konstante ondersteuning en aanmoediging gedurende my totale akademiese loopbaan.
- Prof. M.S.E. du Preez, my studieleier, vir haar professionele leiding en ondersteuning met hierdie navorsingstudie.
- Mev. I. Karam en mev. R. Badenhorst, onderskeidelik my medeterapeute tydens die uitvoering van die voor- en hooffondersoek van die navorsingsprojek, vir hulle ondersteuning en insette.
- Die Middestad Trauma Terapiesentrum, wat die praktiese uitvoering van die studie moontlik gemaak het.
- Die hoof en onderwysers van die betrokke laerskool waar die studie uitgevoer is, vir hulle ondersteuning.
- My kollegas van die Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria, vir hulle ondersteuning en waardevolle insette.
- Die Gauteng Departement van Onderwys, wat hulle toestemming vir hierdie navorsingsprojek verleen het.
- Mev. E. Mouwer en mnr. S. Millard van die afdeling rekenaarondersteuning van die Universiteit van Pretoria, vir hulle ondersteuning met die statistiese verwerking van die data.
- Die Universiteit van Pretoria, vir 'n beurs wat hierdie studie moontlik gemaak het.
- Al die kinderrespondente en hulle enkelouers, vir hulle deelname aan hierdie studie.

**Hierdie studie word opgedra aan al die enkelouerkinders in ‘n
middestad konteks en hulle enkelouers**

OPSOMMING

BEMAGTIGING VAN ENKELOUERKINDERS IN HULLE LAAT MIDDELKINDERJARE IN ‘N MIDDESTAD KONTEKS DEUR GESTALTGROEPWERK

deur

Carla Marika Winter

Promotor: Prof. Dr. M.S.E. du Preez
Departement Maatskaplike Werk
Universiteit van Pretoria

Graad: Doctor Philosophiae

Die enkelouergesin in ‘n middestad konteks word met ‘n problematiese lewensituasie gekonfronteer. Die eise wat deur sowel enkelouerskap as die verblyf in ‘n middestadomgewing, meegebring word, lei dikwels tot ontoepaslike ouerskap. Die enkelouerkind word gevvolglik dikwels veral op emosionele en sosiale vlak ontwrig. In baie gevalle word hierdie ontwrigting op ontoepaslike wyses deur die kind hanteer. Die enkelouergesin het ‘n behoefte aan hulpbronne in die gemeenskap ten einde die volgehoue emosionele, sosiale, psigiese en fisiese welstand van sy afsonderlike lede te verseker. Inskakeling by gestaltgroepwerk kan reeds as so ‘n belangrike hulpbron vir die kind in die enkelouergesin, beskou word. Deur hierdie navorsingstudie is daar ondersoek ingestel na die bruikbaarheid van ‘n gestaltgroepwerkprogram in die bemagtiging van die kind in die enkelouergesin tot die hantering van die negatiewe belewinge van die enkelouersituasie soos skuldgevoelens, woede, verwarring, vrees, belewing van ontoereikendheid, belewing van verlies, en smart en depressie. Gestaltgroepwerk bied aan die kind die geleentheid om gevoelens en belewinge van die enkelouersituasie binne groepverband te deel en ondersteuning van die terapeute en ander groeplede te ontvang.

Die kind se innerlike self word deur hierdie proses versterk en die kind word bemagtig tot selfondersteuning.

‘n Volledige en verfynde gestaltgroepwerkprogram is vanuit die bevindinge van ‘n literatuurstudie en empiriese studie ontwikkel en geëvalueer. Tydens die empiriese studie is die proses van intervensienavorsing gevolg. Data is van sewe enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in ‘n middestad konteks, en hulle enkelouers bekom. Die gekombineerde kwantitatiewe-kwalitatiewe benadering is volgens die dominante-minder-dominante model van Creswell, vir hierdie doel benut. Die enkelsistemontwerp is benut om die effektiwiteit van die program te toets. Die kwantitatiewe bevindinge is met behulp van selfontwerpte vraelyste vir die kinderrespondente en hulle enkelouers voor en na die gestaltgroepwerkprogram, bekom. Die kwalitatiewe bevindinge is hoofsaaklik met behulp van ongestructureerde waarneming tydens die gestaltgroepwerksessies ingesamel.

Na aanleiding van die integrering van die kwantitatiewe en kwalitatiewe bevindinge, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die gestaltgroepwerkprogram wel ‘n verbetering ten opsigte van die kinderrespondente se emosionele en sosiale vlakke van funksionering en hulle toepaslike hantering van gevoelens, teweeggebring het. Die bevindinge dui daarop dat die ontwikkelde gestaltgroepwerkprogram met vrymoedigheid met enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in ‘n middestad konteks, geïmplementeer kan word.

Verdere navorsing oor die ontwikkeling en evaluering van ‘n gestaltgroepwerkprogram wat spesifiek vir die enkelouers aangebied word, ten einde hulle te begelei en te ondersteun in die hantering van hulle belewinge van die enkelouersituasie, word sterk aanbeveel.

SUMMARY

EMPOWERMENT OF SINGLE PARENT CHILDREN IN THEIR LATE MIDDLE CHILDHOOD YEARS IN AN INNER CITY CONTEXT THROUGH GESTALT GROUP WORK

by

Carla Marika Winter

Promoter: Prof. Dr. M.S.E. du Preez
Department of Social Work
University of Pretoria

Degree: Doctor Philosophiae

The single parent family in an inner city context is confronted with a problematic life situation. The demands, which are brought about by single parenthood as well as residence in an inner city environment, often lead to inappropriate parenting. The single parent child is often disrupted on an emotional and social level as a result. In many cases the child handles this disruption inappropriately. The single parent family has a need for resources in the community in order to ensure the continuous emotional, social, psychic and physical well being of its separate members. Involvement in gestalt group work can already be regarded as such an important resource available to the single parent child. Through this research study an investigation was made into the efficiency of a gestalt group work programme in the empowerment of the single parent child to handle the negative experiences of the single parent situation, such as feelings of guilt, anger, confusion, fear, inadequacy, loss, and sorrow and depression. Gestalt group work offers an opportunity to the child to share feelings and experiences regarding the single parent situation within the group context and to receive support from the therapists and other

group members. This process strengthens the child's inner self and the child is empowered to self-support.

A complete and refined gestalt group work programme was developed and evaluated from the findings of a literature study and empirical study. The process of intervention research was followed during the empirical study. Data was obtained from seven single parent children in their late middle childhood years in an inner city context and their single parents. The combined quantitative-qualitative approach was used for this purpose according to the dominant-less-dominant model of Creswell. The single-systems design was used to test the effectiveness of the programme. The quantitative findings were obtained by self-developed questionnaires for the child respondents and their single parents, before and after the gestalt group work programme. The qualitative findings were obtained by unstructured observation during the gestalt group work sessions.

According to the integration of the quantitative and qualitative findings, the conclusion can be made that the gestalt group work programme brought about an improvement in the child respondents' emotional and social levels of functioning and their appropriate handling of feelings. The findings obtained, suggest that the developed gestalt group work programme can be implemented with confidence with single parent children in their late middle childhood years in an inner city context.

Further research on the development and evaluation of a gestalt group work programme, specifically presented to the single parents, in order to guide and support them in the handling of their experiences of the single parent situation, is strongly suggested.

SLEUTELTERME**KEYWORDS**

Spelterapie	Play therapy
Gestaltterapie	Gestalt therapy
Gestaltspelterapie	Gestalt play therapy
Gestaltgroepwerk	Gestalt group work
Laat middelkinderjare	Late middle childhood years
Enkelouergesin	Single parent family
Kind in 'n middestad konteks	Child in an inner city context
Gestaltgroepwerkproses	Gestalt group work process
Groepwerkproses	Group work process
Gestaltgroepwerkprogram	Gestalt group work programme

INHOUDSOPGawe

INHOUD

BLADSY

HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING

1.1 Inleiding	1
1.2 Motivering vir die keuse van die onderwerp	2
1.3 Probleemformulering	4
1.4 Doelstelling en doelwitte	5
1.4.1 Doelstelling	6
1.4.2 Doelwitte	6
1.5 Hipotese vir die studie	6
1.6 Navorsingsbenadering	7
1.7 Soort navorsing	7
1.8 Navorsingsontwerp	9
1.9 Navorsingsprosedure en werkswyse	10
1.9.1 Formulering van die probleem	10
1.9.2 Hersiening van die literatuur	11
1.9.3 Ontwikkeling van doelstellings en doelwitte	11
1.9.4 Ontwikkeling van hipoteses	11
1.9.5 Ontwikkeling van die ontwerp	11
1.9.6 Definiëring van die afhanklike veranderlike	11
1.9.7 Definiëring van die onafhanklike veranderlike	12
1.9.8 Bepaling van struikelblokke	12
1.9.9 Basislynfase	13
1.9.10 Intervensiefase	13
1.9.11 Analisering van die data	13
1.9.12 Rapportering van die bevindinge	14
1.10 Voorondersoek	15
1.10.1 Literatuurstudie	15

INHOUD	BLADSY
1.10.2 Konsultasie met kundiges	17
1.10.3 Uitvoerbaarheid van die ondersoek	18
1.10.4 Toetsing van die vraelys	18
1.11 Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming	22
1.12 Etiese aspekte	23
1.12.1 Skade aan eksperimentele subjekte en/of respondentе	23
1.12.2 Ingeligte toestemming	24
1.12.3 Inbreuk op privaatheid	24
1.12.4 Aksies en bevoegdheid van navorsers	24
1.12.5 Samewerking met medewerkers	25
1.12.6 Beskikbaarstelling of publikasie van die bevindinge	25
1.12.7 Herstel van subjekte of respondentе	26
1.13 Leemtes van die studie	26
1.14 Definisies van hoofkonsepte	28
1.14.1 Spelterapie	28
1.14.2 Gestaltterapie	28
1.14.3 Gestaltgroepwerk	29
1.14.4 Middelkinderjare en laat middelkinderjare	29
1.14.5 Enkelouergesin	30
1.14.6 Kind in ‘n middestad konteks	30
1.15 Indeling van navorsingsverslag	31
1.16 Samevatting	32

**HOOFSTUK 2: DIE INVLOED VAN ENKELOUERSKAP
OP DIE KIND IN DIE LAAT MIDDELKINDERJARE
EN TERAPEUTIESE INTERVENTIE MET DIE KIND
IN DIE ENKELOUERGESIN**

2.1 Inleiding	34
---------------	----

INHOUD	BLADSY
2.2 Die emosionele en sosiale ontwikkeling van die kind in die laat middelkinderjare	35
2.2.1 Emosionele ontwikkeling in die laat middelkinderjare	35
2.2.2 Sosiale ontwikkeling van die kind in die laat middelkinderjare	36
2.3 Die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare	39
2.3.1 Algemene problematiek van die enkelouergesin	39
2.3.2 Die invloed van enkelouerskap op die kind	41
2.4 Die enkelouerkind in ‘n middestad konteks	43
2.5 Terapeutiese intervensie vir die hantering van die kind se belewinge in die enkelouergesin	45
2.5.1 Terapeutiese intervensie in die algemeen	45
2.5.2 Terapeutiese intervensie binne groepverband	48
2.6 Samevatting	49

HOOFSTUK 3: GESTALTSPELTERAPIE EN GESTALTGROEPWERK

3.1 Inleiding	50
3.2 Spelterapie	50
3.3 Gestaltterapie	52
3.3.1 Veronderstellings van die gestaltbenadering	53
3.3.2 Gestaltverwante konsepte	54
3.3.2.1 Figuur en grond	54
3.3.2.2 Balans	55
3.3.2.3 Bewustheid	56
3.3.2.4 Onvoltooidheid	57
3.3.2.5 Teenwoordigheidsgesentreerdheid	58
3.3.2.6 Verantwoordelik vir self	58
3.3.2.7 Kontak	59

INHOUD**BLADSY**

3.4 Gestaltpelterapie met die kind in die laat middelkinderjare	59
3.5 Gestaltgroepwerk	61
3.5.1 Groepspelterapie	61
3.5.2 Teoretiese konsepte onderliggend aan gestaltgroepwerk met kinders	62
3.5.2.1 Die "I/Thou"-verhouding	62
3.5.2.2 Kontak	62
3.5.2.3 Kontakgrensversteurings	63
3.5.2.4 Weerstand	64
3.5.2.5 Bewustheid en ervaring	64
3.5.3 Gestaltgroepwerkmodelle	65
3.5.3.1 Een-tot-een groepmodel	65
3.5.3.2 Groepsdinamikamodel	65
3.5.4 Die oorhoofse gestaltgroepwerkproses	66
3.5.4.1 Groepsamestelling	66
3.5.4.2 Fases van groepontwikkeling en verbandhouende kontakgrensversteurings	68
3.5.5 Die groepwerkproses tydens een groepwerksessie	70
3.5.6 Tegnieke in gestaltgroepwerk	71
3.5.6.1 Taaloefeninge	71
3.5.6.2 Nie-verbale taal	72
3.5.6.3 Eksperimente met dialoog	72
3.5.6.4 Fantasiebenaderings	73
3.5.6.5 Die oordrywingsoefening	73
3.5.6.6 Droomwerk	74
3.5.7 Die hantering van die kind se belewinge in die enkelouergesin	74
3.5.7.1 Die terapeutiese proses	74
3.5.7.2 Die hantering van die enkelouerkind se belewinge tydens gestaltgroepwerk	76

INHOUD**BLADSY**

3.6 Die proses van verandering by die kind	77
3.7 Samevatting	80

HOOFSTUK 4: EMPIRIESE STUDIE: DEEL I

4.1 Inleiding	81
4.2 Die navorsingsproses	82
4.2.1 Keuse van die onderwerp en probleemformulering	82
4.2.2 Die doel van die studie	83
4.2.3 Hipoteseformulering	83
4.2.4 Voorondersoek	83
4.2.5 Navorsingsbenadering, soort navorsing, navorsingsontwerp en prosedure	84
4.2.6 Universum, afbakening van steekproef en steekproefneming	87
4.2.7 Literatuurstudie	87
4.2.8 Data-insameling	87
4.2.8.1 Vraelys vir kinders	87
4.2.8.2 Vraelys vir ouers	88
4.2.9 Analisering en interpretering van die data	88
4.3 Die empiriese ondersoek vanuit die kwantitatiewe benadering	89
4.3.1 Biografiese besonderhede van die kinderrespondente	89
4.3.1.1 Ouderdom en geslag van kinderrespondente	89
4.3.1.2 Toesig en beheer	90
4.3.1.3 Ander inwoners by enkelouergesin	90
4.3.2 Biografiese besonderhede van ouerrespondente	91
4.3.2.1 Ouderdomsverspreiding van enkelouer	91
4.3.2.2 Geslag van enkelouer	91

INHOUD**BLADSY**

4.3.2.3 Beroep van enkelouer	92
4.3.2.4 Tydperk van enkelouerskap	92
4.3.2.5 Oorsaak van skeiding	93
4.3.3 Verhouding van kind met ma	94
4.3.3.1 Hoe dit vir kind is om by ma te wees voor en na gestaltgroepwerkprogram	94
4.3.3.2 Hoe dit gaan tussen kind en ma voor en na gestaltgroepwerkprogram	95
4.3.4 Verhouding van kind met pa	95
4.3.4.1 Hoe dit vir kind is om by pa te wees voor en na gestaltgroepwerkprogram	95
4.3.4.2 Hoe dit gaan tussen kind en pa voor en na gestaltgroepwerkprogram	96
4.3.5 Verhouding van enkelouer met kind	97
4.3.5.1 Hoe dit vir enkelouer is om by kind te wees voor en na gestaltgroepwerkprogram	97
4.3.5.2 Hoe dit gaan tussen enkelouer en kind voor en na gestaltgroepwerkprogram	98
4.3.6 Kind se ervaring van gesinsverhoudings	99
4.3.6.1 Kind se ervaring van gesinsverhoudings voor en na gestaltgroepwerkprogram	99
4.3.6.2 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se ervaring van gesinsverhoudings voor gestaltgroepwerkprogram	99
4.3.6.3 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se ervaring van gesinsverhoudings na gestaltgroepwerkprogram	100

4.3.7 Kind se emosionele ervaring van verlies van biologiese ouer	101
4.3.7.1 Kind se emosionele ervaring van verlies van biologiese ouer voor en na gestaltgroepwerkprogram	101
4.3.7.2 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se emosionele ervaring van verlies van biologiese ouer voor gestaltgroepwerkprogram	101
4.3.7.3 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se emosionele ervaring van verlies van biologiese ouer na gestaltgroepwerkprogram	102
4.3.8 Verlange na afwesige ouer en/of familie van afwesige ouer	103
4.3.8.1 Kind se verlange na afwesige ouer en/of familie van afwesige ouer voor en na gestaltgroepwerkprogram	103
4.3.8.2 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se verlange na afwesige ouer en/of familie van afwesige ouer voor gestaltgroepwerkprogram	104
4.3.8.3 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se verlange na afwesige ouer en/of familie van afwesige ouer na gestaltgroepwerkprogram	104
4.3.9 Toepassing van beheer van enkelouer	106
4.3.9.1 Kind se persepsie van beheer van enkelouer voor en na gestaltgroepwerkprogram	106
4.3.9.2 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van beheer van enkelouer voor gestaltgroepwerkprogram	107
4.3.9.3 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van beheer van enkelouer na gestaltgroepwerkprogram	107
4.3.10 Aandag van enkelouer teenoor kind	108

INHOUD**BLADSY**

4.3.10.1 Kind se persepsie van aandag van enkelouer voor en na gestaltgroepwerkprogram	108
4.3.10.2 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van aandag van enkelouer teenoor kind voor gestaltgroepwerkprogram	109
4.3.10.3 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van aandag van enkelouer teenoor kind na gestaltgroepwerkprogram	110
4.3.11 Skuldgevoel rondom verlies van enkelouer	111
4.3.11.1 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van skuldgevoel by kind rondom verlies van ouer voor en na gestaltgroepwerkprogram	111
4.3.12 Kind se gevoel oor nuwe vriend/vriendin van enkelouer	112
4.3.12.1 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se gevoel oor nuwe vriend/vriendin van enkelouer voor en na gestaltgroepwerkprogram	112
4.3.13 Kontak met familie van afwesige ouer	114
4.3.13.1 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kontak met familie van afwesige ouer voor en na gestaltgroepwerkprogram	114
4.3.14 Vrees dat oorblywende ouer iets sal oorkom	116
4.3.14.1 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vrees dat oorblywende ouer iets sal oorkom, voor en na gestaltgroepwerkprogram	116
4.3.15 Finansiële situasie in enkelouergesin	118
4.3.15.1 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van finansiële situasie in enkelouergesin voor en na gestaltgroepwerkprogram	118

INHOUD**BLADSY**

4.3.16 Vrees by enkelouer vandat hy/sy alleen saam met kind(ers) bly	119
4.3.16.1 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van vrees by enkelouer vandat hy/sy alleen saam met kind(ers) woon, voor en na gestaltgroepwerkprogram	119
4.3.17 Vrees by kind vandat hy alleen saam met net een van sy ouers bly	121
4.3.17.1 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van vrees by kind vandat hy saam met net een van sy ouers bly, voor en na gestaltgroepwerkprogram	121
4.3.18 Vlak van emosionele funksionering by kinderrespondente	122
4.3.18.1 Vlak van emosionele funksionering by kinderrespondente voor en na gestaltgroepwerkprogram	122
4.3.18.2 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van emosionele funksionering voor gestaltgroepwerkprogram	123
4.3.18.3 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van emosionele funksionering na gestaltgroepwerkprogram	124
4.3.19 Vlak van sosiale funksionering by kinderrespondente	125
4.3.19.1 Vlak van sosiale funksionering by kinderrespondente voor en na gestaltgroepwerkprogram	125
4.3.19.2 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van sosiale funksionering voor gestaltgroepwerkprogram	125

INHOUD**BLADSY**

4.3.19.3 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van sosiale funksionering na gestaltgroepwerkprogram	126
4.3.20 Toepaslike hantering van gevoelens	127
4.3.20.1 Toepaslike hantering van gevoelens by kind voor en na gestaltgroepwerkprogram	127
4.3.20.2 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se toepaslike hantering van gevoelens voor gestaltgroepwerkprogram	128
4.3.20.3 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se toepaslike hantering van gevoelens na gestaltgroepwerkprogram	129
4.3.21 Wens van kinderrespondente	130
4.3.21.1 Enkelouer- en kindresponse ten opsigte van wens van kind voor en na gestaltgroepwerkprogram	130
4.4 Samevatting	132

HOOFSTUK 5: EMPIRIESE STUDIE: DEEL II
INTERPRETERING VAN DIE BEVINDINGE
VANUIT DIE KWALITATIEWE BENADERING

5.1 Inleiding	134
5.2 Bespreking van groepwerksessies en assessering van individuele groeplede	136
5.2.1 Groepwerksessie 1 - Kinderrespondente	136
5.2.1.1 Doelstelling van groepwerksessie 1	136
5.2.1.2 Doelwitte van groepwerksessie 1	136
5.2.1.3 Verloop van groepwerksessie 1	137

5.2.1.4 Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 1	137
5.2.2 Groepwerksessie 2 – Kinderrespondente	140
5.2.2.1 Doelstelling van groepwerksessie 2	140
5.2.2.2 Doelwitte van groepwerksessie 2	140
5.2.2.3 Verloop van groepwerksessie 2	140
5.2.2.4 Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 2	141
5.2.3 Groepwerksessie 3 – Kinderrespondente	144
5.2.3.1 Doelstelling van groepwerksessie 3	144
5.2.3.2 Doelwitte van groepwerksessie 3	144
5.2.3.3 Verloop van groepwerksessie 3	145
5.2.3.4 Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 3	145
5.2.4 Groepwerksessie 1 – Enkelouerrespondente	148
5.2.4.1 Doelstelling van groepwerksessie 1 met enkelouers	148
5.2.4.2 Doelwitte van groepwerksessie 1 met enkelouers	148
5.2.4.3 Verloop van groepwerksessie 1 met enkelouers	149
5.2.5 Groepwerksessie 4 – Kinderrespondente	151
5.2.5.1 Doelstelling van groepwerksessie 4	151
5.2.5.2 Doelwitte van groepwerksessie 4	151
5.2.5.3 Verloop van groepwerksessie 4	151
5.2.5.4 Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 4	153
5.2.6 Groepwerksessie 5 – Kinderrespondente	158
5.2.6.1 Doelstelling van groepwerksessie 5	158
5.2.6.2 Doelwitte van groepwerksessie 5	158
5.2.6.3 Verloop van groepwerksessie 5	159
5.2.6.4 Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 5	159
5.2.7 Groepwerksessie 6 – Kinderrespondente	164
5.2.7.1 Doelstelling van groepwerksessie 6	164
5.2.7.2 Doelwitte van groepwerksessie 6	164
5.2.7.3 Verloop van groepwerksessie 6	164

INHOUD**BLADSY**

5.2.7.4 Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 6	165
5.2.8 Groepwerksessie 2 – Enkelouerrespondente	168
5.2.8.1 Doelstelling van groepwerksessie 2 met enkelouers	168
5.2.8.2 Doelwitte van groepwerksessie 2 met enkelouers	169
5.2.8.3 Verloop van groepwerksessie 2 met enkelouers	169
5.2.9 Groepwerksessie 7 – Kinderrespondente	170
5.2.9.1 Doelstelling van groepwerksessie 7	170
5.2.9.2 Doelwitte van groepwerksessie 7	170
5.2.9.3 Verloop van groepwerksessie 7	171
5.2.9.4 Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 7	172
5.2.10 Groepwerksessie 8 – Kinderrespondente	176
5.2.10.1 Doelstelling van groepwerksessie 8	176
5.2.10.2 Doelwitte van groepwerksessie 8	176
5.2.10.3 Verloop van groepwerksessie 8	177
5.3 Kategorieë, temas en subkategorieë vanuit groepwerksessies in die gestaltgroepwerkprogram	178
5.3.1 Kategorieë, temas en subkategorieë vanuit projeksies	178
5.3.2 Kategorieë, temas en subkategorieë ten opsigte van groeprolle	183
5.3.3 Kategorieë, temas en subkategorieë ten opsigte van die lae van Perls	184
5.3.4 Kategorieë, temas en subkategorieë ten opsigte van kontakgrensversteurings	187
5.4 Kinderrespondente se ervaring van gestaltgroepwerkprogram	188
5.5 Terugvoer van klasonderwyser	192

INHOUD**BLADSY**

5.6 Integrering van die bevindinge vanuit die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings	193
5.6.1 Kinderrespondente se belewinge van die enkelouersituasie	193
5.6.2 Aard van verhouding tussen enkelouer en kind ten opsigte van beheer en aandag	194
5.6.3 Aard van verhouding tussen afwesige ouer en kind ten opsigte van kontak	197
5.6.4 Beweging van die kinderrespondente deur die vyf lae van Perls	198
5.6.5 Die benutting van kontakgrensversteurings deur die kinderrespondente	200
5.7 Samevatting	202

**HOOFSTUK 6: ‘N GESTALTGROEPWERKPROGRAM
VIR DIE ENKELOUERKIND IN DIE LAAT
MIDDELKINDERJARE IN ‘N MIDDESTAD
KONTEKS**

6.1 Inleiding	204
6.2 Doelstelling van die gestaltgroepwerkprogram	205
6.3 Bespreking van die gestaltgroepwerksessies van die gestaltgroepwerkprogram in terme van doelstellings en doelwitte	206
6.3.1 Groepwerksessie 1 – Kinderrespondente	207
6.3.1.1 Doelstelling	207
6.3.1.2 Doelwitte	208
6.3.2 Groepwerksessie 2 – Kinderrespondente	208
6.3.2.1 Doelstelling	208

INHOUD**BLADSY**

6.3.2.2 Doelwitte	209
6.3.3 Groepwerksessie 3 – Kinderrespondente	209
6.3.3.1 Doelstelling	209
6.3.3.2 Doelwitte	210
6.3.4 Groepwerksessie 1 – Enkelouerrespondente	211
6.3.4.1 Doelstelling	211
6.3.4.2 Doelwitte	211
6.3.5 Groepwerksessie 4 – Kinderrespondente	212
6.3.5.1 Doelstelling	212
6.3.5.2 Doelwitte	212
6.3.6 Groepwerksessie 5 – Kinderrespondente	213
6.3.6.1 Doelstelling	213
6.3.6.2 Doelwitte	213
6.3.7 Groepwerksessie 6 – Kinderrespondente	214
6.3.7.1 Doelstelling	214
6.3.7.2 Doelwitte	214
6.3.8 Groepwerksessie 2 – Enkelouerrespondente	215
6.3.8.1 Doelstelling	215
6.3.8.2 Doelwitte	216
6.3.9 Groepwerksessie 7 – Kinderrespondente	216
6.3.9.1 Doelstelling	216
6.3.9.2 Doelwitte	216
6.3.10 Groepwerksessie 8 – Kinderrespondente	217
6.3.10.1 Doelstelling	217

INHOUD**BLADSY**

6.3.10.2 Doelwitte	218
--------------------	-----

6.4 Samevatting	219
-----------------	-----

**HOOFSTUK 7: ALGEMENE SAMEVATTING,
GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

7.1 Inleiding	221
---------------	-----

7.2 Hoofstuk 1: Algemene inleiding	222
------------------------------------	-----

7.2.1 Samevatting	222
-------------------	-----

7.2.2 Gevolgtrekking	224
----------------------	-----

7.2.3 Aanbevelings	226
--------------------	-----

7.3 Hoofstuk 2: Die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare en terapeutiese intervensie met die kind in die enkelouergesin	227
--	-----

7.3.1 Samevatting	227
-------------------	-----

7.3.2 Gevolgtrekking	228
----------------------	-----

7.3.3 Aanbevelings	229
--------------------	-----

7.4 Hoofstuk 3: Gestaltpelterapie en gestaltgroepwerk	230
---	-----

7.4.1 Samevatting	230
-------------------	-----

7.4.2 Gevolgtrekking	233
----------------------	-----

7.4.3 Aanbevelings	235
--------------------	-----

7.5 Hoofstuk 4: Empiriese studie: Deel I	236
--	-----

7.5.1 Samevatting	236
-------------------	-----

7.5.2 Gevolgtrekking	237
----------------------	-----

7.5.3 Aanbevelings	242
--------------------	-----

7.6 Hoofstuk 5: Empiriese studie: Deel II	243
---	-----

7.6.1 Samevatting	243
-------------------	-----

7.6.2 Gevolgtrekkings	244
7.6.3 Aanbevelings	246
7.7 Hoofstuk 6: ‘n Gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in ‘n middestad konteks	246
7.7.1 Samevatting	246
7.7.2 Gevolgtrekkings	248
7.7.3 Aanbevelings	248
7.8 Toetsing van doelstelling en doelwitte	249
7.9 Toetsing van hipotese	251
7.10 Slotopmerkings	253
BIBLIOGRAFIE	254

LYS VAN FIGURE

FIGUUR	BLADSY
Figuur 1: Tydperk van enkelouerskap	92
Figuur 2: Hoe dit vir kind is om by ma te wees	94
Figuur 3: Hoe dit vir kind is om by pa te wees	95
Figuur 4: Hoe dit gaan tussen kind en pa	96
Figuur 5: Hoe dit vir enkelouer is om by kind te wees	97
Figuur 6: Hoe dit gaan tussen enkelouer en kind	98
Figuur 7: Kind se ervaring van gesinsverhoudings	99
Figuur 8: Kind se verlange na afwesige ouer en/of familie van afwesige ouer	103
Figuur 9: Kind se persepsie van beheer van enkelouer	106
Figuur 10: Kind se persepsie van aandag van enkelouer	108
Figuur 11: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van skuldgevoel by kind rondom verlies van ouer voor en na gestaltgroepwerkprogram	111
Figuur 12: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vrees dat oorblywende ouer iets sal oorkom, voor en na gestaltgroepwerkprogram	116
Figuur 13: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van finansiële situasie in enkelouergesin voor en na gestaltgroepwerkprogram	118
Figuur 14: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van vrees by enkelouer vandat hy/sy alleen saam met kind(ers) woon, voor en na gestaltgroepwerkprogram	119
Figuur 15: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van vrees by kind vandat hy saam met net een van sy ouers bly voor en na gestaltgroepwerkprogram	121

FIGUUR**BLADSY**

Figuur 16: Vlak van emosionele funksionering by kinderrespondente	122
Figuur 17: Vlak van sosiale funksionering by kinderrespondente	125
Figuur 18: Toepaslike hantering van gevoelens	127
Figuur 19: Kind se verlange na afwesige ouer en/of familie van afwesige ouer	197

LYS VAN TABELLE

TABEL

BLADSY

Tabel 1: Toesig en beheer	90
Tabel 2: Ander inwoners	90
Tabel 3: Ouderdomsverspreiding	91
Tabel 4: Geslag van enkelouer	91
Tabel 5: Beroep van enkelouer	92
Tabel 6: Oorsaak van skeiding	93
Tabel 7: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se ervaring van gesinsverhoudings voor gestaltgroepwerkprogram	99
Tabel 8: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se ervaring van gesinsverhoudings na gestaltgroepwerkprogram	100
Tabel 9: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se ervaring van verlies van ouer voor gestaltgroepwerkprogram	101
Tabel 10: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se verlange na afwesige ouer en/of familie van afwesige ouer voor gestaltgroepwerkprogram	104
Tabel 11: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van beheer van enkelouer voor gestaltgroepwerkprogram	107
Tabel 12: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van beheer van enkelouer na gestaltgroepwerkprogram	107

TABEL**BLADSY**

Tabel 13: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van aandag van enkelouer teenoor kind voor gestaltgroepwerkprogram	109
Tabel 14: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van aandag van enkelouer teenoor kind na gestaltgroepwerkprogram	110
Tabel 15: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se gevoel oor nuwe vriend/vriendin van enkelouer voor en na gestaltgroepwerkprogram	112
Tabel 16: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kontak met familie van afwesige ouer voor en na gestaltgroepwerkprogram	114
Tabel 17: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van emosionele funksionering voor gestaltgroepwerkprogram	123
Tabel 18: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van emosionele funksionering na gestaltgroepwerkprogram	124
Tabel 19: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van sosiale funksionering voor gestaltgroepwerkprogram	125
Tabel 20: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van sosiale funksionering na gestaltgroepwerkprogram	126
Tabel 21: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se toepaslike hantering van gevoelens voor gestaltgroepwerkprogram	128
Tabel 22: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se toepaslike hantering van gevoelens na gestaltgroepwerkprogram	129

TABEL**BLADSY**

Tabel 23: Kindresponse ten opsigte van hulle wense voor die gestaltgroepwerkprogram	130
Tabel 24: Enkelouerresponse ten opsigte van kind se wense voor die gestaltgroepwerkprogram	130
Tabel 25: Kindresponse ten opsigte van hulle wense na die gestaltgroepwerkprogram	131
Tabel 26: Enkelouerresponse ten opsigte van kind se wense na die gestaltgroepwerkprogram	131
Tabel 27: Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 1	138
Tabel 28: Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 2	141
Tabel 29: Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 3	146
Tabel 30: Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 4	153
Tabel 31: Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 5	160
Tabel 32: Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 6	165
Tabel 33: Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 7	172
Tabel 34: Kategorieë, temas en subkategorieë vanuit projeksies	178
Tabel 35: Kategorieë, temas en subkategorieë ten opsigte van groeprolle	183
Tabel 36: Kategorieë, temas en subkategorieë ten opsigte van die lae van Perls	184

TABEL**BLADSY**

Tabel 37: Kategorieë, temas en subkategorieë ten opsigte van kontakgrensversteurings	187
Tabel 38: Kategorieë, temas en subkategorieë ten opsigte van die kinderrespondente en enkelouers se ervaring van die gestaltgroepwerkprogram	190
Tabel 39: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van beheer van enkelouer voor gestaltgroepwerkprogram	194
Tabel 40: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van beheer van enkelouer na gestaltgroepwerkprogram	195
Tabel 41: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van aandag van enkelouer teenoor kind voor gestaltgroepwerkprogram	195
Tabel 42: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van aandag van enkelouer teenoor kind na gestaltgroepwerkprogram	196
Tabel 43: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se toepaslike hantering van gevoelens voor gestaltgroepwerkprogram	198
Tabel 44: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se toepaslike hantering van gevoelens na gestaltgroepwerkprogram	199
Tabel 45: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind sevlak van emosionele funksionering voor gestaltgroepwerkprogram	200
Tabel 46: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind sevlak van emosionele funksionering na gestaltgroepwerkprogram	201

TABEL**BLADSY**

Tabel 47: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse
ten opsigte van kind se vlak van sosiale
funksionering voor gestaltgroepwerkprogram

201

Tabel 48: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse
ten opsigte van kind se vlak van sosiale
funksionering na gestaltgroepwerkprogram

202

LYS VAN BYLAES

BYLAE 1: Vraelys vir kinders

BYLAE 2: Vraelys vir ouers

BYLAE 3: Voortoets-/Natoetsskaal ontwikkel deur METT Sentrum

BYLAE 4: Ingeligte toestemmingsbrief

HOOFTUK 1: ALGEMENE INLEIDING

1.1 Inleiding

Enkelouerskap is 'n tendens wat aan die toeneem is in die hedendaagse samelewing. Na aanleiding van Statistieke Suid-Afrika (1998) was die egskeidingsyfer vir 1998 (mees resente statistiek) in Suid-Afrika 35 762. Die grootste oorsaak van enkelouergesinne is egskeiding en die meeste enkelouergesinne het die moeder as enkelouer (Lefrançois in Louw, Van Ede & Ferns, 1998:357-358). Soos wat egskeidings en ongehude moederskap toeneem, vind daar ook 'n verhoging in die aantal enkelouergesinne plaas.

Volgens Van Loggerenberg & Roets (1993:114) word enkelouergesinne met die volgende probleme gekonfronteer:

- die enkelouer moet 'n meer problematiese gesin hanteer wat potensieel meer kwesbaar is en hoë eise aan die ouer stel;
- die ouer is dikwels self gemoeid met dieselfde ongunstige belewinge as die kind en is self emosioneel te betrokke by die gebeure om aan die kind die nodige ondersteuning te gee;
- die hedendaagse gesin lewe gewoonlik in isolasie met ander familielede en die enkelouer ontvang dus nie altyd die nodige ondersteuning nie; en
- dit is soms vir die kind makliker om sy/haar gevoelens met 'n begrypende buitestander as met sy/haar ouers te deel, aangesien die kind byvoorbeeld bang is dat sy/haar ouers ontstel sal word.

Die enkelouergesin het 'n behoefte aan hulpbronne in die gemeenskap ten einde die volgehoue emosionele, sosiale, psigiese en fisiese welstand van sy afsonderlike lede te verseker. Inskakeling by gestaltgroepwerk kan reeds as so 'n belangrike hulpbron vir die kind in die enkelouergesin beskou word. Gestaltgroepwerk bied die ideale geleentheid aan die kind om gevoelens en belewinge van die enkelouersituasie binne groepverband te deel en ondersteuning van die terapeut en die ander groepledle te ontvang. Die kind se innerlike self word deur hierdie proses versterk en die kind word bemagtig tot selfondersteuning. Die kind in die enkelouergesin word dus deur die

gestaltgroepwerkprogram bemagtig om die negatiewe belewinge van die enkelouersituasie, soos skuldgevoelens, woede, verwarring, vrees, belewing van ontoereikendheid, belewing van verlies, en smart en depressie, te hanteer.

1.2 Motivering vir die keuse van die onderwerp

Die omvang van enkelouerskap en die verliese en problematiek wat daarmee gepaardgaan is kommerwakkend. Die emosionele ontwrigting wat deur gesinsontwrigting veroorsaak word, raak nie bloot die ouers nie, maar ook die kinders. Kinders is minder in staat om ongewenste en traumatische lewensveranderinge te hanteer as volwassenes. Binne hierdie situasies het hulle juis 'n behoefte aan die ondersteuning en leiding van 'n begrypende volwassene. Die eie ouers is dikwels nie in 'n posisie om hulle van hierdie ondersteuning en leiding te voorsien nie, aangesien hulle te betrokke is by die hantering van hulle eie pyn, en die druk wat met enkelouerskap gepaardgaan. Hierdie verloop van gebeure is streng gesproke onvermydelik.

Die enkelouerkind wat in 'n middestad konteks grootword, word met 'n meer problematiese lewensituasie gekonfronteer as die enkelouerkind wat in 'n ekonomies meer gegoede woonbuurt grootword. Volgens McLoyd (in Black & Krishnakumar, 1998:639), word kinders in meer gegoede gemeenskappe aan meer prososiale rolmodelle en beter dienste blootgestel. In teenstelling hiermee mag die rassesegregasie, misdaad, beperkte hulpbronne en geweld, wat algemeen is onder baie lae inkomste, stedelike gemeenskappe, die vermoë van gesinne om hulself en hulle kinders te beskerm, verhinder.

Dit is juis die gemeenskap se taak om die enkelouergesin by te staan en in kontak te bring met die nodige hulpbronne, ten einde volgehoue gesonde funksionering te verseker. Die teenoorgestelde is egter waar. McLanahan & Sandefur (1994:23) het bevind dat kinders nie bloot 'n verlies van ekonomiese en ouerlike hulpbronne ervaar nie, maar ook 'n verlies aan gemeenskapshulpbronne. Snyman & Le Roux (1993:86-87) verduidelik die sosiale kwesbaarheid van die enkelouergesin as die gevolg van etikettering deur die samelewning waar die disintegrasie van die gesin as geheel sosiale ontoereikendheid, sosiale stigmatisering en sosiale heroriëntasie vir die

enkelouergesin impliseer. Die navorser wil 'n bydrae lewer tot die gemeenskapshulpbronne wat beskikbaar is vir die enkelouergesin, in die vorm van 'n gestaltgroepwerkprogram as intervensie vir die kind in 'n middestad konteks uit 'n enkelouergesin.

In sommige gevalle van enkelouerskap waar daar nie meer soos voorheen aan die kind se behoefté aan 'n liefdevolle, versorgende ouer voldoen word nie, lei die kind se selfbeeld noodwendig skade. Die voortgesette selfontdekking as waardige persoon, word deur Pretorius (1994:97-101) as een van die ontwikkelingstake van die kind in die middelkinderjare beskou. Indien die kind nie hierdie ontwikkelingstaak kan bemeester nie vanweë die soms nadelige invloed van gesinsontwrigting op ouerskap, word die bereiking van die ander ontwikkelingstake ook bemoeilik.

Die kind se sin van self word versterk deur bewustheid en kontakmaking met die self, wat deur die gestaltbenadering hoog aangeskrewe staan. Oaklander toon tydens 'n onderhou met Campbell (1993:57) aan dat wanneer kinders angstig of onrustig is, hulle geneig is om aspekte van hulself af te sny. Hulle gebruik nie hulle sintuie ten volle nie; hoor nie so goed nie of sien nie so goed nie. Hulle blokkeer hulle emosies. Hulle beperk hulle liggame en dit inhieber kontak (Oaklander in Campbell, 1993:57). Vanweë die verlies aan 'n gevoel van sekuriteit wat dikwels met enkelouerskap gepaardgaan, word gesonde kontak geïnhieber en verswak die kind se sin van self.

Tydens gestaltgroepintervensie word die kind aan ervarings blootgestel om gesonde kontak te herstel en die self te versterk en te definieer. Die kind ontvang ook ondersteuning van die ander groeplede wat lei tot 'n verhoging van die kind se selfondersteuning. (Vergelyk Oaklander, 1999:170.) Meer kinders wat negatief beïnvloed is deur die enkelouersituasie kan met behulp van gestaltgroepwerk bereik word as wat die geval is tydens individuele spelterapie. Die kind word gehelp om gevoelens ten opsigte van die enkelouersituasie te hanteer en word bemagtig om die self te ondersteun in die oplossing van probleme.

Die navorser het deur middel van haar studie ondersoek ingestel na die bruikbaarheid van 'n gestaltgroepwerkprogram in die bemagtiging van die kind in 'n middestad konteks uit 'n enkelouergesin om sy/haar negatiewe belewinge wat verband hou met

die enkelouersituasie, op toepaslike wyses te hanteer. Die navorser se persoonlike belangstelling in die onderwerp vloeit voort uit haar vorige terapeutiese betrokkenheid by kinders wat in die middestadomgewing woonagtig is en/of skoolgaan. Baie van hierdie kinders is afkomstig uit enkelouergesinne. Hierdie hoë voorkoms van kinders uit enkelouergesinne en die kinders se hantering van die dikwels gepaardgaande negatiewe belewinge, kan op 'n doeltreffende wyse met behulp van gestaltgroepwerk aangespreek word. Tydens die gestaltgroepwerkprogram word die enkelouerkind in 'n middestad konteks blootgestel aan ondersteunende volwassenes in die vorm van die terapeute en word die kind bemagtig om sy/haar enkelouersituasie teen die agtergrond van 'n ongunstige omgewing, op meer toepaslike wyses te hanteer. Die ekelouer word ook tydens die program begelei om verhoogde emosionele ondersteuning aan sy/haar kind te bied.

1.3 Probleemformulering

Die kind in die enkelouergesin word met verskeie verliese gekonfronteer. Dit blyk dat die verlies van een ouer lei tot bykomende verliese, soos die verlies aan gemeenskapshulpbronne en ekonomiese hulpbronne. McLanahan & Sandefur (1994:23) verduidelik hoe die posisie van die kind verander met enkelouerskap. Die ouers dra die primêre verantwoordelikheid vir die bevrediging van die kind se behoeftes. Hulle bepaal hoeveel tyd en geld toegewy word aan die opvoeding en intellektuele ontwikkeling van die kind. Die ouers voorsien sowel begeleiding en supervisie as kontakte met volwassenes en instansies buite die gesin, wat belangrik is vir die handhawing van sosiale beheer en vir die voorsiening van inligting oor die arbeidsmark aan die kinders. Wanneer die ouers nie meer saamwoon nie, word hierdie prosesse en aktiwiteite ondervind en in sommige gevalle vernietig (McLanahan & Sandefur, 1994:23). Kinders in enkelouergesinne vrees dikwels ook dat hulle die oorblywende ouer of die ouer se sorg of liefde ook kan verloor (Van Loggerenberg & Roets, 1993:112).

Kinders uit enkelouergesinne het 'n groter kans om gedragsprobleme te ontwikkel as kinders waar beide ouers in die huis bly. Dornbusch, et al. (in Louw, et al. 1998:358) toon aan dat jeugmisdaad meer voorkom by kinders uit enkelouergesinne en dat hulle

minder as kinders uit twee-ouergesinne van skool hou, swakker verhoudings met onderwysers en maats het en ook 'n swakker selfbeeld het. Simons & Associates (1996:143) stel 'n ketting van oorsaak-gevolgverhoudings tussen gesinsontwrigting en afwykende gedrag by die kinders, daar. Die resultate van hulle studie toon aan dat huweliksontwrigting spanningsvolle gebeure en ekonomiese druk bevorder; laasgenoemde aspekte bevorder weer ongepaste ouerskap en ongepaste ouerskap bevorder afwykende gedrag by die kinders.

Enkelouerskap veroorsaak dus 'n hoër kwesbaarheid by die kinders om betrokke te raak by afwykende gedrag. Die kind beleef nie bloot verlies ten opsigte van een ouer nie, maar verloor wel dikwels die aandag en voldoende beheer van die oorblywende ouer.

Die probleem kan soos volg geformuleer word: Kinders in enkelouergesinne word dikwels veral op emosionele en sosiale vlak ontwrig vanweë ontoepaslike ouerskap wat meegebring word deur groter druk op die enkelouer as gevolg van 'n verandering in gesinstruktuur. Met ontoepaslike ouerskap word bedoel verminderde aandag en beheer deur die ouer. In baie gevalle word hierdie ontwrigting op ontoepaslike wyses deur die kind hanteer.

1.4 Doelstelling en doelwitte

'n Doelstelling word deur De Vos, Schurink & Strydom (1998:7) omskryf as die eindpunt waartoe inspanning of ambisie gerig word, terwyl doelwitte daardie stappe is wat een vir een geneem moet word binne 'n sekere tydsbestek, ten einde hierdie eindpunt te bereik. Fouché (2002:107) gebruik die begrip doelstelling as die eindpunt waartoe inspanning of ambisie gerig word en doelwitte as die meer konkrete, meetbare en meer spoedig bereikbare begrip van so 'n eindpunt waartoe inspanning of ambisie gerig word. Die doelstelling en doelwitte van hierdie studie kan soos volg uiteengesit word:

1.4.1 Doelstelling

Die doelstelling van hierdie studie is om die kind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks, deur middel van gestaltgroepwerk te bemagtig om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie op toepaslike wyses te hanteer.

1.4.2 Doelwitte

Die doelwitte gestel ten einde bogenoemde doelstelling te bereik, is soos volg:

1.4.2.1 Om deur middel van literatuurstudie ondersoek in te stel na: die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare; terapeutiese intervensie vir die hantering van die kind se belewinge in die enkelouergesin; gestaltspelterapie en gestaltgroepwerk.

1.4.2.2 Om deur middel van 'n empiriese ondersoek vas te stel in watter mate die kind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks met behulp van gestaltgroepwerk bemagtig is om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie, te hanteer.

1.4.2.3 Om 'n gestaltgroepwerkprogram te ontwikkel, toe te pas en te evalueer vir die toekomstige benutting met die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks.

1.5 Hipotese vir die studie

Hipoteses moet volgens De Vos (1998:116) aan die volgende twee kriteria voldoen:

- Hipoteses is stellings oor die verhoudings tussen veranderlikes.
- Hipoteses bevat duidelike implikasies vir die toetsing van die bepaalde verhoudings.

De Vos (2002:36) kom tot die gevolgtrekking dat hipotese stellings twee of meer veranderlikes bevat wat meetbaar of potensieel meetbaar is en dat hulle spesifiseer hoe hierdie veranderlikes verband hou met mekaar. Bless & Higson-Smith (1995:37) sluit hierby aan deur te meld dat indien 'n hipotese nie ondersteun word deur empiriese getuienis nie, dit verworp moet word en die navorser in hierdie geval verplig is om 'n ander hipotese voor te stel. Die rol van hipoteses is dus nie bloot om

verklarings vir sekere feite of probleme aan te bied nie, maar ook om die ondersoek te stuur (Bless & Higson-Smith, 1995:38).

Die hipotese vir hierdie navorsingstudie is soos volg gestel:

Indien die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks, inskakel by 'n gestaltgroepwerkprogram, dan sal die kind bemagtig word om sy/haar negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie, op toepaslike wyses te hanteer.

1.6 Navorsingsbenadering

Die studie is vanuit die gekombineerde kwalitatiewe-kwantitatiewe benadering onderneem. De Vos (2002:365-367) verduidelik Creswell se drie modelle waarop die kwalitatiewe- met die kwantitatiewe benadering gekombineer kan word. In hierdie studie is daar van die dominante-minder-dominante model gebruik gemaak. Volgens Creswell (in De Vos, 2002:366) onderneem die navorser sy/haar studie binne 'n enkele, dominante paradigma, terwyl een klein komponent van die oorhoofse studie deel uitmaak van die alternatiewe benadering. Die navorser het haar studie oorwegend vanuit die kwantitatiewe benadering onderneem, aangesien meting van verandering hoofsaaklik met behulp van vraelyste gedoen is. Die waarneming van verandering by die respondenten op sosiale en emosionele vlak, wat eie is aan die kwalitatiewe benadering, het 'n kleiner deel van die studie uitgemaak.

1.7 Soort navorsing

Toegepaste navorsing met spesifieke verwysing na intervensienavorsing is onderneem. Intervensienvorsing kan as 'n gekombineerde kwalitatiewe-kwantitatiewe metodologie beskou word. De Vos, Schurink & Strydom (1998:11) toon aan dat intervensienavorsing gerig is op die praktyktoepassing van navorsing. Die volgende drie tipes intervensienavorsing kan onderskei word:

- Empiriese navorsing ten einde kennis van menslike gedrag wat verband hou met menslike diensintervensie, uit te brei – staan bekend as intervensiekennisontwikkeling.

- Die middel waardeur die bevindinge van intervensie kennisontwikkeling navorsing gekoppel kan word aan en aangewend kan word in praktiese toepassing – staan bekend as intervensie kennisaanwending.
- Navorsing gerig op die ontwikkeling van innoverende intervensies – staan bekend as intervensie ontwerp en ontwikkeling.

Alhoewel daar verskille is in hulle doelwitte en metodologieë, lê die gemeenskaplike kenmerk van bogenoemde pogings daarin dat hulle deel uitmaak van die genre van toegepaste navorsing en dat hulle 'n spesifieke intervensiemissie het (Rothman & Thomas in De Vos, Schurink & Strydom, 1998:11).

Die navorser het tydens haar navorsingstudie 'n gestaltgroepwerkprogram ontwikkel as intervensie met die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks. Die gestaltgroepwerkprogram is geïmplementeer en geëvalueer, ten einde te bepaal of daar enige verandering by die respondenten ingetree het, wat toegeskryf kan word aan hulle deelname aan die intervensieprogram. In hierdie studie is daar dus gefokus op intervensie ontwerp en ontwikkeling. Die ontwikkelde gestaltgroepwerkprogram sal na die afloop van die navorsingstudie deur ander terapeute wat met kinders in enkelouergesinsituasies werk, benut kan word.

Intervensienvavorsing word as 'n fasemodel beskou, wat volgens De Vos (2002:397-418) uit die volgende ses fases met hulle onderskeie stappe, bestaan:

- Probleemanalise en projekbeplanning
 - * Die identifisering en betrekking van kliënte.
 - * Om toegang tot en samewerking van omgewings te bekom.
 - * Die identifisering van die besorgdhede van die populasie.
 - * Die stel van doelstellings en doelwitte.
- Inligtingversameling en sintese
 - * Die benutting van bestaande inligtingsbronne.
 - * Die bestudering van natuurlike voorbeelde.
 - * Die identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle.
- Ontwerp
 - * Die ontwerp van 'n waarnemingsisteem.
 - * Die spesifisering van die prosedurale elemente van die intervensie.

- Vroeë ontwikkeling en voortoets
 - * Die ontwikkeling van 'n prototipe of voorlopige intervensie.
 - * Die uitvoering van 'n voorstudie.
 - * Die toepassing van die ontwerpkriteria op die voorlopige intervensiekonsep.
- Evaluasie en gevorderde ontwikkeling
 - * Die seleksie van 'n eksperimentele ontwerp.
 - * Die insameling en analisering van data.
 - * Die herhaling van die intervensie in natuurlike omstandighede.
 - * Die verfyning van die intervensie.
- Verspreiding
 - * Die voorbereiding van die produk vir verspreiding.
 - * Die identifisering van potensiële markte vir die verspreiding.
 - * Die aanmoediging van toepaslike aanwending.
 - * Die voorsiening van tegniese ondersteuning aan die aannemers van die intervensie.

Hierdie fases is tydens die ontwikkeling, implementering en evaluering van die gestaltgroepwerkprogram deurloop.

1.8 Navorsingsontwerp

'n Navorsingsontwerp word deur Grinnell & Williams (1990:138) omskryf as die totale plan wat benut word ten einde navorsingsvrae te beantwoord. As deel van hierdie plan, word daar besluit wat die navorsingsvraag moet wees, watter data vereis word om die vraag te beantwoord, van wie die data bekom sal word en wat die beste wyse sal wees om die data in te samel (Grinnell & Williams, 1990:138).

Die spesifieke navorsingsontwerp in hierdie studie benut, is die enkelsisteemontwerp. Volgens Strydom (2002:151) verwys die term "enkelsisteemontwerp" na die studie van 'n enkele subjek op 'n repeterende basis. Hierdie enkele subjek kan 'n individu, 'n gesin, 'n groep, 'n organisasie, 'n gemeenskap of enige kliëntsisteem wees (Thyer en Yegidis & Weinbach in Strydom, 2002:151). Die enkelsisteemontwerp maak dit moontlik om die vordering of regressie met 'n spesifieke intervensieprogram ten

opsigte van een of elke geval, te meet. Op hierdie wyse kan die kwaliteit van die diens gelewer en die verantwoordbaarheid daarvan, verbeter word (Strydom, 1998:140).

Tydens die navorser se studie is die vordering of regressie van 'n groep kinders in die laat middelkinderjare, na hulle deelname aan 'n gestaltgroepwerkprogram, gemeet. Voor die implementering van die program is die belangrikste dimensies van die invloed van enkelouerskap op die emosionele en sosiale funksionering van die kind en die kind se hantering daarvan, gemeet.(Vergelyk Strydom, 2002:152.) Dieselfde vraelys is voor en na deelname aan die gestaltgroepwerkprogram ingevul. Hierdie twee metings is met mekaar vergelyk ten einde die aard van die invloed van die gestaltgroepwerkprogram op die emosionele en sosiale funksionering van die kinders te bepaal.

Die spesifieke enkelsisteemontwerp wat in hierdie studie toegepas is, was die A-B-A ontwerp wat deel uitmaak van die basiese eksperimentele ontwerpe as 'n kategorie onder enkelsisteemontwerpe. Die eerste A verteenwoordig die basislyninligting; B verteenwoordig die intervensie en die tweede A verteenwoordig die tweede basislyninligting na die intervensie. Volgens Strydom (2002:156) is daar nou twee vergelykings moontlik, naamlik tussen die eerste basislyn en die intervensie, en tussen die intervensie en die tweede basislyn.

1.9 Navorsingsprosedure en werkswyse

Die bepaalde stappe van die enkelsisteemontwerp soos deur Bloom & Fischer en ook Strydom (in Strydom, 2002:154-155) uiteengesit, kan soos volg op die navorser se studie van toepassing gemaak word:

1.9.1 Formulering van die probleem

Die probleem van die kliëntsisteem moet duidelik en spesifieker gedefinieer word. Die probleem wat tydens die navorser se studie aangespreek is, was die ontoepaslike hantering van die ontwrigting op emosionele en sosiale vlak, wat dikwels by die kind plaasvind, vanweë ontoepaslike ouerskap wat meegebring word deur groter druk op die enkelouer as gevolg van 'n verandering in gesinstruktuur. Met ontoepaslike ouerskap word bedoel verminderde aandag en beheer deur die ouer.

1.9.2 Hersiening van die literatuur

Die navorser-praktisyn poog om die mees produktiewe wyse vir die hantering van die probleem te vind, wat gebaseer is op 'n studie van die relevante literatuur. Sodoende word die navorser-praktisyn op hoogte gebring ten opsigte van die mees effektiewe intervensiemetodes beskikbaar. Daar is tydens die literatuurstudie van die navorser nie bloot ondersoek ingestel na die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare nie, maar ook na die hantering van die kind se belewinge in die enkelouergesin en veral na intervensiemetodes soos gestaltspelterapie en gestaltgroepwerk.

1.9.3 Ontwikkeling van doelstellings en doelwitte

Daar moet in twee opsigte doelstellings en doelwitte deur die navorser opgestel word. Die navorser stel in die eerste plek algemene doelstellings en spesifieke doelwitte ten einde die uitvoering van sy/haar studie te rig en in die tweede plek word spesifieke doelstellings en doelwitte vir sy/haar intervensie ontwikkel.

1.9.4 Ontwikkeling van hipoteses

Die navorser-praktisyn ontwikkel hipoteses ten opsigte van die wyses waarop sekere veranderlikes die probleem mag beïnvloed en hoe om hierdie veranderlikes of die verhouding tussen hulle, op die beste manier te verander.

1.9.5 Ontwikkeling van die ontwerp

Die ontwerp verwys na die navorser se plan vir die insameling en die analisering van die data. Dit sluit in wie die data sal insamel, van wie, waar en wanneer. Indien navorsing ook intervensiegerig is, behels die ontwerp nie bloot die plan vir die insameling van inligting oor resultate nie, maar ook die plan vir wie die intervensie gaan doen, met wie, waar en wanneer.

1.9.6 Definiëring van die afhanklike veranderlike

Die afhanklike veranderlike kan beskou word as die probleem waaraan daar gewerk moet word. Dit is die dimensie waarbinne verandering verwag word. Die afhanklike veranderlike word in operasionele terme gedefinieer en is die spesifieke, meetbare aanduidings wat die navorser in staat stel om enige veranderinge wat tydens die studie geproduseer is, te evaluateer. Die afhanklike veranderlike wat in die navorser se studie

geïdentifiseer is, was 'n verandering in die kind se hantering van die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie, op die emosionele en sosiale vlak. Hierdie negatiewe belewinge sluit die volgende in:

- Skuldgevoelens
- Woede
- Verwarring
- Vrees
- Belewing van ontoereikendheid
- Belewing van verlies
- Smart en depressie (Van Loggerenberg & Roets, 1993:112-114).

Toepaslike hantering word beskou as die mate waarin die kind uit die enkelouergesin in kontak is met sy/haar gevoelens ten opsigte van die enkelouersituasie; uitdrukking kan gee aan hierdie gevoelens; die gevoelens sy/haar eie kan maak en die gevoelens kan hanteer sonder om van die volgende kontakgrensversteurings gebruik te maak, naamlik projeksie, introjeksie, retrofleksie, samevloeiing en defleksie. Tydens die gestaltgroepwerkprogram is die kind in 'n middestad konteks begelei tot groter bewustheid van hom/haarself en sy/haar gevoelens; die toepaslike uitdrukking van sy/haar gevoelens; die besitneming van of die neem van verantwoordelikheid vir sy/haar gevoelens; die verkryging van hanteringstrategieë om hierdie gevoelens te hanteer; die inoefening van hanteringstrategieë binne en buite die groepsituasie en selfvertroeteling.

1.9.7 Definiëring van die onafhanklike veranderlike

Die onafhanklike veranderlike is die intervensieprogram. Dit is die strategie en spesifieke tegnieke en procedures wat die navorser-praktisyn aanwend ten einde die kliëntsisteem te verander. Die bepaalde gestaltgroepwerkprogram wat deur die navorser ontwikkel is vir die intervensie met die kind in die laat middelkinderjare binne die enkelouergesin, kan as die onafhanklike veranderlike in hierdie studie beskou word.

1.9.8 Bepaling van struikelblokke

Die navorser-praktisyn moet moontlike struikelblokke wat die voltooiing van die studie of die intervensie kan belemmer, vooraf antisipeer en beplan hoe om hulle te

vermy of te oorkom. Volgens die navorser moet daar in hierdie opsig veral aan etiese aspekte aandag gegee word. Toestemming vir die implementering van die gestaltgroepwerkprogram moet van die relevante betrokke verantwoordelike persone bekom word.

1.9.9 Basislynfase

Die basislynfase kan vergelyk word met 'n normale voorstudie. Dit behels die beplande insameling van data voordat die onafhanklike veranderlike geïmplementeer word, ten einde te verseker dat die navorser volle beheer het oor die navorsingsprojek (Vergelyk Forcese & Richer, 1973:261.) Sodra die basislyn relatief stabiel voorkom, kan die intervensiefase geïmplementeer word. Tydens die navorser se studie is die kinders se negatiewe belewinge van die enkelouersituasie en hulle hantering daarvan voor die implementering van die gestaltgroepwerkprogram, met behulp van 'n selfontwerpte vraelys gemeet. Die enkelouers het ook 'n vraelys ingevul ten einde hulle beskouing van hulle kinders se negatiewe belewinge van die enkelouersituasie en hantering daarvan, voor die implementering van die gestaltgroepwerkprogram, te meet.

1.9.10 Intervensiefase

Die beplande intervensie word tydens hierdie fase geïmplementeer. Tydens die intervensiefase word die onafhanklike veranderlike dus toegepas. Die ontwikkelde gestaltgroepwerkprogram is in die intervensiefase van die navorser se studie geïmplementeer. Die kinders se beweging deur die vyf lae van neurose, naamlik:

- die valse laag,
- die fobiese laag,
- die weerstandslaag,
- die implosiewe laag en
- die eksplosiewe laag, is tydens die intervensiefase waargeneem en het die kleiner kwalitatiewe komponent van die studie uitgemaak.

1.9.11 Analisering van die data

Met die voltooiing van die program, analyseer die navorser-praktisyn die data ten einde te bepaal of daar veranderinge in die afhanklike veranderlike was; te soek na

verhoudings tussen veranderlikes; en om te bepaal of dit die onafhanklike veranderlike was wat die afhanklike veranderlike beïnvloed het (Bloom & Fischer, 1982:18). Na die implementering van die gestaltgroepwerkprogram, het die kinders en die ouers weer dieselfde vraelys ingevul wat hulle voor die implementering van die gestaltgroepwerkprogram voltooí het, ten einde die kinders se vordering ten opsigte van hulle toepaslike hantering van die negatiewe belewinge van die enkelouersituasie, te meet.

Die kwalitatiewe data (assessering van kinderrespondente ten opsigte van projeksies; rolle in groep; beweging deur die vyf lae van Perls en kontakgrensversteurings) wat met behulp van ongestructureerde waarneming ingesamel is, is met behulp van tabelle voorgestel.

1.9.12 Rapportering van die bevindinge

Bevindinge van die studie word aan kollegas gekommunikeer deur die skryf van 'n navorsingsverslag en die moontlike publikasie van 'n artikel oor die studie in 'n geakkrediteerde tydskrif of wetenskaplike joernaal. Dit laat die herhaling van die studie deur ander toe, ten einde die veralgemeenbaarheid van die bevindinge te bepaal; dra by tot die kumulatiewe liggaam van kennis oor die onderwerp; en mag aanleiding gee tot vrae wat as riglyne benut kan word vir ander of vir verskillende tipes van studies. Die navorser-praktisyn het ook die verantwoordelikheid om die resultate van sy/haar werk aan ander lede van die professie te kommunikeer, deur middel van formele publikasies of aanbiedings by konferensies of werkswinkels. Dit stel ander professionele persone in staat om suksesvolle intervensies te benut en sodoende die effektiwiteit van hulle eie werk te bevorder. Die navorser beoog om haar navorsingsverslag aan haar kollegas werksaam met die kind in 'n middestad konteks, beskikbaar te stel vir toekomstige benutting.

Die bogenoemde stappe van die enkelsisteemontwerp kan baie nou gekoppel word aan die ses fases van intervensionavorsing waar die fases van probleemanalise en projekbeplanning, en inligtingversameling en sintese, ooreenstem met die eerste vier stappe van die enkelsisteemontwerp; die fases van ontwerp, en vroeë ontwikkeling en voortoets, ooreenstem met stappe vyf tot nege van die enkelsisteemontwerp; en die

fases van evaluasie en gevorderde ontwikkeling, en verspreiding ooreenstem met stappe 10 tot 12 van die enkelsisteemontwerp.

1.10 Voorondersoek

1.10.1 Literatuurstudie

Die voornemende navorser sal slegs in staat wees om 'n betekenisvolle navorsingstudie te onderneem indien hy/sy ten volle op datum is met die bestaande kennis oor sy/haar onderwerp (Strydom, 2002:211). Daar bestaan egter 'n wesenlike verskil tussen die literatuurstudie van die voorstude en die literatuurstudie tydens die werklike navorsingstudie. Die literatuurstudie tydens die voorstude behels **nie** 'n studie van al die navorsing in die grootste detail nie. Die doel is eerder om die navorser te oriënteer ten opsigte van die vraag of literatuur oor die spesifieke onderwerp werklik bestaan, watter tipe literatuur dit is en of dit vrylik beskikbaar is. 'n Gedetailleerde studie van die literatuur word eers relevant tydens die hoofondersoek (Strydom in Strydom, 2002:212). 'n Deurlopende literatuurstudie is tydens die navorser se hoofondersoek onderneem.

Die literatuurstudie is verder nie bloot belangrik vir die duidelike formulering van die probleem nie, maar ook vir die uitvoering van die beplanning en implementering van die ondersoek. (Vergelyk Cilliers, 1973:133-134.) Die hoofdoel van die literatuurstudie tydens die voorstudefase is dus die breë oriëntering van die voornemende navorser ten opsigte van sy/haar navorsing en om hom/haar waaksam te maak ten opsigte van sekere aspekte tydens die hoofondersoek (Strydom, 2002:212).

Tydens die navorser se literatuurstudie van haar voorondersoek, het sy haarself georiënteer ten opsigte van inligting oor die volgende aspekte:

- Die emosionele en sosiale ontwikkeling van die kind in die laat middelkinderjare.
- Die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare.
- Die enkelouerkind in 'n middestad konteks.

- Terapeutiese intervensie vir die hantering van die kind se belewinge in die enkelouergesin.
- Gestaltpelterapie en gestaltgroepwerk.

Na 'n oorsigtelike verkenning van die literatuur en RGN-soektog, was daar geen aanduidings dat 'n navorsingstudie oor die bemagtiging van die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks, met die hantering van die enkelouersituasie deur gestaltgroepwerk, reeds onderneem is nie. Dit was slegs die navorser se eie titel van haar navorsingstudie vir haar meestersgraad, naamlik "Gestaltgroepwerk met die middestadkind in die middelkinderjare na egskeiding van die ouers", wat op die RGN-uitdruk voorgekom het. Laasgenoemde navorsingstudie het verskil van die navorser se huidige studie in die opsig dat daar nou op respondentе afkomstig uit enkelouergesinne, hetsy as gevolg van dood, egskeiding of vervreemding, gefokus is en nie bloot op egskeiding nie. 'n Gestaltgroepwerkprogram is ook nou vir die bemagtiging van die enkelouerkind in 'n middestad konteks ontwikkel, wat nie die geval in die vorige studie was nie.

Die navorsingstudie is hoofsaaklik vanuit die gestaltbenadering as teoretiese raamwerk onderneem. Die model van Oaklander (1988:53-56) is onder andere tydens die groepwerksessies van die gestaltgroepwerkprogram toegepas, ten einde die respondentе in kontak te bring met hulle gevoelens en behoeftes ten opsigte van die enkelouersituasie. Aspekte van die sisteemteoretiese- en persoonsgesentreerde benaderings, het egter ook 'n rol gespeel tydens die implementering van die program, aangesien die ouers van die respondentе ook by die navorsing betrek is en die ander sisteme waarvan die respondentе deel is, soos die klas en maats, in ag geneem is. Daar is aan die ouers geleentheid gebied om hulle kinders se hantering van hulle negatiewe belewinge van die enkelouersituasie, voor en na die implementering van die gestaltgroepwerkprogram, met behulp van 'n vraelys te meet. Die ouers het ook tydens die implementering van die gestaltgroepwerkprogram vir twee groepwerksessies bymekaargekom ten einde ouerbegeleiding te ontvang. Die proses van verandering wat in die kinders plaasgevind het, is sodoende by die huis versterk. Daar is verder van individualisering, warmte, empatie en respek vir elke respondent

en sy/haar unieke situasie, wat eie is aan die persoonsgesentreerde benadering, gebruik gemaak.

1.10.2 Konsultasie met kundiges

‘n Literatuurstudie is gewoonlik nie voldoende vir die suksesvolle praktiese uitvoering van die navorsingsprojek nie. Dit is nodig om kundiges in die veld waarbinne die ondersoek onderneem sal word, te raadpleeg ten einde die uiteindelike uitvoering van die studie te vergemaklik. Die benutting van kundiges kan daar toe bydra om die probleem duideliker uit te lig en om waardevolle inligting ten opsigte van die meer tegniese en praktiese aspekte van die voornemende navorsingstudie te bekom (Cilliers, 1973:136). Strydom (2002:213) toon egter aan dat dit belangrik is dat voornemende navorsers reeds hulle idees in plek sal hê en ‘n groot stuk met hulle literatuurstudie gevorder het, voordat hulle kundiges raadpleeg. Die rede hiervoor is dat kundiges navorsers kan verwarringe met te veel idees vir die navorsingsprojek en kan poog om hulle eie idees en moontlike onderwerpe op die navorser af te dwing.

Die navorser was op ‘n voltydse basis werksaam by die Middestad Trauma Terapiesentrum wat terapeutiese dienste aan vier verskillende skole lewer. Me Retha Badenhorst, bestuurder van die sentrum en maatskaplike werker, is as kundige ten opsigte van die praktiese uitvoering van die navorsingsprojek geraadpleeg en was ook die navorser se medeterapeut tydens die implementering van die voorstudie van die gestaltgroepwerkprogram. Me Illana Karam, maatskaplike werker by die terapiesentrum, was die navorser se medeterapeut tydens die implementering van die hoofondersoek van die gestaltgroepwerkprogram.

Me Mattie Van der Westhuizen, spelterapeut, is ten opsigte van haar kundigheid van speltherapie vanuit die gestaltbenadering geraadpleeg en Dr. Gerna Wessels, praktiese dosent aan die Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria, is ten opsigte van die praktiese implementering van die navorsingsprojek, geraadpleeg.

1.10.3 Uitvoerbaarheid van die ondersoek

Die beoogde navorsingstudie moet prakties uitgevoer kan word in die praktyk. Toestemming vir die navorsingsprojek is bekom van die Gauteng Departement van Onderwys en van me Retha Badenhorst, bestuurder van die Middestad Trauma Terapiesentrum.

Voor die implementering van die gestaltgroepwerkprogram, is die respondentе geselekteer en is die skriftelike toestemming van die ouers bekom. Die ouers is betrek by die evaluering van hulle kinders voor die aanvang van die groepwerksessies en na die voltooiing van die reeks groepwerksessies. Tydens die implementering van die gestaltgroepwerkprogram, het die ouers self vir twee groepwerksessies bymekaargekom om ouerleiding ten opsigte van die proses van verandering wat in hulle kinders plaasvind, te ontvang. Die twee sessies van ouerbegeleiding het 'n deel van die interventionsproses tydens die gestaltgroepwerkprogram uitgemaak.

Die groepwerksessies van die respondentе het eenmaal per week plaasgevind, terwyl die ouers na elke derde groepwerksessie met die kinders, as 'n groep bymekaargekom het. 'n Terapielokaal by die betrokke skool is vir die aanbieding van die gestaltgroepwerkprogram benut. 'n Medeterapeut was die navorser behulpsaam tydens die gestaltgroepwerksessies. Die konfidensialiteit van die respondentе en hulle ouers is verseker.

1.10.4 Toetsing van die vraelys

Die navorser moet sy/haar meetinstrument toets en verander soos nodig, ten einde geldige en betroubare resultate te bekom. Strydom (1998:182) verduidelik dat dit die blootstelling van 'n paar gevalle aan dieselfde procedures soos beplan vir die hoofondersoek, impliseer. Die navorser het die gestaltgroepwerkprogram tesame met die nodige vraelyste vir die kinders en die ouers voor en na die afloop van die reeks groepwerksessies, met 'n kleiner groep van vier vroulike respondentе geïmplementeer, voordat die werklike hoofondersoek uitgevoer is. Die gestaltgroepwerkprogram is dus eers op 'n kleiner skaal uitgevoer, ten einde die vraelyste en die tegnieke te verbeter. Die vraelyste en tegnieke wat tydens die

gestaltgroepwerkprogram toegepas is, is ook vooraf met die genoemde kundiges bespreek.

Geen veranderinge is aan die vraelyste aangebring nie. Enkele aktiwiteite en tegnieke is egter by sommige groepwerksessies in die program bygevoeg. Hierdie veranderinge kan soos volg uiteengesit word:

Elke groepwerksessie begin met “rondtes” waartydens elke groeplid die geleentheid kry om dít wat goed en dít wat sleg was van hulle week met die res van die groep te deel. ‘n Praathoed word omgestuur ten einde elke groeplid in staat te stel om te praat sonder om onderbreek te word. Aan die einde van ‘n groepwerksessie, tydens sluiting, kry elke groeplid die geleentheid om aan te toon, wat vir hulle lekker en wat vir hulle sleg was van die betrokke groepwerksessie.

Die volgende doelwitte is bygevoeg tot enkele groepwerksessies tydens die voorondersoek: (Die volledige en verfynde gestaltgroepwerkprogram word in hoofstuk 6 bespreek)

Groepwerksessie 1

- Om die groeplede se insig in hulle eie funksionering te verhoog deur hulle te vra waarom hulle dink hulle hier is.
- Om groepkohesie te bevorder deur aan die groeplede die geleentheid te bied om saam ‘n groepnaam uit te dink.

Groepwerksessie 3

- Om groeplede te bemagtig tot die hantering van negatiewe gevoelens en tot ontspanning deur hulle op ‘n fantasievlug na die berge en woude te neem.

Groepwerksessie 4

- Om insig by die groeplede te ontwikkel ten opsigte van die problematiese dinamika tussen ‘n man en ‘n vrou tydens egskeiding deur met behulp van ‘n visuele voorstelling aan die groeplede te verduidelik hoe opgehoopte bakstene (as

‘n metafoor vir onuitgesorteerde probleme) mettertyd ‘n muur tussen ouers vorm wanneer die probleme tussen hulle nooit uitgesorteer word nie.

- Insigontwikkeling in die persoonlike probleme van die afwesige ouer deur elke groeplid hierdie ouer te laat teken en die positiewe en negatiewe eienskappe van die ouer weerskante van die tekening te laat neerskryf.

Groepwerksessie 5

- Om die groeplede se kontakmaking met hulle gevoelens en behoeftes rondom die enkelouersituasie te verhoog deur weer aan die groeplede die geleentheid te bied om hulle harte met pastelle te teken ten einde uit tebeeld hoe hulle daaroor voel dat hulle ouers nie meer bymekaar is nie.
- Om die verwerking en hantering van gevoelens en behoeftes ten opsigte van die enkelouersituasie te bevorder deur die generering van hanteringstrategieë om hulle harte beter te laat voel.

Groepwerksessie 6

- Om met behulp van die gesamentlike lees van die volgende boek: Menendez-Aponte, E. 2001. **Wat as ... Ma en Pa skei?** Afrikaanse uitgawe. Wellington: Lux Verbi.BM, groter insig in en ‘n breër en meer objektiewe perspektief ten opsigte van die groeplede se eie enkelouersituasie by die groeplede tuis te bring.

Groepwerksessie 7

- Om ‘n toekomsperspektief by die groeplede te vestig deur hulle na foto’s in tydskrifte te laat soek wat uitbeeld hoe hulle graag eendag tussen mense wil wees en hulle te laat dink oor dít wat hulle moet doen ten einde daarby uit te kom.
- Om die groeplede se benutting van hanteringstrategieë vir gevoelens en behoeftes te eksplorieer deur die hersiening van hanteringstrategieë wat tydens die groepsessies hanteer is, naamlik:
 - * Om te praat met mense wie jy kan vertrou.
 - * Om dinge te doen wat vir jou lekker is (selfvertroeteling).
 - * Om in jou gedagtes na jou veilige plek te gaan.
- Om die groeplede se benutting van hanteringstrategieë te eksplorieer deur terugvoer van die groeplede te ontvang ten opsigte van hulle toepassing van

die hanteringstrategieë buite die groepsituasie.

- Om die groeplede finaal voor te berei op afsluiting tydens die volgende groepwerksessie deur hulle daaraan te herinner dat dieselfde vraelyste as aan die begin van die gestaltgroepwerkprogram weer ingevul sal word en deur die gesamentlike beplanning van die afslutingspartytjie.

Groepwerksessie 8

- Om die groeplede se verwerking en hantering van die enkelouersituasie te meet deur aan elke groeplid die geleentheid te bied om weer dieselfde vraelys as tydens groepwerksessie 1, in te vul.
- Om die “self” van die groeplede verder te versterk en die gestaltgroepwerkprogram sinvol af te sluit deur aan die groeplede die geleentheid te bied om te praat oor daardie dele in die gestaltgroepwerkprogram waarvan hulle gehou het en daardie dele waarvan hulle nie gehou het nie.
- Om deur die hou van ‘n afslutingspartytjie die groeplede in staat te stel om op ‘n aangename wyse met die gestaltgroepwerkprogram af te sluit.

Tydens die gestaltgroepwerkprogram het die enkelouers twee maal, na elke derde groepwerksessie met hulle kinders, as ‘n groep vergader. Tydens hierdie groepwerksessies het hulle terugvoer ontvang van aspekte wat met hulle kinders deurgewerk is, en nog deurgewerk gaan word. Die ouers is aangemoedig om die hanteringstrategieë vir gevoelens, wat vir hulle kinders tydens die groepwerksessies geleer is, by die huis te versterk. Die enkelouers se eie gevoelens en behoeftes rondom hulle verhouding met hulle kinders en gewese eggenoot(e) is ook tydens hierdie sessies bespreek.

Die gestaltgroepwerkprogram is afgesluit met ‘n gesamentlike sessie met die groeplede en hulle enkelouers. Tydens hierdie sessie het die groeplede elkeen individueel met hulle ouer gaan sit en neergeskryf wat die gestaltgroepwerkprogram vir hulle beteken het. Eerlikheid is deur die terapeute aangemoedig. Hierna is enige verdere gevoelens en behoeftes ten opsigte van die enkelouersituasie met die terapeute bespreek.

1.11 Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming

‘n Onderskeid kan getref word tussen die terme universum en populasie. Arkava & Lane (1983:27) toon aan dat die universum na al die potensiële subjekte wat oor die eienskappe beskik waarin die navorsing geïnteresseerd is, verwys. Die term populasie stel perke op die studie-eenhede. Populasie verwys na die individue in die universum wat oor spesifieke karaktereienkappe beskik. Babbie (1998:109) omskryf die populasie vir ‘n studie as daardie groep mense van wie daar gevolgtrekkings gemaak word. Grinnell & Williams (1990:118) definieer populasie as die totaliteit van persone of objekte waarmee die studie gemoeid is. Dit is vanuit hierdie omskrywings duidelik dat ‘n populasie ‘n meer afgebakende groep mense vir ‘n spesifieke studie, insluit. Vir die doeleindes van die navorsing se studie is die populasie omskryf as die totale aantal kinders tussen die ouderdomme van nege en twaalf jaar, wat in enkelouergesinne lewe en in ‘n dubbelmedium laerskool in die middestadomgewing van Pretoria ingeskryf is.

‘n Steekproef is volgens Arkava & Lane (1983:27) daardie element van die populasie wat oorweeg word vir werklike insluiting in die studie. Dit kan ook beskou word as ‘n substel van metings wat geneem word van ‘n populasie waarin die navorsing belangstel. Die steekproef word bestudeer in ‘n poging om die populasie waaruit die steekproef geselekteer is, te verstaan (Strydom & Venter, 2002:199).

Tydens die navorsing se studie is daar van nie-waarskynlikheidsteekproefneming en spesifiek doelgerigte steekproefneming gebruik gemaak. Volgens Singleton, Straits, Straits & McAllister (1988:153) is ‘n doelgerigte steekproef totaal gebaseer op die oordeel van die navorsing, aangesien die steekproef saamgestel is uit elemente wat die mees verteenwoordigende of tipiese eienskappe van die populasie bevat. Die steekproef van hierdie studie het sewe kinders van een geslag ingesluit, aangesien die kind in die middelkinderjare verkies om met lede van sy/haar eie geslag te speel. (Vergelyk O’Connor, 2000:417.) Die kinders het vir agt groepwerksessies in totaal bymekaargekom. Groepwerksessies het op ‘n weeklikse basis plaasgevind.

Die terapeute werksaam by die Middestad Trauma Terapiesentrum en onderwysers, was die navorser behulpsaam tydens die seleksie van die steekproef. Die kriteria vir seleksie was soos volg:

- Respondente moes tussen nege en twaalf jaar oud wees.
- Respondente moes by 'n skool in die middestadomgewing ingeskryf wees waar terapeutiese dienste deur die Middestad Trauma Terapiesentrum gelewer word.
- Respondente moes tydens die uitvoering van die studie in 'n enkelouergesin woon, hetsy as gevolg van egskeiding, vervreemding of dood.
- Respondente moes almal óf Engels- óf Afrikaanssprekend van enige ras, wees.
- Respondente moes aan dieselfde geslag behoort.

1.12 Etiese aspekte

Tydens die uitvoering van 'n navorsingstudie is dit noodsaaklik dat etiese aspekte gedurende die navorser se interaksie met sy/haar respondentie in ag geneem word, ten einde die respondentie en die navorser se integriteit te beskerm. Strydom (2002:63) beskou etiek as 'n groep morele beginsels wat deur 'n individu of groep voorgestel word en gevvolglik wyd aanvaar word. Dit bied reëls en gedragsverwagtinge ten opsigte van die mees korrekte optrede teenoor eksperimentele subjekte en respondentie, werkgewers, borge, ander navorsers, assistente en studente. Die volgende etiese aspekte soos uiteengesit deur Strydom (2002:64-73) was van toepassing op die navorser se studie:

1.12.1 Skade aan eksperimentele subjekte en/of respondentie

Die navorser is eties verplig om die aard van die navorsing te verander, eerder as om sy/haar respondentie bloot te stel aan die geringste moontlikheid van fisiese en/of emosionele skade waarvan die navorser bewus mag wees. Die feit dat negatiewe gedrag van die verlede herroep mag word tydens die ondersoek kan hernude skade aanrig. Om hierdie rede moet die navorser oor sterk wetenskaplike gronde beskik indien hy/sy sensitiewe en persoonlike inligting van die subjekte bekom (Strydom, 2002:64-65).

Tydens die intervensienavorsing van die navorser, is die respondenten begelei tot die uitdrukking van hulle emosies rondom hulle belewing van die enkelouersituasie. Hierdie gevoelens is tydens die groepwerksessies hanteer met behulp van bepaalde gestaltgroepwerktegnieke.

1.12.2 Ingelige toestemming

Ingelige toestemming kan omskryf word as die inwilliging van die respondent om betrokke te wees by die navorsingstudie, nadat hulle ten volle ingelig is ten opsigte van die procedures en verbandhoudende gevare en voordele (Corey, Schneider Corey & Callanan, 1993:229).

Ingelige toestemming vir deelname aan die gestaltgroepwerkprogram is skriftelik van die ouers van die respondenten bekom. ‘n Kort beskrywing van sowel die aard van die intervensie, as die doelstellings en doelwitte van die navorsingsprojek is in die toestemmingsbrief aan die ouers vervat. Die respondenten is voorberei vir deelname aan die groep en toegelaat om self te besluit of hulle wil deelneem of nie.

1.12.3 Inbreuk op privaatheid

Die konfidensialiteit van die respondenten is verseker deur nie die respondent se ware identiteit in die finale navorsingsverslag bekend te maak nie. Slegs die navorser en medeterapeut is bewus van die identiteit van die respondenten. (Vergelyk Dane, 1990:51.)

1.12.4 Aksies en bevoegdheid van navorsers

Navorsers is eties verplig om te verseker dat hulle bevoeg is en oor die vaardigheid beskik om die ondersoek wat hulle in gedagte het, uit te voer (Strydom, 2002:69). Die navorser het reeds tydens haar meestersgraadstudies gestaltgroepwerk met die middestadkind in die middelkinderjare binne ‘n egskeidingsituasie, as ‘n oorhoofse kwalitatiewe navorsingsprojek, geïmplementeer. Sy was ook betrokke by terapeutiese dienslewering aan kinders in die middestadomgewing. Haar praktiese ondervinding in haar werk met die kind in ‘n middestad konteks, en vorige ondervinding met ‘n soortgelyke navorsingsprojek, het ‘n belangrike bydrae gelewer tot haar kennisbasis in hierdie area.

1.12.5 Samewerking met medewerkers

Die aandag wat bestee word aan die samewerking en bystand van ander is baie belangrik ten einde te verzeker dat elke projek op 'n eties korrekte wyse uitgevoer word. Indien kollegas op 'n formele of informele wyse betrokke is by die projek, is 'n duidelike kontrak tussen die partye verkieslik, aangesien elke party dan weet wat die ander se bydrae behels (Strydom, 2002:71). Die navorsing het voor die implementering van die gestaltgroepwerkprogram 'n mondelinge ooreenkoms met die Middestad Trauma Terapiesentrum aangegaan ten opsigte van die betrokkenheid van 'n medeterapeut. Die medeterapeut het die navorsing bygestaan ten opsigte van die eksplorering en hantering van gevoelens en die handhawing van dissipline tydens die groepwerksessies, terwyl die terapiesentrum die implementering van die gestaltgroepwerkprogram as 'n opleidingsgeleentheid kon benut.

1.12.6 Beskikbaarstelling of publikasie van die bevindinge

Volgens Strydom (2002:72) behoort die beschikbaarstelling van bevindinge op so 'n wyse plaas te vind dat benutting deur ander daardeur aangemoedig word, aangesien dit die uiteindelike doel van enige navorsingsprojek is. Die finale navorsingsverslag sal aan die terapeute by die Middestad Trauma Terapiesentrum beschikbaar gestel word, sodat die ontwikkelde en getoetste gestaltgroepwerkprogram benut kan word met ander kinders wat hulleself in enkelouersituasies bevind. 'n Kopie van die navorsingsverslag sal ook aan die Gauteng Departement van Onderwys voorsien word.

Dit is verder volgens Strydom (2002:72) belangrik dat subjekte op 'n objektiewe wyse ingelig behoort te word ten opsigte van die bevindinge, sonder om te veel besonderhede te verstrek of inbreuk te maak op die beginsel van konfidensialiteit. Dit is 'n vorm van erkenning en dankbaarheid aan die gemeenskap vir hulle deelname. Die navorsing het tydens die groepwerksessies met die ouers van die respondent, terugvoer gegee ten opsigte van aspekte wat tydens groepwerksessies met hulle kinders aangespreek is, sodat die inoefening van nuwe hanteringstrategieë buite die groepsituasie kon voortgaan. Na die totale gestaltgroepwerkprogram is die ouers die geleentheid gebied om enige verandering in hulle kinders met behulp van die ouervraelys te evalueer en terugvoer te gee oor vordering of geen vordering wat plaasgevind het na hulle kinders se deelname aan die gestaltgroepwerkprogram.

1.12.7 Herstel van subjekte of respondentē

Terminering en onttrekking van die terapie moet met groot sensitiwiteit hanteer word in gevalle waar subjekte by die terapeutiese aspek van die navorsing baatgevind het (Strydom, 2002:73). Die respondentē is vroegtydig voorberei op terminering en hulle gevoelens ten opsigte van terminering is in die groep hanteer. 'n Afsluitingspartytjie is na afloop van die gestaltgroepwerkprogram saam met die respondentē gehou. Indien daar 'n behoefte was aan verdere individuele terapie, is die kinders en ouers verwys vir bykomende terapeutiese dienste na die gestaltgroepwerkprogram.

1.13 Leemtes van die studie

Die navorser kon die volgende leemtes in haar navorsingstudie identifiseer:

- Weens die omvang van die navorsingsprojek en die primêre fokus van die studie op die kind in die enkelouergesin, is daar minder aandag aan ouerleiding binne groepverband geskenk tydens die gestaltgroepwerkprogram. Enige verdere behoeftē aan ouerleiding is egter wel aangespreek tydens die laaste gesamentlike sessie met die kinderrespondentē en hulle enkelouers. 'n Gesamentlike navorsingsprojek deur twee navorsers, waartydens 'n gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouer en 'n gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouerkind aangebied word, word sterk aanbeveel.
- Dit was nie vir al die betrokke enkelouers altyd moontlik om die enkelouergroepwerksessies by te woon nie. Sommige enkelouers het om hierdie rede nie waardevolle terugvoer ten opsigte van die gestaltgroepwerksessies met hulle kinders ontvang nie. Werksverpligtinge, vervoerprobleme en eie emosionele probleme kan as moontlike redes vir die afwesigheid by groepwerksessies aangevoer word. Indien daar 'n gestaltgroepwerkprogram tydens 'n gesamentlike navorsingsprojek vir die enkelouers aangebied word, moet dit verkieslik na-ure geskied.
- Die bevindinge van die navorsing kan nie veralgemeen word na die populasie van enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in 'n middestad konteks nie, aangesien daar slegs sewe kinderrespondentē met hulle enkelouers tydens die hoofondersoek betrek is. Die rede vir die klein aantal respondentē is dat

die betrekking van meer respondentie by die groep, afbreuk sou doen aan die waarde van die gestaltgroepwerkprogram vir elke individuele respondent. In die literatuur oor groepintervensie word sewe groeplede as die ideale getal groeplede beskou (Garvin en Yalom in Toseland & Rivas, 2001:171). Oaklander (1999:172) is van mening dat 'n groep van ses tot agt kinders wat oor die ouderdom van agt jaar is, 'n gesikte grootte is. Die rede hiervoor is dat daar tydens 'n gestaltgroep op elke kind se proses gefokus word, ten einde by sy/haar voorgrondbehoeftes en gevoelens uit te kom. Die aanbeveling kan gemaak word dat die gestaltgroepwerkprogram met nog 'n groep van sewe enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare geïmplementeer en geëvalueer word. Dit was egter nie die doel met hierdie studie nie, weens die groot omvang van die analisering en interpretering van die kwantitatiewe en kwalitatiewe bevindinge.

- 'n Groep van vier dogters in die laat middelkinderjare en hulle enkelouers is tydens die voorondersoek by die gestaltgroepwerkprogram ingeskakel, terwyl 'n groep van sewe seuns in die laat middelkinderjare en hulle enkelouers tydens die hoofondersoek by die gestaltgroepwerkprogram ingeskakel is. Die groep seuns was meer spontaan in hulle benutting van die gestaltgroepwerktegnieke binne groepverband as die groep dogters. Daar is in die voorondersoek van dogters en in die hoofondersoek van seuns gebruik gemaak, weens die praktiese beskikbaarheid van die respondentie.
- Tydens die laaste drie groepwerksessies van die gestaltgroepwerkprogram was dit vir sommige groeplede moeilik om stil te sit en te konsentreer. Hierdie leemte sou in soortgelyke toekomstige programme vermy kon word deur gedramatiseerde spel tydens die biblioterapisessie en fisiese groepaktiwiteite aan die begin van of geïnkorporeer tydens die betrokke groepwerksessies. Groepspeletjies soos om 'n hoepel om te stuur terwyl almal in 'n sirkel staan en hande vashou, sou onder ander vir hierdie doeleinde benut kon word. Daar sal egter meer tyd vir so 'n aktiwiteit tydens 'n groepwerksessie toegelaat moet word, wat nie altyd toelaatbaar binne 'n skoolprogram is nie. Die groepwerksessies het tydens die navorsingsprojek na tweede pouse tydens die aktiwitsperiode plaasgevind. Die groeplede het dus wel die geleentheid gehad om te speel voor die aanvang van die groepwerksessies. Die

groepwerksessies het nie na skoolure plaasgevind nie, ten einde die bywoning van die groeplede te verseker.

1.14 Definisies van hoofkonsepte

1.14.1 Spelterapie

Kinders is gewoonlik nie in staat om hulle behoeftes en probleme direk te verbaliseer soos in die geval van volwassenes nie. Hulle sal eerder van spel gebruik maak om dit wat hulle waarneem en ervaar, te verwerk. Spel is dus eerder die kind se natuurlike medium van kommunikasie en interaksie met sy/haar wêreld as gesproke taal. Volgens Axline (1989:8) is spelterapie gebaseer op die feit dat spel die kind se natuurlike medium van selfuitdrukking is. Dit is 'n geleentheid wat aan die kind gebied word om sy/haar gevoelens en probleme uit te speel soos in sekere tipe volwasse terapieë waar 'n individu net praat oor sy/haar probleme (Axline, 1989:8). Landreth (1991:14) definieer spelterapie as 'n dinamiese interpersoonlike verhouding tussen 'n kind en 'n terapeut wat opgelei is in spelterapie procedures, wat spesifieke spelmateriale voorsien en die ontwikkeling van 'n veilige verhouding waarbinne die kind hom/haarselv ten volle kan uitdruk en die self kan eksplorieer, fasiliteer.

1.14.2 Gestaltterapie

Gestaltterapie is oorspronklik ontwikkel deur Frederick en Laura Perls. Dit behels basies 'n fenomenologiese, prosesgeoriënteerde terapie wat gemoeid is met die gesonde funksionering van die individu ten opsigte van sintuie, liggaam, emosies en intellek (Latner; Perls; Perls; Hefferline; en Goodman in Oaklander, 1999:162). Volgens Yontef (1993:129) is die doel van gestaltterapie dat kliënte bewus word van wat hulle doen, hoe hulle dit doen en hoe hulle hulleself kan verander en terselfdertyd leer om hulleself te aanvaar en van waarde te ag. Yontef (1993:150) toon verder aan dat gestaltterapie probleemoplossing fasiliteer deur middel van verhoogde selfregulasie en selfondersteuning deur die kliënt.

Tydens gestaltspelterapie word die kind met behulp van verskeie vorme van spel soos gedramatiseerde spel, skeppende spel, bibliospel en metafoor, begelei tot 'n groter bewustheid van sy/haar behoeftes en gevoelens; om verantwoordelikheid te neem vir

hierdie gevoelens en behoeftes en om hulle gedrag te verander deur met beter hanteringstrategieë te eksperimenteer. (Vergelyk Schoeman, 1999:109-112 & 94.)

1.14.3 Gestaltgroepwerk

Die aanwending van gestaltpeloterapietegnieke binne 'n groepterapeutiese konteks, kan beskou word as gestaltgroepwerk. Oaklander (1999:165) toon aan dat die groep 'n klein geïsoleerde wêrld is waarbinne teenwoordige gedrag ervaar kan word en nuwe gedrag getoets kan word. Die kind se wyse van wees in die groep en hoe hierdie gedrag die ander positief of negatief beïnvloed, word duidelik sigbaar binne groepverband (Oaklander, 1999:165). O'Connor (2000:411) fokus op die sosiale waarde van groepintervensie deur aan te toon dat die doel van groepintervensie met kinders is om die kind op 'nvlak van funksionele ontwikkeling te bring, wat in lyn is met sy/haar biologiese ontwikkeling. Groepsoterapie fokus veral op die veralgemening van die kind se individuele vermoëns na sy/haar interaksie met die portuurgroep (O'Connor, 2000:411). Binne 'n gestaltgroep word die kind dus nie bloot begelei tot groter kontak met die self en gevvolglik verhoogde selfregulering nie, maar ook tot verbeterde interaksie met portuurgroepelde.

1.14.4 Middelkinderjare en laat middelkinderjare

Die tydperk tussen die sesde en twaalfde lewensjare staan volgens Louw, *et al.* (1998:322) algemeen bekend as die middelkinderjare. Die middelkinderjare kan verdeel word in die vroeë middelkinderjare (ses tot agt jaar) en die laat middelkinderjare (nege tot twaalf of dertien jaar). (Vergelyk Kelly & Wallerstein, 1980:65-71.) Die ontwikkeling tydens die middelkinderjare en veral die kinders se blootstelling aan nuwe en 'n verskeidenheid ervarings, berei die kind voor vir die aanpassings en die uitdagings van die adolessente jare wat gaan volg (Louw, *et al.* 1998:322). Pretorius (1994:97) sluit hierby aan wanneer hy aantoon dat die laerskooltydperk deur drie uitwaartse dryf- en groeibewegings gekenmerk word, naamlik:

- die sosiale beweeg uit die gesin na die portuurgroep toe;
- die fisiese beweeg na die wêrld van spel en arbeid (wat neuromuskulêre vaardighede vereis); en

- die psigiese beweeg na die wêreld van volwasse konsepte, logika, simboliek en kommunikasie.

Teen die einde van hierdie tydperk het elke kind sy eie besondere styl en vlak met betrekking tot hierdie drie areas verwerf (Pretorius, 1994:97).

Dit blyk dat die klem in die middelkinderjare val op die interpersoonlike interaksie van die kind en die leergeleenthede wat dit aan die kind bied. Groepintervensie met die kind in die laat middelkinderjare bied aan die kind die ideale geleentheid tot selfontdekking en die verbetering van interpersoonlike vaardighede.

1.14.5 Enkelouergesin

Enkelouergesinne verwys na die situasie wat ontstaan wanneer die vader of die moeder nie teenwoordig is nie, weens faktore soos egskeiding, verlating of die dood. Die grootste oorsaak van enkelouergesinne is egskeiding en die meeste enkelouergesinne het die moeder as enkelouer (Louw, *et al.* 1998:357-358). Naudé (in Snyman & Le Roux, 1993:88-89) verdeel enkelouerskap in die volgende kategorieë, naamlik:

- ‘n weduwee of wewenaar;
- ‘n geskeide man of vrou;
- ‘n ongehude moeder;
- die man/vrou wat van sy/haar eggenoot/e vervreemd is;
- ongetroude man/vrou wat ‘n kind aangeneem het; en
- die ouer wie se man/vrou langdurig afwesig van die huis is weens werk of ander verpligtinge.

Ongeag die rede vir die totstandkoming van die enkelouergesin, is dit geen maklike taak om ‘n enkelouer in ‘n samelewing wat gekenmerk word deur ‘n gejaagde lewenstyl, te wees nie.

1.14.6 Kind in ‘n middestad konteks

Die kind in ‘n middestad konteks kan omskryf word as ‘n individu onder die ouderdom van 18 jaar wat in die middestadomgewing grootword. Badenhorst (2001) toon aan dat dit ‘n kind is wat min stimulasie en min aandag tuis ontvang, aan min fisiese aktiwiteit blootgestel is en wie se ouers laat by die huis kom. Hierdie kinders is

dikwels blootgestel aan gesinsgeweld, asook aan fisiese, seksuele en emosionele misbruik.

Enkelouerskap kan daartoe aanleiding gee dat die gesin vanweë 'n verlies aan finansiële hulpbronne in 'n woonstel in 'n ongunstige omgewing moet intrek. McLanahan & Sandefur (1994:78) toon aan dat kinders uit enkelouergesinne op verskeie maniere benadeel word ten opsigte van hulle toegang tot gemeenskapshulpbronne. Hulle is meer geneig om in ongunstige woonbuurtes te woon, om te assosieer met vriende wat negatiewe houdings teenoor die skool het, en om van blyplek te verander (McLanahan & Sandefur, 1994:78).

Baie van hierdie kinders kan ook as milieu-/omgewingsgestremd beskou word. Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:45) definieer omgewingsgestremdheid as die "uitwerking van ontoereikende politieke, ekonomiese of ander sisteme op die groei en ontwikkeling van die individu, gesin en gemeenskap".

1.15 Indeling van navorsingsverslag

Die navorsingsverslag is soos volg ingedeel:

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding

Hoofstuk 2: Die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat

middelkinderjare en terapeutiese intervensie met die kind in die
enkelouergesin.

Hoofstuk 3: Gestaltpelerapie en gestaltgroepwerk.

Hoofstuk 4: Empiriese studie

Deel I: Interpretasie van bevindinge vanuit die kwantitatiewe benadering

Hoofstuk 5: Empiriese studie

Deel II: Interpretasie van bevindinge vanuit die kwalitatiewe benadering

Deel III: Integrasie van bevindinge vanuit die kwantitatiewe en
kwalitatiewe benaderings

Hoofstuk 6: 'n Gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouerkind in die laat

middelkinderjare in 'n middestad konteks

Hoofstuk 7: Algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.

1.16 Samevatting

- In hierdie hoofstuk is ‘n globale oorsig van die navorsingstudie verskaf. Die tendens van enkelouerskap en die probleme waarmee enkelouergesinne gekonfronteer word, is in die inleiding tot hierdie hoofstuk bespreek.
- Dit is tydens die motivering vir die keuse van die onderwerp duidelik gestel dat die navorser deur middel van haar studie ondersoek wou instel na die bruikbaarheid van ‘n gestaltgroepwerkprogram in die bemagtiging van die enkelouerkind in ‘n middestad konteks om sy/haar negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie, op toepaslike wyses te hanteer.
- Die probleem is hierna formeel geformuleer as die emosionele en sosiale ontwrigting wat dikwels by die enkelouerkind plaasvind vanweë ontoepaslike ouerskap wat meegebring word deur groter druk op die enkelouer as gevolg van ‘n verandering in gesinstruktuur.
- Die doelstelling van die studie hou verband met die voorafgaande en is soos volg uiteengesit: Om die kind in die laat middelkinderjare in ‘n middestad konteks, deur middel van gestaltgroepwerk te bemagtig om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie op toepaslike wyses te hanteer. Doelwitte is gestel ten einde die doelstelling te bereik.
- Die volgende hipotese is na aanleiding van die doelstelling van die navorsingstudie gestel: Indien die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in ‘n middestad konteks, inskakel by ‘n gestaltgroepwerkprogram, dan sal die kind bemagtig word om sy/haar negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie op toepaslike wyses te hanteer.
- Daar is verder gefokus op die gekombineerde kwalitatiewe-kwantitatiewe navorsingsbenadering waaruit hierdie navorsingstudie onderneem is, met spesifieke verwysing na die dominante-minder-dominante model van Creswell. Die navorsingstudie is hoofsaaklik vanuit die kwantitatiewe benadering onderneem, terwyl die kwalitatiewe benadering ‘n kleiner deel van die studie uitgemaak het.

- Intervensienvorsing is as die soort navorsing geïdentifiseer en bespreek, terwyl die enkelsisteemontwerp as die navorsingsontwerp vir die studie geïdentifiseer is.
- Die onderskeie stappe van die enkelsisteemontwerp is as die navorsingsprosedure en werkswyse uiteengesit en bespreek.
- Die voorondersoek is bespreek in terme van die literatuurstudie; die konsultasie met kundiges; die uitvoerbaarheid van die ondersoek en die toetsing van die vraelys.
- Die populasie van hierdie studie is omskryf as die totale aantal kinders tussen die ouderdomme van nege en twaalf jaar, wat in enkelouergesinne lewe en in 'n dubbelmedium laerskool in die middestadomgewing van Pretoria ingeskryf is. Nie-waarskynlikheidsteekproefneming met spesifieke verwysing na doelgerigte steekproefneming is in die studie benut.
- Die volgende etiese aspekte is in die navorsingstudie in ag geneem en toegepas: Skade aan respondent; ingeligte toestemming; inbreuk op privaatheid; aksies en bevoegdheid van navorsers; samewerking met medewerkers; beskikbaarstelling of publikasie van die bevindinge; en die herstel van die respondent.
- Die leemtes van die navorsingstudie; die definisies van die hoofkonsepte, naamlik: Spelterapie; gestaltterapie; gestaltgroepwerk; middelkinderjare en laat middelkinderjare; enkelouergesin; en kind in 'n middestad konteks; en 'n uiteensetting van die indeling van die navorsingsverslag, het in die laaste plek aandag geniet.

In die volgende hoofstuk word die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare en die terapeutiese intervensie met die kind in die enkelouergesin na aanleiding van die literatuurstudie, bespreek.

HOOFSTUK 2: DIE INVLOED VAN ENKELOUERSKAP OP DIE KIND IN DIE LAAT MIDDELKINDERJARE EN TERAPEUTIESE INTERVENSIE MET DIE KIND IN DIE ENKELOUERGESIN

2.1 Inleiding

Wanneer enkelouerskap in die lewe van die kind intree, gaan dit gewoonlik gepaard met veranderinge wat dikwels 'n ontwrigtende uitwerking op die kind het. Kinders het die begeleiding en ondersteuning van hulle ouers nodig wanneer hulle gekonfronteer word met bepaalde lewensveranderinge. Volgens Van Loggerenberg & Roets (1993:111) kom die ouer tydens enkelouerskap nie by die kind se belewinge uit nie, aangesien hy/sy dikwels gepreokkupeer is met sy/haar eie ongunstige belewinge na die verlies van 'n huweliksmaat. Die kind kan in hierdie gevalle nie op die begeleiding en ondersteuning van die enkelouer aanspraak maak nie en is hoofsaaklik op hom-/haarself aangewese om die gepaardgaande veranderinge te trotseer. Indien daar in gedagte gehou word dat die kind ook emosioneel deur die verlies van 'n ouer ontwrig is, word die kind se hantering van die veranderinge nog verder bemoeilik.

Enkelouerskap mag verder daartoe lei dat die gesin weens ekonomiese redes na 'n omgewing met goedkoop behuising, soos 'n woonstel in die middestadomgewing, moet verhuis. Na aanleiding van Dubow, Edwards & Ippolito (1997:130) se studie wat die verhoudings van spesifieke stressore (groot lewensgebeure en verblyf in 'n minderbevoorregte omgewing) en hulpbronveranderlikes (gesinsondersteuning, portuurgroepondersteuning en selfwaarde) tot spesifieke gevalle van aanpassing van middestadkinders (antisosiale gedrag, dwelmgebruik en akademiese prestasie) ondersoek het, het spanningsvolle gebeure en moeilike buurtomstandighede bygedra tot die voorspelling van antisosiale gedrag. Hoër vlakke van selfwaarde en gesinsondersteuning het verband gehou met laer vlakke van antisosiale gedrag; terwyl hoër vlakke van portuurgroepondersteuning verband gehou het met hoër vlakke van antisosiale gedrag. Terwyl gesinsondersteuning dus as 'n buffer gedien het vir die verhouding tussen spanningsvolle gebeure en antisosiale gedrag, het portuurgroepondersteuning die effek van stressore op gedragswanaanpassing vergroot (Dubow, *et al.* 1997:130). Die enkelouerkind in 'n middestad konteks is dikwels

oorgelewer aan sy/haar portuurgroep omdat daar geen ondersteunende volwassene in die kind se lewe aanwesig is nie. Terapeutiese groepintervensie onder leiding van 'n begrypende terapeut, kan aan die enkelouerkind die nodige positiewe ondersteuning bied ten einde die enkelouersituasie beter te kan hanteer.

Daar sal in hierdie hoofstuk gefokus word op die emosionele en sosiale ontwikkeling van die kind in die laat middelkinderjare; die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare; die enkelouerkind in 'n middestad konteks en terapeutiese intervensie vir die hantering van die kind se belewinge in die enkelouergesin.

2.2 Die emosionele en sosiale ontwikkeling van die kind in die laat middelkinderjare

Daar is reeds in Hoofstuk 1 aangetoon dat die tydperk tussen die sesde en twaalfde lewensjare volgens Louw, *et al.* (1998:322) algemeen bekend staan as die middelkinderjare. Die middelkinderjare kan verdeel word in die vroeë middelkinderjare (ses tot agt jaar) en die laat middelkinderjare (nege tot twaalf of dertien jaar). Volgens Congress & Lynne (1994:108) is die middelkinderjare 'n tydperk waartydens baie leer op beide 'n kognitiewe en sosiale vlak moet plaasvind. Indien 'n kind meer as die normale hoeveelheid angstigheid ervaar, word die normale leerproses nadelig beïnvloed. Die emosionele ontwrigting van die kind wat dikwels deur enkelouerskap meegebring word, oefen 'n nadelige invloed uit op die kind se kognitiewe en sosiale ontwikkeling.

2.2.1 Emosionele ontwikkeling in die laat middelkinderjare

Tydens die middelkinderjare bereik die kind volgens Louw, Schoeman, Van Ede & Wait (1990:362) groter emosionele buigsaamheid en groter emosionele differensiasie. Die kind se emosies word meer spesifiek, divers en gesofistikeerd. Groter emosionele differensiasie stel kinders ook in staat om 'n verskeidenheid van gevoelens uit te druk (Louw, *et al.* 1990:362). Kinders in die middelkinderjare kan na aanleiding hiervan as ideale kandidate vir gestaltgroepwerk beskou word, aangesien kinders tydens hierdie

groepwerkssessies aangemoedig word om hulle gevoelens te identifiseer, te besit en uit te druk.

Na aanleiding van Vander Zanden (in Louw, *et al.* 1990:362) verander kinders se begrip van hulle emosionele ervarings tussen die ouerdomme ses tot elf jaar. Hulle skryf toenemend emosionele opwekking aan interne oorsake toe; hulle begin bewus word van die sosiale reëls wat die uitdrukking van emosie beheer; hulle leer om gesigsuitdrukkings met groter akkuraatheid te "lees"; hulle begin verstaan dat emosionele toestande psigies verander kan word (byvoorbeeld deur aan iets aangenaam te dink wanneer jy treurig voel); en hulle besef dat mense gelyktydig meervoudige emosies kan ervaar. Namate die kinders ouer word, word hulle ook in staat om emosionele etikette soos "woede", "vrees", "treurigheid" en "geluk" te identifiseer en aan hulle innerlike gevoelens toe te dig. Hulle begin ook beter verstaan hoe ander mense voel en waarom hulle wel so voel. Hulle is beter in staat om hulle emosies in bedwang te hou en om hulle gevoelens weg te steek (Vander Zanden in Louw, *et al.* 1990:362). Tydens gestaltgroepwerk word die kind deur verskeie tegnieke die geleentheid gebied om sy/haar gevoelens binne 'n vertroulike atmosfeer met ander te deel en om ander te ondersteun wat negatiewe gevoelens ervaar.

Die ontwikkeling van die kind se selfbeeld speel ook 'n belangrike rol in die middelkinderjare. Volgens Bluestone (1991:257) oefen die onmiddellike omgewing en skool 'n baie groot invloed uit op die ontwikkeling van die selfbeeld van kinders in die middelkinderjare. Hulle leer om hulself te sien soos wat ander hulle sien en dikwels volgens redelike kras standarde. Wanneer die kind met ander sosialiseer, kan hy/sy nou differensieer tussen verskillende sienings en behoeftes; hy/sy kan ook verskeie sienswyses gelyktydig oorweeg. Sosialisering is 'n kritiese taak vir die nege en tien jarige kind. Goeie sosialiseringsvaardighede en positiewe portuurgroepervaring bevorder 'n sterk selfbeeld, standvastige identiteit en intakte karaktervorming (Bluestone, 1991:257).

2.2.2 Sosiale ontwikkeling van die kind in die laat middelkinderjare

Die sosiale ontwikkeling van die kind vind binne die konteks van die kind se gesins- en portuurgroepverhoudings plaas. Die kind moet verskeie ontwikkelingstake en

gesinstake bemeester ten einde optimale sosiale ontwikkeling te kan bereik. Die volgende ontwikkelingstake wat bydra tot die psigiese, emosionele, sosiale en morele ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare word deur Pretorius (1994:97-101) onderskei:

- Die ontwikkeling van 'n positiewe selfopvatting.
- Leer om met die portuurgroep oor die weg te kom.
- Leer om die manlike of vroulike sosiale rolle op 'n toepaslike wyse te vervul.
- Die ontwikkeling van 'n gewete, moraliteit en waardesisteem.
- Die ontwikkeling van persoonlike selfstandigheid.
- Om 'n aktiewe, samewerkende gesinslid te word.
- Ontwikkeling van die vermoë om doeltreffend met volwassenes en die portuurgroep te kommunikeer.
- Leer gevoelens en impulse hanteer.
- Voortgesette selfontdekking as waardige persoon. (Vergelyk Louw, *et al.* 1990:326.)

Die verandering in gesinstruktuur vanweë die verlies van 'n ouer, kan die kind se bemeesteriging van die ontwikkelingstake negatief beïnvloed, aangesien die kind se aanpassing binne die enkelouergesinsopset en onaangename gevoelens ten opsigte van verlies van 'n ouer sy/haar fokus in beslag neem, sodat daar min energie oor is vir die bemeesteriging van die ouderdomstoepaslike ontwikkelingstake. Die kind se selfbeeld moet in hierdie gevalle baie versterk word en die kind moet leer hoe om op gepaste wyses aan sy/haar gevoelens wat verband hou met die verlies van 'n ouer en die enkelouergesinsituasie, uiting te gee en dit te hanteer.

Die gesinstake wat bydra tot die psigiese, emosionele en sosiale ontwikkeling van die kind, word soos volg deur Pretorius (1994:102-104) uiteengesit:

Sosialisering van die kind: Sosialisering is die proses waardeur die kind gehelp word

- om 'n aanvaarbare lid van die groep te word;
- om die self as sosiale wese te ontdek;
- om in 'n verskeidenheid van sosiale rolle met ander persone te kommunikeer;
- om die verwagtinge en reaksies van ander persone te antisipeer; en

- om vir toekomstige sosiale rolle voor te berei.

Deur sosialisering verwerf die kind die kennis, vaardighede en houdings wat nodig is om sosiaal te funksioneer. Sosialisering word altyd in kommunikasie met ander individue verwerklik. Sosialisering begin dus in die kind se gesin en kring uit na die kind se verhoudings met sy/haar portuurgroep.

Die gesinslede het die verrykende ervaring dat hulle saam met die laerskoolkind in die groter gemeenskap en sy aktiwiteite in beweeg. Daar is druk op die ouers om by die skool, jeugverenigings, kerk- en ouerleidinggroepe en hulle kinders se sport- en kulturele aktiwiteite betrokke te raak.

Aanmoediging van kommunikasie in die gesin: In die gesin bestaan daar 'n netwerk van kommunikatiewe verhoudings, naamlik:

- man-vrou-verhouding (kommunikasie)
- ouer-kind-verhoudings (kommunikasie)
- kind-kind-verhoudings (kommunikasie)

Daar is dus gedurige, veelvuldige, dinamiese, intensiewe kommunikasie tussen die gesinslede.

Dit is belangrik dat die kind in die gesin tot die gesonde uitdrukking van negatiewe gevoelens soos vrees, angs, wrok, woede en jaloesie kan kom. Die kind kan dan sy/haar opgekropte emosies teenoor die ander gesinslede laat ontploff soos frustrasie, teleurstelling en vyandigheid. Dit is 'n natuurlike en gesonde gebeure dat die gesin as emosionele uitlaatklep dien. Wanneer kommunikasiesisteme in die gesin oop is, kan liefde deurvloei en destruktiewe emosies teenwerk.

Effektiewe opvoeding van die kinders: Die opvoedingsgedrag van die ouer oefen 'n betekenisvolle invloed uit op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind en op die ouer-kindverhouding. Die opvoedingsgedragspatrone van ouers verskil baie van mekaar:

- autoritêre ouers maak baie gebruik van reëls, uitskel, straf en "omdat ek so sê" om die kind te kontroleer;

- demokratiese ouers is buigsaam, moedig kinders se deelname in gesinsbesluitneming aan, beklemtoon selfkontrole en bied redes eerder as om blinde gehoorsaamheid te eis.

Binne die enkelouergesin is die ouer dikwels nie in staat om hierdie belangrike gesinstake by die kind te ontwikkel nie, aangesien hy/sy bloot nie tyd het nie vanweë ekonomiese verpligtinge of vanweë die feit dat hy/sy nie emosioneel daarvoor opgewasse is nie. Die hulp van 'n terapeut en die inskakeling van die kind by groepterapeutiese intervensie, kan daar toe bydra dat die kind wel nog hierdie gesinstake en ontwikkelingstake kan bemeester. Die versterking van die self deur middel van tegnieke vir die bevordering van kontak met die self, wat in gestaltterapie hoog aangeskrewe staan, sal onder andere die kind in die enkelouergesin se bemeestering van die ontwikkelingstake en gesinstake bevorder.

2.3 Die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare

Die totstandkomming van enkelouerskap lei in baie gevalle tot 'n meer problematiese lewensituasie vir beide ouer en kind. Die gesinstruktuur is ontwrig en dit bring dikwels ook emosionele ontwrigting vir ouer en kind mee. Daar sal vervolgens gefokus word op die algemene problematiek van die enkelouergesin en dan meer spesifiek op die invloed van enkelouerskap op die kind:

2.3.1 Algemene problematiek van die enkelouergesin

Die enkelouergesin word dikwels gekenmerk deur sekere kwesbaarhede wat nie noodwendig by die gesin met twee ouers aanwesig is nie. Snyman & Le Roux (1993:86-87) lig die volgende kwesbaarhede uit:

- **Ekonomiese kwesbaarheid:** 'n Enkelouergesin is geheel en al afhanklik van een persoon vir sy ekonomiese instandhouding. Indien die stygende lewenskoste en inflasie in ag geneem word, ervaar enkelouers dikwels 'n verlies aan ekonomiese sekuriteit. (Vergelyk Louw, *et al.* 1990:375; McLanahan & Sandefur, 1994:25-26 en Simons & Associates, 1996:142.)

- **Emosionele kwesbaarheid:** Strukturele verandering of ontwrigting in die gesin veroorsaak dikwels ernstige emosionele ontwrigting. Die gesinslede is gevvolglik in 'n groter mate afhanklik van mekaar vir emosionele ondersteuning.
- **Sosiale kwesbaarheid:** Disintegrasie van die gesin as geheel, impliseer sosiale ontoereikendheid, sosiale stigmatisering en sosiale heroriëntasie vir die enkelouergesin. Sosiale kwesbaarheid is dikwels die gevolg van etikettering deur die samelewing.
- **Kwesbaarheid ten opsigte van roldifferensiasie:** Enkelouergesinne moet gesinsverhoudings herdefinieer. Dit gaan gewoonlik gepaard met veranderinge in posisie en rolvertolking. 'n Groot mate van rolvertolking is 'n eienskap van die enkelouergesin en lei tot 'n toenemende kwesbaarheid van gesinslede.
- **Pedagogiese kwesbaarheid:** Enkelouerskap impliseer onvermydelik beskadigde opvoeding en veranderde gesinsverhoudings wat mag bydra tot opvoedkundige belemmering.

Wanneer die kind uit 'n enkelouergesin in terapie ingeskakel word, moet hierdie kwesbaarhede van sy/haar gesinsomgewing in ag geneem word. Hanteringstrategiee moet aangepas word om by die kind se betrokke omstandighede te pas.

Daar is reeds aangetoon dat die grootste oorsaak van enkelouergesinne egskeiding is en dat die meeste enkelouergesinne die moeder as enkelouer het (Lefrancois in Louw, *et al.* 1998:357-358). Die problematiek van enkelmoeders word deur Naran (1991:30) verduidelik na aanleiding van 'n studie oor die persoonlike eienskappe, sosiale ondersteuningsisteme en netwerk eienskappe van 50 lae-inkomste enkelmoeders wat geïdentifiseer is as verbruikers en nie-verbruikers van formele professionele sosiale dienste. Daar is bevind dat baie enkelmoeders op hulle families staatmaak vir behuising, kindersorg, emosionele ondersteuning en geselskap. Baie het 'n gebrek aan persoonlike hulpbronne of aan tyd-, finansiële- en kindersorghulpbronne ten einde 'n groot nie-bloedverwante ondersteuningsisteem te ontwikkel en te handhaaf. Alhoewel hierdie vrouens konsekwentheid en stabiliteit in hulle lewens benodig, ten einde die eise van ouerskap te hanteer, het hulle ook 'n natuurlike behoefté om 'n lewe vir hulself te bou. Hulle benodig ruimtegewende, nie-bloedverwante netwerke wat verandering faciliteer, sodat hulle nuwe rolle kan ontwikkel en hulle sosiale verhoudings kan uitbrei. Dit kom egter na aanleiding van die studie voor dat baie

enkelmoeders nie oor die hulpbronne beskik om sodanige netwerke wat hulle lewensbevrediging sal bevorder, te ontwikkel nie. Dit blyk dat hulle slegs betrokke is by die blote hantering van enkelouerskap en dus hulle netwerke struktureer op die beste moontlike wyse, ten einde hulle kinders groot te maak. Hierdie situasie kan problematies wees vir die moeders en hulle kinders, vanweë hulle oorvertroue op familielede om al hulle behoeftes te vervul en vanweë hulle isolasie van vriende (Naran, 1991:30).

2.3.2 Die invloed van enkelouerskap op die kind

Die belewinge van die kind binne die enkelouergesin word gewoonlik as negatief beskou. Van Loggerenberg & Roets (1993:108) toon vanuit hulle literatuurondersoek aan dat baie van die belewinge van die kind, hetsy as gevolg van egskeiding of dood van 'n ouer, dieselfde is, alhoewel die onderliggende betekenisgewing aan die situasie verskil. McLanahan & Sandefur (1994:78) het bevind dat die oorhoofse ooreenkoms belangriker is as die verskille tussen kinders wat in verskillende tipes enkelouergesinne (wedeweeskap, egskeiding, ongehude moederskap) grootword. Hulle data lei tot die gevolgtrekking dat die omstandighede van gesinskeiding minder krities is vir die toekomstige welsyn van die kinders as die feit van die skeiding self.

Van Loggerenberg & Roets (1993:111-112) het in hulle studie van primêreskoolkinders waar die verlies van 'n ouer as gevolg van egskeiding of die dood onlangs ingetree het, en andersyds waar die verlies al 'n geruime tyd gelede gebeur het, bevind dat die belewinge, ongeag die tydsverloop, baie ooreengekom het. Die verlies van 'n ouer is vir die kind 'n negatiewe belewenis. Die versteurde belewinge word dikwels veroorsaak deur onrealistiese betekenisgewing, byvoorbeeld: "Ek is verantwoordelik vir my ouer se dood". Hierdie onrealistiese betekenisgewing is dikwels die resultaat van swak kommunikasie tussen ouers en kinders. Die ouer kom dikwels ook nie by die kind se belewinge uit nie, omdat hy/sy gepreokkupeer is met sy/haar eie ongunstige belewinge na die verlies van 'n huweliksmaat. 'n Gesonde opvoedingsklimaat gekenmerk deur daardie liefde, sorg, eerlikheid, vertroue, kennis en respek, wat so nodig is vir openhartige kommunikasie, ontbreek in hierdie gevalle. Die kind verloor dus nie bloot die afwesige ouer nie, maar ook dikwels die ondersteuning van die agterblywende ouer. Dit was verder opvallend uit die studie dat

die kind vrees dat hy/sy die oorblywende ouer, of sy/haar sorg of liefde ook kan verloor. Dit gebeur moontlik, omdat die kind se gevoel van sekuriteit geskud is of weens die veranderinge wat in die ouer na die gebeure ingetree het.

Dit blyk uit die studie dat die spesiale band wat tussen ‘n ouer en ‘n kind heers, baie sterk is. Baie kinders wou graag hulle eie ouer terughê, al het hulle die ouer nie geken nie, of al het die ouer hulle teleurgestel en hulle baie pyn veroorsaak, en al is hulle kwaad vir die ouer. Dit maak hulle steeds seer wanneer iemand iets negatiefs oor een van hulle ouers kwytraak. Hulle vind dit ook moeilik om ‘n keuse tussen hulle ouers te maak. Hulle wil graag by beide ouers bly en hulle verlang baie na die afwesige ouer (Van Loggerenberg & Roets, 1993:112). Volgens Price (1991:205) wens kinders in die latente middelkinderjare dikwels dat hulle ouers weer met mekaar versoen word. Dit is vir hierdie kinders ook moeilik om te aanvaar dat hulle ma’s uitgaan met ander mans (Price, 1991:205).

Vanuit die studie van Van Loggerenberg & Roets (1993:111-112) het dit duidelik geblyk dat die verlies van ‘n ouer die kind in sy/haar totale verhoudingslewe beïnvloed. Die kind word beïnvloed in sy/haar verhouding met die self, sy/haar ouers, sy/haar portuurgroep en selfs objekte en idees (Van Loggerenberg & Roets, 1993:112). Binne ‘n gestaltgroep word die kind se verhouding met die self en sy/haar portuurgroep weer opgebou deur die benutting van verskeie tegnieke.

Simons & Associates (1996:143) se bevindinge stem ooreen met vorige studies waar ‘n verhouding tussen gesinsontwrigting en afwykende gedrag getoon word. Vorige navorsing het die hoë vlakke van gedragsprobleme onder kinders uit geskeide gesinne gekoppel aan die lewensveranderinge, ekonomiese druk en oneffektiewe ouerskap wat enkelouergesinne dikwels kenmerk (Cherlin; Emery; McLanahan & Sandefur in Simons & Associates, 1996:143). Die resultate van Simons & Associates (1996:143) se studie toon eerder aan dat hierdie veranderlikes ‘n oorsaklike volgorde vorm, waarvolgens huweliksontwrigting spanningsvolle gebeure en ekonomiese druk bevorder; laasgenoemde aspekte bevorder weer ongepaste ouerskap en ongepaste ouerskap bevorder afwykende gedrag by die kinders.

Ongepaste ouerskap impliseer minder aandag aan die kind vanweë 'n gebrek aan tyd, omdat die enkelouer in die meeste gevalle moet werk, asook verminderde beheer oor die doen en late van die kind.

In teenstelling met die bevindinge van bogenoemde skrywers, toon kinders uit enkelouergesinne egter ook positiewe eienskappe. Weiss (in Louw, *et al.* 1990:376) duï aan dat kinders uit enkelouergesinne meer onafhanklik en meer verantwoordelik is en dat hulle ook meer aktief deelneem in gesinsbesluitneming as wat by kinders uit twee-ouergesinne die geval is. Gormly & Brodzinsky (in Louw, *et al.* 1990:376) wys daarop dat daar talle enkelouergesinne is wat doeltreffend funksioneer. Dit is veral die geval waar die ouers hulle verskille oor aspekte soos finansiële en psigologiese ondersteuning opgelos het. In gesinne waar die kinders aangemoedig word om tye saam met die ander ouer deur te bring en waar kinders hegte vriendskappe met ander volwassenes het, blyk die verwagte negatiewe invloede nie plaas te vind nie (Louw, *et al.* 1990:376).

Tog neem dit volgens Bluestone (1991: 255) baie jare vir kinders om te rou en die verlies van 'n ouer te integreer, omdat kinders slegs klein dosisse van pynlike gevoelens kan tolereer. Kinders wat rou, druk hulle gevoelens dikwels op indirekte, vertraagde en verdoeselde wyses uit. Hulle druk hulle rou uit deur bepaalde gedragsvorme soos moedswilligheid, aggressiwiteit, rebelsheid, onttrekking of deur die verplasing van hulle gevoelens op volwassenes wat dit nie verdien nie. Kinders het volwassenes nodig ten einde hulle gevoelens te kan verbaliseer en hulle te help om die rouproses te begin verstaan en te begryp (Bluestone, 1991:255). Tydens groepterapeutiese intervensie kry die kinders die geleentheid om hierdie gevoelens te verbaliseer en insig te ontwikkel in hulle situasie.

Ongeag die tydsverloop na die verlies van 'n ouer, blyk dit dat die verlies en die enkelouersituasie 'n blywende invloed op die kind het.

2.4 Die enkelouerkind in 'n middestad konteks

Dit gebeur soms dat enkelouerskap daartoe kan aanleiding gee dat die gesin vanweë 'n verlies aan finansiële hulpbronne, in 'n woonstel in 'n ongunstige omgewing moet

intrek. McLanahan & Sandefur (1994:78) toon aan dat kinders uit enkelouergesinne meer geneig is om in ongunstige woonbuurtes te woon, om te assosieer met vriende wat negatiewe houdings teenoor die skool het, en om van blyplek te verander (McLanahan & Sandefur, 1994:78). Volgens Black & Krishnakumar (1998:636) word stres, insluitende verminderde ondersteuning vir prososiale gedrag, disintegrasie van uitgebreide gesinne en hoër toleransie vir misdaad gekweek, wanneer leef- en werksomstandighede te beperk raak. Alhoewel gesinne dikwels hulle kinders kan beskerm teen stedelike stres, mag hulle nie in staat wees om hulle kinders te beskerm, indien hierdie gesinne nie goed funksioneer nie en self 'n gebrek aan 'n gevoel van beheer het nie (Black & Krishnakumar, 1998:637). Die kontras tussen ekonomies meer gegoede gemeenskappe en stedelike gemeenskappe word deur McLoyd (in Black & Krishnakumar, 1998:639) verduidelik. Kinders wat in meer gegoede gemeenskappe grootword, mag aan meer prososiale rolmodelle en beter dienste blootgestel word. In teenstelling hiermee mag die rassesegregasie, misdaad, beperkte hulpbronne en geweld wat algemeen is onder baie lae inkomste, stedelike gemeenskappe die vermoë van gesinne om hulself en hulle kinders te beskerm, verhinder.

Na aanleiding van bogenoemde, kan die afleiding gemaak word dat die enkelouerkind wat in 'n middestad konteks grootword, met 'n meer problematiese lewensituasie gekonfronteer word as die enkelouerkind wat in 'n ekonomies meer gegoede woonbuurt grootword.

Jarrett (in Black & Krishnakumar, 1998:644) noem die volgende strategieë vir die verhoging van die weerbaarheid van die kind in 'n middestad konteks teen negatiewe invloede:

- Ondersteunende volwassenes in hierdie kinders se lewens, beide in die gesin en binne die gemeenskap, is belangrik vir die verhoging van weerbaarheid in die kinders se lewens. Volwassenes voorsien leiding, terugvoer en beskerming vir kinders soos wat hulle toesighou oor hulle aktiwiteite en as rolmodelle dien.
- Die ontwikkeling van individuele vaardighede en bevoegdhede wat kinders en adolessente in staat stel om die druk van die stedelike lewe te vermy.

Tydens die gestaltgroepwerkprogram word die enkelouerkind in 'n middestad konteks blootgestel aan ondersteunende volwassenes in die vorm van die terapeute en word die kind bemagtig om sy/haar enkelouersituasie teen die agtergrond van 'n ongunstige omgewing, op meer toepaslike wyses te hanteer. Die enkelouer word ook tydens die program begelei om verhoogde emosionele ondersteuning aan sy/haar kind te bied.

2.5 Terapeutiese intervensie vir die hantering van die kind se belewinge in die enkelouergusin

2.5.1 Terapeutiese intervensie in die algemeen

Enkelouerskap impliseer dikwels twee primêre verliese vir die kind, naamlik die verlies van die ouer wat die gesin verlaat het vanweë dood of egskeiding en in die tweede plek die verlies van aandag en beheer van die oorblywende ouer onder wie se toesig die kind is. Laasgenoemde is in baie gevalle die gevolg van die ouer se preokkupasie met sy/haar eie rouproses en gebrek aan tyd om aandag aan die kind te bestee vanweë toetrede tot die arbeidsmark. Volgens Bluestone (1991:256) moet volwassenes wat 'n kind in die latente middelkinderjare wat getraumatiseer is deur die dood van 'n ouer, moet hanteer, poog om 'n atmosfeer te skep waarbinne die kind houdings en emosies vrylik kan uitdruk. Die maatskaplike werker wat met hierdie kinders werk, moet die volgende spesiale behoeftes van die kind wat rou, verstaan:

- Die behoefté aan sekuriteit.
- Die kind se lae toleransie vir sielkundige pyn.
- Die behoefté aan volwasse rolmodelle.
- Die moontlikheid vir die onderdrukking en verwarring van gevoelens, vanweë die gebrek aan woordeskataf en konseptuele ontwikkeling.
- Die behoefté om herinneringe van die oorledene te perserveer en te koester (Bluestone, 1991:256).

Die kind wat 'n ouer deur egskeiding verloor het, ervaar in die meeste gevalle soortgelyke behoeftes as 'n kind wat 'n ouer deur die dood verloor het.

Die kind se belewinge in die enkelouergesin moet op toepaslike wyses deur die terapeut hanteer word. Die kind leer op hierdie wyse hoe om soortgelyke toekomstige traumatisiese ervarings, te hanteer. Van Loggerenberg & Roets (1993:112-114) maak die volgende belangrike aanbevelings ten opsigte van die hantering van die kind se belewinge in die enkelouergesin:

- **Skuldgevoelens**

Die kind moet verseker word dat sy/haar teenwoordigheid in die gesin en sy/haar negatiewe optredes en gevoelens teenoor die afwesige ouer normaal was en dat dit nie die dood of egskeiding kon veroorsaak het nie.

- **Woede**

Die kind se woede moet aanvaar word en daar moet op 'n toepaslike wyses daaraan uiting gegee word. Die kind moet weet dat dit toelaatbaar en normaal is om onder bepaalde omstandighede kwaad te word.

- **Verwarring**

In die geval van 'n egskeiding, moet 'n kind verseker word dat beide sy/haar ouers nog vir hom/haar lief is en dat hy/sy nog vir albei lief kan wees en nie nodig het om 'n keuse tussen hulle te maak nie.

- **Vrees**

Kinders moet verseker word dat hulle ouers vir hulle lief is, dat hulle by albei welkom is en dat die agterblywende ouer hulle nie sal verlaat nie. Kinders se vrese word soms oorgeneem van die vrese wat ouers het. Die kind se vrae oor die dood en die oorlede ouer se toestand na die dood, moet op 'n verstaanbare wyse beantwoord word, sodat die kind 'n realistiese siening van die dood kan hê en vrese vir spoke byvoorbeeld, uit die weg geruim kan word.

- **Belewing van ontoereikendheid**

Die ouer moet ingestel wees om aan die kind erkenning en waardering te gee vir enige positiewe gesindheid en optrede. Wanneer die kind ervaar dat die ouer hom/haar

hoogag, sal hy/sy weer hoë selfagting beleef. Hierdie aspek behoort deur die terapeut tydens ouerleiding met die enkelouer aangespreek word.

- **Belewing van verlies**

Die enkelouer moet die funksies van die afwesige ouer bykomend tot sy/haar eie vervul. Dit veroorsaak dat hoë eise aan die enkelouer gestel word. Een van die groot probleme van enkelouerskap is die afwesigheid van 'n identifikasiefiguur van die afwesige ouer se geslag. Die ouer moet poog om die kind betrokke te kry by 'n volwassene van sy/haar eie geslag en poog om optredes van die kind wat kenmerkend is van sy/haar geslag te versterk deur dit met goedkeuring te beloon.

- **Smart en depressie**

Om oor 'n ouer te treur, bied 'n desensitisering van die trauma wat met die verlies gepaardgaan. Die proses bied geleidelike losmaking van emosies (Schowalter in Van Loggerenberg & Roets, 1993:113).

Die kind kan onder andere op die volgende wyses gehelp word:

* Die kind se gevoelens moet aanvaar word en daar moenie vir hom/haar gesê word hoe hy/sy behoort en nie behoort te voel nie (Huntley in Van Loggerenberg & Roets, 1993:113).

* Kinders moet aangemoedig word om vrae te vra en om soveel moontlik oor die verlore ouer te praat, asook om uiting aan hulle gevoelens te gee. Sodoende vind sistematiese desensitisering plaas (Vigevano & Claire in Van Loggerenberg & Roets, 1993:113-114).

Die genoemde aanbevelings kan ook met vrug tydens groepintervensie met die kind in die enkelouergesin aangewend word en nie slegs tydens individuele terapie nie. Binne die opset van groepintervensie geniet die kind addisioneel die ondersteuning van die ander groeplede, wanneer die ouer nie in staat is om die nodige ondersteuning te bied nie.

2.5.2 Terapeutiese intervensie binne groepverband

Meer kinders kan gelyktydig bereik word deur middel van groepterapie as tydens individuele terapie. Indien dit egter blyk dat 'n kind ernstiger emosionele probleme ervaar, wat nie binne die bestek van 'n groepterapeutiese program aangespreek kan word nie, kan die kind na groepintervensie verwys word vir individuele speltherapie. Schilling & Koh (1992:405-420) het navorsing gedoen oor 'n 12 sessie groepintervensie vir 38 middestadkinders wat 'n versorger verloor het. Tydens die ontwerp van 'n intervensie vir hierdie kinders, is daar gepoog om die verlieservaring te normaliseer, portuurgroepondersteuning te voorsien en 'n veilige, nie-bedreigende omgewing te skep ten einde vrese, fantasieë en ambivalente gevoelens oor die dood, uit te druk.

Voor die eerste groepwerksessie, het een van die terapeute elke kind individueel ontmoet ten einde die doel van die groep te verduidelik en enige ongemak en angstigheid oor deelname te verminder. Tydens die beginfase is daar besluit op reëls vir vertroulikheid en optrede, asook op die doel van die groep. Die terapeute het 'n ondersteunende omgewing gehandhaaf en aspekte wat verbandhou met rou genormaliseer. Die kinders is gevra om 'n prentjie te teken van die afgestorwene en die gesin, wat bruikbaar is as 'n nie-verbale indikator van kinders se gevoelens en denke oor die dood, as 'n wyse om bespreking oor sensitiewe sake te inisieer. Tydens die werksfase het die groepterapeut gevoelens van hartseer, woede en ambivalensie wat verband hou met die verlies, ontlok en ondersoek en gepoog om irrasionele denke en vrese oor die dood te verminder. Soos wat die kinders geteken het, het die terapeut hulle gevra hoe hulle in daardie situasies gevoel het. Deur die identifisering en uitdrukking van pynlike gevoelens, het die deelnemers meer bewus geword van hulle rou. Hulle het irrasionele denke en vrese oor die dood geopenbaar. Die kinders is aangemoedig om hulle huidige versorgers en gesinslede as 'n ondersteuningsisteem vir hulle rou, te benut.

Die bevindinge van hierdie studie het in die eerste plek aangetoon dat die verlies van 'n ouerfiguur dikwels 'n impak op versorgings- en verblyfreêlings het. Die kinders het hulleself as betekenisvol meer depressief geëvalueer tydens die voortoets as wat hulle versorgers hulle geëvalueer het, maar tydens die natoets het hierdie verskil verdwyn.

Die meerderheid kinders het depressief gebly dwarsdeur die studie. Die voortoets en natoetsvergelykings impliseer dat die behandelingsintervensie wel die kinders in staat mag stel het om 'n meer volwasse konsep van die dood te ontwikkel (Schilling & Koh, 1992:405-408).

Die uitdrukking, toe-eiening en hantering van gevoelens speel 'n belangrike rol in die gestaltbenadering tot groepintervensie. Daar is tydens die gestaltgroepwerkprogram van die navorsers spesifiek van Oaklander se model (1988:53-56) gebruik gemaak om by die respondent se belewinge van die enkelouersituasie, uit te kom. Die respondent is aangemoedig om oor hulle belewinge te praat en om mekaar te ondersteun in die hantering daarvan.

2.6 Samevatting

- In hierdie hoofstuk is daar in die eerste plek aandag geskenk aan die emosionele en sosiale ontwikkeling van die kind in die laat middelkinderjare, aangesien die kind in die enkelouergesin veral op emosionele en sosiale vlak ontwrig word.
- Die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare en die unieke problematiek van die enkelouerkind in 'n middestad konteks is hierna bespreek.
- Terapeutiese intervensie vir die hantering van die kind se belewinge in die enkelouergesin, op 'n individuele en groepsbasis het in die laaste plek aandag geniet.
- Tydens gestaltgroepwerk kan elke kind begelei word tot die uitdrukking van sy/haar belewinge van die enkelouersituasie en die toepaslike hantering daarvan met behulp van alternatiewe hanteringstrategieë.
- Die ander groeplede dien as 'n belangrike ondersteuningsnetwerk wanneer emosies en behoeftes uitgedruk word, aangesien hulle aan soortgelyke ervarings blootgestel is.

In die volgende hoofstuk sal daar spesifiek gefokus word op spelterapie as terapeutiese intervensie met kinders, die beginsels van gestaltterapie, gestaltspelterapie en gestaltgroepwerk.

HOOFTUK 3: GESTALTSPELTERAPIE EN GESTALTGROEPWERK

3.1 Inleiding

Kinders wat 'n ouer deur die dood of egskeiding verloor het en hulleself in 'n enkelouergesin bevind, gaan deur 'n traumatische ervaring. Hulle is nie altyd in staat om hulle gevoelens rondom die verlies van een ouer tesame met die verlies van die aandag en beheer van die oorblywende ouer, uit te druk en te hanteer nie. Spelterapie vanuit die gestaltbenadering stel die kind in staat om insig te ontwikkel in sy/haar belewinge van die enkelouersituasie en gevoelens en behoeftes daar rondom. Die kind word dan deur die terapeut aangemoedig om hierdie gevoelens en behoeftes uit te druk. Met die hulp van die terapeut en ander groepelde word daar op toepaslike hanteringsmeganismes vir die gevoelens en behoeftes besluit. Hierdie hanteringstrategieë word tydens die groepwerksessies ingeoefen, indien moontlik, en in die groepelde se werklike lewensituasies uitgetoets. Baie hantering vind egter reeds plaas deur die blote uitdrukking van gevoelens en behoeftes. Die ander groepelde bied onmiddellike ondersteuning, aangesien hulle kan identifiseer met die groeplid wat ontlai ten opsigte van sy/haar traumatische ervaring. Daar word hoofsaaklik van skeppende spel, gedramatiseerde spel en bibliospel gebruik gemaak ten einde by die groepelde se gevoelens en behoeftes rondom die verliese wat gepaardgaan met die enkelouersituasie, uit te kom. Die model van Oaklander (1988:53-56) word dan benut om die kind te begelei tot insigontwikkeling in en die uitdrukking van die gevoelens en behoeftes.

In hierdie hoofstuk sal daar spesifiek gefokus word op spelterapie en gestaltterapie as benaderings tot terapeutiese intervensie met die kind. Gestaltspelterapie met die kind in die laat middelkinderjare en gestaltgroepwerk sal verder in diepte aandag geniet. In die laaste plek sal die proses van verandering wat by die kind plaasvind, bespreek word.

3.2 Spelterapie

Kinders sal eerder hulle ervarings en behoeftes projekteer deur gebruik te maak van 'n vorm van spel, as om dit te verbaliseer soos wat die geval is by volwassenes. Wanneer

kinders in die middelkinderjare is, is hulle meer gereed om te leer hoe om hulle emosies en denke te verbaliseer. Nadat gevoelens en behoeftes dus deur 'n vorm van spel geprojekteer is, word die kinders begelei om dit uit te spreek. Kinders hoef dus nie destruktiewe wyses te benut om hulle gevoelens uit te druk nie, soos aggressiewe of depressiewe gedrag nie. Landreth (1993:17) toon aan dat kinders hulle bewustheid van wat in hulle wêrld gebeur deur hulle spel kommunikeer, aangesien die taalontwikkeling van kinders stadiger is as hulle kognitiewe ontwikkeling. (Vergelyk Boyd Webb, 1991:26.) Spel laat kinders toe om hulself uit te druk op 'n wyse wat spanning en angstigheid verminder en hulle dus toelaat om beheer oor hulle lewens te bekom (Landreth, 1993:18). Serok (2000:221) meld in hierdie verband dat kinders hulle eie idees en gevoelens in aksie plaas tydens die verloop van spel. Vanweë hierdie selfkeuse aktiwiteit in spel, ontwikkel kinders vertroue in hulle eie krag, wat 'n verligting is van die magteloosheid wat baie kinders ervaar as junior lede van ons samelewings. Deur spel bekom kinders die tyd wat hulle nodig het om basiese behoeftes te bevredig en om die prosesse wat betrokke is, terwyl hulle die aktiwiteit uitoefen, te bemeester (Serok, 2000:221). Kinders in enkelouergesinne ervaar dikwels 'n gevoel van magteloosheid vanweë die verliese waaroor hulle geen beheer gehad het nie. Kinders kry beheer terug wanneer hulle gevoelens en behoeftes rondom die enkelouersituasie in hulle spel kan uitdruk.

Boyd Webb (1991:27) definieer spelterapie as 'n psigoterapeutiese metode wat gebaseer is op psigodinamiese en ontwikkelingsbeginsels met die doel om die emosionele nood/angs van jong kinders te help verlig deur 'n verskeidenheid van verbeeldings- en ekspressiewe spelmateriale soos poppe, handpoppe, klei, bordspeletjies, kunsmateriale en miniatuur objekte. Bluestone (1991:258) beklemtoon die waarde van herhaling wat tydens die proses van spel plaasvind. Die kind speel die trauma oor en oor in sy/haar spel uit en hierdie "herbelewing" van die trauma verlig spanning en lei tot katarsis. Die benutting van handpoppe skep die potensiaal vir katarsis. Dit stel kinders in staat om onopgeloste konflikte en aspekte deur te werk op 'n wyse waarin hulle verskillende rolle, strategieë en gevolge kan uitspeel of beheer (Bluestone, 1991:258).

Wanneer die kind dus behoeftes en gevoelens kommunikeer deur die medium van spel, word die proses van selfheling aan die gang gesit en kan hy/sy die bepaalde traumatische ervaring soos verlies, verwerk.

3.3 Gestaltterapie

Groeps spel terapie vanuit die gestaltbenadering kan eers verstaan word indien daar duidelik uiteengesit word wat met gestaltterapie bedoel word, asook die verwante konsepte en veronderstellings daarvan. Volgens Clarkson (1995:1) beteken die Duitse woord "Gestalt" die strukturele entiteit wat beide verskillend is van en baie meer is as die som van sy dele. O'Leary (1992:10) toon aan dat die beste verduideliking van die woord gestalt "geheel" is. Gestaltterapeute is van mening dat 'n respons tot 'n situasie 'n geheel moet wees en dus die totaliteit van die persoon moet insluit. Deur die vorming van 'n gestalt, gee ons betekenis aan wat met ons gebeur. Die mens is 'n eenheid wat uit baie dele bestaan wat in verhouding tot mekaar funksioneer. Deur gestaltterapie kan die persoon ten volle funksioneerend en self-ondersteunend word en 'n volkome gestalt vorm wat bevorderlik is vir groei en psigologiese gesondheid (O'Leary, 1992:10).

Die doel van die gestaltbenadering is volgens Clarkson (1995:1) dat die persoon sy/haar eie vorm, patroon en heelheid kan ontdek, eksplorieer en ervaar. Dit kan bewerkstellig word deur groter bewustheid by die persoon. Yontef (1993:129) is van mening dat die doel van gestaltterapie is dat kliënte bewus word van wat hulle doen, hoe hulle dit doen en hoe hulle hulself kan verander en terselfdertyd leer om hulself te aanvaar en van waarde te ag. Gestaltterapie fokus meer op die proses (wat besig is om te gebeur) as op die inhoud (wat bespreek word). Die klem is op wat gedoen word, gedink en gevoel word op die oomblik, eerder as op dit wat was, mag wees, kan wees of behoort te wees (Yontef, 1993:129). Clarkson (1995:1) verduidelik verder dat die doel van gestalt die integrasie van al die verskillende dele is. Op hierdie wyse kan mense hulself toelaat om totaal te word wat hulle alreeds is, en wat hulle potensieel kan word. Hierdie volheid van ervaring kan dan vir hulle beskikbaar wees beide in die verloop van hulle lewe en in die ervaring van 'n enkele oomblik (Clarkson, 1995:1). Wanneer verhoogde bewustheid bewerkstellig is, is die persoon tot verbeterde probleemoplossing in staat vanweë verhoogde selfregulasie en

selfondersteuning (Yontef, 1993:150). Bewustheid behels verder kennis van die omgewing, verantwoordelikheid vir keuses, selfkennis en selfaanvaarding, en die vermoë om kontak te maak. Die gestaltterapeut fokus eerder op hoe kliënte hulleself ondersteun in die oplossing van probleme(Yontef, 1993:150).

Volgens Clarkson (1995:2) word die gestaltterapeut se benadering veral gekenmerk deur die benutting van metafoor, fantasie en beelding, werk met liggaamsbeweging, opvoering (toneel spel) en visualisering, tyddistorsie en die volle uitdrukking van gevoelens wat die totale liggaam in aksie insluit. Gestaltterapie kan na aanleiding van bogenoemde omskrywings, beskou word as ‘n terapeutiese benadering wat fokus op die kliënt se totale menswees en die kliënt aanmoedig om in kontak te kom met hom-/haarsel deur bewustheid van die self te verhoog. Wanneer kontak bewerkstellig is, is die kliënt in staat tot verbeterde probleemoplossing en selfbesluitneming.

3.3.1 Veronderstellings van die gestaltbenadering

Die volgende veronderstellings van die gestaltbenadering word deur Passons (in Clarkson, 1995:14-15) uiteengesit en hou verband met bogenoemde omskrywings, naamlik:

- ‘n Persoon is ‘n geheel en is (eerder as het) ‘n liggaam, emosies, denke, sensasies en persepsies, waarvan almal in ‘n verhouding tot mekaar funksioneer.
- ‘n Persoon is deel van sy/haar omgewing en kan nie losstaande daarvan verstaan word nie. Die kind wat in ‘n enkelouergesin in ‘n woonstel in die stad grootword, moet dus binne hierdie konteks verstaan en benader word.
- Mense is pro-aktief eerder as reaktief. Hulle bepaal hulle eie response tot die wêreld. Kinders kan dus kies hoe hulle die gevoelens en behoeftes ten opsigte van hulle ervaring van die enkelouersituasie gaan hanteer.
- Mense is in staat om bewus te wees van hulle sensasies, denke, emosies en persepsies. Kinders kan hiervan bewus gemaak word deur middel van sensoriese kontakmakingsaktiwiteite waar die sintuie gestimuleer word.
- Mense is deur selfbewustheid in staat tot keuse en is dus verantwoordelik vir hulle gedrag. Wanneer kinders uit enkelouergesinne weet wat hulle nodig het, kan hulle besluit om hierdie behoeftes(s) op ‘n gepaste wyse te vervul.

- Mense beskik oor die potensiaal en hulpbronne om effektief te leef en om hulle behoeftes te bevredig. Kinders moet begelei word tot 'n bewusheid van hierdie potensiaal en hulpbronne tot hulle beskikking en die benutting hiervan uittoets.
- Mense kan hulself slegs in die teenwoordige ervaar.
- Die verlede en toekoms kan slegs in die huidige ervaar word deur herinnering en antisipering.
- Mense is nie innerlik goed of sleg nie. Die kind moet dus aanvaar word soos wat hy/sy is.

3.3.2 Gestaltverwante konsepte

Die term gestalt is reeds in die verduideliking van gestaltterapie bespreek. Die verdere konsepte soos deur O'Leary (1992:11-29) uiteengesit, sal vervolgens aandag geniet:

3.3.2.1 Figuur en grond

Indien 'n persoon se ervarings 'n betekenisvolle geheel vorm, bestaan gesonde funksionering. 'n Gemaklike oorgang volg wanneer sekere gebeure binne die fokus van bewusheid is, terwyl ander in die agtergrond is. Die figuur/grond beginsel impliseer dat die individu in staat moet wees om te differensieer of te onderskei tussen die meer prominente en minder prominente stimuli in die omgewing op enige gegewe tyd. Daar moet buigsaamheid wees in die persoon se interaksie met die omgewing.

Wanneer 'n persoon kontak maak met sy/haar innerlike ervaring, word die individu bewus van 'n behoefte wat na vore kom as voorgrond/figuur teen die agtergrond van sy/haar totale persoonlikheid. Wanneer 'n persoon byvoorbeeld honger is, is kos belangrik en is kos die voorgrondbehoefte. Wanneer hierdie behoefte bevredig word, word dit deel van die grond totdat nog 'n behoefte dominant word. Op enige gegewe tydstip mag daar verskeie behoeftes wees wat aandag verg; dit wat die belangrikste is vir die persoon se oorlewing of selffunktualisering sal die figuur word. Tydens gesonde funksionering onderskei die individu duidelik hierdie dominante behoefte. Soos wat die behoefte vergroot, word opgewondenheid gegenereer wat die persoon aktiveer om die behoefte te bevredig. Die figuur word dan deel van die agtergrond en die volgende belangrikste behoefte word die nuwe figuur. Verskillende figure kom dus te voorskyn

en beweeg weer na die agtergrond. In neurotiese individue is die verhouding tussen hulleself en hulle omgewing van so 'n aard dat hulle nie enige opkomende dominante behoefte kan bevredig nie. Nie een van die behoeftes word die figuur teen die agtergrond nie. Wanneer figure dof bly, verward is of 'n gebrek aan energie het, word iets in die omgewing uitgeblokkeer of word 'n behoefte van die individu nie uitgedruk nie.

Wanneer kinders die trauma van verlies ervaar, blokkeer hulle dikwels hulle waarneming en bewuswording via hulle sintuie en is hulle nie meer bewus van hulle gevoelens en behoeftes nie. Kinders word tydens gestaltpelterapie gehelp om in kontak te kom met hulle behoeftes en gevoelens en om hulle voorgrondbehoefte te onderskei en op 'n toepaslike wyse te bevredig. Indien daar voorgrondbehoeftes is wat die kinders nie self kan bevredig nie, soos 'n behoefte aan agting en waardering of fisiese kontak van die ouer, moet die ouer ingelig word ten opsigte van hierdie behoefte en aangemoedig word om dit in sy/haar kind se lewe te vervul. Kinders moet ook bemagtig word om hulle behoeftes aan die ouer bekend te maak.

3.3.2.2 Balans

Die gesonde individu funksioneer binne 'n geskikte balans van al die dele (Perls in O'Leary, 1992:12). Daar is 'n inherente dryfkrag binne individue om hierdie ekwilibrium te handhaaf ten einde te groei en hulle volle potensiaal te ontwikkel. Mense doen dit deur die gevoelens en ervarings wat binne hulle na vore kom, te aanvaar.

Kinders word dikwels grootgemaak met die idee dat hulle nie mag uiting gee aan die negatiewe gevoelens en ervarings wat hulle beleef nie. Wanneer hierdie gevoelens en ervarings deur die kind onderdruk word, kom dit in baie gevalle in onvanpaste gedrag na vore. Kinders moet leer om beide hulle positiewe en negatiewe gevoelens en ervarings te aanvaar as deel van hulleself.

Tydens elke oomblik word die persoon gekonfronteer met dissonansie, deur 'n eksterne eis of deur 'n interne behoefte, sodat balans nooit gehandhaaf word nie

(O'Leary, 1992:12). Volgens Perls (in O'Leary, 1992:12) bekom die mens ekwilibrium deur hierdie behoeftes en eise te bevredig of te elimineer en verwys hy hier na die proses van organismiese selfregulasie.

'n Bekende polariteit wat geïdentifiseer is deur Perls, Hefferline & Goodman (in O'Leary, 1992:13) is dié van die "top dog/underdog". Die "top dog" is ouoritêr, ouerlik en veroordelend, terwyl die "underdog" onderdanig en verskonend is. Aangesien ons nie 'n totale lewe kan lei sonder beide van hierdie aspekte van onsself nie, werk gestaltterapie na 'n integrasie van die twee, waar nie een sal domineer nie, maar waar 'n balans van beide effektiel bereik sal word.

3.3.2.3 Bewustheid

Volgens Perls (in O'Leary, 1992:13) behoort individue in staat te wees om ten volle bewus te word van hulle behoeftes en daarop te reageer. Bewustheid is die proses van herkenning van waарoor ons dink en wat ons voel, ervaar en doen. Bewustheid sluit die totale selffokussering op die figuur in. Dit is nie gemoeid met die onbewuste nie, maar met die ooglopende, die oppervlak. Dit begin met wat is en groei vind hierdeur plaas. Wanneer kliënte fokus op wat hulle in die huidige situasie voel, lei dit tot 'n toenemende bewustheid van die teenwoordige. Deur aandag te skenk aan oomblik tot oomblik veranderinge, ontdek hulle hoe hulle in die wêreld funksioneer. Bewustheid konsentreer op die kliënt se bewegings, posture, taalpatrone, stem, gebare en interaksies.

Perls (in O'Leary, 1992:14) is van mening dat baie mense nie hulle sintuie ten volle benut nie. Die gestaltterapeut nooi die kliënt uit om sy/haar sintuie ten volle te benut, om bewus te word van hoe hulle die ooglopende vermy en om hulself oop te maak vir dit wat nou hier is. Die verhoging van bewustheid is die terapeutiese kern van gestaltterapie.

Die kind uit die enkelouergesin word binne 'n gestaltgroep gehelp om bewus te word van die wyse waarop hy/sy die verliese wat in die enkelouersituasie ervaar word, hanteer. Wanneer hierdie bewustheid gevestig is, kan daar op alternatiewe hanteringstrategieë besluit word.

3.3.2.4 Onvoltooidheid

Die konsep van onvoltooidheid impliseer dat wanneer ons 'n onvoltooide figuur ervaar, die brein poog om die onvoltooidheid te voltooи en as beëindig te beskou. Onvoltooide ervarings en gevoelens bly voortbestaan in die geheue van die waarnemer. Dit is 'n geneigdheid by die organisme om enige situasie of transaksie wat onvoltooid is, af te sluit.

Instede daarvan dat hulle hulself toelaat om die gevoelens wat gepaardgaan met traumatisiese gebeure, te ervaar, verhinder individue met onvoltooidheid hierdie gevoelens. Die terminering van 'n verhouding deur skielike dood, egskeiding of skeiding lei dikwels tot 'n onvoltooidheid. Dit vind plaas in gevalle waar individue nie gerou het nie of vermy het om die verhouding af te sluit en totsiens te sê. Hulle het hulle onaangename gevoelens geïgnoreer en die gevoelens is toe onderdruk. Hierdie situasie gee aanleiding tot onopgeloste gevoelens of onvervulde behoeftes.

Kinders wat 'n ouer deur dood of egskeiding verloor het, word dikwels met 'n onvoltooidheid gelaat, omdat daar nie voldoende aandag aan die uitdrukking van hulle gevoelens rondom die dood of egskeiding geskenk word nie. Wanneer kinders toegelaat word om hulle emosies ten volle te ervaar, is dit vir hulle makliker om traumatisiese gebeure te verwerk.

Onvoltooidheid tap die persoon van die noodsaaklike motivering om betrokke te raak by ander aktiwiteite. Onvoltooidheid oorskadu huidige ervaring en verhinder die belegging van energie in teenwoordige gebeure. Individue met onvoltooidheid is in werklikheid onwillig om die pyn wat hulle ervaar te voel en vooruit te beweeg.

Die genoemde situasie is moontlik 'n rede waarom kinders wat 'n ouer deur dood of egskeiding verloor het, in baie gevalle nie kan voortgaan met die bemeesterung van hulle ouerdomstoepaslike ontwikkelingstake nie.

3.3.2.5 Teenwoordigheids gesentreerdheid

Gestaltterapie is gefokus op 'n hier-en-nou oriëntasie. Om in die onmiddellike oomblik te bly is van kardinale belang vir die kliënt se poging om ware bewustheid te bereik. Die teenwoordige alleen is betekenisvol, aangesien die verlede verby is en die toekoms nog nie gearriveer het nie; die verlede en die toekoms is slegs betekenisvol indien dit op die huidige betrekking het. Dit is nie die inhoud van kinderherinneringe wat belangrik is nie, maar die gevoelens of houdings daar rondom. Die gestaltterapeut poog om die kliënt se bewustheid te verhoog van wat hulle van oomblik tot oomblik voel. Selfkritiek, blaam, skuldgevoelens en veroordelings teenoor die self of ander, kan individue daarvan weerhou om betrokke te raak by hulself of met ander, in die teenwoordige. Groei sal alleenlik plaasvind wanneer hulle hulself oopmaak vir die moontlikheid om die huidige in ag te neem. In 'n gestaltgroep, word kinders aangemoedig om te fokus op hulle voorgrondbehoeftes en -gevoelens in die hier en nou.

3.3.2.6 Verantwoordelik vir self

Kliënte word ondersteun in die beweging van 'n posisie van afhanklikheid van ander, insluitende die terapeut, na 'n staat van selfondersteuning. Hulle word aangemoedig om baie dinge onafhanklik te doen. Aanvanklik beskou hulle hul gevoelens, emosies en probleme as iets wat buite hulself is: hulle gebruik frase soos "hy maak my kwaad". Hulle aanvaar geen verantwoordelikheid vir wie hulle is nie en dit lyk vir hulle of daar niks is wat hulle aan hulle situasie kan doen anders as om dit te aanvaar nie. Hulle sien hulself nie as persone wat insette tot of beheer oor hulle eie lewens het nie. Kliënte word gehelp om te besef dat hulle verantwoordelik is vir dit wat met hulle gebeur. Dit is hulle wat moet besluit om hulle lewensituasie te verander of om toe te laat dat die situasie onveranderd bly. Mense sal eerder enige-iets doen as om bewus te word van hoe hulle hulself daarvan weerhou om ten volle lewend te wees.

Tydens gestaltgroepwerk word kinders begelei om hulle gevoelens te erken en om verantwoordelikheid daarvoor te neem en dus die gevoelens hulle eie te maak.

3.3.2.7 Kontak

Kontak vorm die kern van gestaltterapie. Die plek waar die individu en sy/haar omgewing mekaar ontmoet, word die kontakgrens genoem. Gesonde individue weet dat hulle 'n aparte entiteit is en kontak kan waag sonder om bewustheid van interne en eksterne toestande te verloor. Dit is egter nie die geval met die ongesonde individue, soos die neurotikus wat verlies van self mag ervaar deur kontak. Die grens tussen die persoon en sy/haar omgewing is vir hulle versteurd. Angstige menslike wesens laat minder geleenthede vir kontak toe; hulle handhaaf gevinstigde gedragspatrone en persepsies wanneer hulle gekonfronteer word met potensieel opwindende, maar bedreigende moontlikhede vanuit interaksie. Energie word teruggedraai na die self. Hulle poog om behoeftes te bevredig sonder om die omgewings-ander in te sluit. Assimilasie word verhoed en integrasie vind nie plaas nie. Die individu is as't ware geëenkapsuleer.

Kinders kry in 'n gestaltgroep die geleentheid om kontak te maak met hulself en die ander groeplede. Die ondersteuning van die ander groeplede lei tot toenemende selfondersteuning.

3.4 Gestaltpelerapie met die kind in die laat middelkinderjare

Kinders uit enkelouergesinne het dikwels negatiewe persepsies van hulself, aangesien die enkelouer dit in die meeste gevalle moeilik vind om voldoende tyd en aandag aan sy/haar kind te bestee. 'n Negatiewe selfpersepsie gee aanleiding tot 'n swak selfbeeld. Die bemagtiging van 'n kind om die belewenisse van die enkelouersituasie, op 'n toepaslike wyse te hanteer, impliseer in 'n groot mate ook die sterking van die kind se selfbeeld en eie identiteit. Wanneer die kind weet wie hy/sy is en dat hy/sy belangrik en spesiaal is, voel die kind sterk genoeg in hom/haarself om moeilike situasies beter te kan hanteer.

Tydens 'n onderhoud van Campbell (1993:53) met Violet Oaklander (outeur van "Windows to our children") oor die begeleiding en berading van laerskoolkinders, word die vraag gestel oor hoe daar tewerk gegaan kan word om die negatiewe selfpersepsies van 'n twaalfjarige kind te verander. Oaklander (in Campbell, 1993:53)

toon in die eerste plek aan dat 'n twaalfjarige kind gewoonlik baie beskermend teenoor die self is. Baie weerstand en ontkenning word by twaalfjarige kinders aangetref, omdat 'n kind op daardie ouderdom baie begin verander. Oaklander respekteer hierdie weerstand en benader die kind op 'n gemaklike nadenkende wyse. Sy verkieks om baie projektiewe werk, tekeninge, sandbakspel en kleiwerk met hierdie kinders te doen. "Die self" van die kind word versterk deur middel van die verhoging van selfuitdrukking ten opsigte van "wie is ek" en "wie is ek nie"; differensiëring van die self; en deur die geleidelike verhoging van emosionele uitdrukking, aangesien die voorafgaande baie moeilik is vir die kind. 'n Voorbeeld hiervan is waar 'n kind van ongeveer twaalf jaar in sommige situasies soos 'n egskeiding in die familie baie ontkenning gebruik en sê: "O, dis reg met my, dit pla my nie". In die kind se gedrag en simptome mag daar egter aanduidings wees dat dit wel die kind pla. Die kind is dus nie in staat om sy/haar gevoelens hieroor sy/haar eie te maak nie en daarom moet die terapeut hierdie situasie aanvaar en baie stadig beweeg ten opsigte van die motivering van die kind om hierdie gevoelens uit te druk.

'n Twaalfjarige kind sal sy/haar gevoelens van woede teenoor iemand ontken en byvoorbeeld sê: "Wel, ek is nie kwaad nie". Wanneer daar dan aggressie na vore kom vanuit die kind se projeksie in die sandbak, sal Oaklander (in Campbell, 1993:54) direk vra: "Voel jy ooit so? Voel jy ooit kwaad soos hierdie leeu?" Die kind kan byvoorbeeld antwoord: "Wel, ja, somtyds" en dan praat oor sommige van die dinge wat hom/haar kwaadmaak in sy/haar lewe. Dit is vir Oaklander (in Campbell, 1993:54) belangrik om stadig te beweeg ten opsigte van die uitdrukking van dieper woede deur die kind, omdat dit vir hierdie kinders so moeilik is om te hanteer. Kinders sal soms weerstand toon, omdat hulle nie oor genoeg selfondersteuning of egokrag beskik om die materiaal te hanteer nie. Die terapeut moet dan die kind los of stadiger beweeg, totdat die kind binne 'n volgende sessie meer energie het (Oaklander in Campbell, 1993:53-55).

Tydens gestaltgroepwerk word elke kind gevra om 'n projeksie van hulle gevoelens ten opsigte van die feit dat hulle nie meer twee ouers het wat saamwoon nie, te maak, hetsy met behulp van klei, teken of verf. Die groepterapeut eksplorieer dan dieper rondom die gevoelens wat deur elke kind se projeksie uitgebeeld word. Die groepledde word hierna begelei om hulle gevoelens hulle eie te maak en om die gevoelens uit te

druk. Kontak met die self word op hierdie wyse versterk en dra by tot 'n verhoogde positiewe selfpersepsie.

3.5 Gestaltgroepwerk

3.5.1 Groeps spelterapie

Daar is verskeie voordele verbonde aan spelterapie binne groepverband. Tait & Depta (1998:142) verduidelik die waarde van groepterapie met kinders met emosionele probleme. Groepterapie gee aan deelnemers 'n veilige plek om oor moeilike aspekte met die ander groeplede te praat. Spelterapie binne groepverband breek verder die gevoel van isolasie, normaliseer die herstel-/helingsproses en voorsien portuurgroepondersteuning. Die kombinasie van groepintervensie en spelterapie procedures voorsien aan kinders die geleentheid om die gevoel dat hulle in 'n buite beheersituasie is, te verwerk (Tait & Depta, 1998:142). Die enkelouerkind voel dikwels buite beheer, as gevolg van die verliese en veranderinge wat met enkelouerskap gepaardgaan.

House (1998:209) toon aan dat deelname aan groeps spelterapie vanuit die kindgesentreerde benadering, 'n klimaat vir verandering skep, waarbinne 'n kind kan leer om gevoelens op geskikte wyses uit te druk, wat lei tot die ontwikkeling van positiewe agting vir die self en vir ander. Tydens groeps spelterapie moet die kind se gevoelens dus aanvaar word deur die terapeut en die ander groeplede.

Die sosiale waarde van groepintervensie word deur O'Connor (2000:411) beklemtoon deur die stelling dat groeps spelterapie veral fokus op die veralgemening van die kind se individuele vermoëns na sy/haar interaksie met die portuurgroep. Tydens gestaltgroepwerk word die kind dus nie bloot begelei tot groter kontak met die self en gevolelik verhoogde selfregulering nie, maar ook tot verbeterde interaksie met portuurgroeplede.

3.5.2 Teoretiese konsepte onderliggend aan gestaltgroepwerk met kinders

Die volgende konsepte wat deur Oaklander (1999:162-165) bespreek word, kan as onderliggend aan gestaltgroepwerk met kinders beskou word. Die konsepte sal waar nodig deur ander skrywers toegelig word:

3.5.2.1 Die “I/Thou”-verhouding

Die verhouding tussen die terapeut en die kind is self terapeuties. Die terapeut ontmoet die kind met aanvaarding en respek, ongeag die wyse waarop die kind hom-/haarself aanbied, terwyl die terapeut terselfdertyd bewus is van die wyer potensiaal van die kind. Die terapeut respekteer verder haar eie grense, perke en gevoelens en raak oopreg betrokke by die kind sonder manipulasie of rollespel. So ‘n tipe verhouding voorsien dikwels die kind van ‘n ervaring wat nuut en uniek is.

3.5.2.2 Kontak

Gesonde kontak behels die benutting van die sintuie (kyk, luister, voel, proe, ruik); bewustheid van en gepaste benutting van aspekte van die liggaam; die vermoë om emosies op ‘n gesonde wyse uit te druk; en die benutting van die intellek in sy verskeie vorme soos tydens leer en die uitdrukking van idees, gedagtes, nuuskierighede, behoeftes, belang en afkeure. Indien enige van hierdie modaliteite geïnhibeer, beperk, afgesny of geblokkeer word, lei goeie kontak skade en vind fragmentasie, eerder as integrasie plaas. Oaklander verduidelik tydens ‘n onderhoud met Campbell (1993:57) dat wanneer kinders angstig of onrustig is, hulle geneig is om aspekte van hulself af te sny. Hulle benut nie hulle sintuie ten volle nie; hoor nie so goed nie of sien nie so goed nie. Hulle blokkeer hulle emosies en beperk hulle liggeme en dit inhibeer kontak (Oaklander in Campbell, 1993:57). Gesonde kontak behels ‘n gevoel van sekuriteit met die self, ‘n vreesloosheid om alleen te staan.

Die kind in die enkelouergesin se kontak kan skade lei indien die kind angstig of onrustig is, vanweë ‘n verlies aan ‘n gevoel van sekuriteit wat dikwels met enkelouerskap gepaardgaan. Kontak moet tydens gestaltgroepwerk herstel word deur middel van verskeie kontakmakingsaktiwiteite soos om te luister en te kyk na, te voel, te ruik en te proe aan verskeie materiale en teksture. Indien kontak herstel word, word die kind se sin van self versterk.

3.5.2.3 Kontakgrensversteurings

Die kontakgrens is die punt waar ‘n individu die “ek” in verhouding tot dit wat “nie ek” is nie, ervaar en deur hierdie kontak word beide meer duidelik ervaar (Polster & Polster in Oaklander, 1999:163). Soos wat die kind worstel om groot te word, te oorleef en die lewe te hanteer, mag hy/sy ‘n verskeidenheid gedragspatrone en simptome openbaar ten einde kontak te vermy en die self te beskerm. Yontef (1993:159) verduidelik dat wanneer ouers nie ‘n kind se behoefté aan ‘n versorgende ouer-kindverhouding tesame met toepaslike grense, vervul nie, omdat hulle ‘n afhanklike kind nodig het of ‘n gebrek het aan voldoende innerlike hulpbronne, die kind versteurde kontakgrense, bewustheid en ‘n verlaagde selfbeeld ontwikkel.

Kontakgrensversteurings ontwikkel dus by sowel kinders binne intakte gesinne, as by kinders binne enkelouergesinne. Volgens Oaklander (1999:163-164) sluit kontakgrensversteurings wat algemeen by kinders aangetref word, die volgende in:

- **Projeksie** – projekteer gevoelens of blaam op ander.
- **Defleksie** – draai weg van dit wat ongemaklik is, maar het nodig om te skop en te slaan ten einde die energie van woede of ander diep gevoelens vry te stel.
- **Retrofleksie** – trek die energie na binne, wat ‘n verskeidenheid fisiese kwale veroorsaak.
- **Samevloeiing** – het ‘n desperate behoefté aan goedkeuring ten einde ‘n segment van self te voel en vloei dus saam met die gevoelens en oortuigings van ander.
- **Introjeksie** – die kind ontwikkel ‘n geloofsisteem van wie hy/sy is en hoe hy/sy veronderstel is om te wees in die wêreld, ten einde goedkeuring en liefde te verseker en verwering en verlating te voorkom.

Kinders ontwikkel dus kontakgrensversteurings ten einde hulle te help om die lewe beter te hanteer en die self te beskerm teen verdere seerkry. Wanneer die kind hom-/haarself binne ‘n enkelouersituasie bevind, mag hy/sy van een of meer van die kontakgrensversteurings gebruik maak ten einde die negatiewe belewinge wat gepaardgaan met die situasie, te hanteer. Tydens gestaltgroepwerk word kinders gehelp om hulle gevoelens op meer toepaslike wyses te hanteer, soos om oor hulle gevoelens te praat en ondersteuning van die ander groeplede in hierdie proses, te ontvang. Dit is verder belangrik dat kinders sal weet dat hulle mag voel soos wat hulle

voel en dat hulle vrylik binne 'n aanvaardende atmosfeer aan hulle gevoelens kan uiting gee.

3.5.2.4 Weerstand

Weerstand is eintlik 'n gesonde respons, omdat dit op selfbeskerming dui. Kinders met geen weerstand, is gewoonlik kinders wat 'n swak sin van self het. Die weerstand moet egter buigsaam wees. Net soos wat geen weerstand kontakvaardighede beïnvloed, veroorsaak 'n hoë vlak van weerstand dat bevredigende kontak onmoontlik is. Die terapeut moet die kind se weerstand respekteer, aangesien weerstand dikwels die kind se teken is dat hy/sy die grens van sy/haar vermoë op 'n gegewe tyd bereik het. Weerstand kan manifesteer in die vorm van 'n afname in die kind se energievlek en verskuiwing van kontak. Sommige kinders toon weerstand op passiewe wyses soos om te ignoreer, afleibaar op te tree of nie te luister nie. Die kind wat kan sê: "Ek wil nie meer verder gaan hiermee nie", moet erkenning kry vir so 'n direkte, kontakvolle stelling.

Binne 'n groepsituasie kan kinders wat deur hulle nie-verbale optrede uitdrukking gee aan hulle weerstand, begelei word om dit teenoor die terapeut of ander groeplede te verbaliseer. Indien die kind hierna besef dat hy/sy steeds aanvaar word, vind bemagtiging en versterking van die self plaas.

3.5.2.5 Bewustheid en ervaring

'n Belangrike aspek van gestaltterapie is om die kliënt te begelei tot bewustheid van sy/haar proses – wat ek doen en hoe ek dit doen. 'n Kliënt wat bewus is van die spesifieke gedrag wat tot probleme aanleiding gegee het, kan dan kies om met nuwe, meer bevredigende wyses van wees te eksperimenteer. Wanneer die kind aan verskeie ervarings en eksperimente blootgestel word, word die kind meer bewus van hom-/haarself: wie hy/sy is; wat hy/sy voel; waarvan hy/sy hou en nie hou nie; wat hy/sy nodig het; wat hy/sy wil hê; wat hy/sy doen; en hoe hy/sy dit doen. Kinders besef dat hulle keuses het wat hulle kan maak - keuses vir uitdrukking, die bevrediging van behoeftes en die eksplorering van nuwe gedrag (Oaklander in Oaklander, 1999:165).

Die self word sterker soos wat die kind hom-/haarself definieer. 'n Sterk sin van self lei tot goeie kontak met die omgewing en die mense daarbinne. Wanneer kinders

bewus word van hulle gevoelens rondom die enkelouersituasie en hoe dit hulle gedrag op positiewe of negatiewe wyses beïnvloed, kan hulle 'n keuse maak om hierdie gevoelens op geskikte wyses uit te druk en te hanteer.

Na aanleiding van bogenoemde konsepte, blyk dit dat kinders tydens gestaltgroepwerk die gulde geleentheid het om hulself te ontdek, te leerken en om te ontwikkel, met behulp van die eksperimente en ervarings met ander groeplede waaraan hulle blootgestel word.

3.5.3 Gestaltgroepwerkmodelle

Daar is twee primêre groepmodelle wat binne die gestaltbenadering benut kan word, naamlik die Een-tot-een groepmodel en die Groepsdinamikamodel. Elkeen sal vervolgens kortliks bespreek word, terwyl die kombinasie van hierdie twee modelle ook aandag sal geniet:

3.5.3.1 Een-tot-een groepmodel

Die "warm stoel"-struktuur word deur hierdie model benut. Levitsky en Simkin (in Yontef, 1993:169) toon aan dat 'n individu volgens hierdie metode sy/haar behoeftte in die hantering van 'n spesifieke probleem teenoor die terapeut uitdruk. 'n Uitgebreide interaksie tussen die kliënt en die groepterapeut volg dan. Tydens die een-tot-een werk, bly die ander groeplede stil. Na die interaksie gee hulle terugvoer oor hoe hulle beïnvloed is, wat hulle waargeneem het en hoe hulle eie ervarings soortgelyk is aan dié waaraan die kliënt gewerk het. In latere jare is die een-tot-een werk uitgebrei om bewustheidswerk in te sluit, wat nie op 'n spesifieke probleem gefokusseer is nie (Yontef, 1993:169).

3.5.3.2 Groepsdinamikamodel

Hierdie model sluit volgens Yontef (1993:169-170) groter betrokkenheid van groeplede in wanneer 'n individu besig is met een-tot-een werk; werk aan individuele temas deur elkeen in die groep; klem op interpersoonlike verhoudings (kontak) in die groep; en werk met groepprosesse as sodanig. Dikwels begin gestaltgroepe met 'n oefening ten einde deelnemers te help om die oorgang na 'n werksingesteldheid te maak, deur hulle hier-en-nou ervarings met mekaar te deel (Yontef, 1993:169-170).

‘n Model wat dikwels volgens Yontef (1993:170) benut word, is een wat beide verhoogde bewustheid deur ‘n fokus op kontak tussen groeplede en een-tot-een werk in die groep (met die ander groeplede wat aangemoedig word om deel te neem tydens die werk), aanmoedig. Dit bevorder groter buigsaamheid en vloeibaarheid (Yontef, 1993:170). Hierdie model leen hom meer tot groepintervensie met kinders, aangesien kinders hulleself beter leerken vanuit hulle interaksie met ander kinders, as wanneer interaksie nie ‘n rol speel nie.

3.5.4 Die oorhoofse gestaltgroepwerkproses

3.5.4.1 Groepsamestelling

Die kind in die laat middelkinderjare is ‘n baie goeie kandidaat vir groepintervensie. Volgens O’Connor (2000:416) is kinders tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar geskik vir aktiwiteitsgeoriënteerde groepterapie. Op hierdie ouderdom ontwikkel hulle sterk verbintenisse met hulle portuurgroeplede en is hulle nou in staat om hulle portuurgroep as ‘n belangrike bron van emosionele voorsiening te sien. Hulle is verder in staat om hulleself as deel van die groep te sien, sonder om hulle sin van individualiteit te verloor en sal daaraan werk om hulle spesifieke rol te definieer (O’Connor, 2000:416).

Die verskillende aspekte van groepsamestelling soos deur O’Connor (2000:419-421) geïdentifiseer, word vervolgens bespreek:

- Frekwensie van groepsessies**

Vir ouer kinders is een maal per week of selfs een maal in twee weke voldoende om kontinuïteit te verseker. Die kind in die laat middelkinderjare val in hierdie kategorie. Jonger kinders moet ten minste een maal of twee maal per week bymekaarkom ten einde stabiel te bly en kontinuïteit te verseker.

- **Toestemming van die ouers**

Ouerlike toestemming moet bekom word vir die inskakeling van die kind by groepintervensie. Indien die kinders nog nie voorheen geïdentifiseer is nie, soos soms die geval is binne 'n skool- of hospitaalopset, mag dit beter wees om iemand anders as die terapeut, soos 'n onderwyser of verpleegster, te benut om die eerste kontak met die ouer te maak ten einde die aard en die doelstellings van die groep en die redes vir die kind se bywoning te verduidelik. 'n Ingeligte toestemmingsvorm is deur die ouers van die respondentegroep onderteken, sodat die ouers deeglik ingelig is ten opsigte van die aard en doelstellings van die groep en die etiese aspekte daaraan verbonde.

- **Plek van groepsessies**

Die lokaal behoort verkiekslik groot te wees, relatief meubelvry en nie maklik beskadigbaar nie. Elke kind kan 'n kussing hê om op te sit, aangesien kussings help om grense te skep, asook 'n sin van persoonlike ruimte. Dieselfde lokaal behoort vir elke groepwerk sessie benut te word, sodat daar nie tyd gemors word wanneer die kinders die nuwe omgewing eksplloreer en afgelei word daardeur nie.

- **Bekendstelling van die groep aan die kinders**

'n Eenvoudige verduideliking van die aard van die groep met 'n paar voorbeelde van die aktiwiteite wat die groep sal doen, is gewoonlik voldoende om die kinders te betrek.

Toseland & Rivas (2001:171) toon aan dat sewe groeplede in die literatuur oor groepintervensie as die ideale getal groeplede beskou word. Oaklander (1999:172) is van mening dat 'n groep van ses tot agt kinders wat oor die ouderdom van agt jaar is, 'n geskikte grootte is. Indien die kinders onder agt jaar oud is, is 'n groep van drie tot ses kinders geskik. Dit is belangrik om 'n medeterapeut te betrek, indien moontlik, aangesien een van die kinders individuele aandag mag benodig. Gestaltgroepe vergader gewoonlik vir een en 'n half tot twee ure per keer (Oaklander, 1999:172). Groepe neem langer as gewoonlik, omdat daar tydens 'n gestaltgroep op elke kind se proses gefokus word ten einde by sy/haar voorgrondbehoeftes en gevoelens uit te kom. Prinsloo (2001:153) sluit hierby aan deur te meld dat wanneer die groep te groot word, dit vir die groepleier moeilik kan wees om aan die sosio-emosionele behoeftes van die groep aandag te gee. 'n Groot groep word nie vir terapeutiese groepe waar daar aan ernstige probleme aandag gegee word, aanbeveel nie.

3.5.4.2 Fases van groepontwikkeling en verbandhoudende kontakgrensversteurings

Die drie fases van groepontwikkeling wat deur Frew (in O'Leary, 1992:43) binne die gestaltbenadering onderskei word, is: oriëntering, konflik en kohesie. Hierdie drie fases sal vervolgens in verhouding tot die vyf meganismes waardeur kontak vermy word, verduidelik word:

- **Die oriënteringsfase**

Tydens hierdie fase is die groepledle gemoeid met hulle eie veiligheid en poog hulle om hulself so vinnig as moontlik in die omgewing te vestig of te plaas. Individue wat **introjekteer** steun op die groepterapeut om struktuur aan die ervaring te verleen. Individue wat **projekteer** sal eienskappe aan die groepterapeut en ander groepledle toeken wat nie werklik daar is nie. **Retroflekteerders** praat min, terwyl **samevloeiers** geneig is om die ooreenkoms tussen groepledle te beklemtoon eerder as die verskille. Groepledle wat **deflekteer**, ontwyk oogkontak of praat in kort sinne.

- **Die konflikfase**

Groepledle begin nou beheer oor die rigting van die groep uitoefen en hanteer mag- en ouoriteitskwessies. Individue wat **introjekteer** verskuif hulle aandag na informele leiers wat in die groep na vore begin tree. **Projekteerders** onteien hulle eie behoeftes aan beheer deur raak te sien hoe ander groepledle die groep oorneem. **Retroflekteerders** verander hulle gevoelens ten opsigte van die rigting van die groep en hou 'n mate van die emosie binne hulself. **Samevloeidente** individue minimaliseer verskille tussen hulself en ander groepledle. **Deflektiewe** individue rig gevoelsopmerkings wat verband hou met die groepproses, aan groepledle oor die algemeen, eerder as aan die groeplid vir wie dit bedoel is. Ander manifestasies van defleksie, behels die benutting van humor of storievertelling, of om 'n breek voor te stel, ten einde die ontluikende konflik in die groep te omseil.

- **Die kohesiefase**

Kohesie word gekenmerk deur 'n hoë vlak van deelname en emosionele gemak. **Introjekteerders** mag stellings deur die groepterapeut ten opsigte van die terminering

van die groep aanvaar, sonder om hulle eie gevoelens ten opsigte hiervan in ag te neem. **Projektiewe** individue mag materiaal wat vroeër aan die groepterapeut of ander groeplede toegeeëien is, hertoeëien. **Retroflekteerders** mag hulself daarvan weerhou om positiewe en negatiewe gevoelens te deel en verlaat die groep met onvoltooidhede. Ongesonde **samevloeiing** behels 'n poging om weerstand te bied teen sluiting. **Deflektiewe** individue poog om 'n gevoel van verlies te verlig deur 'n reünie te beplan of na toekomstige moontlike ontmoetings tussen verskillende groeplede te verwys.

Indien die terapeut bewus is van die aard van die vyf tipe kontakgrensversteurings wat tydens verskillende fases van groepontwikkeling hulle verskyning onder die groeplede kan maak, is die terapeut daarop voorbereid en kan hy/sy dit met behulp van die tegnieke van gestaltgroepwerk, en die hulp van die ander groeplede, hanteer.

Oaklander (1999:171) maak die fases van groepontwikkeling meer van toepassing op gestaltgroepwerk met kinders in haar beskrywing van die ontwikkeling van die groep. Sy toon aan dat die kinders mekaar gewoonlik nie ken nie en gevoldglik 'n gevoel van alleenheid aan die begin ervaar. Die kinders is selfbewus en geneig om negatiewe gedrag te openbaar ten einde hulle benoudhede te verdoesel. Die terapeut moet die kinders aan die begin help om veilig en gerespekteerd te voel en om mekaar te leer ken deur nie-bedreigende aktiwiteite. Perke en grense word duidelik gestel soos benodig. Na ongeveer vier tot ses weke met 'n groep wat weekliks bymekaarkom, begin die groep sterker bind; die kinders voel gemaklik binne die groep en die angst opsigte van die deel van hulself op 'n opregte wyse, val weg. Daar is oor die algemeen 'n gevoel van kameraadskap en 'n wete dat die ander begrip en ondersteuning sal voorsien wanneer nodig. Rolle maak ook hulle verskyning. Die terapeut kan die rolle tot die bewustheid van die groep bring met behulp van verskeie tegnieke, soos om die betrokke groeplid toe te laat om die rol te oordryf. Soms dink die kinders self idees uit om met die rolle te eksperimenteer (Oaklander, 1999:171).

3.5.5 Die groepwerkproses tydens een groepwerksessie

Tydens gestaltgroepintervensie met kinders, word die volgende proses soos deur Oaklander (1999:172-174) uiteengesit, tydens elke groepwerksessie gevvolg. Die groep begin met “rondtes” waartydens elke kind enige iets vertel van hulle week. Geen besprekings en vrae kom tydens “rondtes” voor nie, behalwe vir klarifikasie nou en dan. Dit is die spesiale tyd van die kind wat aan die woord is. Die terapeut(e) neem ook deel.

Alhoewel die terapeut doelstellings en planne vir elke groepwerksessie het, kan die beplanning enige tyd verander word. Soms is daar ‘n aspek vanuit die “rondtes” wat aandag verg en soms neem die kinders self ‘n alternatiewe besluit ten opsigte van die rigting van die sessie. Dikwels vloei die groepwerksessie voort vanuit ‘n vorige groepwerksessie. Die aktiwiteite in die groep fasiliteer die uitdrukking van gevoelens, die definiëring en versterking van die self, en ervarings met gesonder aspekte van die self. Baie projektiewe tegnieke word vir hierdie doeleinades benut, soos teken, klei, “collage”, sandbak, poppespel, musiek, liggaamsbeweging, kreatiewe gedramatiseerde spel, metaforiese stories, fantasie en beeldwerk. Daar kan ook aan relevante temas aandag gegee word tydens groepwerksessies soos “eensaamheid”, “tergery”, “verwerping”, “vernedering”, “verlies” en “egskeiding”. Tydens ‘n sessie kan kinders hulle veilige plek teken en hulle pogings met mekaar deel. Die terapeut kan by tye op ‘n spesifieke kind se tekening fokus (Oaklander, 1999:73). Die terapeut moet ook poog om Oaklander (1988:53-56) se model van eksplorering met elke groeplid se projeksie toe te pas, ten einde die groeplede in kontak te bring met hulle voorgrondbehoeftes en gevoelens. Hierdie model word later in hierdie hoofstuk bespreek.

Aan die einde van die groepwerksessie ruim die kinders volgens Oaklander (1999:173) op en neem weereens hulle sitplekke in. Dit is nou ‘n tyd vir sluiting en elkeen kry die geleenthed om enige-iets wat hulle vir die terapeut of enige iemand anders in die groep wil sê, te sê; om kritiek te lewer oor die aktiwiteit en om melding te maak van iets waarvan hulle veral gehou het tydens die groepwerksessie of iets wat hulle gehinder het (Oaklander, 1999:173). Opregtheid en eerlikheid van die groeplede teenoor mekaar tydens die evaluering van die groepwerksessie, word dus beklemtoon.

Die groeplede word van die begin af gemotiveer om meer in kontak met hulself te wees en om kongruent met hulle ware gevoelens op te tree.

3.5.6 Tegnieke in gestaltgroepwerk

Die tegnieke wat tydens gestaltgroepwerk benut kan word, kan beskou word as instrumente om by die uiteindelike doelstellings van elke groepwerksessie uit te kom. Verskeie tegnieke kom voor en daar word baie ruimte gelaat vir die kreatiwiteit van die terapeut. Dit is egter belangrik dat die terapeut die verbale en nie-verbale leidrade wat die kind ten opsigte van hom-/haarself gee, met die kind sal opvolg.

Corey (1995:306-317) beskryf die volgende tegnieke wat onder andere binne gestaltgroepwerk benut kan word met die oog op die verhoging van kontak met die self en uiteindelik selfregulering:

3.5.6.1 Taaloefeninge

Die volgende gestaltintervensies maak kinders meer bewus van hulle spraakpatrone, versterk hulle selfgewaarwording en bring hulle nader aan hulself:

- Groeplede moet gevra word om onpersoonlike voornaamwoorde soos “**dit**” te vervang met persoonlike voornaamwoorde soos “**ek**”. Op hierdie wyse neem groeplede verantwoordelikheid vir wat hulle sê.
- ‘n “**Jy**”-stelling moet vervang word met ‘n “**ek**”-stelling, aangesien ‘n sin wat met “jy” begin, ander op die verdediging plaas en die kind nie sy/haar eie ervaring vir hom-/haarself toe-eien nie.
- Binne ‘n gestaltgroep moet die groeplede ontmoedig word om **vrae** te vra, aangesien vrae die aandag op ander mense rig en ander maklik op die verdediging kan plaas. Vrae kan eerder vervang word met **direkte stellings** aan die ander kind of “**ek**”-stellings. Hoekomvrae kan vervang word met “**hoe**” en “**wat**” vrae.
- Die terapeut moet sag maar konsekwent daarop aandring dat groeplede “**kan nie**” met “**sal nie**” vervang. Hierdeur word hulle gehelp om hulle mag toe te eien en te aanvaar deur verantwoordelikheid te neem vir hulle besluite.
- Groeplede kan bewus gemaak word van die frekwensie van hulle “**behoort**”-opmerkings en van die gevoelens van magteloosheid wat daarmee gepaardgaan.

Groeplede moet aangemoedig word om “behoort”-stellings te verander na “**ek kies om te**”-stellings.

3.5.6.2 Nie-verbale taal

Die betekenis van nie-verbale boodskappe moet binne die groepsituasie eksploreer word. Hierdie eksplorasies is veral belangrik wanneer groeplede nie-verbale leidrade openbaar wat inkongruent is met wat hulle verbaal sê. ‘n Groeplid kan byvoorbeeld vir die terapeut sê dat hy kwaad is vir hom, omdat hy hom oorgeslaan het, maar terwyl hy dit sê, glimlag hy. Die groeplid kan in hierdie geval gevra word om ‘n dialoog te voer tussen sy woorde en sy glimlag of om self sy glimlag te word en vir sy glimlag ‘n stem te gee. Op hierdie wyse kan die groeplid self die betekenis van die diskrepansie ontdek. Hy mag in werlikheid sê: “ Ek wil hê jy moet weet dat ek ontsteld is, omdat jy my oorgeslaan het, maar ek wil nie die kans waag om jou afkeur te ervaar nie, deur vir jou te sê hoe kwaad ek is nie”.

Kinders uit enkelouergesinne mag sê hulle gee nie om dat hulle een ouer verloor het nie, maar terwyl hulle dit sê, kom die hartseer of woede in hulle stem duidelik na vore. Die terapeut kan in hierdie geval eers vir die kind toestemming gee om te voel soos wat hy/sy voel deur byvoorbeeld iets te sê soos: “ Baie keer voel kinders hartseer of kwaad wanneer hulle ‘n pa of ma verloor het” en dan vir die betrokke kind te vra of hy/sy ook soms so voel.

3.5.6.3 Eksperimente met dialoog

Een van die doelstellings van gestaltterapie is om geïntegreerde funksionering en die aanvaarding van aspekte van die persoonlikheid wat onteien en ontken is, te bereik. Gestaltterapeute skenk gevvolglik veral aandag aan splitse en polariteit in persoonlikheidsfunksionering. Fantasiedialoog bevorder bewustheid van interne splitse en uiteindelik persoonlikheidsintegrasie. Hierdie dialoë kan baie vorme aanneem soos dialoë tussen polariteit binne die self (soos sag/sterk, liefdevol/haatlik of aggressief/passief) en dialoë met ‘n ouer of ander betekenisvolle persoon, gefantaseerde ander of leweloze objekte.

Die kind wat ‘n ouer verloor het deur egskeiding of dood, kan ‘n denkbeeldige gesprek voer met hierdie ouer en vir die ouer sê hoe hy/sy daaroor voel dat die ouer

weg is. Op hierdie wyse kry die enkelouerkind die geleentheid om gevoelens te ontlaai, wat nie binne die gesinsopset ontlai kan word nie, omdat die oorblywende ouer moontlik nie hierdie gevoelens sal verstaan nie of bedreig sal voel daardeur.

3.5.6.4 Fantasiebenaderings

Fantasie kan persoonlike bewustheid verhoog. Groeplede kan met behulp van fantasering begelei word om daardie aspekte van hulleself wat hulle gewoonlik te bang is om met ander persone in hulle lewens te deel, met behulp van verskeie tegnieke soos die “leë stoel” binne die groep uit te bring of bloot net te fantaseer oor hoe dit sou wees as hulle dit sou uitbring en wat die gevolge daarvan sou wees. Groeplede kan soms uitgedaag word om hulleself te sien soos wat hulle wens hulle binne interpersoonlike situasies was. Hulle kan hierdie fantasie hardop in die groep deel soos wat hulle hulleself op kreatiewe en dinamiese wyses ervaar. Die groeplede kan dan gevra word om die persoon wat hulle hul verbeeld om te wees, binne die groep te dramatiseer. Wanneer hierdie eksperiment suksesvol is, kan groeplede aangemoedig voel om hierdie “nuwe” gedrag binne ware lewensituasies uit te toets.

Hierdie aktiwiteit dra by tot die versterking van die self en die aanvaarding van dele van die self wat voorheen ontken is. Wanneer die self sterker is, is die kind beter in staat om moeilike situasies te hanter.

3.5.6.5 Die oordrywingsoefening

Tydens hierdie eksperiment word groeplede aangemoedig om hulle nie-verbale bewegings, posture en gebare te oordryf, sodat die onderliggende betekenis wat hierdeur gekommunikeer word duideliker word. Wanneer die beweging of gebaar herhaaldelik oordryf word, ervaar die kind die gevoelens wat met die gedrag gepaardgaan meer intens en word hy/sy bewus van die dieper betekenis daarvan.

Hierdie tegniek is waardevol wanneer kinders se onderdrukte gevoelens aangaande die enkelouersituasie tydens nie-verbale bewegings, posture en gebare na vore kom.

3.5.6.6 Droomwerk

Die groeplid wat 'n droom gehad het, maak 'n lys van al die besonderhede in die droom, onthou elke persoon, gebeurtenis en gemoedstemming en speel dan elkeen van hierdie dele so volledig as moontlik uit. Die groeplid "word" elke deel op hierdie wyse en word in 'n groter mate bewus van sy/haar teenstrydige aspekte en van die omvang van sy/haar gevoelens. Die kind begin uiteindelik sy/haar innerlike verskille waardeer en aanvaar. Elke stuk werk aan die droom lei tot verdere assimilasie en integrasie. Nadat 'n droom deur 'n groeplid deurgewerk is, word 'n groep eksperiment geskep wat die ander groeplede in staat stel om terapeutiese voordeel te trek uit die oorspronklike beeld van die dromer. Elke groeplid speel 'n deel van die droom uit. Die ander groeplede kry sodoende die geleentheid om sekere dimensies van die droom wat verband hou met beide die dromer en hulle eie lewe, uit te speel. Die dromer kan die groeplede help om tydens hierdie prosedure die karakters of objekte in die droom te verstaan. Tydens droomwerk word groepkohesie verhoog en een groeplid se werk word met dié van die ander verbind.

Tydens hierdie studie is daar nie van droomwerk gebruik gemaak nie, weens 'n gebrek aan tyd.

3.5.7 Die hantering van die kind se belewinge in die enkelouergesin

3.5.7.1 Die terapeutiese proses

Tydens gestaltgroepwerksessies kry die groeplede die geleentheid om hulle gevoelens en behoeftes rondom die enkelouersituasie te projekteer met behulp van media soos teken, verf of kleiwerk. Oaklander (1988:53-56) het 'n model daargestel waarvolgens die groeplede via hulle projeksies begelei word om hulle gevoelens van verlies en belewenisse van die enkelouersituasie uit te druk. Nadat die kind sy/haar skepping (projeksie) voltooi het, mag die terapeutiese proses soos volg verloop:

- Die kind word gevra om sy/haar ervaring tydens die skeppingsaktiwiteit te beskryf. Dit behels 'n uitdrukking van die self.
- Die kind vertel van sy/haar skepping deur dit te beskryf op sy/haar eie manier. Hierdie werkswyse behels 'n verdere uitdrukking van die self.

- Die kind se verdere selfontdekking word op 'n dieper vlak bevorder deur die kind te vra om uit te brei oor die dele van sy/haar skepping. Die dele word hierdeur duideliker en meer voor die handliggend. Die kind moet die vorms, kleure, verteenwoordigings, objekte en mense beskryf.
- Die kind word gevra om sy/haar skepping te beskryf asof die skepping die kind is deur die woord "Ek" te gebruik. Die kind kan sê: " Ek is hierdie prentjie; ek het rooi strepe oral oor my en 'n blou vierkant in my middel".
- Kies spesifieke dinge in die skepping waarmee die kind kan identifiseer. " Wees jy die blou vierkant en beskryf jouself verder – hoe jy lyk, wat jou funksie is, ens."
- Daar kan vir die kind vrae gevra word, indien nodig, ten einde die proses aan te help. " Wat doen jy?" " Wie gebruik jou?" " Aan wie is jy die naaste?"
- Die kind se aandag moet verder gefokus word en sy/haar bewustheid moet verhoog word deur beklemtoning en oordrywing van 'n deel of sekere dele van 'n skepping. Die kind moet aangemoedig word om so ver te gaan as wat hy/sy kan met 'n spesifieke deel.
- Die kind word gevra om 'n dialoog te voer tussen twee dele in sy/haar skepping of twee kontakpunte of teenstrydige punte (soos die pad en die kar, of die streep om die vierkant, of die bly en hartseer kant).
- Die kind word aangemoedig om aandag aan die kleure te gee wat hy/sy gebruik het. Die volgende vrae kan onder andere gevra word: " Wat beteken helder kleure vir jou? Wat beteken donker kleure vir jou? ". Die terapeut kan aan die kind uitwys dat party kleure donkerder as ander lyk, ten einde uitdrukking aan te moedig. Die kind moet so bewus as moontlik wees van wat hy/sy gedoen het, selfs al is die kind nie bereid om daaroor te praat nie.
- Let op leidrade in die kind se stemtoon, liggaamspostuur, gesigs- en liggaamsuitdrukking, asemhaling en stilte. Stilte kan sensering, dink, onthou, repressering, angstigheid, vrees of die bewustheid van iets betekenis. Hierdie leidrade moet gebruik word om die vloei van die terapeut se werk te bevorder.
- Werk aan identifikasie. Die kind moet gehelp word om dit wat oor die skepping of dele van die skepping gesê is, te besit. Die terapeut kan vra: " Voel jy ooit so?" " Doen jy dit ooit?" " Pas dit by jou lewe in op enige manier?"
- Die skepping word nou verlaat om aan die kind se lewensituasies en onvoltooidheid te werk wat vanuit die kind se skepping na vore gekom het.

- Fokus op die uitgelate dele of leë spasies in die prentjie en gee daarvan aandag.
- Bly by die kind se voorgrondvloei, of gee aandag aan die terapeut se eie voorgrond – waar die terapeut belangstelling, opwinding en energie vind. Soms kan die terapeut beweeg met dit wat daar is en somtyds kan die terapeut met die teenoorgestelde van wat daar is, beweeg. ‘n Voorbeeld hiervan is waar ‘n kind ‘n partytjie teken en die pret en plesier van die partytjie beklemtoon. Die terapeut kan met die teenoorgestelde van die kind se voorgrond beweeg en sê: “ Kan ek raai dat jy nie so baie pret in jou eie lewe het nie”.

Die genoemde stappe hoef nie in hierdie presiese volgorde geïmplementeer te word nie. Daar moet volgens die kind se pas beweeg word en daar kan eers aan die maklike en gemaklike gedeeltes gewerk word en daarna geleidelik aan die moeiliker, ongemalike gedeeltes (Oaklander, 1988:53-56).

Binne ‘n groepsituasie moet die terapeut vinniger as tydens individuele speltherapie deur die stappe beweeg, ten einde by die voorgrond van elke groeplid uit te kom. Hoe meer bewus die kinders word van wat hulle doen en voel, hoe vinniger word behoeftes en gevoelens uitgedruk en toegeëien. Die res van die groep word hierna betrek vir die voorsiening van ondersteuning en om voorstelle te maak vir die benutting van alternatiewe hanteringstrategieë vir bepaalde belewenisse.

3.5.7.2 Die hantering van die enkelouerkind se belewinge tydens gestaltgroepwerk

Sekere aanbevelings word deur Van Loggerenberg & Roets (1993:112-114) gemaak vir die hantering van die kind se belewinge in die enkelouergesin, wat tydens gestaltgroepwerksessies geïmplementeer kan word.

- **Skuldgevoelens**

Groeplede moet verseker word dat hulle teenwoordigheid in die gesin en negatiewe optredes en gevoelens teenoor die afwesige ouer, normaal was en nie die dood of die ekskeiding veroorsaak het nie.

- **Woede**

Groeplede se woede moet aanvaar word en daar moet op toepaslike wyses daaraan uiting gegee word. Oaklander (1999:174) toon in hierdie verband aan dat die groeplede gevra kan word om dit wat hulle kwaadmaak te teken; of om 'n kleifiguur wat iemand voorstel vir wie hulle kwaad is, te maak; of om 'n verskeidenheid slaginstrumente te speel wat hulle gevoelens verteenwoordig; of om 'n poppespel vir die ander aan te bied wat 'n woede situasie uitbeeld.

- **Verwarring**

In die geval van 'n eggskeiding moet die kind verseker word dat beide sy/haar ouers nog vir hom/haar lief is en dat hy/sy nog vir beide lief kan wees en nie nodig het om 'n keuse te maak tussen hulle nie.

- **Vrees**

Groeplede moet verseker word dat hulle ouers vir hulle lief is, dat hulle by beide ouers welkom is en dat die agterblywende ouer hulle nie sal verlaat nie.

- **Belewing van ontoereikendheid**

Die kind moet baie erkenning en waardering binne groepverband ontvang, sodat die kind 'n hoë selfagting kan beleef. (Vergelyk Oaklander, 1999:162-163.)

3.6 Die proses van verandering by die kind

Volgens Perls (in Corey, 1995:298) moet individue deur vyf lae van neurose beweeg ten einde psigiese volwassenheid te bereik, naamlik: 1) die valse laag, 2) die fobiese laag, 3) die weerstandslaag, 4) die implosiewe laag en 5) die eksplosiewe laag. Die enkelouerkind word tydens gestaltgroepwerksessies blootgestel aan die terapeutiese proses wat in die vorige afdeling bespreek is en beweeg gevvolglik deur hierdie lae. Elke laag sal vervolgens aandag geniet:

- **Die valse laag**

Individue tree op hierdie vlak op soos iemand wat hulle nie is nie. Hierdeur poog individue om volgens 'n fantasie te lewe wat hulself of wat ander geskep het. Wanneer individue bewus word van die valsheid van speletjies speel en meer eerlik word, ervaar hulle ongemak en pyn.

Kinders sal dikwels bepaalde rolle inneem ten einde hulle pyn ten opsigte van hulle verliese rondom die enkelouersituasie te verdoesel en te hanteer. Die kind kan onder ander die rol van 'n nar (defleksie); die soet kind (introjeksie); die stout, aggressiewe kind (projeksie); die stil, teruggetrokke kind (retrofleksie) en die kind wat altyd mense wil behaag (samevloeiing), inneem.

- **Die fobiese laag**

Weerstand word opgebou om die self te beskerm teen die emosionele pyn wat mag ontstaan wanneer daardie dele van die self wat onbemind is, hulle verskyning maak. Katastrofiese vrese kom voor dat wanneer daardie egte deel van die self vir ander aangebied word, verwerpking deur ander ervaar sal word.

Kinders is dikwels bang om hulle ware emosies aan volwassenes bekend te maak. Die kind mag vrees dat die uitdrukking van sy/haar negatiewe emosies rondom verlies en die enkelouersituasie verwerpking van die enkelouer se kant sal veroorsaak. Die enkelouerkind kan nie bekostig om deur die oorblywende ouer verwerp te word nie. Kinders word van kleins af gekondisioneer dat die ervaring van negatiewe emosies onderdruk moet word en dat dit verkeerd is. Wanneer hulle dus negatiewe ervarings het, is hulle dikwels nie in staat om hulle gepaardgaande gevoelens daaromtrent te aanvaar en uit te druk nie.

- **Die weerstandslaag**

Dit is die punt waar individue vassit in hulle psigiese volwassewording. Individue voel dat hulle nie in staat sal wees om te oorleef sonder die ou rolle nie. Hulle is oortuig dat hulle nie oor die hulpbronne binne hulself beskik om sonder omgewingsondersteuning verby hierdie punt te beweeg nie. Individue voel dikwels 'n doodsheid en voel dat hulle niks is nie. Dit is belangrik dat individue deur die weerstandslaag beweeg, ten einde weer lewendig te voel.

Tydens gestaltgroepwerk lei die ondersteuning van die medegroeplede tot selfondersteuning by 'n bepaalde kind. Die kind se interne hulpbronne word op hierdie wyse gemobiliseer en die kind is dan in staat om deur die weerstandslaag beweeg.

- **Die implosiewe laag**

Die implosiewe laag verteenwoordig kontakmaking met die ware self. Indien individue hulself toelaat om die doodsheid ten volle te ervaar, eerder as om dit te ontken of te vermy, beweeg hulle in die implosiewe laag in. Deur in kontak te kom met die doodsheid of onopregte wyses van menswees, word verdedigings blootgestel en begin individue kontak maak met die ware self.

Die kind in die enkelouergesin kan nou begin eksperimenteer met alternatiewe en meer opregte wyses van menswees. Daar kan van gedramatiseerde spel in die groepsituasie gebruik gemaak word. Die groeplede kan aangemoedig word om hulle meer opregte gedrag by die huis te implementeer.

- **Die eksplosiewe laag**

Wanneer kontak gemaak word met die eksplosiewe laag, raak individue ontslae van valse rolle en voorwendsels en word 'n groot mate van energie vrygestel wat aanvanklik teruggehou is toe daar 'n valse beeld voorgehou is. Ten einde opreg en lewendig te word, is dit belangrik om hierdie vrystelling van energie te bereik. Dit kan die vorm aanneem van 'n ontploffing in pyn en vreugde, woede, hartseer of seksualiteit.

Kinders is nou in kontak met hulle ware gevoelens en in staat om die gevoelens opreg en eerlik uit te druk op wyses wat nie skadelik vir die self of vir ander mense is nie. Kinders is nou bemagtig om hulself te wees en om hulle gevoelens aangaande die enkelouersituasie op gepaste wyses te hanteer.

Tydens gestaltgroepwerk beweeg die groeplede deur hierdie verskillende lae, soos wat hulle die geleentheid gebied word om hulle gevoelens, voorgrondbehoeftes en ontkende aspekte van die self, uit te druk en verantwoordelikheid hiervoor neem. Die self word versterk en die kind word 'n selfregulerende individu wat besluite kan neem, probleme kan oplos en met meer toepaslike gedrag buite die groepsituasie kan eksperimenteer.

3.7 Samevatting

- Die kind wat binne 'n enkelouersituasie grootword, het hulp nodig ten opsigte van die uitdrukking en toe-eiening van sy/haar emosionele belewenisse en behoeftes wat verband hou met die enkelouersituasie.
- Die kind het verder die behoefte om erken te word as 'n waardige individu en om aanvaar te word soos wat hy/sy is.
- Hierdie behoeftes kan met behulp van gestaltgroepwerk verwesenlik word waartydens kontakmaking met die self, versterking van die self en die interaksie met portuurgroeplede, voorrang geniet.
- Tydens gestaltgroepwerk word die kind ook begelei in die uitdrukking en toe-eiening van sy/haar emosionele belewenisse en behoeftes aangaande die enkelouersituasie.
- Dit stel die enkelouerkind in staat om negatiewe belewenisse te verwerk en sy/haar energie in belangriker aktiwiteite soos die bemeesterung van die ouderdomstoepaslike ontwikkelingstake te belê.
- Die enkelouerkind sal ook toekomstige moeilike lewensveranderinge op meer toepaslike wyses kan hanteer, aangesien hy/sy nou sal weet hoe om op gepaste wyses uitdrukking te gee aan onaangename gevoelens en hoe om hierdie gevoelens te hanteer.

In die volgende hoofstuk word die kwantitatiewe bevindinge van die empiriese ondersoek, na die implementering van die gestaltgroepwerkprogram, bespreek.

HOOFSTUK 4: EMPIRIESE STUDIE

DEEL I

4.1 Inleiding

In hoofstuk 2 is daar gefokus op literatuur ten opsigte van die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare en op terapeutiese intervensie met die kind in die enkelouergesin. In hoofstuk 3 is gestaltpelterapie en gestaltgroepwerk in diepte bespreek. Hierdie literatuurstudiebevindinge is deurgaans van toepassing gemaak op die kind wat hom-/haarself in 'n enkelouergesin bevind. Vanuit hierdie teoretiese begronding het die navorsers die gestaltgroepwerkprogram ontwikkel. Die program is verfyn deur die empiriese studie en hierdie verfynde program word in hoofstuk 6 uiteengesit. Die empiriese bevindinge van die navorsingstudie sal in hoofstukke 4 en 5 aandag geniet. Die navorsingsproses wat gevvolg is, sal in die eerste plek weer kortliks bespreek word, ten einde 'n beter begrip van die empiriese gegewens daar te stel.

Die empiriese studie het die ontwikkeling van 'n gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouerkind in 'n middestad konteks, behels. Die empiriese bevindinge sal vir alle praktiese doeleindes in drie dele ingedeel word, naamlik die bespreking van die kwantitatiewe bevindinge, die bespreking van die kwalitatiewe bevindinge en in die laaste plek 'n integrasie van die kwantitatiewe en kwalitatiewe bevindinge. Die kwantitatiewe bevindinge is bekom vanuit vraelyste wat voor en na die implementering van die gestaltgroepwerkprogram deur die enkelouerkinders en hulle enkelouers ingevul is. Die bespreking van die kwalitatiewe bevindinge sal die bespreking van elke groepwerksessie in die gestaltgroepwerkprogram en die assessorering van elke individuele groeplid se vordering, wat met behulp van ongestructureerde waarneming ingesamel is, insluit. Die kwantitatiewe en kwalitatiewe bevindinge sal in die derde deel met mekaar vergelyk en geïntegreer word. Die literatuurstudiebevindinge van hoofstukke 2 en 3 sal deurgaans by die bespreking van die empiriese bevindinge geïntegreer word.

Die respondent was kinders afkomstig uit enkelouergesinne in 'n middestad konteks. Die enkelouers van hierdie kinders is ook as respondent op 'n kleiner skaal by die empiriese studie betrek. Die intervensieprogram het groepspelterapie vanuit die gestaltbenadering behels.

4.2 Die navorsingsproses

Die navorsingsproses wat gevolg is, is reeds in hoofstuk 1 bespreek, maar sal kortlik weer aandag geniet ten einde die leser te oriënteer ten opsigte van die empiriese bevindinge wat volg. (Vergelyk Fouché & Delport, 2002:85-86 en Neuman, 1997:10-14.)

4.2.1 Keuse van die onderwerp en probleemformulering

Die onderwerp van die studie is die bemagtiging van enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in 'n middestad konteks. Die keuse van die onderwerp het voortgevloeи vanuit die behoefte van die enkelouergesin in 'n middestad konteks aan hulpbronne in die gemeenskap, ten einde die volgehoudende emosionele, sosiale, psigiese en fisiese welstand van sy afsonderlike lede te verseker. Die enkelouerkind se inskakeling by gestaltgroepwerk kan reeds as so 'n belangrike hulpbron beskou word. Die navorser wil 'n bydrae lewer tot die gemeenskapshulpbronne wat beskikbaar is vir die enkelouergesin, in die vorm van 'n gestaltgroepwerkprogram as intervensie vir die enkelouerkind in 'n middestad konteks.

Die omvang van enkelouerskap en die verliese en problematiek wat daarmee gepaardgaan is kommerwakkend. Meer kinders wat negatief beïnvloed is deur enkelouerskap kan met behulp van gestaltgroepwerk bereik word as wat die geval is tydens individuele spelterapie.

Kinders in enkelouergesinne word dikwels veral op emosionele en sosiale vlak ontwrig vanweë ontoepaslike ouerskap wat meegebring word deur groter druk op die enkelouer as gevolg van 'n verandering in gesinstruktuur. Met ontoepaslike ouerskap word verminderde aandag en beheer deur die enkelouer, bedoel. In baie gevalle word

die kind se negatiewe belewinge van die enkelouersituasie, deur die kind self op ontoepaslike wyses op die emosionele en sosiale vlakke hanteer.

4.2.2 Die doel van die studie

Die doel van die studie is om die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks deur middel van gestaltgroepwerk te bemagtig om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie op toepaslike wyses te hanteer.

4.2.3 Hipoteseformulering

Die hipotese wat vir hierdie navorsingstudie gestel is, is soos volg: Indien die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks, inskakel by 'n gestaltgroepwerkprogram, dan sal die kind bemagtig word om sy/haar negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie, op toepaslike wyses te hanteer.

Toepaslike hantering word beskou as die mate waarin:

- die enkelouerkind in kontak is met sy/haar gevoelens ten opsigte van die enkelouersituasie;
- uitdrukking kan gee aan hierdie gevoelens;
- die gevoelens sy/haar eie kan maak; en
- die gevoelens kan hanteer sonder om van die volgende kontakgrensversteurings gebruik te maak, naamlik projeksie, introjeksie, retrofleksie, samevloeiing en defleksie.

Hierdie hipotese is getoets aan die hand van die navorsingsbevindinge.

4.2.4 Voorondersoek

Die stappe van die voorondersoek, naamlik die voorlopige literatuurstudie; konsultasie met kundiges; uitvoerbaarheid van die ondersoek en die toetsing van die vraelys, is gevolg en is reeds in hoofstuk 1 volledig bespreek.

4.2.5 Navorsingsbenadering, soort navorsing, navorsingsontwerp en prosedure

Die kantitatiewe en kwalitatiewe benaderings is in kombinasie met mekaar tydens die studie benut in die vorm van die dominante-minder-dominante model. Die kwantitatiewe benadering het die oorwegende deel van die studie uitgemaak (Vergelyk Creswell in De Vos, 2002:366.)

In hierdie studie is daar van toegepaste navorsing met spesifieke verwysing na intervensienavorsing gebruik gemaak. Die navorsing het tydens haar navorsingstudie 'n gestaltgroepwerkprogram ontwikkel as intervensie met die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks. Hierdie program is geïmplementeer en geëvalueer ten einde te bepaal of daar enige verandering by die respondenten ingetree het, wat toegeskryf kan word aan hulle deelname aan die intervensieprogram. Daar is dus in hierdie studie gefokus op intervensie ontwerp en ontwikkeling. Die resultate van die gestaltgroepwerkprogram word in hoofstukke 4 tot 6 bespreek.

Die onderskeie fases van intervensienavorsing soos bespreek deur De Vos (2002:397-418) en kortliks in hoofstuk 1 uiteengesit, is soos volg tydens die empiriese studie deurloop:

- **Probleemanalise en projekbeplanning**
 - * Die respondenten is geïdentifiseer en betrek vir deelname aan die program met behulp van die terapeute van die Middestad Trauma Terapiesentrum en die klasonderwysers.
 - * Toegang is bekom deur toestemming van die Gauteng Departement van Onderwys, die skoolhoof van die betrokke skool en die Middestad Trauma Terapiesentrum, te ontvang vir die navorsingsprojek. Die skoolhoof, klasonderwysers en terapeute van die Sentrum het hulle samewerking tot die projek verleen.
 - * Die besorgdheid van die betrokke enkelouers, kinderrespondente en skoolhoof ten opsigte van die sensitiewe aard van die projek, is geïdentifiseer en hanteer deur die beginsel van konfidensialiteit deurgaans te beklemtoon en deur te voer.
 - * Doelstellings en doelwitte is vir die gestaltgroepwerkprogram gestel en word in hoofstukke 5 en 6 uiteengesit.

- **Inligtingversameling en sintese**

- * Literatuurstudie is gedoen oor die kind in die laat middelkinderjare se belewinge van die enkelouersituasie, die kind in 'n middestad konteks, terapeutiese intervensie en spesifieke groepintervensie vanuit die gestaltbenadering. Die terapeute van die Middestad Trauma Terapiesentrum is ook as kundiges op die gebied van die kind in 'n middestadomgewing geraadpleeg.
- * Natuurlike voorbeeld is bestudeer deur die gestaltterapeutiese tegnieke wat later in groepverband aangewend is, op individuele kinders in enkelouergesinne toe te pas, tydens die navorsing se werkzaamhede as terapeut by die Sentrum.
- * Funksionle elemente is geïdentifiseer vanuit Oaklander (1988:53-56) se model van eksplorering en die navorsing se vorige benutting van gestaltgroepwerk met die middestadkind vir haar meestersgraadstudies.

- **Ontwerp**

- * Daar is besluit op die enkelsisteemontwerp ten einde vordering of regressie in die kinderrespondente se hantering van die enkelouersituasie op die emosionele en sosiale vlakke, te meet. Daar is ook deurlopend van ongestructureerde waarneming gebruik gemaak tydens die verloop van die groepwerksessies.
- * Die onderskeie stappe van die enkelsisteemontwerp, soos bespreek in hoofstuk 1, is as die prosedure gespesifiseer.

- **Vroeë ontwikkeling en voortoets**

- * 'n Voorlopige gestaltgroepwerkprogram vir implementering met die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks, is ontwikkel.
- * Die program is tydens 'n voortoets geïmplementeer met vier vroulike respondentte in die laat middelkinderjare.
- * Die enkelsisteemontwerp en ongestructureerde waarneming is tydens die voortoets toegepas.

- **Evaluasie en gevorderde ontwikkeling**

- * Die A-B-A ontwerp is geselekteer as 'n basiese eksperimentele ontwerp wat deel uitmaak van enkelsisteemontwerpe.
- * Data is tydens die voortoets ingesamel en bepaalde tegnieke en aktiwiteite is aangepas en bygevoeg tot die gestaltgroepwerkprogram. Hierdie veranderinge is in hoofstuk 1 uiteengesit.
- * Die gestaltgroepwerkprogram is hierna tydens die hoofondersoek met sewe

manlike respondentie in hulle laat middelkinderjare herhaal.

* Die program is hierna verder verfyn en word uiteengesit in hoofstuk 6.

- **Verspreiding**

* Deur die verfyning en gevorderde ontwikkeling van die program, is die program voorberei op verspreiding.

* Die Middestad Trauma Terapiesentrum is geïdentifiseer as 'n potensiële mark vir verspreiding, aangesien hierdie program op 'n deurlopende basis deur hulle aangewend kan word, weens die groot behoefté daaraan wat by enkelouerkinders en hulle enkelouers bestaan.

* Toepaslike aanwending van die program is aangemoedig deur twee van die terapeute van die Sentrum reeds tydens die implementering van die program tydens die hoofondersoek te betrek. Eerstehandse ervaring van die toepassing van die program is dus op hierdie wyse moontlik gemaak.

* Die program is reeds met sukses deur een van die terapeute van die Sentrum, wat die navorsing as medeterapeut tydens die hoofondersoek behulpsaam was, met 'n groep enkelouerkinders geïmplementeer. Die volledige en verfynde gestalt-groepwerkprogram word ook na die finalisering van die navorsingsverslag aan die Sentrum beskikbaar gestel.

Die enkelsisteemontwerp is gebruik om die vordering of regressie van 'n groep enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare, na hulle deelname aan die gestaltgroepwerkprogram, te meet. Die kinderrespondente se hantering van die enkelouersituasie op die emosionele en sosiale vlakke is voor en na die implementering van die program met behulp van selfontwerpte vraelyste gemeet. Hierdie twee metings sal in die bespreking van die bevindings met mekaar vergelyk word ten einde die aard van die invloed van die gestaltgroepwerkprogram op die emosionele en sosiale funksionering van die kinders te bepaal.

Die stappe van die enkelsisteemontwerp is as navorsingsprosedure gevvolg en is in hoofstuk 1 bespreek.

Ongestruktureerde waarneming is benut om die respondentie se beweging deur die vyf lae van neurose te bepaal. Hierdie resultate word aan die hand van die bespreking van

elke groepwerk sessie en die assessering van elke kinder respondent in hoofstuk 5 bespreek.

4.2.6 Universum, afbakening van steekproef en steekproefneming

Die populasie vir die studie word omskryf as die totale aantal kinders tussen die ouderdomme van nege en 11 jaar, wat in enkelouergesinne lewe en in 'n dubbelmedium laerskool in die middestadomgewing van Pretoria ingeskryf is.

Nie-waarskynlikheidsteekproefneming en spesifieke doelgerigte steekproefneming is benut om die respondentte te selekteer. Tydens die voorondersoek is vier vroulike respondentte tussen die ouderdomme van 11 en 12 jaar geselekteer vir deelname aan die gestaltgroepwerkprogram. Tydens die hoofondersoek is sewe manlike respondentte van 12 jarige ouderdom geselekteer vir deelname aan die program. Afrikaanssprekende kleurling- en blanke respondentte het deel uitgemaak van die respondentegroep.

4.2.7 Literatuurstudie

Die literatuurstudiebevindinge is in hoofstukke 2 en 3 bespreek. Voldoende literatuur was oor die onderwerp beskikbaar. Literatuur is vanuit die sielkunde- en maatskaplikewerkvelde bestudeer.

4.2.8 Data-insameling

Daar is van twee selfontwerpte vraelyste gebruik gemaak om die kwantitatiewe data in te samel. Die kinders en hulle enkelouers het elkeen 'n vraelys ingevul. Beide vraelyste meet die kinders se funksionering op emosionele en sosiale vlak.

4.2.8.1 Vraelys vir kinders

'n Selfontwerpte vraelys (Bylae 1) is gebruik om data in te samel rondom die respondentte se gevoelens oor die enkelouersituasie; hulle verhouding met hulle biologiese ma en pa en gesin; hulle gevoelens oor hulself; hulle verhouding met maats; en die hantering van hulle gevoelens oor die enkelouersituasie. Die vraelys is

ontwerp met behulp van inligting wat vanuit ander vraelyste bekom is. (Vergelyk die Psigososiale Funksionering Inventaris vir Laerskool Kinders, 1997; Indeks van gesinsverhoudinge; Indeks van kind se verhouding teenoor moeder en Indeks van kind se verhouding teenoor vader, 1990.) Hierdie persoonlik gadministreerde vraelyste is voor die begin van die gestaltgroepwerkprogram tydens die eerste groepwerksessie, deur die kinders ingevul en weer aan die einde van die gestaltgroepwerkprogram tydens die laaste groepwerksessie ingevul.

Al die vraelyste (100%) is deur die kinderrespondente voltooi.

4.2.8.2 Vraelys vir ouers

Die enkelouers van die kinderrespondente het elkeen ook 'n selfontwerpte vraelys (Bylae 2) voor en na die implementering van die gestaltgroepwerkprogram, ingevul. Die vraelys vir die enkelouers bevat dieselfde vrae as die kindervraelys. Die enkelouers het vrae beantwoord oor hulle kinders se gevoelens ten opsigte van die enkelouersituasie; hulle kinders se verhouding met hulle as enkelouer, met die gesin en met die ander ouer wat nie meer by die gesin is nie; hulle kinders se gevoelens oor hulleself; hulle kinders se verhouding met hulle maats; en hulle kinders se hantering van hulle gevoelens ten opsigte van die enkelouersituasie. (Vergelyk Indeks van ouerlike houding; Indeks van gesinsverhoudinge, 1977 en Psigososiale Funksionering Inventaris vir Laerskool Kinders, 1997.)

Al die vraelyste (100%) is deur die enkelouerrespondente voltooi.

4.2.9 Analisering en interpretering van die data

Die rekenaarondersteuningsafdeling van die Universiteit van Pretoria is benut vir die verwerking van die selfontwerpte vraelyste. Die belangrikste bevindinge word in tabelvorm of met behulp van grafiese voorgestel. Die bevindinge uit die vraelyste vir die kinders en die vraelyste vir die ouers word gesamentlik bespreek en met mekaar in verband gebring. Voortoets- en natoetsvergelykings is tydens die verwerking gedoen en word ook bespreek. Data is ingewin ten opsigte van sewe kinderrespondente ($N=7$) en sewe enkelouerrespondente ($N=7$).

Die bevindinge bekom vanuit die vraelyste van die hoofondersoek word in hierdie hoofstuk geïnterpreteer.

Die implementering van die kwalitatiewe data wat ingesamel is met behulp van ongestructureerde waarneming, word in die volgende hoofstuk in die vorm van die bespreking van elke groepwerksessie en die assessering van elke groeplid tydens die hoofondersoek aangebied. Die twee groepwerksessies wat deur die enkelouers as groep bygewoon is, sal by die bespreking ingesluit word. Hierdie groepwerksessies met die enkelouers het deel uitgemaak van die gestaltgroepwerkprogram.

4.3 Die empiriese ondersoek vanuit die kwantitatiewe benadering

Sewe enkelouerkinders en hulle enkelouers het selfontwerpde vraelyste voor die aanvang van die gestaltgroepwerkprogram en na die implementering van die gestaltgroepwerkprogram voltooi. Die metings van die voortoets en die metings van die natoets word in hierdie hoofstuk met mekaar vergelyk ten einde die invloed van die gestaltgroepwerkprogram op die emosionele en sosiale funksionering van die enkelouerkinders in 'n middestad konteks te bepaal. Die enkelouerkinders se hantering van hulle gevoelens op toepaslike wyses, is ook deur die selfontwerpde vraelyste gemeet. Die vraelyste wat deur die enkelouers ingevul is, meet hulle persepsie van hulle kinders se funksionering. Die konfidensialiteit van die respondenten is verseker deur nie hulle name in die navorsingsverslag bekend te maak nie. Die ingeligte toestemmingsbrief wat deur die ouers van die kinderrespondente voltooi is, word in Bylae 4 vervat.

4.3.1 Biografiese besonderhede van kinderrespondente

4.3.1.1 Ouderdom en geslag van kinderrespondente

Al sewe (100%) respondenten was tydens die studie in graad 6 met ouderdomme wat gewissel het tussen 11 en 13 jaar. Die respondenten het hulle dus almal in die laat middelkinderjare bevind wat volgens Louw, *et al.* (1998:322) tussen die ouderdomme

van nege en twaalf of dertien jaar val. Al sewe (100%) respondentes was manlik. Die steekproef het sewe kinders van een geslag ingesluit, aangesien die kind in die middelkinderjare verkies om met lede van sy/haar eie geslag te speel. (Vergelyk O'Connor, 2000:417.)

4.3.1.2 Toesig en beheer

Tabel 1: Toesig en beheer

By wie bly jy?	Frekwensie	Persentasie
Ma	6	85.71
Pa	1	14.29
Totaal	N=7	100

Die meeste respondentes, 85.71% (ses), is by hulle moeders woonagtig, terwyl 14.29% (een) respondent by sy vader woonagtig is. Hierdie bevindinge stem ooreen met die stelling van Lefrancois (in Louw, *et al.* 1998:357-358) dat die meeste enkelouergesinne die moeder as enkelouer het.

4.3.1.3 Ander inwoners by enkelouergesin

Tabel 2: Ander inwoners

Ander inwoners by enkelouergesin	Frekwensie	Persentasie
Geen ander inwoners	3	42.86
Oom (familie) en nefie	1	14.29
Broer en sy vriend, kleinsussie en kleinboetie	1	14.29
Ma se vriend	1	14.29
Boetie	1	14.29
Totaal	N=7	100%

Byna die helfte van die respondentes, 42.86% (drie), toon aan dat daar geen ander inwoners saam met hulle en hulle enkelouer bly nie. Een (14.29%) respondent toon aan dat sy ma se vriend by hulle in die huis bly. Die drie oorblywende respondentes

identifiseer familielede as mede-inwoners. Hierdie resultate ondersteun nie geheel en al Naran (1991:30) se bevindinge dat baie enkelmoeders op hulle families staatmaak vir behuising, kindersorg, emosionele ondersteuning en geselskap nie, aangesien dit vanuit die gegewens blyk dat die meeste enkelouers alleen saam met hulle kinders woon.

4.3.2 Biografiese besonderhede van ouerrespondente

4.3.2.1 Ouderdomsverspreiding van enkelouer

Tabel 3: Ouderdomsverspreiding

Ouderdomsverspreiding	Frekwensie	Persentasie
36 jaar	1	14.29
38 jaar	1	14.29
39 jaar	2	28.57
41 jaar	2	28.57
48 jaar	1	14.29
Totaal	N=7	100%

Die meeste enkelouers, 85.71% (ses), bevind hulself tussen die ouerdomme van 36 en 41 jaar, terwyl 14.29% (een) enkelouer 48 jaar oud is.

4.3.2.2 Geslag van enkelouer

Tabel 4: Geslag van enkelouer

Geslag	Frekwensie	Persentasie
Manlik	1	14.29
Vroulik	6	85.71
Totaal	N=7	100%

Die meeste enkelouerrespondente, 85.71% (ses), is vroulik, terwyl 14.29% (een) respondent manlik is. Hierdie bevindinge stem ooreen met die response van die kinderrespondente en die bevindinge vanuit die literatuur dat die meeste

enkelouergesinne die moeder as enkelouer het. (Vergelyk Lefrancois in Louw, *et al.* 1998:357-358.) Een manlike enkelouerrespondent is by die steekproef ingesluit, aangesien een van die kinderrespondente by sy pa as enkelouer woonagtig is.

4.3.2.3 Beroep van enkelouer


Tabel 5: Beroep van enkelouer

Beroep	Frekwensie	Persentasie
Tikster/Ontvangsdame	1	14.29
Funksie-koördineerder	1	14.29
Verkoopsdame (Klere)	1	14.29
Forex konsultant (Buitelandse Valita)	1	14.29
Kliëntediens-Standerd Bank	1	14.29
Werkloos	1	14.29
Eie besigheid	1	14.29
Totaal	N=7	100%

Die meeste respondentе, 85.71% (ses), is werksaam, terwyl 14.29% (een) respondent werkloos is.

4.3.2.4 Tydperk van enkelouerskap

Figuur 1: Tydperk van enkelouerskap



Figuur 1 toon aan dat 42.86% (drie) van die respondentе reeds 11 jaar lank enkelouers is. Een (14.29%) respondent is nege jaar lank 'n enkelouer; 14.29% (een) respondent

sewe jaar; 14.29% (een) respondent ses jaar en 14.29% (een) respondent is drie jaar lank 'n enkelouer. Die meeste respondente was dus reeds geruime tyd enkelouers. Van Loggerenberg & Roets (1993:111-112) het in hulle studie bevind dat die belewinge van verlies van 'n ouer by primêreskoolkinders, ongeag die tydsverloop, baie ooreengekom het. Die geringe verskille in tydperk van enkelouerskap het ook nie die navorsers se studie noemenswaardig beïnvloed nie.

4.3.2.5 Oorsaak van skeiding

Tabel 6: Oorsaak van skeiding


Oorsaak van skeiding	Frekwensie	Persentasie
Egskeiding	4	57.14
Dood	1	14.29
Vervreemding	2	28.57
Totaal	N=7	100%

Vanuit Tabel 6 is dit duidelik dat 57.14% (vier) respondente geskei is. Twee (28.57%) respondente toon aan dat hulle nooit getroud was met die biologiese pa van hulle kind nie en vervreemd geraak het van hierdie persoon. Een (14.29%) respondent is 'n enkelouer as gevolg van die dood van haar gade. Lefrancois (in Louw, *et al.* 1998:357-358) toon aan dat die grootste oorsaak van enkelouergesinne egskeiding is. McLanahan & Sandefur (1994:78) het bevind dat die oorhoofse ooreenkomste belangriker is as die verskille tussen kinders wat in verskillende tipes enkelouergesinne (wedeweeskap, egskeiding, ongehude moederskap) grootword. Hulle data lei tot die gevolgtrekking dat die omstandighede van gesinskeiding minder krities is vir die toekomstige welsyn van die kinders as die feit van die skeiding self.

4.3.3 Verhouding van kind met ma

4.3.3.1 Hoe dit vir kind is om by ma te wees voor en na gestaltgroepwerkprogram

Figuur 2: Hoe dit vir kind is om by ma te wees



Voor die implementering van die gestaltgroepwerkprogram is 85.71% (ses) van die respondent oorwegend positief daaroor om by hulle ma te wees en 14.29% (een) respondent is oorwegend negatief. **Na** die implementering van die gestaltgroepwerkprogram is die situasie dieselfde met 85.71% (ses) van die respondent wat oorwegend positief daaroor is om by hulle ma te wees en 14.29% (een) respondent wat oorwegend negatief daaroor is om by sy ma te wees. Daar moet egter in gedagte gehou word dat een van die sewe respondenten by sy pa as enkelouer woon en nie soos die res van die respondenten by sy ma nie.

4.3.3.2 Hoe dit gaan tussen kind en ma voor en na gestaltgroepwerkprogram


Voor en **na** die gestaltgroepwerkprogram is 100% (al sewe) kinderrespondente oorwegend positief oor hoe dit tussen hulle en hulle ma gaan.

Die verhouding tussen die kinderrespondente en hulle ma's blyk na aanleiding van hierdie data positief te wees. Snyman & Le Roux (1993:86-87) verduidelik emosionele kwesbaarheid waardeur die enkelouergesin onder andere gekenmerk word. Strukturele verandering of ontwrigting in die gesin veroorsaak dikwels ernstige emosionele ontwrigting. Die gesinslede is gevolglik in 'n groter mate afhanklik van mekaar vir emosionele ondersteuning.

4.3.4 Verhouding van kind met pa

4.3.4.1 Hoe dit vir kind is om by pa te wees voor en na gestaltgroepwerkprogram

Figuur 3: Hoe dit vir kind is om by pa te wees




Voor die gestaltgroepwerkprogram is 83.33% (vyf) van die respondentte oorwegend positief oor hoe dit vir hulle is om by hulle pa te wees en 16.67% (een) respondent is oorwegend negatief. **Na** die gestaltgroepwerkprogram is die situasie dieselfde. Hier moet ingedagte gehou word dat een respondent by sy pa as enkelouer woonagtig is en nie soos die res van die respondentte by sy ma nie. Slegs ses respondentte kon hierdie

vraag beantwoord, aangesien een respondent sy pa ongeveer tien jaar gelede gesien het.

4.3.4.2 Hoe dit gaan tussen kind en pa voor en na gestaltgroepwerkprogram

Figuur 4: Hoe dit gaan tussen kind en pa



Voor die gestaltgroepwerkprogram is 42.86% (drie) van die kinderrespondente oorwegend positief oor hoe dit gaan tussen hulle en hulle pa en 57.14% (vier) van die kinderrespondente is oorwegend negatief. **Na** die gestaltgroepwerkprogram is 71.43% (vyf) kinderrespondente oorwegend positief oor hoe dit gaan tussen hulle en hulle pa en slegs 28.57% (twee) kinderrespondente is oorwegend negatief.


Vanuit Van Loggerenberg & Roets (1993:112) se studie blyk dit dat die spesiale band wat tussen ‘n ouer en ‘n kind heers, baie sterk is. Baie van hulle kinderrespondente wou graag die afwesige ouer terughê, al het die ouer hulle nie geken nie of al het die ouer hulle teleurgestel en hulle baie pyn veroorsaak en al is hulle kwaad vir die ouer.

Vanuit die navorsing se studie blyk dit dat die meeste respondente daarvan hou om by hulle pa te wees al is daar nie so ‘n goeie verhouding tussen pa en kind nie. Dit blyk verder dat daar **na** die gestaltgroepwerkprogram ‘n verbetering in die verhouding tussen pa en kind by 28.57% (twee) van die respondente ingetree het.

4.3.5 Verhouding van enkelouer met kind

4.3.5.1 Hoe dit vir enkelouer is om by kind te wees voor en na gestaltgroepwerkprogram


Figuur 5: Hoe dit vir enkelouer is om by kind te wees



Voor die gestaltgroepwerkprogram toon 85.71% (ses) van die enkelouerrespondente aan dat dit vir hulle oorwegend positief is om by hulle kind te wees en 14.29% (een) enkelouer toon aan dat dit vir hom/haar oorwegend negatief is. **Na** die gestaltgroepwerkprogram toon 100% (al sewe) enkelouerrespondente aan dat dit vir hulle oorwegend positief is om by hulle kind te wees. Een van die sewe enkelouerrespondente is manlik.

4.3.5.2 Hoe dit gaan tussen enkelouer en kind voor en na gestaltgroepwerkprogram

Figuur 6: Hoe dit gaan tussen enkelouer en kind




Voor die gestaltgroepwerkprogram is 85.71% (ses) enkelouerrespondente oorwegend positief ten opsigte van hoe dit gaan tussen hulle en hulle kind en 14.29% (een) respondent is oorwegend negatief. **Na** die gestaltgroepwerkprogram is 100% (al sewe) enkelouerrespondente oorwegend positief ten opsigte van hoe dit gaan tussen hulle en hulle kind.

Vanuit die perspektief van die betrokke enkelouers, blyk dit dat daar 'n verbetering in die enkelouer-kindverhouding **na** die gestaltgroepwerkprogram vir hierdie spesifieke respondentegroep ingetree het. Van Loggerenberg & Roets (1993:111-112) toon aan dat die enkelouer dikwels nie by die kind se belewinge uitkom nie, omdat hy/sy gepreokkupeer is met sy/haar eie ongunstige belewinge. 'n Gesonde opvoedingsklimaat gekenmerk deur daardie liefde, sorg, eerlikheid, vertroue, kennis en respekte, wat so nodig is vir openhartige kommunikasie, ontbreek in hierdie gevalle. Die kind verloor dus nie bloot die afwesige ouer nie, maar ook dikwels die ondersteuning van die agterblywende ouer (Van Loggerenberg & Roets, 1993:111-112). Tydens die gestaltgroepwerkprogram van die navorsing is die enkelouers aangemoedig om meer aandag aan hulle kind te gee en na hulle kind te luister.

4.3.6 Kind se ervaring van gesinsverhoudings

4.3.6.1 Kind se ervaring van gesinsverhoudings voor en na gestaltgroepwerkprogram

Figuur 7: Kind se ervaring van gesinsverhoudings



Voor die gestaltgroepwerkprogram is dit vir 71.43% (vyf) kinderrespondente die meeste van die tyd positief om by hulle enkelouergesin te wees en vir 28.57% (twee) kinderrespondente negatief. **Na** die gestaltgroepwerkprogram is dit vir 100% (al sewe) kinderrespondente die meeste van die tyd positief om by hulle enkelouergesin te wees.

4.3.6.2 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se ervaring van gesinsverhoudings voor gestaltgroepwerkprogram

Tabel 7: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se ervaring van gesinsverhoudings voor gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Positief	Negatief	Totaal
Kinderrespondente	71.43% (5)	28.57% (2)	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	100% (7)	0%	100% (N=7)

Vanuit Tabel 7 blyk dit dat 71.43% (vyf) kinderrespondente **voor** die gestaltgroepwerkprogram oorwegend positief is oor hoe dit die meeste van die tyd vir hulle by hulle enkelouergesin is en 28.57% (twee) kinderrespondente oorwegend negatief is oor hoe dit vir hulle by hulle enkelouergesin is.

Al sewe (100%) enkelouerrespondente is **voor** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat dit vir hulle kind die meeste van die tyd positief is om in hulle gesin te wees. Die gegewens van die kinderrespondente duï egter daarop dat dit wel vir 28.57% (twee) kinderrespondente oorwegend negatief is by hulle enkelouergesin. Vanuit hierdie gegewens kan die afleiding gemaak word dat die enkelouers nie altyd in kontak met hulle kinders se gevoelens blyk te wees nie. (Vergelyk 4.3.4.2)

4.3.6.3 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se ervaring van gesinsverhoudings na gestaltgroepwerkprogram

Tabel 8: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se ervaring van gesinsverhoudings na gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Positief	Negatief	Totaal
Kinderrespondente	100% (7)	0%	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	100% (7)	0%	100% (N=7)

Al sewe (100%) kinderrespondente en 100% (al sewe) enkelouerrespondente is **na** die gestaltgroepwerkprogram positief oor hoe dit die meeste van die tyd vir die kinders in hulle enkelouergesinne is. **Na** die implementering van die gestaltgroepwerkprogram, blyk dit dat die response van die ouers en kinders meer met mekaar ooreenstem as **voor** die implementering van die gestaltgroepwerkprogram. Dit is vir 28.57% (twee) kinderrespondente **na** die gestaltgroepwerkprogram beter om in hulle enkelouergesinne te wees.

4.3.7 Kind se emosionele ervaring van verlies van biologiese ouer

4.3.7.1 Kind se emosionele ervaring van verlies van biologiese ouer voor en na gestaltgroepwerkprogram

Al sewe (100%) kinderrespondente voel **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram oorwegend positief oor die feit dat hulle ma of pa nie meer by hulle is nie. Positiewe gevoelens sluit in: dit pla hom nie; voel verlig; en voel bly. Negatiewe gevoelens sluit in: deurmekaar; kwaad; bang; minderwaardig; eensaam; hartseer; dit is sy skuld; en gevoel dat sy ouer(s) hom nie meer liefhet nie.

Hierdie bevindinge is in teenstelling met die bevindinge van Van Loggerenberg & Roets (1993:111-112) wat meen dat die verlies van 'n ouer vir die kind 'n ongunstige belewenis is. Die volgende belewinge van die kind na die verlies van 'n ouer word onder anderdeur Van Loggerenberg & Roets (1993:112-114) uiteengesit: skuldgevoelens; woede; verwarring; vrees; belewing van ontoereikendheid; belewing van verlies; en smart en depressie.

4.3.7.2 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se emosionele ervaring van verlies van biologiese ouer voor gestaltgroepwerkprogram

Tabel 9: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se ervaring van verlies van ouer voor gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Positief	Negatief	Totaal
Kinderrespondente	100% (7)	0%	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	85.71% (6)	14.29% (1)	100% (N=7)

Vanuit Tabel 9 blyk dit dat 100% (al sewe) kinderrespondente **voor** die implementering van die gestaltgroepwerkprogram oorwegend positief daaroor voel dat hulle een ouer nie meer by hulle is nie.

Voor die implementering van die gestaltgroepwerkprogram is 85.71% (ses) enkelouerrespondente van mening dat hulle kinders oorwegend positief daaroor voel dat hulle een ouer nie meer by hulle is nie. Een (14.29%) enkelouerrespondent is **voor** die program van mening dat sy/haar kind negatief daaroor voel dat sy een ouer nie meer by hulle is nie.

Dit blyk vanuit hierdie bevindinge dat die enkelouers in hierdie spesifieke respondentegroep in 'n groot mate in kontak is met hulle kinders se emosionele ervarings van die verlies van die ander ouer.


4.3.7.3 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se emosionele ervaring van verlies van biologiese ouer na gestaltgroepwerkprogram

Na die implementering van die gestaltgroepwerkprogram is 100% (al sewe) kinderrespondente en 100% (al sewe) enkelouerrespondente van mening dat die kinders oorwegend positief daaroor voel dat die ander ouer nie meer by hulle is nie. (Vergelyk 4.3.6.2)

4.3.8 Verlange na afwesige ouer en/of familie van afwesige ouer

4.3.8.1 Kind se verlange na afwesige ouer en/of familie van afwesige ouer voor en na gestaltgroepwerkprogram

Figuur 8: Kind se verlange na afwesige ouer en/of familie van afwesige ouer



Voor die gestaltgroepwerkprogram toon 57.14% (vier) kinderrespondente aan dat hulle **soms** die afwesige ouer mis en/of verlang na die familie van die afwesige ouer en 42.86% (drie) kinderrespondente toon aan dat hulle **altyd** die afwesige ouer mis en/of verlang na die familie van die afwesige ouer. Geen van die kinderrespondente toon **voor** die gestaltgroepwerkprogram aan dat hulle **nooit** die afwesige ouer mis en/of verlang na die familie van die afwesige ouer nie. **Na** die gestaltgroepwerkprogram toon 57.14% (vier) kinderrespondente weer aan dat hulle **soms** die afwesige ouer mis en/of verlang na sy/haar familie en 42.86% (drie) respondenten toon aan dat dit altyd die geval is. Geen van die kinderrespondente toon **na** die gestaltgroepwerkprogram aan dat hulle **nooit** die afwesige ouer mis en/of verlang na die familie van die afwesige ouer nie.

4.3.8.2 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se verlange na afwesige ouer en/of familie van afwesige ouer voor gestaltgroepwerkprogram

Tabel 10: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se verlange na afwesige ouer en/of familie van afwesige ouer voor gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Nooit	Soms	Altyd	Totaal
Kinderrespondente	0%	57.14% (4)	42.86% (3)	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	28.57% (2)	71.43% (5)	0%	100% (N=7)

Voor die gestaltgroepwerkprogram toon 57.14% (vier) kinderrespondente aan dat hulle **soms** die afwesige ouer mis en/of verlang na die familie van die afwesige ouer en 42.86% (drie) kinderrespondente toon aan dat dit **altyd** die geval is. Van die enkelouerrespondente is 28.57% (twee) **voor** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle kind **nooit** die afwesige ouer mis en/of verlang na die familie van die afwesige ouer nie en 71.43% (vyf) enkelouerrespondente is van mening dat hulle kind **soms** die afwesige ouer mis en/of verlang na die familie van die afwesige ouer.

Die afleiding kan na aanleiding van die gegewens gemaak word dat die enkelouerrespondente nie heeltemal in kontak met hulle kinders se gevoelens ten opsigte van die afwesige ouer en/of die familie van die afwesige ouer is nie.

4.3.8.3 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se verlange na afwesige ouer en/of familie van afwesige ouer na gestaltgroepwerkprogram

Na die gestaltgroepwerkprogram toon 57.14% (vier) kinderrespondente steeds aan dat hulle **soms** die afwesige ouer mis en/of verlang na die familie van die afwesige ouer en 42.86% (drie) kinderrespondente toon steeds aan dat dit **altyd** die geval is. Van die enkelouerrespondente, toon 28.57% (twee) steeds **na** die gestaltgroepwerkprogram aan dat hulle kind **nooit** die afwesige ouer mis en/of verlang na die familie van die

afwesige ouer nie en 71.43% (vyf) enkelouerrespondente toon aan dat dit **soms** die geval is. Die situasie is dus **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram vir beide respondentegroepe dieselfde. (Vergelyk 4.3.7.2.)


Na aanleiding van bogenoemde blyk dit dat die enkelouers in hierdie opsig nie altyd in kontak is met hulle kinders se gevoelens nie. Dit kom voor of hulle die gevoel van verlange na die afwesige ouer en/of sy/haar familie by hulle kinders onderskat. Die moontlikheid bestaan dat die enkelouers hulle eie gevoelens ten opsigte van hulle gewese maats op hulle kinders oordra.

Volgens Van Loggerenberg & Roets (1993:112-114) is een van die groot probleme van enkelouerskap die afwesigheid van 'n identifikasiefiguur van die afwesige ouer se geslag. Die ouer moet poog om die kind betrokke te kry by 'n volwassene van sy/haar eie geslag en poog om optredes van die kind wat kenmerkend is van sy/haar geslag te versterk deur dit met goedkeuring te beloon (Van Loggerenberg & Roets, 1993:112-114). Die enkelouerrespondente is tydens die gestaltgroepwerkprogram aangemoedig om hulle kinders betrokke te kry by 'n identifikasiefiguur van die kind se eie geslag. Een kinderrespondent is wel woonagtig by sy pa as enkelouer.

4.3.9 Toepassing van beheer by enkelouer

4.3.9.1 Kind se persepsie van beheer van enkelouer voor en na gestaltgroepwerkprogram

Figuur 9: Kind se persepsie van beheer van enkelouer



Vanuit Figuur 9 blyk dit dat 85.71% (ses) kinderrespondente **voor** die gestaltgroepwerkprogram van mening is dat hulle enkelouers **soms** weet waar hulle is en/of wat hulle doen en 14.29% (een) kinderrespondent van mening is dat sy enkelouer **altyd** weet waar hy is en/of wat hy doen. **Na** die gestaltgroepwerkprogram is 71.43% (vyf) kinderrespondente van mening dat hulle enkelouer **soms** weet waar hulle is en/of wat hulle doen en 28.57% (twee) kinderrespondente is van mening dat hulle enkelouer **altyd** weet waar hulle is en/of wat hulle doen. Een kinderrespondent ervaar dus **na** die gestaltgroepwerkprogram dat sy enkelouer 'n groter mate van beheer oor sy doen en late toepas. Geen kinderrespondente toon **voor** of **na** die gestaltgroepwerkprogram aan dat hulle enkelouer **noot** weet waar hulle is en/of wat hulle doen nie.

4.3.9.2 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van beheer van enkelouer **voor** gestaltgroepwerkprogram

Tabel 11: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van beheer van enkelouer voor gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Nooit	Soms	Altyd	Totaal
Kinderrespondente	0%	85.71% (6)	14.29% (1)	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	0%	42.86% (3)	57.14% (4)	100% (N=7)

Voor die gestaltgroepwerkprogram is 85.71% (ses) kinderrespondente van mening dat hulle enkelouer **soms** weet waar hulle is en/of wat hulle doen en 14.29% (een) kinderrespondent is van mening dat dit **altyd** die geval is. Van die enkelouerrespondente, toon 42.86% (drie) **voor** die gestaltgroepwerkprogram aan dat hulle **soms** weet waar hulle kind is en/of wat hy doen en 57.14% (vier) enkelouerrespondente is van mening dat hulle **altyd** weet waar hulle kind is en/of wat hy doen. Geen kinder- of enkelouerrespondente toon **voor** die gestaltgroepwerkprogram aan dat die enkelouers **nooit** weet waar hulle kind is en/of wat hy doen nie. Na aanleiding van hierdie gegewens blyk dit dat die kinders se belewenis van die beheer van hulle ouers verskil van die enkelouer se belewenis. Dit blyk dat die kinderrespondente minder beheer van hulle enkelouers ervaar as wat die enkelouerrespondente meen hulle op hulle kinders toepas.

4.3.9.3 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van beheer van enkelouer **na** gestaltgroepwerkprogram

Tabel 12: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van beheer van enkelouer na gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Nooit	Soms	Altyd	Totaal
Kinderrespondente	0%	71.43% (5)	28.57% (2)	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	0%	71.43% (5)	28.57% (2)	100% (N=7)


Vanuit Tabel 12 blyk dit dat 71.43% (vyf) kinderrespondente **na** die gestaltgroepwerkprogram van mening is dat hulle enkelouers **soms** weet waar hulle is en/of wat hulle doen en 28.57% (twee) kinderrespondente van mening is dat dit **altyd** die geval is. **Na** die gestaltgroepwerkprogram is 71.43% (vyf) enkelouerrespondente van mening dat hulle **soms** weet waar hulle kind is en/of wat hy doen en 28.57% (twee) enkelouerrespondente is van mening dat dit **altyd** die geval is. **Na** die gestaltgroepwerkprogram stem die persepsies van die kinderrespondente en die enkelouerrespondente met mekaar ooreen. Dit blyk dat die enkelouerrespondente **na** die gestaltgroepwerkprogram meer realisties is oor die beheer wat hulle op hulle kinders toepas as **voor** die gestaltgroepwerkprogram.

Volgens Snyman & Le Roux (1993:86-87) is die enkelouergesin geheel en al afhanklik van een persoon vir sy ekonomiese instandhouding. Die enkelouer het gevvolglik dikwels minder tyd om beheer oor sy/haar kind uit te oefen, aangesien hy/sy nou die enigste broodwinner is.

4.3.10 Aandag van enkelouer teenoor kind

4.3.10.1 Kind se persepsie van aandag van enkelouer voor en na gestaltgroepwerkprogram

Figuur 10: Kind se persepsie van aandag van enkelouer



Na aanleiding van Figuur 10 blyk dit dat 14.29% (een) kinderrespondent **voor** die gestaltgroepwerkprogram van mening is dat sy enkelouer hom **nooit** help met sy huiswerk en/of **nooit** saam met hom speel nie en 85.71% (ses) kinderrespondente van mening is dat hulle enkelouers hulle **soms** help met hulle huiswerk en/of nie te besig is om saam met hulle te speel nie. **Na** die gestaltgroepwerkprogram is geen kinderrespondente van mening dat hulle enkelouers hulle **nooit** help met hulle huiswerk en/of **nooit** saam met hulle speel nie; 85.71% (ses) kinderrespondente is van mening dat hulle enkelouers hulle **soms** help met hulle huiswerk en/of nie te besig is om saam met hulle te speel nie en 14.29% (een) kinderrespondent toon aan dat sy enkelouer hom **altyd** help met sy huiswerk en/of nie te besig is om saam met hom te speel nie.

4.3.10.2 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van aandag van enkelouer teenoor kind voor gestaltgroepwerkprogram

Tabel 13: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van aandag van enkelouer teenoor kind voor gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Nooit	Soms	Altyd	Totaal
Kinderrespondente	14.29% (1)	85.71% (6)	0%	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	14.29% (1)	71.43% (5)	14.29% (1)	100% (N=7)

Een (14.29%) kinderrespondent is **voor** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat sy enkelouer hom **nooit** help met sy huiswerk en/of nie te besig is om saam met hom te speel nie, terwyl 85.71% (ses) kinderrespondente van mening is dat hulle enkelouer hulle **soms** help met hulle huiswerk en/of nie te besig is om saam met hulle te speel nie. Een (14.29%) enkelouerrespondent toon **voor** die gestaltgroepwerkprogram aan dat hy/sy **nooit** sy/haar kind help met sy huiswerk en/of nie te besig is om saam met hom te speel nie, terwyl 71.43% (vyf) enkelouerrespondente aantoon dat hulle **soms** hulle kinders help met hulle huiswerk en/of nie te besig is om saam met hulle te speel nie. Een (14.29%) enkelouerrespondent toon wel aan dat hy/sy **altyd** sy/haar kind

help met huiswerk en saam met hom speel. Die reponse van die enkelouers en die kinders blyk in hierdie opsig in ‘n groot mate met mekaar ooreen te stem.

4.3.10.3 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van aandag van enkelouer teenoor kind na gestaltgroepwerkprogram

Tabel 14: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van aandag van enkelouer teenoor kind na gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Nooit	Soms	Altyd	Totaal
Kinderrespondente	0%	85.71% (6)	14.29% (1)	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	0%	100% (7)	0%	100% (N=7)


Na die gestaltgroepwerkprogram is 85.71% (ses) kinderrespondente van mening dat hulle enkelouers hulle **soms** help met hulle huiswerk en/of nie te besig is om saam met hulle te speel nie, terwyl 14.29% (een) kinderrespondent van mening is dat dit **altyd** die geval is. Al sewe (100%) enkelouerrespondente is **na** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle **soms** hulle kinders help met hulle huiswerk en/of nie te besig is om saam met hulle te speel nie. Die response tussen die enkelouers en kinders stem na die gestaltgroepwerkprogram steeds in ‘n groot mate ooreen. Die “**noot**”-respons val ook na die program weg.

Enkelouers het nie altyd die tyd om soos voor hulle enkelouerskap aandag aan hulle kind te gee nie. Snyman & Le Roux (1993:86-87) verduidelik dat enkelouerskap ook onvermydelik beskadigde opvoeding en veranderde gesinsverhoudings impliseer wat mag bydra tot opvoedkundige belemmering. Enkelouers het dus dikwels vanweë ekonomiese en ander huishoudelike verpligte nie meer die tyd om hulle kinders te help met huiswerk of saam met hulle te speel nie. Volgens Van Loggerenberg & Roets (1993:111-112) verloor die enkelouerkind nie bloot die afwesige ouer nie, maar ook dikwels die ondersteuning van die agterblywende ouer. Die rede hiervoor is dat die oorblywende ouer dikwels gepreokkupeer is met sy/haar eie ongunstige belewinge na die verlies van ‘n huweliksmaat (Van Loggerenberg & Roets, 1993:111-112).

4.3.11 Skuldgevoel rondom verlies van ouer

4.3.11.1 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van skuldgevoel by kind rondom verlies van ouer voor en na gestaltgroepwerkprogram

Figuur 11: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van skuldgevoel by kind rondom verlies van ouer voor en na gestaltgroepwerkprogram



Na aanleiding van Figuur 11, blyk dit dat 85.71% (ses) kinderrespondente **voor** die gestaltgroepwerkprogram **nooit** voel dat dit hulle skuld is dat hulle een ouer nie meer by hulle is nie, terwyl 14.29% (een) kinderrespondent **soms** voel dat dit sy skuld is. Geen kinderrespondente het gevoel dat dit **altyd** hulle skuld is dat hulle een ouer nie meer by hulle is nie. Al sewe (100%) enkelouerrespondente is **voor** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle kind **nooit** voel dat dit sy skuld is dat sy ander ouer nie meer by hulle is nie. Geen response van die enkelouerrespondente is ten opsigte van die kategorieë **soms** en **altyd** bekom nie.

Na die gestaltgroepwerkprogram voel 71.43% (vyf) kinderrespondente **nooit** dat dit hulle skuld is dat hulle ander ouer nie meer by hulle is nie en 28.57% (twee) kinderrespondente voel **soms** dat dit hulle skuld is. Geen kinderrespondente voel **altyd** dat dit hulle skuld is nie. Al sewe (100%) enkelouerrespondente is steeds **na** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle kind **nooit** voel dat dit sy skuld is dat

sy ander ouer nie meer by hulle is nie. Geen response van die enkelouerrespondente is ten opsigte van die kategorieë **soms** en **altyd** bekom nie.

Van Loggerenberg & Roets (1993:112-114) toon aan dat die kind verseker moet word dat sy/haar teenwoordigheid in die gesin en sy/haar negatiewe optredes en gevoelens teenoor die afwesige ouer normaal was en dat dit nie die dood of die egskeiding kon veroorsaak het nie. Tydens die gestaltgroepwerkprogram is die feit beklemtoon dat die kinderrespondente onskuldig is. Ten spyte hiervan het een kinderrespondent na die gestaltgroepwerkprogram erken dat hy soms voel dat dit sy skuld is dat die ander ouer nie meer by hulle is nie. Dit kan moontlik toegeskryf word daaraan dat **eerlikheid** tydens die gestaltgroepwerkprogram beklemtoon is.

4.3.12 Kind se gevoel oor nuwe vriend/vriendin van enkelouer

4.3.12.1 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se gevoel oor nuwe vriend/vriendin van enkelouer voor en na gestaltgroepwerkprogram

Tabel 15: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se gevoel oor nuwe vriend/vriendin van enkelouer voor en na gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Hou nooit van	Hou soms van	Hou altyd Van	Totaal
Kinderrespondente (voor)	0%	20% (1)	80% (4)	100% (N=5)
Enkelouerrespondente (voor)	40% (2)	20% (1)	40% (2)	100% (N=5)
Kinderrespondente (na)	25% (1)	0%	75% (3)	100% (N=4)
Enkelouerrespondente (na)	25% (1)	25% (1)	50% (2)	100% (N=4)

Voor die gestaltgroepwerkprogram blyk dit dat 80% (vier) uit die vyf kinderrespondente wat hierdie vraag beantwoord het, **altyd** van hulle enkelouer se nuwe vriend/vriendin hou, terwyl 20% (een) kinderrespondent **soms** van hulle enkelouer se nuwe vriend/vriendin hou. Uit die vyf enkelouerrespondente, toon 40% (twee) **voor** die gestaltgroepwerkprogram aan dat hulle kind **altyd** van hulle nuwe vriend/vriendin hou, terwyl 20% (een) aantoon dat dit **soms** die geval is en 40% (twee) enkelouerrespondente aantoon dat hulle kind **nooit** van hulle nuwe vriend/vriendin hou nie. Twee respondente by die kinder- en die ouergroep het nie die vraag beantwoord nie, omdat die vraag **voor** die gestaltgroepwerkprogram nie op die betrokke enkelouers van toepassing was nie. Die enkelouer- en kindresponse verskil egter van mekaar. Die rede vir die verskil tussen die ouer- en kindresponse **voor** die gestaltgroepwerkprogram lê moontlik daarin dat die kinders hulle ouers wil tevrede stel en hulle nie wil ontstel nie.

Na die gestaltgroepwerkprogram toon 75% (drie) van die vier kinderrespondente wat die vraag beantwoord het, aan dat hulle **altyd** van hulle enkelouer se nuwe vriend/vriendin hou en 25% (een) kinderrespondent toon aan dat hy **nooit** van sy enkelouer se nuwe vriend/vriendin hou nie. Van die vier enkelouerrespondente wat die vraag beantwoord het, toon 50% (twee) **na** die gestaltgroepwerkprogram aan dat hulle kind **altyd** van hulle nuwe vriend/vriendin hou, terwyl 25% (een) respondent aantoon dat dit **soms** die geval is en 25% (een) enkelouerrespondent aantoon dat sy/haar kind **nooit** van sy/haar nuwe vriend/vriendin hou nie. Drie respondente by die kinder- en die ouergroep het **na** die gestaltgroepwerkprogram nie die vraag beantwoord nie, omdat die vraag nie op die betrokke enkelouers van toepassing was nie. Die respondentegetal verskil dus **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram, omdat hierdie vraag **na** die gestaltgroepwerkprogram op minder respondente van toepassing was as **voor** die gestaltgroepwerkprogram.

Volgens Price (1991:205) is dit vir enkelouerkinders moeilik om te aanvaar dat hulle ouer uitgaan met 'n ander vriend(in). Vanuit die navorser se data blyk dit egter dat die meeste kinderrespondente wie se enkelouers 'n vriend/vriendin het, hou van laasgenoemde persoon. Hierdie verskil kan moontlik daaraan toegeskryf word dat 'n vriend(in) in baie gevalle 'n bydrae tot die finansiële en emosionele sekuriteit van die enkelouergesin in 'n middestad konteks kan lewer.

4.3.13 Kontak met familie van afwesige ouer

4.3.13.1 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kontak met familie van afwesige ouer voor en na gestaltgroepwerkprogram

Tabel 16: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kontak met familie van afwesige ouer voor en na gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Nooit	Soms	Altyd	Totaal
Kinderrespondente (voor)	16.67% (1)	50% (3)	33.33% (2)	100% (N=6)
Enkelouerrespondente (voor)	50% (3)	50% (3)	0%	100% (N=6)
Kinderrespondente (na)	14.29% (1)	42.86% (3)	42.86% (3)	100% (N=7)
Enkelouerrespondente (na)	71.43% (5)	28.57% (2)	0%	100% (N=7)

Voor die gestaltgroepwerkprogram toon 33.33% (twee) kinderrespondente uit die ses wat die vraag beantwoord het, aan dat hulle nog **altyd** by die familie van die afwesige ouer kuier; 50% (drie) kinderrespondente toon aan dat hulle dit **soms** doen en 16.67% (een) kinderrespondent toon aan dat hulle **nooit** by die familie van die afwesige ouer kuier nie. Uit die ses enkelouerrespondente, toon drie (50%) **voor** die gestaltgroepwerkprogram aan dat hulle **soms** nog by die familie van sy/haar gewese eggenoot/e kuier en 50% (drie) enkelouerrespondente toon aan dat hulle dit **nooit** doen nie.

Na die gestaltgroepwerkprogram toon 42.86% (drie) kinderrespondente uit die sewe wat die vraag beantwoord het, aan dat hulle nog **altyd** by die familie van die afwesige ouer kuier; 42.86% (drie) kinderrespondente toon aan dat hulle dit **soms** doen en 14.29% (een) kinderrespondent toon aan dat hulle **nooit** by die familie van die afwesige ouer kuier nie. Uit die sewe enkelouerrespondente, toon 28.57% (twee) **na**


die gestaltgroepwerkprogram aan dat hulle **soms** nog by die familie van sy/haar gewese eggenoot/e kuier en 71.43% (vyf) enkelouerrespondente toon aan dat hulle dit **nooit** doen nie. Die respondentegetal verskil **voor** en na die gestaltgroepwerkprogram, aangesien een enkelouer-kindpaar hierdie vraag **voor** die gestaltgroepwerkprogram as nie van toepassing op hulle situasie beskou het, omdat hulle geen kontak met die familie van die afwesige ouer **voor** die program gehad het nie. Vanuit hierdie bevindings blyk dit dat een kinderrespondent nou meer by die familie van die afwesige ouer kuier as wat **voor** die program die geval was. Die enkelouers blyk egter minder by die familie van hulle gewese eggenoot/e te kuier as wat **voor** die program die geval was. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die kinderrespondente moontlik meer op hulle eie by die afwesige ouer se familie gaan kuier as die enkelouer self.

Volgens van Loggerenberg & Roets (1993:112-114) moet verwarring in die geval van egskeiding voorkom word deur die kind te verseker dat beide sy/haar ouers nog vir hom/haar lief is en dat hy/sy nog vir albei kan lief wees en nie nodig het om 'n keuse tussen hulle te maak nie. Die kind moet ook weet dat hy/sy nog by beide ouers welkom is, ten einde onnodige vrees te voorkom (Van Loggerenberg & Roets, 1993:112-114). Die kind moet toegelaat word om ook by die familie van die afwesige ouer te gaan kuier, sodat hy/sy kan voel dat hy/sy nog deel is van die afwesige ouer se lewe. Dit kan onnodige gevoelens van verwerping by die enkelouerkind voorkom.

4.3.14 Vrees dat oorblywende ouer iets sal oorkom

4.3.14.1 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vrees dat oorblywende ouer iets sal oorkom, voor en na gestaltgroepwerkprogram

Figuur 12: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vrees dat oorblywende ouer iets sal oorkom, voor en na program



Vanuit Figuur 12 blyk dit dat 57.14% (vier) kinderrespondente voor die gestaltgroepwerkprogram **altyd** bang is hulle enkelouer kom iets oor; 28.57% (twee) kinderrespondente is **soms** bang hulle enkelouer kom iets oor en 14.29% (een) kinderrespondent is **nooit** bang dat sy enkelouer iets oorkom nie. Van die enkelouerrespondente is 71.43% (vyf) voor die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle kind **soms** bang is hy/sy (enkelouer) kom iets oor en 28.57% (twee) enkelouerrespondente is van mening dat hulle kind **altyd** bang is hulle enkelouer kom iets oor.

Na die gestaltgroepwerkprogram is 42.86% (drie) kinderrespondente **altyd** bang hulle enkelouer kom iets oor; 42.86% (drie) kinderrespondente is **soms** bang daarvoor en 14.29% (een) kinderrespondent is **nooit** bang dat sy enkelouer iets sal oorkom nie. Van die enkelouerrespondente is 71.43% (vyf) **na** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle kind **altyd** bang is hulle (enkelouers) kom iets oor. Een (14.29%) enkelouerrespondent is van mening dat sy/haar kind **soms** bang is en 14.29% (een)


enkelouerresponent is van mening dat sy/haar kind **nooit** bang is dat sy enkelouer iets oorkom nie. Dit blyk vanuit die gegewens dat een kinderresponent **na** die gestaltgroepwerkprogram minder bang is as **voor** die program. Die enkelouerrespondente blyk ook meer in kontak te wees met hulle kinders se gevoel van vrees **na** die program as wat **voor** die program die geval was.

Die studie van Van Loggerenberg & Roets (1993:111-112) met laerskoolkinders wat ouers as gevolg van dood of egskeiding verloor het, toon aan dat die kind vrees dat hy/sy die oorblywende ouer, of sy/haar sorg of liefde ook kan verloor. Dit gebeur moontlik, omdat die kind se gevoel van sekuriteit geskud is of weens die veranderinge wat in die ouer na die gebeure ingetree het (Van Loggerenberg & Roets, 1993:111-112). Die feit dat die respondente in 'n middestadomgewing woonagtig is/was mag addisioneel bydra tot die kinderrespondente se vrees dat hulle die oorblywende ouer ook sal verloor of dat hy/sy iets sal oorkom. McLoyd (in Black & Krishnakumar, 1998:637) toon aan dat die rassesegregasie, misdaad, beperkte hulpbronne en geweld wat algemeen is onder baie lae inkomste, stedelike gemeenskappe die vermoë van gesinne om hulself en hulle kinders te beskerm, verhinder. Die enkelouerkind in 'n middestad konteks word dus met 'n meer problematiese lewensituasie gekonfronteer as die enkelouerkind wat in 'n ekonomies meer gegoede woonbuurt grootword.

4.3.15 Finansiële situasie in enkelouergesin

4.3.15.1 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van finansiële situasie in enkelouergesin voor en na gestaltgroepwerkprogram

Figuur 13: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van finansiële situasie in enkelouergesin voor en na gestaltgroepwerkprogram



Voor die gestaltgroepwerkprogram is 71.43% (vyf) kinderrespondente van mening dat hulle **soms** min geld in die huis het en 28.57% (twee) kinderrespondente is van mening dat hulle **nooit** min geld in die huis het nie. Geen kinderrespondente is van mening dat hulle **altyd** min geld in die huis het nie. Van die enkelouerrespondente is 71.43% (vyf) **voor** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle **soms** min geld in die huis het en 28.57% (twee) enkelouerrespondente is van mening dat hulle **altyd** min geld in die huis het. Geen enkelouerrespondente toon aan dat hulle **nooit** min geld in die huis het nie. Hieruit blyk dit dat die enkelouers **voor** die gestaltgroepwerkprogram meer bekommert is oor die finansiële situasie in die gesin as wat by hulle kinders die geval is.

Na die gestaltgroepwerkprogram is 85.71% (ses) kinderrespondente van mening dat hulle **soms** min geld in die huis het en 14.29% (een) kinderrespondent is van mening dat hulle **nooit** min geld in die huis het nie. Geen kinderrespondente is van mening dat hulle **altyd** min geld in die huis het nie. Van die enkelouerrespondente is 85.71% (ses)


na die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle **soms** min geld in die huis het en een (14.29%) enkelouerrespondent is van mening dat hulle **altyd** min geld in die huis het. Geen enkelouerrespondente toon aan dat hulle **nooit** min geld in die huis het nie. Dit blyk dat een kinderrespondent **na** die gestaltgroepwerkprogram meer realisties is oor die finansiële situasie in die gesin as **voor** die program. Die response van die ouer- en kinderrespondente stem ook **na** die gestaltgroepwerkprogram in 'n groter mate met mekaar ooreen as **voor** die program.

Snyman & Le Roux (1993:86-87) toon aan dat die enkelouergesin geheel en al afhanklik is van een persoon vir sy ekonomiese instandhouding. Indien die stygende lewenskoste en inflasie in ag geneem word, ervaar enkelouers dikwels 'n verlies aan ekonomiese sekuriteit. Dit plaas die enkelouergesin in 'n ekonomies kwesbare posisie (Vergelyk Louw, *et al.* 1990:375; McLanahan & Sandefur, 1994:25-26 en Simons & Associates, 1996:142.)

4.3.16 Vrees by enkelouer vandat hy/sy alleen saam met kind(ers) bly

4.3.16.1 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van vrees by enkelouer vandat hy/sy alleen saam met kind(ers) woon, voor en na gestaltgroepwerkprogram

Figuur 14: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van vrees by enkelouer vandat hy/sy alleen saam met kind(ers) woon, voor en na gestaltgroepwerkprogram




Voor die gestaltgroepwerkprogram is 71.43% (vyf) kinderrespondente van mening dat hulle enkelouer **nooit** bang voel vandat hulle alleen bly nie. Een (14.29%) kinderrespondent is van mening dat sy enkelouer **soms** bang voel en 14.29% (een) kinderrespondent toon aan dat sy enkelouer **altyd** bang voel. Van die enkelouerrespondente, toon 71.43% (vyf) **voor** die gestaltgroepwerkprogram aan dat hulle **nooit** bang voel vandat hulle alleen saam met hulle kind(ers) bly nie en 28.57% (twee) enkelouerrespondente toon aan dat hulle **soms** bang voel. Geen enkelouerrespondente toon **voor** die gestaltgroepwerkprogram aan dat hulle **altyd** bang voel nie. Die response van die kinder- en ouerrespondente stem **voor** die gestaltgroepwerkprogram in 'n groot mate ooreen.

Na die gestaltgroepwerkprogram is 57.14% (vier) kinderrespondente van mening dat hulle enkelouers **nooit** bang voel vandat hulle alleen bly nie en 42.86% (drie) kinderrespondente is van mening dat hulle enkelouers **soms** bang voel. Geen kinderrespondente toon **na** die gestaltgroepwerkprogram aan dat hulle enkelouers **altyd** bang voel nie. Van die enkelouerrespondente, toon 85.71% (ses) na die gestaltgroepwerkprogram aan dat hulle **nooit** bang voel vandat hulle alleen saam met hulle kind(ers) bly nie en 14.29% (een) enkelouerrespondent toon aan dat hulle **soms** bang voel. Geen enkelouerrespondente toon **na** die gestaltgroepwerkprogram aan dat hulle **altyd** bang voel nie. Vanuit die gegewens blyk dit dat die kinderrespondente hulle enkelouers as banger beskou as wat die enkelouers self voel hulle is. Die moontlikheid bestaan dat die kinderrespondente bekommerd is oor hulle enkelouers. Een enkelouerrespondent blyk **na** die gestaltgroepwerkprogram minder bang te wees as **voor** die gestaltgroepwerkprogram. Die kinderrespondente se persepsies bly in hierdie opsig **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram in 'n groot mate dieselfde.

4.3.17 Vrees by kind vandat hy alleen saam met net een van sy ouers bly

4.3.17.1 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van vrees by kind vandat hy saam met net een van sy ouers bly

Figuur 15: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van vrees by kind vandat hy saam met net een van sy ouers bly voor en na gestaltgroepwerprogram



Voor die gestaltgroepwerkprogram toon 85.71% (ses) kinderrespondente aan dat hulle **nooit** bang voel vandat hulle saam met net een ouer bly nie en 14.29% (een) kinderrespondent toon aan dat hy **soms** bang voel. Geen kinderrespondente toon **voor** die gestaltgroepwerkprogram aan dat hulle **altyd** bang voel vandat hulle saam met net een ouer bly nie. Van die enkelouerrespondente is 85.71% (ses) voor die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle kind **nooit** bang voel vandat hy saam met net een ouer bly nie en 14.29% (een) enkelouerrespondent is van mening dat sy/haar kind **soms** bang voel. Geen enkelouerrespondente toon **voor** die gestaltgroepwerkprogram aan dat hulle kind **altyd** bang voel nie. Die response van die kinder- en ouerrespondente stem **voor** die gestaltgroepwerkprogram grootliks met mekaar ooreen.


Na die gestaltgroepwerkprogram toon 71.43% (vyf) kinderrespondente aan dat hulle **nooit** bang voel vandat hulle saam met net een van hulle ouers bly nie en 28.57% (twee) kinderrespondente toon aan dat hulle **soms** bang voel. Geen kinderrespondente

toon **na** die gestaltgroepwerkprogram aan dat hulle **altyd** bang voel nie. Al sewe (100%) enkelouerrespondente is **na** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle kind **nooit** bang is vandat hy saam met net een van sy ouers bly nie. Die enkelouerrespondente is **na** die gestaltgroepwerkprogram meer optimisties oor hulle kinders se vrese as die kinders self. Een kinderrespondent blyk **na** die program 'n bietjie meer bang te wees om net saam met een van sy ouers te bly as **voor** die program. Die enkelouerrespondente blyk in hierdie opsig minder in kontak met hulle kinders se gevoelens te wees as **voor** die gestaltgroepwerkprogram. Die moontlikheid bestaan dat die enkelouers wil hê hulle kinders moet **na** die program nooit bang voel nie.

4.3.18 Vlak van emosionele funksionering by kinderrespondente

4.3.18.1 Vlak van emosionele funksionering by kinderrespondente voor en na gestaltgroepwerkprogram

Figuur 16: Vlak van emosionele funksionering by kinderrespondente



Voor die gestaltgroepwerkprogram handhaaf 71.43% (vyf) kinderrespondente oorwegend 'n positiewe vlak van emosionele funksionering en 28.57% (twee) kinderrespondente handhaaf oorwegend 'n negatiewe vlak van emosionele funksionering. **Na** die gestaltgroepwerkprogram handhaaf 100% (al sewe) kinderrespondente oorwegend 'n positiewe vlak van emosionele funksionering. Hierdie verskil in emosionele funksionering **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram

is volgens die Wilcoxon toets statisties betekenisvol vir hierdie spesifieke respondentegroep met 'n p-waarde van 0.0156. Indien die p-waarde <0.05 is die verskil tussen voor en na die program statisties betekenisvol. (Sien vraag 10 in Bylae 1 (vraelys vir kinders)).

4.3.18.2 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van emosionele funksionering voor gestaltgroepwerkprogram

Tabel 17: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van emosionele funksionering voor gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Positief	Negatief	Totaal
Kinderrespondente	71.43% (5)	28.57% (2)	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	85.71% (6)	14.29% (1)	100% (N=7)

Voor die gestaltgroepwerkprogram handhaaf 71.43% (vyf) kinderrespondente oorwegend 'n positiewe vlak van emosionele funksionering, terwyl 28.57% (twee) respondente oorwegend 'n negatiewe vlak van emosionele funksionering handhaaf.

Voor die gestaltgroepwerkprogram is 85.71% (ses) enkelouerrespondente van mening dat hulle kind oorwegend 'n positiewe vlak van emosionele funksionering handhaaf, terwyl 14.29% (een) enkelouerrespondent van mening is dat sy/haar kind oorwegend 'n negatiewe vlak van emosionele funksionering handhaaf. (Sien vraag 10 in Bylae 2 (vraelys vir ouers)) Die enkelouers blyk na aanleiding hiervan meer optimisties oor hulle kinders se vlak van emosionele funksionering te wees as die kinders self.

4.3.18.3 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van emosionele funksionering na gestaltgroepwerkprogram

Tabel 18: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van emosionele funksionering na gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Positief	Negatief	Totaal
Kinderrespondente	100% (7)	0%	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	100% (7)	0%	100% (N=7)


Na die gestaltgroepwerkprogram is 100% (al sewe) kinderrespondente en 100% (al sewe) enkelouerrespondente van mening dat die kinderrespondente oorwegend 'n positiewe vlak van emosionele funksionering handhaaf. Die verskil tussen die response van die enkelouers **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram is ook volgens die Wilcoxon toets statisties betekenisvol vir hierdie spesifieke respondentegroep met 'n p-waarde van 0.0156.

Volgens Bluestone (1991:255) neem dit baie jare vir kinders om te rou en die verlies van 'n ouer te integreer. Kinders wat rou, druk hulle gevoelens dikwels op indirekte, vertraagde en verdoeselde wyses uit. Hulle druk hulle rou uit deur gedragsvorme soos moedswilligheid, aggressiwiteit, rebelsheid, onttrekking of deur die verplasing van gevoelens op volwassenes wat dit nie verdien nie. Kinders het volwassenes nodig ten einde hulle gevoelens te kan verbaliseer en hulle te help om die rouproses te begin verstaan en te begryp (Bluestone, 1991:255). Tydens groepterapeutiese intervensie kry die kinders die geleentheid om hierdie gevoelens te verbaliseer en insig te ontwikkel in hulle situasie.

4.3.19 Vlak van sosiale funksionering by kinderrespondente

4.3.19.1 Vlak van sosiale funksionering by kinderrespondente voor en na gestaltgroepwerkprogram

Figuur 17: Vlak van sosiale funksionering by kinderrespondente



Die vlak van sosiale funksionering blyk vir 100% (al sewe) kinderrespondente **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram oorwegend positief te wees. (Sien vraag 12 in Bylae 1 (vraelys vir kinders)) Volgens die Wilcoxon toets is die p-waarde 0.0156 wat daarop dui dat hierdie bevindinge statisties betekenisvol is vir hierdie spesifieke respondentegroep.

4.3.19.2 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van sosiale funksionering voor gestaltgroepwerkprogram

Tabel 19: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van sosiale funksionering voor gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Positief	Negatief	Totaal
Kinderrespondente	100% (7)	0%	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	85.71% (6)	14.29% (1)	100% (N=7)

Vanuit Tabel 19 blyk dit dat 100% (al sewe) kinderrespondente **voor** die gestaltgroepwerkprogram oorwegend ‘n positiewe vlak van sosiale funksionering handhaaf. Geen kinderrespondente handhaaf **voor** die gestaltgroepwerkprogram ‘n negatiewe vlak van funksionering nie. **Voor** die gestaltgroepwerkprogram is 85.71% (ses) enkelouerrespondente van mening dat hulle kind oorwegend ‘n positiewe vlak van sosiale funksionering handhaaf, terwyl 14.29% (een) enkelouerrespondent van mening is dat sy/haar kind oorwegend ‘n negatiewe vlak van sosiale funksionering handhaaf. (Sien vraag 12 in Bylae 2 (vraelys vir ouers)) In hierdie geval blyk die kinderrespondente meer optimisties oor hulle sosiale funksionering te wees as wat die geval by die enkelouerrespondente is.

Pretorius (1994:97) toon aan dat die laerskooltydperk deur drie uitwaartse dryf- en groeibewegings gekenmerk word, naamlik:

- die sosiale beweeg uit die gesin na die portuurgroep toe;
- die fisiese beweeg na die wêreld van spel en arbeid; en
- die psigiese beweeg na die wêreld van volwasse konsepte, logika, simboliek en kommunikasie.

Kinders in die laat middelkinderjare is dus in die meeste gevalle baie sosiaal ingestel.

4.3.19.3 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van sosiale funksionering na gestaltgroepwerkprogram

Tabel 20: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van sosiale funksionering na gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Positief	Negatief	Totaal
Kinderrespondente	100% (7)	0%	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	100% (7)	0%	100% (N=7)


Na die gestaltgroepwerkprogram is 100% (al sewe) kinderrespondente en 100% (al sewe) enkelouerrespondente van mening dat die kinderrespondente oorwegend ‘n positiewe vlak van sosiale funksionering handhaaf. Die verskil in die

enkelouerresponse **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram is statisties betekenisvol vir hierdie respondentegroep met 'n p-waarde van 0.0156.

4.3.20 Toepaslike hantering van gevoelens

4.3.20.1 Toepaslike hantering van gevoelens by kind voor en na gestaltgroepwerkprogram

Figuur 18: Toepaslike hantering van gevoelens



Voor die gestaltgroepwerkprogram blyk 85.71% (ses) kinderrespondente in staat te wees om hulle gevoelens oorwegend op toepaslike wyses te hanteer en 14.29% (een) kinderrespondent blyk nie in staat daar toe te wees om sy gevoelens op toepaslike wyses te hanteer nie.

Na die gestaltgroepwerkprogram is die situasie dieselfde met 85.71% (ses) kinderrespondente wat aandui dat hulle in staat is om hulle gevoelens op toepaslike wyses te hanteer en 14.29% (een) kinderrespondent wat aantoon dat hy nie in staat is om sy gevoelens op toepaslike wyses te hanteer nie. Volgens die Wilcoxon toets is die p-waarde hier 0.0156, wat daarop dui dat hierdie bevindinge statisties betekenisvol is vir hierdie spesifieke respondentegroep. **Met toepaslike hantering word bedoel:**

- die kind weet die meeste van die tyd hoe hy voel;
- die kind weet die meeste van die tyd wat hy dink;
- die kind weet hoe hy daaroor voel dat sy ma en pa nie meer saam is nie;

- die kind weet wat om te doen met sy gevoelens;
- dit is vir die kind maklik om vir mense wat hy vertrou, te vertel hoe hy voel;
- die kind kan in 'n groep sê wat hy voel en dink, sonder om bang te wees vir wat die ander van hom gaan dink;
- die kind doen baie keer dinge om homself te bederf wanneer hy nie lekker voel nie;
- die kind weet die meeste van die tyd wat hy nodig het;
- die kind kan vir sy ma/pa by wie hy bly, vra vir dit wat hy nodig het;
- die kind kan die meeste van die tyd self besluite neem; en
- dit is vir die kind die meeste van die tyd maklik om probleme op te los.

(Sien ook vraag 13 in Bylae 1 (vraelys vir kinders))

4.3.20.2 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se toepaslike hantering van gevoelens voor gestaltgroepwerkprogram

Tabel 21: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se toepaslike hantering van gevoelens voor gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Positief	Negatief	Totaal
Kinderrespondente	85.71% (6)	14.29% (1)	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	85.71% (6)	14.29% (1)	100% (N=7)

Na aanleiding van Tabel 21 blyk dit dat 85.71% (ses) kinderrespondente en 85.71% (ses) enkelouerrespondente **voor** die gestaltgroepwerkprogram van mening is dat die kinders in staat is om hulle gevoelens op toepaslike wyses te hanteer. Een (14.29%) kinderrespondent en 14.29% (een) enkelouerrespondent is van mening dat die kind nie in staat is om sy gevoelens op toepaslike wyses te hanteer nie. Die response van die kinders en die enkelouers stem hier in 'n groot mate met mekaar ooreen.

4.3.20.3 Vergelyking tussen enkelouer- en kindresponse ten opsigte van kind se toepaslike hantering van gevoelens na gestaltgroepwerkprogram

Tabel 22: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se toepaslike hantering van gevoelens na gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Positief	Negatief	Totaal
Kinderrespondente	85.71% (6)	14.29% (1)	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	100% (7)	0%	100% (N=7)

Na die gestaltgroepwerkprogram blyk 85.71% (ses) kinderrespondente in staat te wees om hulle gevoelens oorwegend op toepaslike wyses te hanteer en 14.29% (een) kinderrespondent blyk **na** die gestaltgroepwerkprogram nie in staat te wees om sy gevoelens oorwegend op toepaslike wyses te hanteer nie. Al sewe (100%) enkelouerrespondente is **na** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle kinders in staat is om hulle gevoelens oorwegend op toepaslike wyses te hanteer. Die verskil in die enkelouerresponse **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram is volgens die Wilcoxon toets statisties betekenisvol vir hierdie spesifieke respondentegroep met 'n p-waarde van 0.0156. Vanuit hierdie gegewens blyk dit dat die enkelouerrespondente **na** die gestaltgroepwerkprogram meer optimisties ten opsigte van hulle kinders se vermoë om gevoelens op toepaslike wyses te hanteer, is as die kinderrespondente self.

Volgens Louw, *et al.* (1990:362) bereik die kind tydens die middelkinderjare groter emosionele buigsaamheid en groter emosionele differensiasie. Die kind se emosies word meer spesifiek, divers en gesofistikeerd. Groter emosionele differensiasie stel kinders ook in staat om 'n verskeidenheid van gevoelens uit te druk (Louw, *et al.* 1990:362). Die kinderrespondente is tydens die gestaltgroepwerksessies aangemoedig om hulle gevoelens te identifiseer, te besit en uit te druk. Vanuit die enkelouerresponse blyk dit dus dat die gestaltgroepwerkprogram daarin geslaag het om die kinderrespondente aan te moedig tot die identifisering, besitting en uitdrukking van gevoelens ten opsigte van die enkelouersituasie op toepaslike wyses.

4.3.21 Wens van kinderrespondente

4.3.21.1 Enkelouer- en kindresponse ten opsigte van wens van kind voor en na getsaltgroepwerkprogram

Tabel 23: Kindresponse ten opsigte van hulle wense voor die getsaltgroepwerkprogram

Kindrespons	Frekwensie	Persentasie
Om altyd 'n Christen te bly	1	14.29%
Dat my ma en pa bymekaar moet wees	2	28.57%
Om in die hemel te gaan om my ouma te sien	1	14.29%
Dat ek my pa kon sien	1	14.29%
Dat ons 'n lekker lewe het	1	14.29%
Dat my ma en my pa weer moet saamwerk	1	14.29%
TOTAAL	N=7	100%

Tabel 24: Enkelouerresponse ten opsigte van kind se wense voor die gestaltgroepwerkprogram

Enkelouerrespons	Frekwensie	Persentasie
Dat ons na 'n beter huis moet trek en dat ek (ouer) meer geld moet verdien	1	14.29%
Dat sy ma en pa in een huis gewoon het	1	14.29%
Hy wil 'n professionele sokkerspeler word	1	14.29%
Om sy biologiese pa te sien	1	14.29%
Vir 'n gelukkige lewe	1	14.29%
Dat sy gesin net moet gelukkig wees en dat daar liefde onder mekaar is	1	14.29%
Dat hy vir ewig by sy pa (pa is enkelouer in hierdie geval) kan wees	1	14.29%
TOTAAL	N=7	100%

Vanuit Tabel 23 en 24 blyk dit dat die enkelouer- en kindresponse voor die gestaltgroepwerkprogram met mekaar ooreenstem ten opsigte van drie wense, naamlik: Dat hulle ma en pa bymekaar moet wees; om sy biologiese pa te sien en om 'n lekker en gelukkige lewe te kan hê. Van die kinderrespondente het 28.57% (twee), aangetoon dat hulle wens dat hulle ma en pa bymekaar moet wees en 14.29% (een)

kinderrespondent het aangetoon dat hy wens dat sy ma en pa weer moet saamwerk. Een (14.29%) enkelouerrespondent het aangetoon dat haar kind waarskynlik wens dat sy ma en pa in een huis gewoon het. Vanuit die bevindinge in die tabelle is dit duidelik dat die wens dat ma en pa weer saam moet wees die sterkste **voor** die gestaltgroepwerkprogram na vore kom. Volgens Van Loggerenberg & Roets (1993:112) wil enkelouerkinders graag by beide hulle ouers bly en verlang hulle baie na die afwesige ouer. Price (1991:205) toon aan dat kinders in die latente middelkinderjare dikwels wens dat hulle ouers weer met mekaar versoen word.

Tabel 25: Kindresponse ten opsigte van hulle wense**na die gestaltgroepwerkprogram**

Kindrespons	Frekwensie	Persentasie
Dat my ma en pa bymekaar moet wees	3	42.86%
Dat ek my pa kon sien	1	14.29%
Dat ons 'n lekker lewe het	1	14.29%
Om 'n vierwiel motorfiets te kry	1	14.29%
Om 'n meisie te kry	1	14.29%
TOTAAL	N=7	100%

Tabel 26: Enkelouerresponse ten opsigte van kind se wense**na die gestaltgroepwerkprogram**

Enkelouerrespons	Frekwensie	Persentasie
Dat ons gelukkig sal wees en sonder finansiële probleme	1	14.29%
Om sy biologiese pa te sien	1	14.29%
Vir 'n gelukkige lewe	1	14.29%
Dat sy gesin net moet gelukkig wees en dat daar liefde onder mekaar is	1	14.29%
'n Fiets vir 'n geskenk en dat daar altyd liefde en vrede in die familie is	1	14.29%
Dat ons in 'n huis kan bly pleks van 'n woonstel	1	14.29%
Om elke dag gelukkig te kan wees	1	14.29%
TOTAAL	N=7	100%

Vanuit Tabel 25 en 26 blyk dit dat die wense om weer sy pa te sien en dat ma en pa weer bymekaar moet wees, **na** die gestaltgroepwerkprogram steeds by die kinderrespondente na vore kom. Die enkelouerrespondente is **na** die

gestaltgroepwerkprogram ook in die meeste gevalle van mening dat hulle kinders 'n behoefte aan 'n gelukkige en harmonieuse gesinslewe het.

4.4 Samevatting

- In hierdie hoofstuk is daar hoofsaaklik aandag gegee aan die empiriese ondersoek vanuit die kwantitatiewe benadering. Die data wat met behulp van vraelyste vir die kinderrespondente en die enkelouerrespondente **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram, ingesamel is, is in die vorm van tabelle en figure voorgestel, bespreek en geïnterpreteer. Die bevindinge is ook met die literatuurstudiebevindinge vergelyk en geïntegreer.
- Daar is in die eerste plek in hierdie hoofstuk weer 'n oorsig gegee van die navorsingsproses soos bespreek in Hoofstuk 1, ten einde die leser te oriënteer met die oog op die bespreking van die empiriese bevindinge. Daar is spesifiek ook aandag geskenk aan die selfontwerpde vraelys vir die kinders en die selfontwerpde vraelys vir die enkelouers wat tydens die empiriese studie benut is.
- Tydens die bespreking van die empiriese bevindinge vanuit die kwantitatiewe benadering, is die biografiese besonderhede van die kinder- en enkelouerrespondente eerstens bespreek. Die kinderrespondente was almal manlik. Ses van die sewe enkelouerrespondente was vroulik, terwyl een enkelouerrespondent manlik was. Die manlike enkelouerrespondent is by die navorsingsprojek betrek, omdat een van die kinderrespondente tydens die navorsingstudie by sy pa as enkelouer, woonagtig was.
- Hierna is daar gefokus op die bevindinge ten opsigte van die kinderrespondente se verhouding met hulle ma en pa; die verhouding van die enkelouerrespondente met hulle kind en die kinderrespondente se ervaring van die gesinsverhoudings in die enkelouergesin **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram.
- Die belangrikste aspekte waarop daar verder in die hoofstuk gefokus is, is die kinderrespondente se emosionele ervaring van die verlies van 'n ouer; die kinderrespondente se persepsie van die toepassing van beheer deur hulle enkelouer; die kinderrespondente se persepsie van aandag van hulle enkelouer en die aard van die kontak van die kinderrespondente met die familie van die

afwesige ouer, soos deur die kinder- en enkelouerrespondente weergegee **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram.

- Die vlak van emosionele- en sosiale funksionering van die kinderrespondente en die kinderrespondente se vermoë om gevoelens op toepaslike wyses te hanteer, soos deur die kinder- en enkelouerrespondente weergegee **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram, is in die laaste plek in hierdie hoofstuk bespreek.
- Dit blyk oor die algemeen vanuit die bevindinge dat die groeplede (kinderrespondente) **na** die gestaltgroepwerkprogram meer positief daaroor is om in hulle enkelouergesin te wees as **voor** die gestaltgroepwerkprogram. Die groeplede handhaaf **na** die gestaltgroepwerkprogram 'n verbeterde vlak van emosionele funksionering as **voor** die program. Dit blyk verder dat die kommunikasie tussen enkelouer en kind beter is **na** die gestaltgroepwerkprogram en dat die enkelouers meer in kontak is met die gevoelens en behoeftes van hulle kinders.

In die volgende hoofstuk word die empiriese ondersoek vanuit die kwalitatiewe benadering bespreek en later geïntegreer met die empiriese ondersoek vanuit die kwantitatiewe benadering.

HOOFSTUK 5: EMPIRIESE STUDIE

DEEL II

Interpreting van die bevindinge vanuit die kwalitatiewe benadering

5.1 Inleiding

Die kwalitatiewe benadering het die kleiner deel van hierdie studie uitgemaak. De Vos (2002:341) toon aan dat data-analise in 'n kwalitatiewe ondersoek tweeledig is. Die eerste aspek behels data-analise op die navorsingsterrein tydens data-insameling. Die tweede aspek behels data-analise verwyderd van die navorsingsterrein na 'n periode van data-insameling. Data-insameling en data-analise word gewoonlik in 'n tradisionele studie van mekaar geskei. 'n Kwalitatiewe studie behels 'n onafskeidbare verhouding tussen data-insameling en data-analise (De Vos, 2002:341).

Data-analise en interpretasie vanuit die kwalitatiewe benadering word deur De Vos (2002:341-345) aan die hand van Creswell se model bespreek. Hierdie model word in die vorm van 'n spiraal aangebied wat uit die volgende sirkels bestaan: data-insameling en optekening; databestuur; lees en maak van aantekeninge; beskrywing; klassifisering en interpreting; en verteenwoordiging en visuele voorstelling.

De Vos (2002:354) toon aan dat data-analise weg van die navorsingsterrein begin met databestuur. Databestuur behels die organisering van data in leërs, indekskaarte of rekenaarleërs; en die verandering van leërs in gesikte tekseenhede soos 'n woord, 'n sin of 'n hele storie. Lees en die maak van aantekeninge lei tot voortdurende analise, aangesien die navorser 'n gevoel van die databasis as geheel ontwikkel deur die transkripsies verskeie kere oor te lees. Beskrywing, klassifisering en interpreting gee aanleiding tot die identifisering van opvallende temas, herhalende idees of taalgebruik en geloofs-/oortuigingspatrone. Kategorieë van betekenis ontstaan uit hierdie fase. Hierdie kategorieë behoort intern konsekwent en tog verskillend van mekaar te wees. Creswell (in De Vos, 2002:354) stel voor dat navorsers soek na 'n familie van temas met "kinders" of subtemas, en "kleinkinders" verteenwoordig deur segmente van die data. Tydens interpreting moet die navorser soek na ander aanneemlike verduidelikings vir die data en die verbande tussen hulle. Die navorser

moet hierdie alternatiewe verduidelikings soek, identifiseer en beskryf en aantoon hoe en waarom die verduideliking wat hy/sy bied die aanneemlikste is van almal. Die aanbieding en visuele voorstelling behels die aanbieding van die data in teks-, tabulêre- of grafiekvorm. Die tabelle en figure bevat egter teks en nie getalle nie. Hiërargiese boomdiagramme en metafore is verdere metodes om data voor te stel (De Vos, 2002:354-355).

Data is tydens die kwalitatiewe deel van die studie met behulp van ongestructureerde waarneming ingesamel en opgeteken deur die skryf van prosesnotas na elke groepwerksessie. Ongestruktureerde waarneming is benut, aangesien daar nie van 'n spesifieke data-insamelingsinstrument gebruik gemaak is tydens die waarneming van die groeplede se gedrag tydens die groepwerksessies nie. (Vergelyk Bloom & Fisher, 1982:118.) Die verloop van elke groepwerksessie en assessering van elke kinderrespondent (groeplid) ten opsigte van hulle beweging deur die vyf lae van Perls (verwys na paragraaf 3.6) en gebruikmaking van kontakgrensversteurings (verwys na paragraaf 3.5.2.3) is in die prosesnotas aangeteken. Hierdie prosesnotas is na elke groepwerksessie deur die navorser geskryf en in 'n leêr gestoor. Die kwalitatiewe data is op hierdie wyse bestuur. (Vergelyk De Vos, 2002:343.) Prosesnotas is volgens datum en nommer van die groepwerksessie gelieseer. Die bywoning van die kinderrespondente tydens elke groepwerksessie is ook aangeteken in die prosesnotas.

Die navorser het kategorieë, temas en subkategorieë vanuit die data van die groepwerksessies geïdentifiseer. Na die afloop van die gestaltgroepwerkprogram het die kinderrespondente saam met hulle enkelouers hulle ervaring van die gestaltgroepwerkprogram skriftelik weergegee. Kategorieë, temas en subkategorieë is ook vanuit hierdie data geïdentifiseer.

In Deel II sal die groepwerksessies van die gestaltgroepwerkprogram uiteengesit word in terme van die doelstelling en doelwitte en die verloop van elke groepwerksessie. Die assessering van elke groeplid in terme van sy beweging deur die lae van Perls (verwys na paragraaf 3.6) en gebruikmaking van kontakgrensversteurings (verwys na paragraaf 3.5.2.3) sal in tabelvorm voorgestel word. Die twee groepwerksessies waarby die enkelouers self (sonder kinderrespondente) betrek is, sal ook kortliks bespreek word. Hierdie twee groepwerksessies het deel uitgemaak van die oorhoofse

gestaltgroepwerkprogram. Die gesamentlike evaluasie deur enkelouer en kind na die gestaltgroepwerkprogram en die terugvoer van die klasonderwyser, sal laastens in hierdie deel van die hoofstuk aandag geniet. ‘n Medeterapeut was die navorser behulpsaam tydens die gestaltgroepwerksessies ten opsigte van die eksplorering en hantering van gevoelens en die handhawing van dissipline.

5.2 Bespreking van groepwerksessies en assessering van individuele groeplede

Een van die stappe binne die enkelsisteemontwerp behels die ontwikkeling van doelstellings en doelwitte. Volgens Bloom & Fischer en ook Strydom (in Strydom, 2002:154-155) moet daar in twee opsigte doelstellings en doelwitte deur die navorser opgestel word. Die navorser stel in die eerste plek algemene doelstellings en spesifieke doelwitte ten einde die uitvoering van sy/haar studie te rig en in die tweede plek word spesifieke doelstellings en doelwitte vir sy/haar intervensie ontwikkel. Die doelstelling, doelwitte en verloop van elke groepwerksessie van die gestaltgroepwerkprogram sal in hierdie afdeling net kortliks uiteengesit word, aangesien die totale gestaltgroepwerkprogram in groter detail in hoofstuk 6 uiteengesit sal word.

5.2.1 Groepwerksessie 1 – Kinderrespondente

5.2.1.1 Doelstelling van groepwerksessie 1

Kenmekaar, groepstrukturering en meting van groeplede se verwerking en hantering van enkelouersituasie met behulp van vraelys.

5.2.1.2 Doelwitte van groepwerksessie 1

- Verhoging van groeplede se insig in hulle eie funksionering deur die bekendstelling van aard van groep aan groeplede.
- Kenmekaar deur die bekendstelling van groeplede aan mekaar.
- Groepstrukturering deur die gesamentlike opstel van groepreëls en toepaslike strawwe.
- Meting van elke groeplid se verwerking en hantering van die enkelouersituasie deur die invul van selfontwerppte vraelyste.

5.2.1.3 Verloop van groepwerksessie 1

- Die groeplede leer mekaar en die terapeute ken deur hulleself voor te stel en te sê waarvan hulle hou en waarvan hulle nie hou nie. Die meeste groeplede toon aan dat hulle nie daarvan hou as hulle vriende met hulle lelik is nie. Lelik beteken oor die algemeen vloek en slaan. ‘n Praathoed word omgestuur ten einde elke groeplid se praatbeurt te verseker. Die terapeute neem ook deel.
- Groep word gestructureer deur saam groepreëls, strawwe en ‘n groepnaam uit te dink. Terapeute beklemtoon vertroulikheid as ‘n reël. Dit is vir die groeplede belangrik dat die ander groeplede nie praat terwyl ‘n groeplid besig is om te praat nie. Groep besluit op “Gummy Bears” as groepnaam.
- Die aard van die groep word aan die groeplede bekendgestel en verduidelik deur vir die groeplede te vra waarom hulle dink hulle in die groep is. Groeplede noem dat hulle daar is om oor hulle gevoelens en probleme te praat; omdat hulle ma en pa geskei is en omdat hulle enkelouers het. Terapeut beklemtoon dat dit die belangrikste is dat die groeplede teen die einde van die groepwerksessies sterker in hulleself is, makliker probleme kan oplos en besluite kan neem.
- Groeplede vul die vraelyste in as voortoets.
- Tydens sluiting kry elke groeplid geleentheid om groepwerksessie te evaluateer deur te vertel wat lekker en wat sleg vir hom was van groepwerksessie, of om enige-iets vir ‘n ander groeplid of die terapeute te sê. Eerlikheid onder mekaar word aangemoedig. Twee groeplede is eerlik met mekaar wanneer een groeplid met behulp van ek-boodskap vir ander groeplid sê wat hom van ander groeplid pla. Probleemoplossing vind plaas wanneer groeplede besluit om moeite te doen om vriendelik met mekaar te wees. ‘n Samevatting word van die groepwerksessie gedoen en beplanning vir die volgende sessie vind plaas.
- Groepwerksessie word op ‘n liger emosionele vlak afgesluit deur die vertel van grappies.

5.2.1.4 Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 1

Al sewe groeplede was teenwoordig tydens groepwerksessie 1.

Tabel 27: Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 1

Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrens-versteuring
A	Opgewonde oor groep	Onduidelik	Valse laag	Moontlik defleksie deur te lag
B	Eerlik en selfhandhawend tydens konflikhantering met groeplid E	Leier	Valse laag met tekens van implosiewe laag. Implementeer reeds hanteringsstrategie teenoor groeplid E.	Onduidelik
C	Stil en skaam Goeie sin vir humor	Stil lid	Valse laag	Moontlik retrofleksie
D	Aandagsokend Lae selfbeeld	Groepnar	Valse laag met oorgang na fobiese laag – moontlik reeds bang om ware self met ander te deel	Moontlik projeksie
E	Redelik onbemind deur ander groeplede	Volwasse-ouerrol Leier	Valse laag – tog ook in kontak met homself	Projeksie – geneig om ander groeplede die skuld te gee tydens konflik situasies
F	Onseker van homself in groep	Onduidelik	Valse laag	Samevloeiing – vloeи saam met gevoelens en behoeftes van sekere groeplede
G	Positiewe gesindheid Goeie sin vir humor	Leier	Valse laag	Moontlik defleksie – draai deur humor weg van dit wat ongemaklik is

Die kontakgrensversteurings wat algemeen by kinders aangetref word, sluit volgens Oaklander (1999:163-164) die volgende in:

- **Projeksie** – projekteer gevoelens of blaam op ander.
- **Defleksie** – draai weg van dit wat ongemaklik is, maar het nodig om te skop en te slaan ten einde die energie van woede of ander diep gevoelens vry te stel.
- **Retrofleksie** – trek die energie na binne, wat ‘n verkeidenheid fisiese kwale veroorsaak.
- **Samevloeiing** – het ‘n desperate behoefte aan goedkeuring ten einde ‘n segment van self te voel en vloei dus saam met die gevoelens en oortuigings van ander.
- **Introjeksie** – die kind ontwikkel ‘n geloofsisteem van wie hy/sy is en hoe hy/sy veronderstel is om te wees in die wêreld, ten einde goedkeuring en liefde te verseker en verwerpings en verlating te voorkom.

Kinders ontwikkel kontakgrensversteurings ten einde hulle te help om die lewe beter te hanteer en die self te beskerm teen verdere seerkry. (Verwys na paragraaf 3.5.2.3.)

Groepwerksessie 1 vorm deel van die oriënteringsfase binne die oorhoofse gestaltgroepwerkproses. Frew (in O’Leary, 1992:43) toon aan dat groeplede tydens hierdie fase gemoeid is met hulle eie veiligheid en poog om hulself so vinnig as moontlik in die omgewing te vestig of te plaas. Volgens Oaklander (1999:171) is die kinders aan die begin selfbewus en geneig om negatiewe gedrag te openbaar ten einde hulle benoudhede te verdoesel.

Tydens sluiting na die verloop van een groepwerksessie, gee Oaklander (1999:173) aan elke groeplid die geleentheid om enige-iets wat hulle vir die terapeut of enige iemand anders in die groep wil sê, te sê; om kritiek te lewer oor die aktiwiteit en om melding te maak van iets waarvan hulle veral gehou het tydens die groepwerksessie of iets wat hulle gehinder het. Opregtheid en eerlikheid van die groeplede teenoor mekaar word dus beklemtoon.

Vanuit Tabel 27 blyk dit dat al die groeplede hulself nog hoofsaaklik binne die valse laag van Perls bevind. Volgens Perls (in Corey, 1995:298) tree individue op hierdie vlak op soos iemand wat hulle nie is nie. Kinders sal dikwels bepaalde rolle inneem ten einde hulle pyn ten opsigte van hulle verliese rondom die enkelouersituasie te

verdoesel en te hanteer. Die kind kan onder andere die rol van nar (defleksie); die soet kind (introjeksie); die stout, aggressiewe kind (projeksie); die stil teruggetrokke kind (retrofleksie) en die kind wat altyd mense wil behaag (samevloeiing), inneem. (Verwys na paragraaf 3.6.)

5.2.2 Groepwerksessie 2 – Kinderrespondente

5.2.2.1 Doelstelling van groepwerksessie 2

Die verhoging van die groeplede se kontak met hulleself en hulle omgewing met behulp van sensoriese kontakmakingsaktiwiteite.

5.2.2.2 Doelwitte van groepwerksessie 2

- Verhoging van die groeplede se sensoriese kontak deur die blootstelling van die groeplede aan verskeie reuke, tekture, beelde, smoke en klanke.
- Gevoelsopvoeding deur middel van die benutting van gevoelsgesiggies en die dramatisering van die verskillende gevoelens.
- Bring groeplede in kontak met hulle eie gevoelens deur middel van eksplorasie.

5.2.2.3 Verloop van groepwerksessie 2

- Groep begin met rondtes: Elke groeplid gee terugvoer oor die aard van hulle week.
- Groeplede blaai deur tydskrifte en kies hulle gunsteling prentjies; groeplede voel aan porseleinlokkie en Afrikatrommetjie; groeplede lui porseleinlokkie en speel op Afrikatrommetjie; groeplede ruik aan naeltjies en roosolie; groeplede proe aan aartappelskyfies en lekkers. Die groeplede kry elkeen die geleentheid om te sê hoe elke stimulus hulle laat voel en waaraan dit hulle laat dink.
- Elke groeplid kry die geleentheid om een van die ses basiese gevoelens naamlik: hartseer, kwaad, bly, eensaam, moeg en bang, vir die groep te demonstreer en te sê wanneer hy hierdie bepaalde gevoel ervaar. Die ander groeplede word tydens hierdie bespreking betrek deur te vra wanneer hulle hierdie gevoelens ervaar. Die groeplede voel oor die algemeen hartseer wanneer hulle baklei.
- Die groeplede word deur die terapeute aangemoedig tot konflikhantering in die verhoudings met hulle maats deur gebruik te maak van ek-boodskappe. Die

groeplede toon aan dat dit nie sal werk op die speelgrond nie, omdat die ander kinders nie sal ophou om hulle te slaan nie en die onderwysers net sê dat hulle hulself moet verdedig.

- Die groeplede voel oor die algemeen alleen wanneer hulle ouers nie by die huis is nie. Groep word gevra hoe hulle gevoel van alleenheid kan hanteer. Groeplid B stel benutting van ek-boodskap teenoor ouer voor vir die hantering van alleenheid. Groep lede word deur die terapeute aangemoedig om dinge te doen waarvan hulle hou wanneer hulle alleen voel.
- Die groeplede toon aan dat hulle bang voel wanneer hulle alleen by die huis is. Groeplid D toon aan dat hy bang voel wanneer sy ma uitgaan om partytjie te hou. Groeplid G voel bang wanneer hy byvoorbeeld 'n lepel in die huis hoor val.
- Die groeplede groet mekaar en die terapeute en wens mekaar 'n goeie week toe. Die groeplede word aangemoedig om in die week te fokus op die verskillende sintuiglike ervarings en gevoelens wat hulle in verskillende situasies ervaar.

5.2.2.4 Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 2

Al sewe groeplede was teenwoordig tydens groepwerksessie 2.

Tabel 28: Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 2

Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrens-versteuring
A	Stil en skaam. Geniet tog groepwerksessie. Kies uil in tydskrif as een van sy gunsteling prentjies. Hy hou van uil se haartjies op sy kop. Tweede prentjie is van 'n mooi, vinnige en duur motor.	Teruggetrokke groeplid	Valse en fobiese laag. Blyk nog bang te wees om sy ware self met ander te deel. Sy kontak met homself en sy omgewing kan verbeter.	Defleksie – probeer aandag weg van homself draai deur maak van onderlinge grappies. Samevloeiing – vloei saam met idees en opinies van die ander.
B	Oorspronklik, kompeterend, eg en kreatief. Pa is enkelouer wat baie ondersteuning gee. Het 'n	Onduidelik	Tekens van inplosiewe laag. Is in kontak met	Defleksie – lag baie onderling vir ander

	goeie verhouding met sy pa. Pa maak hom bly as hy na sy krieketwedstryde kom kyk.		sy gevoelens en behoeftes. Blyk dat hy reeds weet wat om met sy gevoelens en behoeftes te doen.	groepelde se antwoorde.
Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrens-versteuring
C	Stil. Het baie ritme. Soek goedkeuring van ander groepelde. Gunsteling prentjie in tydskrif is ysberg. Dit voel koud. Dit is nie 'n lekker gevoel nie. Hy weet waaraan dit hom laat dink, maar verkies om dit nie met die groep te deel nie. Is enigste groeplid met nie 'n lekker gevoel nie.	Stil groeplid	Valse laag met tekens van implosiewe laag en weerstand. Blyk nog bang te wees om ware self vir ander te wys. Maak eers seker dat hulle van hom hou. Is tog in 'n mate in kontak met homself wanneer hy ysbergprentjie met groep deel.	Samevloeiing – gee soortgelyke antwoorde as ander groepelde. Doen wat hy dink hulle van hom verwag. Soek hulle goedkeuring. Wil hê hulle moet van hom hou.
D	Maak baie grappe. Meer ernstig later in sessie wanneer terapeut hom toestemming gee om homself te wees. Oorspronklik en eerlik. Terapeut gee erkenning vir wie hy is.	Groepnar	Fobiese laag – nog bang om ware self vir ander groepelde te wys. Tekens van implosiewe laag – is tog in kontak met sy gevoelens en idees.	Defleksie – draai aandag weg van ware self deur middel van humor.
E	Stiller as tydens vorige groepwerksessie. Blyk goedkeuring te soek by groepelde F, B en D.	Onduidelik	Fobiese laag met tekens van implosiewe laag. Blyk dat	Introjeksie – probeer doen en sê wat hy dink terapeute

	Oorspronklik en ernstig.		hy ander groeplede toets om te kyk hoeveel hy van homself kan deel voordat hulle hom verwerp. Is ook in kontak met sy gevoelens en herinneringe.	van hom verwag.
Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrens-versteuring
F	Spontaan en oop. Domineer ander groeplede soms saam met groeplid B. Probeer moontlik posisie in groep vestig.	Dominerende groeplid – soms	Valse en fobiese laag. Kyk nog hoe veilig dit is om ware self ten volle vir ander groeplede te wys. Blyk ook redelik in kontak te wees met omgewing en gevoelens.	Defleksie- lag vir ander en beskerm homself daardeur.
G	Stil tydens groepwerk sessie. Het baie ritme. Goeie sin vir humor. Positiewe gesindheid.	“Aangepaste” groeplid	Valse laag – nog nie gereed om ware self met ander groeplede te deel nie. Vertrou hulle nie.	Defleksie – benut humor om homself te beskerm teen seerkry.

Vanuit Tabel 28 blyk dit dat die groeplede steeds besig is om elkeen hulle posisie in die groep te vestig. Hulle besluit ook nog of hulle mekaar en die terapeute werklik kan vertrou of nie. Hierdie proses vorm volgens die navorsers steeds deel van die oriënteringsfase van groepontwikkeling volgens die gestaltbenadering. (Verwys na paragraaf 3.5.4.2.) Dit blyk verder dat die meeste groeplede humor benut om hulle aanvanklike onsekerhede ten opsigte van die groep weg te steek.

Die gestaltverwante konsep van kontak word deur Oaklander (1999:162-165) verduidelik as die benutting van die sintuie (kyk, luister, voel, proe, ruik); bewustheid van en gepaste benutting van aspekte van die liggaam; die vermoë om emosies op gesonde wyse uit te druk; en die benutting van die intellek in sy verskeie vorme soos tydens leer en die uitdrukking van idees, gedagtes, nuuskierighede, behoeftes, belang en afkeure. Indien enige van hierdie modaliteite geïnhibeer, beperk, afgesny of geblokkeer word, lei goeie kontak skade en vind fragmentasie eerder as integrasie plaas (Oaklander, 1999:162-165). Die enkelouerkind se kontak kan skade lei indien die kind angstig of onrustig is vanweë 'n verlies aan 'n gevoel van sekuriteit wat dikwels met enkelouerskap gepaardgaan. Kontak moet tydens gestaltgroepwerk herstel word deur middel van verskeie kontakmakingsaktiwiteite soos om te luister en te kyk na, te voel, te ruik en te proe aan verskeie materiale en tekture. Indien kontak herstel word, word die kind se sin van self ook versterk. (Verwys na paragraaf 3.5.2.2.) Die groeplede is hierna makliker in staat om uiting te kan gee aan gevoelens en behoeftes tydens die volgende groepwerksessies, omdat hulle nou meer in kontak is met hulle gevoelens en ervarings na die sensoriese kontakmakingsaktiwiteite en gevoelsopvoeding.

5.2.3 Groepwerksessie 3 - Kinderrespondente

5.2.3.1 Doelstelling van groepwerksessie 3

Versterking van die "self" deur middel van die projeksie van voorgrondbehoeftes.

5.2.3.2 Doelwitte van groepwerksessie 3

- Die daarstelling van 'n hanteringstrategie vir negatiewe gevoelens en ontspanningstrategie, deur die groeplede op 'n fantasievlug te neem.
- Versterking van en kontakmaking met die "self", deur aan groeplede die geleentheid te bied om enige iets uit die klei te maak wat hulle wil.
- Begeleiding van groeplede in die uitdrukking van hulle behoeftes en gevoelens; die neem van verantwoordelikheid daarvoor en die toepaslike hantering daarvan, met behulp van die benutting van Oaklander se model.

5.2.3.3 Verloop van groepwerksessie 3

- Groep begin met rondtes waartydens elke groeplid terugvoer gee oor die aard van hulle week. Die groeplede is eerlik. Daar was volgens die groeplede konflik tussen sommige groeplede in die week.
- Die terapeut neem die groeplede op ‘n fantasievlug na ‘n mooi woudagtige berg met ‘n bergpoel waarin hulle kan swem, ten einde die groeplede te laat ontspan.
- Die groeplede word gemotiveer om na ‘n soortgelyke lekker en veilige plek te gaan in hulle gedagtes wanneer dinge rof gaan en hulle net wil ontspan.
- Terapeute verduidelik die konsep van ‘n veilige plek aan die groeplede.
- Die groeplede ontvang elkeen ‘n bol klei. Die groeplede word in kontak gebring met hulle sintuie deur te voel, proe en ruik aan die klei.
- Selfbeeldversterking volg wanneer die groeplede elkeen die geleentheid kry om gaanjies in hulle bol klei te maak en hulle asems daarin te blaas. Daar word beklemtoon dat elkeen se klei nou baie spesiaal is, omdat hulle asems daarin is.
- Die groeplede kry geleentheid om enige-iets wat hulle wil uit hulle stuk klei te maak (kleiprojeksie). Die model van Oaklander word nou benut om elke groeplid se kleiskepping te eksplorreer. (Verwys na paragraaf 3.5.7.1.) Die “self” van die groeplede word hierdeur versterk, omdat bewustheid ten opsigte van wat ek doen, hoe ek dit doen en waarvan ek hou en nie hou nie, by hulle verhoog word.
- Tydens sluiting word eerlikheid by die groeplede aangemoedig ten opsigte van die deel van hulle ervaring van die groepwerksessie met die ander groeplede. Die groepwerksessie was vir die groeplede oorwegend lekker gewees. Dit was vir groeplede D en G sleg om oor hulle gevoelens te praat tydens die eksplorasie van die kleiskepping van elke groeplid. Die terapeut verduidelik die waarde van gevoelsontlading vir die verwerking van negatiewe ervarings aan die groep. Die terapeut gee aan groeplede D en G toestemming dat hulle so mag voel soos wat hulle voel en gee erkenning vir hulle eerlikheid. Samevatting van die groepwerksessie en beplanning vir die volgende sessie vind plaas.

5.2.3.4 Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 3

Groeplede A,C,D,E en G was teenwoordig tydens die groepwerksessie. Groeplede B en F het griep gehad.

Tabel 29: Assessering van individuele groepplede tydens groepwerksessie 3

Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrens-versteuring
A	Eerlik oor homself en gevoelens. Minder skaam. Kleiprojeksie: Motor met 'n afslaandak. Mense gaan hom bewonder as hy in motor ry. Hy gaan goed voel as hy in motor ry. Hy is ontevrede met sy skepping, omdat hy voel hy kon dit beter gebou het. Die groep dink egter dit was goed gedoen.	Is meer homself	Fobiese laag met tekens van implosiewe laag, wanneer hy tydens sluiting eerlik is oor hoe hy oor sy skepping voel.	Geen samevloeiing en geringe defleksie tydens groepwerksessie. Onderlinge grappies is minder.
C	Aandagafleibaar. Samewerking is swak. Kleiprojeksie: Bok. Hy wil springbokrugby speel. Hy gaan goed voel as mense vir hom skree om 'n drie te druk. Hy hou van 'n bok, omdat 'n bok vinnig is en spoed het.	Nie-same-werkende groeplid	Fobiese laag – wil nog nie te eerlik oor homself raak nie. Vertrou groep nog nie.	Defleksie – draai weg van dit wat ongemaklik is en van die fokus op hom, deur woeligheid in groepwerk sessie en grappies onderling.
D	Kleiprojeksie: Hart met spies deur, son met dik lippe en twee balonne – een balon is skuins onder hart en ander balon is skuins onder son. Die hart beskerm homself teen die son wat te warm is en hart gaan laat smelt. Dit maak die son hartseer. Die hart sou bly gewees het as hy nie 'n pyl deur hom gehad het nie. Groeplid D is bang om te naby aan mense te kom. Hy is bang hulle maak hom seer. Hy beskerm homself. Groeplid D bied weerstand. Terapeute respekteer sy weerstand. Hy vertel groep tydens sluiting van 'n nagmerrie wat hy van sy pa, wat hy	Leier en groepnar. Hou op om groepnar te wees as terapeut sê dat hulle nou ernstig is.	Weerstands laag met oorgang na implosiewe laag. Hy deel later in sessie sy ware self met die groep. Bied weerstand teen onthulling van situasie by die huis. Is nog nie gereed nie.	Defleksie – draai weg van dit wat ongemaklik is deur humor.

	tien jaar gelede gesien het, gehad het. Nagmerrie was 'n opvolg van 'n eerste droom. In die nagmerrie slaan sy pa sy stiefpa uit.			
Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrens-versteuring
E	Positiewe gesindheid tydens sessie. Pas beter in by ander groeplede. Kleiprojeksie: Koei wat wei. Koei voel gelukkig – het oorgenoeg weiding en byvoeding wat groeplid E self vir haar voorsien het. Groeplid E sê sy ma het altyd op plot die koeie so versorg. Groeplid E hou ook daarvan om diere te versorg en vir hulle om te gee. Sy ma sorg ook so vir hulle as haar kinders en gee vir hulle om.	Leier	Implosiewe laag. Blyk dat hy nie bang is om van homself met groep te deel nie. Kom voor dat hy tydens hierdie sessie nie werklik omgee wat ander van hom dink nie.	Moontlik introjeksie. Probeer om te wees en te sê hoe en wat hy dink terapeute van hom verwag.
G	Oorspronklik. Kleiprojeksie: Drie kruise met son wat toekyk – Jesus se kruisiging. Son en groeplid G voel baie hartseer dat Jesus gekruisig is vir ons sondes. Son vra vir Jesus dat Hy mense straf vir wat hulle doen. Jesus sê terug dat hulle nie weet wat hulle doen nie. Groeplid G toon aan dat hy nie altyd reguit vir mense kan sê wat hy dink, wanneer hulle lelik is met hom nie. Terapeut sê dat groeplid G reguit met ander kinders mag praat wanneer hulle hom byvoorbeeld seermaak.	Grapjas	Weerstands-laag – was vir hom sleg om eerlik oor homself in die groep te praat.	Defleksie – lag ten einde weg te draai van dít wat ongemaklik is.

Na aanleiding van die groeplede se terugvoer oor die aard van hulle week tydens rondtes, kan die afleiding gemaak word dat die groeplede nou in die konflikfase van groepontwikkeling binne die gestaltbenadering, inbeweeg. Groeplede het tydens rondtes vertel dat sommige groeplede in die week met mekaar baklei het. Volgens

Frew (in O'Leary, 1992:43) begin groeplede in die konflikfase beheer oor die rigting van die groep uitoefen en hanteer hulle mag- en ouoriteitskwessies.

Vanuit Tabel 29 blyk dit dat die groeplede weerstand bied daarteen om oop te maak oor hulle voorgrondbehoeftes en gevoelens. Oaklander (in Campbell, 1993:53) toon aan dat 'n twaalfjarige kind gewoonlik baie beskermend teenoor die self is. Baie weerstand en ontkenning word by twaalfjarige kinders aangetref, omdat 'n kind op daardie ouderdom begin verander. Oaklander respekteer hierdie weerstand en benader die kind op 'n gemaklike, nadenkende wyse. Oaklander verkieks om baie projektiwe werk, tekeninge, sandbakspel en kleiwerk met hierdie kinders te doen. "Die self" van die kind word versterk deur middel van die verhoging van selfuitdrukking ten opsigte van "wie is ek" en "wie is ek nie"; differensiëring van die self; en deur die geleidelike verhoging van emosionele uitdrukking, aangesien emosionele uitdrukking moeilik is vir die kind (Oaklander in Campbell, 1993:53). Die terapeut moet dus volgens die kind se proses beweeg, aangesien weerstand dikwels 'n aanduiding van die kind is dat hy/sy nog nie gereed is om oop te maak oor gevoelens en behoeftes nie. (Vergelyk Oaklander, 1999:162-165.) Die vertouensverhouding in die groep is ook moontlik nog nie van so 'n aard dat groeplede wil oopmaak teenoor die ander groeplede en terapeute nie.

5.2.4 Groepwerksessie 1 – Enkelouerrespondente

5.2.4.1 Doelstelling van groepwerksessie 1 met enkelouers

Die verhoging van die betrokkenheid van enkelouers by die gestaltgroepwerkprogram en die terapeutiese vordering van hulle kinders deur inligting aan enkelouers te verskaf ten opsigte van die terapeutiese werk wat reeds tydens die eerste drie groepwerksessies met hulle kinders gedoen is en aanmoediging van enkelouers om die nuut aangeleerde hanteringstrategieë vir gevoelens en behoeftes by hulle kinders te versterk.

5.2.4.2 Doelwitte van groepwerksessie 1 met enkelouers

- Die bied van 'n geleentheid aan enkelouers om mekaar te leerken deur elkeen hom-/haarself te laat voorstel.

- Die verhoging van die enkelouers se betrokkenheid by die gestaltgroepwerkprogram deur inligting aan enkelouers te verskaf ten opsigte van wat reeds tydens die afgelope drie groepwerksessies met hulle kinders gedoen is.
- Die verhoging van die enkelouers se betrokkenheid by die terapeutiese vordering van hulle kinders deur inligting aan enkelouers te verskaf ten opsigte van die hanteringstrategieë wat tydens die groepwerksessies met hulle kinders bespreek is en nog bespreek sal word en aanmoediging van enkelouers in die ondersteuning van hulle kinders met die toepassing van hierdie hanteringstrategieë.
- Die betrekking van die enkelouers by die uiteensetting van die volgende groepwerksessies deur inligting aan die enkelouers te verskaf ten opsigte van die tentatiewe beplanning van die volgende drie groepwerksessies met hulle kinders.
- Die emosionele ondersteuning van die enkelouers deur die hantering van enige gevoelens van die enkelouers ten opsigte van die enkelouersituasie wat tydens groepwerksessie na vore mag kom.

5.2.4.3 Verloop van groepwerksessie 1 met enkelouers

- Die enkelouers van groepledde A,B,C en E was teenwoordig tydens die groepwerksessie.
- Volgens die enkelouers het hulle kinders (groepledde) probleme in hulle verhouding met hulle klasonderwyser. Groeplid C se ma toon aan dat groeplid C se skoolwerk swakker is as tydens die eerste kwartaal.
- Groeplid C se ma toon verder aan dat groeplid C sy pa baie min sien.
- Dissipline is vir die teenwoordige enkelma's 'n probleem. Dit is egter nie vir groeplid B se enkelpa 'n probleem nie.
- Dit is nie vir groeplid E se ma moeilik om rolle van ma en pa te vervul nie, maar sy voel tog dat sy miskien 'n man vir haar morele ondersteuning nodig het.
- Groeplid E se ma wil graag weet wat in haar kind se kop aangaan. Terapeut verduidelik dat die groepledde bemagtig sal word om met hulle ouers oor hulle gevoelens en behoeftes te praat.
- Groeplid B se enkelpa vertel dat groeplid B en sy sussie self gekies het om by hulle pa te bly, nadat hulle eers by hulle ma gebly het. Groeplid B se pa noem dat hy baie by die huis is en dus baie aandag aan sy kinders kan gee.

- Groeplid B se pa voel dat hy nie sy eks-vrou wil “slegmaak” voor sy kinders nie. Groeplede E en C se enkelma's stem saam. Groeplid A se enkelma voel weer dat sy die waarheid oor haar eks-man met haar kinders moet praat. Sy sê vir haar kinders dat hulle pa hulle nie kan liefhê nie, omdat hy nie onderhoud betaal nie. Die menings van die ander groeplede word in hierdie verband deur die terapeute bekom. Die oorhoofse mening is dat die enkelouer nie die ander ouer in ‘n slechte lig behoort te stel nie, omdat daar in belang van die kind se gevoelens opgetree moet word. Sy toon verder aan dat die disciplinering van haar twee seuns vir haar moeilik is en dat sy finansieel swaarkry.
- Die ander enkelouers moedig haar aan om te eis vir onderhoud.
- Daar word besluit op ‘n datum vir die volgende groepwerksessie met die enkelouers.

Enkelouergesinne moet volgens Snyman & Le Roux (1993:86-87) gesinsverhoudings herdefinieer wat gewoonlik gepaardgaan met veranderinge in posisie en rolvertolking. Enkelouers sal in baie gevalle die rol van beide moeder en vader in die gesin probeer inneem. In ander gevalle mag dit gebeur dat die seun die rol van pa in die huis oorneem. Volgens Snyman & Le Roux (1993:86-87) is ‘n groot mate van rolvertolking ‘n eienskap van die enkelouergesin en lei dit tot ‘n toenemende kwesbaarheid van die gesinslede. Die druk op enkelouers word in baie gevalle te groot en die enkelouer kan nie meer die gewenste aandag aan en discipline van sy/haar kind konsekwent toepas nie. (Vergelyk Simons & Associates, 1996:143.)

Die meeste enkelouergesinne het volgens Lefrancois (in Louw, *et al.* 1998:357-358) die moeder as enkelouer. Naran (1991:30) het na aanleiding van sy studie bevind dat baie enkelmoeders ‘n gebrek aan persoonlike hulpbronne of aan tyd-, finansiële- en kindersorghulpbronne het ten einde ‘n groot nie-bloedverwante ondersteuningsisteem te ontwikkel en te handhaaf. Dit kom na aanleiding van die studie voor dat baie enkelmoeders nie oor die hulpbronne beskik om netwerke wat hulle lewensbevrediging sal bevorder, te ontwikkel nie. Dit blyk dat hulle slegs betrokke is by die blote hantering van enkelouerskap en dus hulle netwerke struktureer op die beste moontlike wyse ten einde hulle kinders groot te maak. Snyman & Le Roux (1993:86-87) toon aan dat die enkelouergesin ekonomies

kwesbaar is, aangesien 'n enkelouergesin geheel en al afhanklik is van een persoon vir sy ekonomiese instandhouding. Enkelouers ervaar dus dikwels 'n verlies aan ekonomiese sekuriteit.

5.2.5 Groepwerksessie 4 – Kinderrespondente

5.2.5.1 Doelstelling van groepwerksessie 4

Die fasilitering van die uitdrukking van die groeplede se gevoelens en behoeftes rondom die enkelouersituasie deur middel van die projeksie van die groeplede se belewinge van die enkelouersituasie met behulp van teken/verf as medium.

5.2.5.2 Doelwitte van groepwerksessie 4

- Die fasilitering van die uitdrukking van die groeplede se gevoelens en behoeftes rondom die enkelouersituasie deur aan groeplede die geleentheid te bied om te teken of te verf hoe hulle daaroor voel om die meeste van die tyd by net een ouer te bly.
- Begeleiding van die groeplede in die uitdrukking van hierdie gevoelens; die neem van verantwoordelikheid daarvoor en die toepaslike hantering daarvan, deur die benutting van Oaklander se model.
- Insigontwikkeling by die groeplede ten opsigte van die problematiese dinamika tussen 'n man en vrou tydens egskeiding deur die visuele verduideliking van die wyse waarop bakstene (as 'n metafoor vir onuitgesorteerde probleme) mettertyd 'n muur tussen ouers vorm.
- Insigontwikkeling ten opsigte van die probleme van die afwesige ouer deur elke groeplid sy afwesige ouer te laat teken en die positiewe en negatiewe eienskappe van hierdie persoon weerskante van die tekening neer te skryf.

5.2.5.3 Verloop van groepwerksessie 4

- Tydens rondtes gee elke groeplid terugvoer oor die aard van hulle week. Die groeplede is eerlik. Daar was konflik tussen die seuns en meisies in die klas. Groeplid D openbaar aandagsoekende gedrag deur homself tydens pouse te ontrek deur in die boom te gaan sit.

- Tydens die verfprojeksie verf die groeplede hoe hulle daaroor voel om slegs by hulle ma of pa te woon sonder hulle ander ouer. Die terapeute skep struktuur deur voorbeeldte gee. Die terapeute beklemtoon die uniekheid van elke groeplid se projeksie.
- Die model van Oaklander word benut om elke groeplid se verfprojeksie te eksplorieer. Gevoelsontlading ten opsigte van die enkelouersituasie word gefasiliteer. Die groeplede blyk eerlik te wees.
- Skuldgevoelens by die groeplede word gehanteer deur die fokus op die probleme wat tussen die ouers ontstaan het, te plaas.
- Die enkelouersituasie word genormaliseer deur die groeplede in te lig dat ongeveer die helfte van gesinne in Suid-Afrika enkelouergesinne is.
- Groeplede beskik oor die realiteitsbesef dat hulle ouers nie weer bymekaar sal kom nie. Hulle het egter wel die behoefte dat hulle ouers net ten minste met mekaar oor die weg moet kom. Die groeplede doen voorstelle hieroor aan die hand.
- Die problematiek wat tussen 'n getroude paar ontstaan en nie uitgesorteer word nie, en gevvolglik 'n muur tussen hulle veroorsaak, word deur die medeterapeut aan die groeplede verduidelik. Die groeplede word aangemoedig om eendag te trou, maar om probleme tussen hulle en hulle eggenote op te los.
- Groeplede kry geleentheid om die afwesige ouer te teken en die positiewe en negatiewe eienskappe van hierdie persoon te identifiseer. Daar word dus in terme van polariteit ten opsigte van die afwesige ouer gewerk. Gevoelsontlading ten opsigte van die afwesige ouer vind in groepsverband plaas. Die terapeut verduidelik dat die afwesige ouer beide negatiewe en positiewe eienskappe het. Insig word bewerkstellig ten opsigte van die probleme van hierdie ouer.
- Die terapeute moedig die groeplede aan om eerlik teenoor hulle enkelouers te wees ten opsigte van hulle gevoelens oor die enkelouersituasie.
- Die waarde van die verwerking van gevoelens deur daaroor te praat word beklemtoon.
- Hartseer en verligting is die oorwegende gevoelens wat by die groeplede ten opsigte van die enkelouersituasie na vore kom.
- Tydens sluiting vind evaluering en samevatting van die sessie en beplanning vir die volgende groepwerksessie plaas.

5.2.5.4 Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 4

Al die groeplede was teenwoordig tydens hierdie groepwerksessie.

Tabel 30: Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 4

Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrens-versteuring
A	Eerlik en oop. Verfprojeksie: Lugballon met storm bokant ballon. Gesig van ballon is strak. Groeplid A is 50% verlig oor die skeiding. Hy hou nie baie van sy pa nie, want pa dink hy is snaaks. Groeplid A teken sy pa met 'n wolk bokant sy kop. Hy kan die positiewe eienskappe van sy pa insien.	Geen.	Implosiewe laag – Groeplid A is in kontak met sy gevoelens rondom sy ouers se skeiding en sy pa.	Moontlik retrofleksie. Trek gevoelens na binne.
B	Pa is enkelouer. Verfprojeksie: Groot hart met 'n pyl deur. Voel hartseer. Ma het probleme van haar eie. Groeplid B voel ongelukkig oor ma se vriend wat ma se geld gebruik. Hy wil vriend uit ma se lewe hê. Teken ma (afwesige ouer) met styl hare. Teken net haar gesig. Groeplid B is in staat om positiewe en negatiewe eienskappe van ma te identifiseer. Hy sê sy koop vir hulle lekkers en gee om vir hulle, maar as sy gedrink het, raak haar humeur baie kort en raas sy met hulle.	Geen.	Implosiewe laag – is in kontak met sy gevoelens rondom skeiding en sy ma.	Defleksie – draai deur humor weg van dit wat ongemaklik is.
C	Stil. Lyk ontsteld tydens sessie. Is baie in gedagte. Verfprojeksie: Hart met pyl deur en storm bokant hart. Son in een hoek. Voel soms "okay" en soms nie—"okay" oor skeiding tussen ouers. Gevoel van ambivalensie. Dit is vir groeplid C lekker by sy	Stil groeplid	Weerstands- en implosiewe laag – vind dit moeilik om oor sy pa te praat. Is ontsteld. Hy is tog ook in kontak met sy	Retrofleksie – trek gevoelens na binne. Raak stil. Samevloeiing – teken en verf wat ander teken en verf.

	pa. Hy weet sy pa is lief vir hom. Hy en sy ma praat ook. Teken sy pa met sigaret in mond. Groeplid C sien sy pa realisties. Positiewe eienskappe is dat sy pa lief is vir hom, vriendelik is en hom nie slaan nie. Negatiewe eienskappe is dat pa rook en drink, maar opgehou drink het.		gevoelens oor sy pa.	
Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrens-versteuring
D	<p>Is baie eerlik oor gevoelens.</p> <p>Verfprojeksie: Hart wat deur 'n lang weerligstraal in twee geklief is. Twee huise is weerskante van hart. Een kant van hart is swart. Groeplid D het sy pa ongeveer tien jaar gelede gesien.</p> <p>Ambivalensie – het 'n behoefté aan 'n pa in sy lewe, maar dink tog dit is beter dat hy nie sy pa sien nie.</p> <p>Pa word as 'n monster geteken.</p> <p>Groeplid D het verwerping deur sy pa ervaar. Het baie aggressie teenoor sy pa. Hy sukkel om die positiewe eienskappe van sy pa in te sien. Groeplid D begin prentjie van sy pa opsy tydens eksplorasie van ander groeplede se skeppings. Terapeut gee toestemming tot aggressie-ontlading teenoor pa – groeplid D mag prentjie van pa verder opsy en opfrommel. Monstertema sluit aan by nagmerrie waarvan hy vertel het tydens vorige sessie.</p>	Geen.	Implosieve laag – is in kontak met sy gevoelens, is eerlik oor sy gevoelens in die groep.	Defleksie is minder tydens hierdie sessie. Groeplid D het baie ontlaai in hierdie sessie.
E	Stiller as tydens vorige groepwersessie.	Onduidelik	Implosieve laag – in kontak met	Defleksie – vermy moont-

	<p>Verfprojeksie: Boom in gras met wolke en son – rustige prentjie. Voel verlig oor skeiding tussen pa en ma. Groeplid E hou van sy pa. Hy doen lekker dinge saam met sy pa. Hy voel dat sy pa die regte ding doen as hy hulle straf as hulle stout is. Sien ook sy pa se foute raak. Hy hou nie daarvan dat sy pa rook nie. Pa se foute is in die minderheid.</p>		gevoelens.	lik dit wat ongemaklik is deur neutrale gevoel oor skeiding te handhaaf. Introjeksie – verskuif sy aandag na informele leiers in die groep soos groeplede B en F. Speel ook saam met hulle spouses. Raak byna onderda-nig aan hulle.
--	---	--	------------	--

Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrens-versteuring
F	<p>Eerlik.</p> <p>Verfprojeksie: Hart wat in twee stukke is met 'n verbinding tussen dele. Weerligstraal deur hart. Groter hart om hart. Sê dit voel lekker, maar ook nie lekker nie – ambivalensie. Pa is passief as groeplid F by hom kuier. Groeplid F word aangemoedig om vir sy mate sê hoe hy voel en dat hy graag iets saam met sy pa wil doen. Teken pa met sigaret en bierglas. Pa rook en drink, maar verder is hy "okay". Pa beheer homself wanneer hy drink. Groeplid F is in staat om die positiewe sy van sy pa in te sien al is dit gering.</p>	Geen.	Weerstandslaag met oorgang na implosiewe laag. Deel tog sy gevoelens oor sy pa later in sessie.	Moontlik retrofleksie – trek gevoelens na binne.
G	<p>Kom eerlik en opreg voor.</p> <p>Verfprojeksie: Hart met gesig wat huil. Dit voel vir hom baie sleg dat sy ouers nie bymekaar is nie. Voel hartseer. Hy mis sy pa en sou meer by sy pa wou gaan kuier. Sê dat hy sy pa so elke twee tot drie weke sien. Groeplid G teken sy pa met hande op die heupe in 'n uitdagende posisie en 'n sigaret in sy mond. Hy sien sy pa in 'n positiewe lig met net een negatiewe eienskap, naamlik rook.</p>	Geen.	Implosiewe laag – is in kontak met sy gevoelens oor die skeiding tussen sy ouers en sy behoefte om meer kontak met sy pa te hê.	Geen tydens hierdie groepwerksessie.

Die groep is volgens die navorsing tydens groepwerksessie 4 steeds in die konflikfase, aangesien groeplid E tydens hierdie sessie van introjeksie gebruik maak deur sy aandag na informele leiers (soos groeplede B en F) wat in die groep na vore begin

tree, te verskuif. (Verwys na paragraaf 3.5.4.2.) Dit blyk verder dat die groep steeds besig is met die hantering van mag- en outoriteitskwessies.

Tydens groepwerksessie 4 is daar van verf- en tekenprojeksie as spelmedium gebruik gemaak ten einde by die groeplede se gevoelens ten opsigte van die enkelouersituasie en die afwesige ouer uit te kom. Oaklander (1999:73) verduidelik dat die aktiwiteitie in die groep die uitdrukking van gevoelens, die definiëring en versterking van die self, en ervarings met gesonder aspekte van die self, fasiliteer. Baie projektiewe tegnieke word vir hierdie doeleindes benut, soos teken, klei, "collage", sandbak, poppespel, musiek, liggaamsbeweging, kreatiewe gedramatiseerde spel, metaforiese stories, fantasie en beeldwerk. Daar kan ook aan relevante temas aandag gegee word soos "eensaamheid", "tergery", "verwerping", "vernedering", "verlies" en "egskeiding" (Oaklander, 1999:73). Tydens groepwerksessie 4 kon die groeplede deur middel van verfprojeksie en die uitdrukking van gevoelens, bewus word van hulle ervaring van die feit dat hulle ouers nie meer bymekaar is nie. Bluestone (1991:256) toon aan dat volwassenes wat 'n kind in die latente middelkinderjare wat getraumatiseer is deur die dood van 'n ouer, moet hanteer, moet poog om 'n atmosfeer te skep waarbinne die kind houdings en emosies vrylik kan uitdruk. Hierdie noodsaaklike aanbeveling geld volgens die navorsing ook vir die kind wat 'n ouer deur egskeiding of vervreemding verloor het. Schilling & Koh (1992:405-420) het navorsing gedoen oor 'n 12-sessie groepintervensie vir 38 middestadkinders wat 'n versorger verloor het. Tydens die ontwerp van 'n intervensie vir hierdie kinders, is daar gepoog om die verlieservaring te normaliseer, portuurgroepondersteuning te voorsien en 'n veilige, nie-bedreigende omgewing te skep ten einde vrese, fantasië en ambivalente gevoelens uit te druk (Schilling & Koh, 1992:405-420). Egskeiding is tydens groepwerksessie 4 deur die terapeute genormaliseer deur die groeplede in te lig dat ongeveer die helfte van gesinne in Suid-Afrika enkelouergesinne is.

Die oorhoofse gevoelens wat tydens groepwerksessie 4 vanuit die verf- en tekenprojeksies na vore gekom het, is verligting, hartseer en verlies. In die literatuur word daar eerder aan die gevoelens van verlies en smart en depressie aandag gegee as aan die gevoel van verligting. Van Loggerenberg & Roets (1993:112-114) toon aan dat die kind verlies ervaar vanweë die afwesigheid van 'n identifikasiefiguur van die afwesige ouer se geslag. Dit is verder noodsaaklik dat die kind oor 'n ouer sal treur,

aangesien dit 'n desensitisering van die trauma wat met die verlies gepaardgaan, bied. Die proses bied geleidelike losmaking van emosies (Schowalter in Van Loggerenberg & Roets, 1993:113). In die groep is die groeplede aangemoedig om oor hulle emosies te praat en kon die ander groeplede ondersteuning bied, aangesien die meeste groeplede soortgelyke gevoelens ervaar het. Die gevoel van verligting is hoofsaaklik ervaar in gevalle waar die afwesige ouer destruktiewe gedrag teenoor hom-/haarself of teenoor die ander ouer geopenbaar het.

5.2.6 Groepwerksessie 5 – Kinderrespondente

5.2.6.1 Doelstelling van groepwerksessie 5

Die bemagtiging van die groeplede in die hantering van hulle belewinge van die enkelouersituasie deur middel van die generering van toepaslike hanteringstrategieë vir gevoelens en behoeftes.

5.2.6.2 Doelwitte van groepwerksessie 5

- Die verhoging van die groeplede se kontakmaking met hulle gevoelens en behoeftes rondom die enkelouersituasie deur weer aan groeplede die geleentheid te bied om hulle harte te teken oor hoe hulle daaroor voel dat hulle ouers nie meer saam is nie.
- Die bevordering van die verwerking en hantering van gevoelens en behoeftes ten opsigte van die enkelouersituasie deur die generering van hanteringstrategieë om groeplede se harte beter te laat voel.
- Die bemagtiging van die groeplede in die benutting van hanteringstrategieë deur die motivering van groeplede in die toepassing en inoefening van die volgende belangrikste hanteringstrategieë vir gevoelens en behoeftes:
 - * Praat oor gevoelens met mense wat hulle kan vertrou.
 - * Doen dinge wat vir hulle lekker is en wat hulle geniet (selfvertroeteling).
- Die bemagtiging van die groeplede in die benutting van hulle "veilige plek" as hanteringstrategie vir gevoelens en behoeftes deur aan groeplede die geleentheid te bied om hulle "veilige plek" deur middel van 'n "collage" voor te stel.

5.2.6.3 Verloop van groepwerksessie 5

- Tydens rondtes gee die groeplede terugvoer oor die aard van hulle week. Die meeste groeplede is positief oor hulle week. Die skole sluit die volgende dag. Groeplid G kom 'n paar minute laat. Hy voel sleg, aangesien hy net na pouse, voor die groepwerkbyeenkoms beskuldig is van diefstal.
- Die groeplede kry die geleentheid om weer hulle harte met pastelle te teken ten einde uit tebeeld hoe hulle daaroor voel dat hulle ouers nie meer saam is nie.
- Die waarde daarvan om gevoelens te verwerk deur weer daaroor te praat, word beklemtoon.
- Daar word weer oor elkeen se gevoelens in die groep gepraat en hanteringstrategieë vir die hantering van gevoelens en moeilike situasies word in die groep gegenereer.
- Die groeplede word aangemoedig om dinge te doen waarvan hulle hou en om na hulle "veilige plek" of "lekker plek" in hulle gedagtes te gaan as hanteringstrategieë vir gevoelens. Die groeplede kry kans om die dinge wat hulle geniet om te doen met die groep te deel. Die groeplede word egter daaraan herinner dat die eerste hanteringstrategie is om oor gevoelens te praat met mense wat jy kan vertrou. Die groeplede knip tydskriffoto's van hulle "veilige plek" uit en plak die foto's op 'n papier. Elke groeplid vertel die res van die groep van sy "veilige plek". Groeplede vertel waar die plek is, waarom dit lekker is en hoe dit hulle laat voel. Die meeste groeplede sê hulle "veilige plek" laat hulle veilig en rustig voel.
- Die groep bind sterker tydens hierdie groepwerksessie. Hulle vertrou mekaar meer met hulle gevoelens.
- Sluiting vind plaas in die vorm van evaluering en samevatting en beplanning vir die volgende groepwerksessie.

5.2.6.4 Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 5

Al die groeplede was teenwoordig tydens hierdie groepwerksessie.

Tabel 31: Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 5

Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrensversteuring
A	<p>Meer spontaan. Eerlik oor gevoelens.</p> <p>Projeksie: Voel hartseer oor ma en pa. Pa het vorige dag vir hulle lekker kos en vleis gebring.</p> <p>Groeplid A hou van fietsry.</p> <p>Veilige plek is 'n waterval. Dit laat hom rustig voel.</p>	Geen.	Implosiewe laag – is in kontak met sy gevoelens en is meer homself.	Samevloeiing in sy vriendskap met groeplede B en F.
B	<p>Stiller as tydens vorige sessie. Lyk meer tevrede. Eerlik oor sy gevoelens.</p> <p>Projeksie: Wens sy pa en ma was weer saam. Beskik oor realiteitsbesef dat sy pa en ma nie weer bymekaar sal kom nie.</p> <p>Hou van rekenaarspeletjies speel, krieket speel en visvang.</p> <p>Veilige plek is om vis te vang. Dit laat hom veilig voel.</p>	Geen.	Implosiewe laag – is meer homself en meer in kontak met sy gevoelens.	Geen tydens hierdie sessie.
C	<p>Stil en skaam. Blyk nog bang te wees vir gevoelsuitdrukking binne die groep.</p> <p>Projeksie: Hart is nog seer oor ma en pa. Hy mis sy pa en wil hom weer sien. Hanteringstrategie deur groep uitgedink:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Groeplid C kan met sy ma praat oor sy gevoelens en vra of hy sy pa meer kan sien. • Groeplid C kan 'n brief vir sy pa skryf om te sê hoe hy voel. • Groeplid C kan ook 'n brief vir sy ma skryf as dit vir hom te moeilik is om met haar te praat. 	Stil groeplid	Implosiewe laag – is in kontak met sy sintuie en gevoelens. Dit is vir groeplid C makliker om tydens hierdie sessie oor sy gevoelens rondom die skeiding te praat. Ondersteuning van medegroeplede	Samevloeiing tydens teken van hart. Retrofleksie – geneig om gevoelens binne te hou.

	Veilige plek is eiland in die see met 'n mooi strand. Verduidelik plek op 'n sensoriese wyse. Dit laat hom veilig en rustig voel.		lei tot self-ondersteuning.	
Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrens-versteuring
D	<p>Projeksie: Hart weer in twee dele met twee huise weerskante. Pa woon in een huis en groeplid D, sy ma, twee boeties en sussie in die ander huis. Die hart se skeur is hierdie keer gerond geteken en nie hoekig nie. Daar is 'n groot storm by groeplid D se huis en 'n klein storm by sy pa se huis. Groeplid D dink dat sy pa se storm miskien tog groter is as sy storm. Groeplid D het die aktiwiteit van polariteite ten opsigte van afwesige ouer tydens vorige sessie by die huis op sy ma toegepas. Hy het insig ontwikkel in sy pa se eie probleme deur sy ma se siening van sy pa. Sy gevoel teenoor sy pa is beter as tydens vorige sessie. Groeplid D se skuldgevoelens oor sy gevoel teenoor sy pa tydens vorige sessie word hanteer deur te verduidelik dat dit is hoe hy as klein seuntjie sy pa se optrede ervaar het. Terapeute gee erkenning vir groeplid D se toepassing van polariteite-aktiwiteit by die huis.</p> <p>Groeplid D hou van visvang. Veilige plek is skip waarop net hy, ma, boeties, sussie en twee tannies is. Dit laat hom veilig voel.</p>	Geen.	<p>Implosiewe laag – is in kontak met sy ware self en sy gevoelens. Is baie eerlik in die groep oor sy ervarings in sy familie.</p> <p>Eksplosiewe laag – pas tegnieke in groep (om pa te teken en te werk met polariteite) by die huis op sy ma toe.</p>	<p>Maak nie gebruik van defleksie tydens hierdie sessie nie. Sê hy wens dat groep nog langer kan aanhou as net nog drie sessies.</p>
E	Projeksie: Is hartseer oor skeiding tussen ma en pa. Wens hulle kom weer bymekaar. Beskik oor	Sterk leier. Rol van volwasse-ouer.	Implosiewe laag – is baie meer homself	Geen tydens hierdie sessie. Is homself

	<p>realiteitsbesef dat ma en pa nie weer bymekaar sal kom nie. Voel dat mens moet aangaan met jou lewe. Groep sê dat hulle saamstem. Terapeute beklemtoon hantering van gevoelens deur dinge te doen wat vir jou lekker is.</p> <p>Groeplid E hou baie van visvang en perdry. Hy vang vis saam met sy pa. Veilige plek is “fly fishing” in die natuur. Dit laat hom veilig en rustig voel.</p>		<p>tydens hierdie sessie, al is al die groeplede insluitend groeplede B en F teenwoordig. Stel sy standpunte – is nie bang wat ander groeplede dink of sê nie. Terapeut gee erkenning en versterk gedrag deur hom te vra om orde te handhaaf.</p>	tydens sessie.
Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrens-versteuring
F	<p>Stillerig. Praat onderling met groeplid B (beste vriend).</p> <p>Projeksie: Teken hartseer gesig. Voel hartseer oor ma en pa. Besef dat hy moet aangaan met sy lewe. Groeplid F hou van “go-cart” ry en rekenaarspeletjies speel. Groeplid F word deur terapeut aangemoedig om sy pa te vra om saam met hom “go-carts” te ry en rekenaarspeletjies te speel wanneer hy weer daar kuier. Veilige plek is ‘n natuurtoneel met die “groot muur van China”. Dit laat hom veilig en rustig voel.</p>	Geen.	<p>Implosiewe laag – eerlik oor gevoelens en in kontak met gevoelens. Weet waarvan hy hou.</p>	<p>Defleksie – draai moontlik deur middel van die onderlinge gesels en grappies maak, weg van dit wat ongemaklik is.</p>
G	<p>Stillerig. Praat oor sy gevoelens en behoeftes.</p> <p>Projeksie: Hart met kraak deur en stormwolk links onder hart. Hart het ‘n gesig en ‘n snor. Sy pa het ook ‘n snor. Groeplid G mis sy pa en wil meer by sy pa kuier en saam dinge</p>	Geen.	<p>Implosiewe- en eksplosiewe laag – blyk in kontak te wees met sy ware gevoelens en behoeftes. Is</p>	<p>Neig tot retrofleksie – trek gevoelens na binne. Lag nie so baie tydens hierdie sessie nie.</p>

	<p>doen. Groeplid G sê dat hy sy pa elke tweede naweek en vakansies sien. Hy wil sy pa egter meer sien. Hanteringstrategieë deur groep uitgedink:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kry foonkaart en bel pa. • Skryf brief vir pa en sê hoe hy voel. <p>Groeplid G sê sy ma se vriend laat hom toe om sy regte pa op sy selfoon te bel. Ma se vriend gaan laai groeplid G oor naweke by sy pa af.</p> <p>Groeplid G hou van fliek. Sy pa werk by 'n fliek in Benoni. Dit blyk dat groeplid G sy pa idealiseer.</p>		<p>homself tydens sessie, alhoewel hy stiller is as tydens vorige sessie. Dit kan moontlik toegeskryf word daaraan dat hy kort voor groep-werkbyeenkoms daarvan beskuldig is dat hy 'n R2 gesteel het.</p>	<p>Onttrek homself van groepgesprek wanneer terapeute met projeksies van ander groeplede besig is.</p>
--	---	--	--	--

Van Loggerenberg & Roets (1993:112) het in hulle studie van laerskoolkinders bevind dat die spesiale band wat tussen 'n ouer en 'n kind heers, baie sterk is. Baie kinders wou graag hulle eie ouer terughê, al het hulle die ouer nie geken nie of al het die ouer hulle teleurgestel en hulle baie Wyn veroorsaak en al is hulle kwaad vir die ouer. Price (1991:205) toon aan dat kinders in die latente middelkinderjare dikwels wens dat hulle ouers weer met mekaar versoen word. Tydens groepwerksessie 5 toon die groeplede aan dat hulle hartseer voel oor die skeiding tussen hulle ouers. Die meeste groeplede mis die afwesige ouer en wens dat hulle ouers weer bymekaar kan kom.

Die groep beweeg tydens groepwerksessie 5 oorwegend in die kohesiefase, aangesien die groeplede die groep vertrou met hulle gevoelens en behoeftes. Frew (in O'Leary, 1992:43) toon aan dat kohesie gekenmerk word deur 'n hoëvlak van deelname en emosionele gemak.

Al die groeplede beweeg tydens groepwerksessie 5 in die implosiewe laag met enkele groeplede wat ook in die eksplosiewe laag inbeweeg. Die implosiewe laag verteenwoordig volgens Perls (in Corey, 1995:298) kontakmaking met die ware self. Die kind in die enkelouergesin kan nou begin eksperimenteer met alternatiewe en

meer opregte wyses van menswees. Wanneer kontak gemaak word met die eksplosiewe laag, raak individue volgens Perls (in Corey, 1995:298) ontslae van valse rolle en voorwendsels en word 'n groot mate van energie vrygestel wat aanvanklik teruggehou is toe daar 'n valse beeld voorgehou is. Kinders is nou in kontak met hulle ware gevoelens en in staat om die gevoelens opreg en eerlik uit te druk op wyses wat nie skadelik vir die self of vir ander mense is nie. Kinders is nou bemagtig om hulself te wees en om hulle gevoelens aangaande die enkelouersituasie op gepaste wyses te hanteer.

5.2.7 Groepwerksessie 6 – Kinderrespondente

5.2.7.1 Doelstelling van groepwerksessie 6

Insigontwikkeling in en die vestiging van 'n verbeterde perspektief ten opsigte van die groeplede se hantering van hulle eie enkelouersituasie, deur middel van biblioterapie.

5.2.7.2 Doelwitte van groepwerksessie 6

- Die gesamentlike lees van die volgende boek: Menendez-Aponte, E. 2001. **Wat as ma en pa skei?** Afrikaanse uitgawe. Wellington: Lux Verbi. BM, ten einde groter insig in en 'n verbeterde perspektief ten opsigte van die groeplede se eie enkelouersituasie by hulle tuis te bring.
- Die eksplorering van elke kind se hantering van hulle enkelouersituasie deur middel van die benutting van die boekie as 'n uitgangspunt vir die hantering van gevoelens en behoeftes rondom die enkelouersituasie.

5.2.7.3 Verloop van groepwerksessie 6

- Tydens rondtes gee die groeplede terugvoer oor die aard van hulle vakansie.
- Die groeplede het dinge wat vir hulle lekker is in die vakansie gedoen.
- Groeplid D het in die vakansie verjaar en gehoop sy pa bel hom, maar sy pa het nie. Dit was vir groeplid D sleg. Groeplid D se pa maak die afgelope vier jaar nie meer kontak met hom nie.
- Tydens biblioterapie kry die groeplede die geleentheid om elkeen 'n bladsy uit die boekie te lees en te identifiseer met die gevoelens rondom die skeiding tussen

hulle ouers. Die hanteringstrategieë wat in die boekie uitgelig word, word bespreek.

- Dit blyk dat die leessessie en bespreking te lank raak vir die groeplede. Dissipline word op groeplid D toegepas, aangesien hy die groepwerkproses ontwrig. Vyftien minute voor die einde van die groepwerksessie word hy na 'n gesamentlike besluit deur die groep, gevra om terug te gaan klas toe.
- Dit blyk verder dat die groeplede gereed raak vir afsluiting van die groep.
- Tydens sluiting word die groeplede aangemoedig om eerlik te wees ten opsigte van hulle ervaring van die groepwerksessie.
- Groeplid C toon aan dat hy baie geleer het en dat niks vir hom sleg was nie.
- Vir groeplid F was die boeklesery vervelig en wou hy iets meer aktief doen; dit was egter vir hom lekker om net daar te wees.
- Groeplid G toon aan dat hy na die skeiding tussen sy ouers ook gevoel het dinge gaan nie verbeter nie, maar dit het, want hy sien sy pa meer gereeld as in die tydperk net na die skeiding.
- Samevatting van groepwerksessie 6 en beplanning vir groepwerksessie 7 vind plaas.

5.2.7.4 Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 6

Al die groeplede was teenwoordig tydens hierdie groepwerksessie.

Tabel 32: Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 6

Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrens-versteuring
A	<p>Is homself, eerlik, opreg en spontaan. Pa het vir hulle goed in vakansie gekoop. Groeplid A voel dat dit beter is dat sy ma en pa uitmekaar is, want sy pa het sy ma geslaan.</p> <p>Vertroueling met wie hy kan praat oor sy gevoelens en probleme: vriendin.</p>	Geen.	<p>Implosiewe laag met oorgang na eksplosiewe laag – is in kontak met homself en is minder bang om homself te wees in die groep as tydens vorige</p>	Minder samevloeiing as tydens vorige sessie.

			sessies. Hy is eerlik oor sy gevoelens en pas hantering-strategieë buite groepsituasie toe.	
Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrens-versteuring
B	<p>Eerlik, oop, spontaan en deel maklik met die groep. Toon aan dat sussie skuldgevoelens ervaar het toe pa en ma geskei het, maar nie hy nie. (Groeplid B woon by pa as enkelouer) Groeplid B hou nie van sy ma se vriend nie, omdat ma geld op vriend uitgee wat eintlik vir hulle bedoel is.</p> <p>Vertroueling: Sussie en pa. (Sussie is ouer as groeplid B)</p>	Geen.	<p>Eksplosiewe laag – is in kontak met homself. Hy behou sy individualiteit binne die groep. Hy deel van homself met die res van die groep.</p>	<p>Geen tydens hierdie sessie. Is gereed vir afsluiting.</p>
C	<p>Stil. Blyk dat hy inligting van boekie gretig inneem. Sy ma moedig hom soms aan om sy biologiese pa te bel.</p> <p>Vertroueling: Praat met ma oor sy gevoelens en probleme.</p>	Stil groeplid.	<p>Implosiewe laag. Groep beteken vir hom meer as wat hy mag laat blyk. Is in kontak met sy gevoelens en behoeftes. Het in sessie gretig bladsye uit boek gelees. Deel tydens sluiting sy ervaring van die sessie. Blyk dat hy sessie geniet het.</p>	<p>Retrofleksie – is geneig om gevoelens na binne te keer.</p>
D	<p>Pa wat nie kontak maak nie en pa se onvolwasse gedrag pla hom baie. Laasgenoemde is moontlik die oorsaak vir groeplid D se</p>	Groeplid – ontwrig groepwerk-proses.	<p>Wissel tussen valse- en implosiewe lae. Ontvang aandag</p>	<p>Defleksie – benut humor om dit wat vir hom seer en</p>

	<p>ontwrigtende gedrag tydens die groepwerksessie.</p> <p>Vertroueling: Niggie in die Kaap. Hy toon aan dat hy baie drukkies en soentjies kry van sy meisie. Dit help hom om beter te voel. Groeplid D dien self as vertroueling en ondersteuner van sy ma. Groeplid D word verwys vir individuele terapie na gestaltgroepwerkprogram.</p>		<p>wanneer hy die groepnar is, al is dit negatiewe aandag. Hy is tog ook baie eerlik oor sy gevoelens en ervarings. Sy optrede in groep kan as 'n noodkreet na ondersteuning en aanvaarding beskou word.</p>	<p>ongemaklik is, makliker draagbaar te maak.</p>
Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrens-versteuring
E	<p>Is homself. Kom eg voor. Hy is stout saam met ander groeplede en meer "kind" tydens hierdie groepwerksessie. Tog ook stiller en steeds volwasse-ouer. Sien sy pa gereeld en ervaar sy pa se liefde vir hom.</p> <p>Vertroueling: Niggie.</p>	Volwasse-ouerrol.	<p>Eksplosiewe laag – is in kontak met homself. Is sy ware self. Deel van homself met die res van die groep.</p>	<p>Moontlik retrofleksie en projeksie – trek gevoelens na binne en blameer ander vir sy ongelukkigheid.</p>
F	<p>Eerlik en opreg. Pa drink baie. Dit is dus vir hom beter dat sy ma en pa uitmekaar uit is. Ma het vriend gehad van wie hy niks gehou het nie. Hierdie verhouding is egter reeds beëindig. Die vriend was vir groeplid F "stupid" en hy het dit ook toe vir sy ma gesê.</p> <p>Vertroueling: Ma en oom.</p>	Geen.	<p>Implosiewe laag met oorgang na eksplosiewe laag – is in kontak met sy gevoelens en is eerlik oor sy gevoelens. Praat met meer vrymoedigheid oor sy gevoelens en dinge wat hom pla.</p>	<p>Geen tydens hierdie sessie.</p>
G	Spontaan – bied aan om eerste te lees. Lag baie tydens sessie.	Geen.	Implosiewe laag met oorgang na	Geen tydens hierdie sessie.

	<p>Groeplid G toon aan dat hy 'n goeie verhouding met sy biologiese pa het en dat hy hom gereeld sien. Hy sê dat hy in die vakansie by hom was. Hy hou nie van sy pa se vriendin nie, maar kom goed oor die weg met sy ma se vriend. Toon aan dat sy ma se vriend groeplid G se pa se nommer op sy selfoon het en dat hy groeplid G na sy pa toe neem.</p> <p>Vertroulinge: Ma en biologiese pa.</p>		<p>eksplosiewe laag – blyk homself te wees in die groep.</p>	
--	---	--	--	--

Vanuit groepwerksessie 6 blyk dit dat min groeplede hou van hulle enkelouer of "afwesige ouer" se nuwe vriend/vriendin. Volgens Price (1991:205) is dit vir kinders in die latente middelkinderjare moeilik om te aanvaar dat hulle ma's uitgaan met ander mans. Die rede hiervoor is moontlik dat die enkelouersituasie groter emosionele betrokkenheid tussen die enkelouer en sy/haar kind impliseer, met die gevolg dat enige nuwe persoon in die enkelouer se lewe as 'n indringer beskou mag word. Dit kom verder vanuit groepsessie 6 na vore dat groeplid D as 'n bron van ondersteuning vir sy ma dien. Hy noem op 'n stadium tydens die groepsessie dat hy met sy ma praat oor haar gevoelens oor sy pa. Snyman & Le Roux (1993:86-87) verduidelik dat die strukturele verandering of ontwrigting in die gesin dikwels ernstige emosionele ontwrigting veroorsaak. Die gesinslede is gevolglik in 'n groter mate afhanklik van mekaar vir emosionele ondersteuning.

Die meeste groeplede beweg in die eksplosiewe laag van funksionering in, aangesien dit blyk dat die meeste groeplede bemagtig is om hulself te wees en om hulle gevoelens ten opsigte van die enkelouersituasie op gepaste wyses te hanteer.

5.2.8 Groepwerksessie 2 – Enkelouerrespondente

5.2.8.1 Doelstelling van groepwerksessie 2 met enkelouers

Die verhoging van die betrokkenheid van die enkelouers by die gestaltgroepwerkprogram en die terapeutiese vordering van hulle kinders deur die gee van terugvoer aan die enkelouers ten opsigte van die aspekte wat in groepwerksessies

4 tot 6 met hulle kinders gedek is en die motivering van die enkelouers om die nuut aangeleerde hanteringstrategieë by hulle kinders te versterk.

5.2.8.2 Doelwitte van groepwerksessie 2 met enkelouers

- Die verhoging van die enkelouers se betrokkenheid by die gestaltgroepwerkprogram deur aan die enkelouers terugvoer te gee oor die aspekte wat in groepwerksessies 4 tot 6 met hulle kinders gedek is.
- Die verhoging van die enkelouers se betrokkenheid by die gestaltgroepwerkprogram deur die enkelouers in te lig ten opsigte van die aspekte wat nog met hulle kinders gedek sal word, naamlik: selfbeeldversterking en die hersiening van hanteringstrategieë wat tydens die groepwerksessies hanteer is.
- Die verhoging van die enkelouers se betrokkenheid by die terapeutiese vordering van hulle kinders deur die motivering van die enkelouers om die nuut aangeleerde hanteringstrategieë by hulle kinders te versterk.
- Die emosionele ondersteuning van die enkelouers deur middel van die hantering van die gevoelens en behoeftes van die enkelouers ten opsigte van die enkelouersituasie.

5.2.8.3 Verloop van groepwerksessie 2 met enkelouers

- Die enkelouers van groeplede A,B,C,F en G was tydens hierdie sessie teenwoordig.
- Die enkelouers ontvang algemene terugvoer oor groepwerksessies 4 tot 6 met hulle kinders.
- Die enkelouers word gemotiveer tot gevoelshantering met hulle kinders.
- In noodsaaklike gevalle word spesifieke terugvoer ten opsigte van kinderrespondente gegee.
- Die enkelouers word aangemoedig tot:
 - * oop kommunikasie met hulle kinders;
 - * om hoflik te kommunikeer met afwesige ouer (behoefte wat by kinderrespondente na vore gekom het);
 - * om nie te veel verantwoordelikheid op hulle kinders te plaas om enkelouers se gevoelens en probleme te hanteer nie; en
 - * om kind, indien moontlik en indien samewerking van ander ouer bekom kan

word, in kontak te bring met afwesige ouer;

* om aan te hou om hulle kinders se selfbeeld te versterk deur vir hulle erkenning te gee vir take wat goed afgehandel is en vir hulle te sê dat hulle lief is vir hulle.

- Groeplid G se terugvoer in die groep ten opsigte van kontak met sy biologiese pa is in teenstelling met sy ma se terugvoer. Groeplid G het volgens sy ma sedert Desember laas kontak gehad met sy pa. Die rede hiervoor is moontlik dat groeplid G 'n groot behoefte het aan kontak met sy pa en dit hanteer deur fantasering en wensdenkery oor sy verhouding met sy pa.
- Die enkelouers word ingelig ten opsigte van die strukturering van die volgende twee groepwerksessies en die laaste gesamentlike sessie met hulle kinders.
- Die terapeute onderneem om op grond van die behoefte van die enkelouers, met die klasonderwyser te praat rondom sy hantering van die kinders.
- Die enkelouers word voorberei op hulle laaste gesamentlike sessie met hulle kinders oor drie weke.

5.2.9 Groepwerksessie 7 – Kinderrespondente

5.2.9.1 Doelstelling van groepwerksessie 7

Selfbeeldversterking deur aan elke groeplid die geleentheid te bied om homself te teken en sy positiewe eienskappe te identifiseer en te beklemtoon.

5.2.9.2 Doelwitte van groepwerksessie 7

- Die bevordering van die groeplede se kontak met hulself deur aan elke groeplid die geleentheid te bied om homself te teken op enige manier wat hy wil.
- Die selfbeeldversterking van die groeplede deur die motivering van die groeplede om hulle positiewe eienskappe by die tekening neer te skryf.
- Die selfbeeldversterking en beklemtoning van die uniekheid van elke groeplid deur aan elke groeplid die geleentheid te bied om hierdie positiewe eienskappe vir die res van die groep voor te lees en die res van die groep te motiveer om nog positiewe eienskappe by te voeg.
- Die vestiging van 'n toekomsperspektief by groeplede deur middel van die uitknip van tydskriffoto's van hoe hulle graag eendag tussen mense wil wees.

- Die versterking van die groepledede se benutting van hanteringstrategieë vir gevoelens en behoeftes deur die hersiening van hanteringstrategieë wat tydens groepwerksessies hanteer is, naamlik: om te praat met mense wie jy kan vertrou; selfvertroeteling en om in jou gedagtes na jou veilige plek te gaan.
- Die eksplorering van die groepledede se benutting van die hanteringstrategieë deur terugvoer van groepledede te ontvang ten opsigte van hulle toepassing van hanteringstrategieë buite die groepsituasie.
- Die finale voorbereiding van die groepledede op afsluiting tydens die volgende groepwerksessie deur hulle daaraan te herinner dat die dieselfde vraelyste as aan die begin van die gestaltgroepwerkprogram, weer ingevul sal word en deur die gesamentlike beplanning van die afslutingspartytjie.

5.2.9.3 Verloop van groepwerksessie 7

- Tydens rondtes gee die groepledede terugvoer oor die aard van hulle week. Die groepledede het oor die algemeen ‘n goeie week en ‘n goeie lang naweek gehad. Hulle vertel dat hulle die krieket gewen het en dat dit hoofsaaklik te danke was aan groeplid B. Groeplid B se pa (enkelouer) het na die wedstryd kom kyk.
- Die groepledede teken hulleself en skryf hulle positiewe eienskappe by die tekening neer. Elkeen wys sy selftekening vir die res van die groep en lees die positiewe eienskappe wat hy bygeskryf het hardop.
- Groeplid E vind dit moeilik om sy positiewe eienskappe neer te skryf. Hy dink lank en skryf net twee eienskappe neer.
- Die ander groepledede en terapeute kry geleentheid om nog positiewe eienskappe by elke groeplid se eienskappe wat hardop gelees word, by te voeg. Die groepledede moet die positiewe eienskappe wat deur die ander groepledede en die terapeute bygevoeg word, byskryf.
- Toekomsvisie word by die groepledede gevestig deur die groepledede te laat dink aan hoe hulle graag eendag in interpersoonlike verhoudings wil wees en dit met die groep te deel.
- Die groepledede soek na ‘n foto van iets of iemand in ‘n tydskrif wat voorstel hoe hulle graag eendag in interpersoonlike verhoudings wil wees.
- Groeplid B toon eerste aan dat hy eendag baie ryk wil word, sodat hy die geld kan gebruik om die armes te help. Hy wil graag mense help.

- Die meeste ander groeplede voeg hierna ook by hulle idees dat hulle graag ander mense wil help.
- As deel van die voorbereiding op afsluiting word die groeplede tydens sluiting herinner aan die groep se afsluiting tydens die volgende groepwerksessie.
- Die drie belangrikste hanteringstrategieë vir gevoelens, naamlik: praat met mense wie jy kan vertrou; selfvertroeteling en om in jou gedagtes na jou veilige plek te gaan, word in die groep hersien. Die groeplede onthou die hanteringstrategieë en die terapeute gee erkenning daarvoor.

5.2.9.4 Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 7

Al die groeplede was teenwoordig tydens hierdie groepwerksessie.

Tabel 33: Assessering van individuele groeplede tydens groepwerksessie 7

Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrens-versteuring
A	<p>Siening van homself:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Sterk leierseienskappe • Ma en ander mense sê hy het mooi oë <p>Groeplede se siening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hy baklei nie baie nie • Is vriendelik • Doen altyd sy werk in die klas <p>Groeplid A wil 'n wildbewaarder word. Blyk onseker te wees van homself wanneer hy groeplid E se voorbeeld volg ten opsigte van hoe hy eendag tussen mense wil wees.</p> <p>Onderlinge gepratery met groeplid E tydens sessie – kan dui op gereedheid vir afsluiting.</p>	Geen.	Eksplosiewe laag met tekens van implosiewe laag (nog bietjie onsekerheid in homself). Is homself tydens sessie. Nie bang om sy goeie eien-skappe vir groep voor te lees nie.	Tekens van samevloeiing – gebruik idee van groeplid E ten opsigte van hoe hy eendag wil wees.
B	<p>Siening van homself:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Weet hy is goed met sport soos krieket, rugby & atletiek. • Hy is slim <p>Groeplede se siening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hy is vinnig 	Geen.	Eksplosiewe laag – is homself en is in kontak met sy gevoelens en behoeftes.	Geen tydens hierdie sessie.

	<ul style="list-style-type: none"> Groeplid F sê groeplid B kan vinnig kwaad word as iemand hom wen. Terapeute bring dit onder groep se aandag dat ander groepleden groeplid B se sterk- en swakpunte goed ken. <p>Groeplid B ontvang baie ondersteuning van sy pa (enkelouer) – pa kom kyk gewoonlik krieketwedstryde. Groeplid B wil 'n professionele krieketspeler word en sy geld gebruik om die armes te help. Hy wil ook kinders help met probleme soos 'n terapeut. Is gereed vir afsluiting.</p>		<p>Hy onthou dat mens moet praat met mense wie jy kan vertrou as hanteringstrategie vir gevoelens.</p>	
Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrens-versteuring
C	<p>Voer selfbeeldaktiwiteit eerste in totaliteit uit, terwyl ander groepleden tussenin praat. Hy neem aktiwiteit ernstig op.</p> <p>Siening van homself:</p> <ul style="list-style-type: none"> Het mooi oë Is goed in sport (sokker en atletiek) <p>Groeplede se siening:</p> <ul style="list-style-type: none"> Hy is vriendelik Doen sy werk Is vinnig (rats) Hy beskerm soms vir groeplid G Medeterapeut voeg by dat hy goed luister. <p>Groeplid C wil graag eendag 'n professionele sokkerspeler word. Hy wil ook mense help met geld soos straatkinders.</p>	Stil groeplid	<p>Implosiewe-en eksplosiewe laag – internaliseer inligting en maak dit sy eie. Is in kontak met sy gevoelens en behoeftes. Nog bietjie skaam.</p>	<p>Samevloeiing – tydens teken van homself. Teken homself met 'n soortgelyke gesig as groeplid G.</p>
D	<p>Maak minder grappies as tydens vorige sessie. Is stiller.</p> <p>Siening van homself:</p> <ul style="list-style-type: none"> Het mooi oë 	Geen.	<p>Implosiewe laag – is in kontak met sy gevoelens en</p>	<p>Defleksie is minder – blyk steeds behoefte te hê om</p>

	<ul style="list-style-type: none"> • Het goeie wiskunde punte • Is goed in atletiek soos 1200m <p>Groeplede se siening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Het 'n goeie sin vir humor <p>Groeplid D wil graag 'n professionele atleet word. Hy is nie gereed vir afsluiting nie. Sal by individuele terapie inskakel na die groep.</p>		<p>behoeftes. Hy onthou die konsep van "veilige plek" as hantering-strategie vir gevoelens.</p>	<p>grappies te maak ten einde weg te draai van dit wat ongemaklik is.</p>
Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrens-versteuring
E	<p>Is nors na toepassing van dissipline wanneer hy onderling praat.</p> <p>Siening van homself:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Is goed in swem • Is sterk <p>(selfbeeldaktiwiteit blyk vir hom moeilik te wees)</p> <p>Groeplede se siening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hy staan op vir dit wat reg is – verdedig ander indien nodig • Is regverdig • Is 'n goeie leier • Groeplid G is van mening dat groeplid E mooi hare het. <p>Groeplid E sien sy pa in 'n realistiese lig. Hy wil eendag besoerde diere help soos 'n natuurbewaarder. Hy wil lief wees vir die natuur en vir diere.</p>	Geen.	<p>Implosiewe laag – is in kontak met sy gevoelens en behoeftes. Dit blyk egter dat hy nog probleme ondervind om dit op toepaslike wyses uit te druk.</p>	<p>Retrofleksie en projeksie – geneig om sy gevoelens na binne te keer en geneig om ander vir sy ongelukkigheid te blameer.</p>
F	<p>Is stiller as tydens vorige sessie. Blyk rustiger in homself te wees. Wil ook graag begin krieket speel soos groeplid B.</p> <p>Siening van homself:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Het mooi oë • Is vriendelik <p>Groeplid F wil 'n professionele renjaer word en wil graag mense help. Hy is gereed vir afsluiting.</p>	Geen.	<p>Implosiewe en eksplosiewe laag – blyk in kontak te wees met gevoelens en behoeftes en dit toepaslik uit te druk. Is homself tydens sessie.</p>	<p>Geen tydens hierdie sessie.</p>

			Onthou dat mens dingé kan doen wat vir jou lekker is as gevoelshantering-strategie.	
Groeplid	Projeksie	Rol in groep	Lae van Perls	Kontakgrens-versteuring
G	<p>Siening van homself:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hy doen al sy werk in die klas • Hy is slim • Hy is vriendelik • Hy kan mooi sing <p>Groeplede se siening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hy het 'n goeie sin vir humor <p>Groeplid G wil eendag groot huise bou waar straatkinders kan bly. Hy wil graag ook mense help. Groeplid G is nie gereed vir afsluiting nie. Sal inskakel vir individuele terapie na die groep.</p>	Geen.	Implosiewe laag – is in kontak met sy gevoelens. Was egter nie eerlik oor sy kontak met sy pa tydens vorige sessies nie. Terapeut konfronteer hom na sessie vriendelik hieroor en sê dat dit “okay” is, omdat groeplid G moontlik wens dat hy so baie kontak met sy pa het soos wat hy beskryf het. Groeplid G aanvaar dit so en lag.	Defleksie – draai weg van dit wat ongemaklik is deur humor.

Tydens groepwerksessie 7 is daar hoofsaaklik gefokus op selfbeeldversterking. Van Loggerenberg & Roets (1993:112-114) toon aan dat enkelouerkinders dikwels 'n gevoel van ontoereikendheid ervaar. Die rede hiervoor is moontlik dat die enkelouer nie meer die aandag aan die kind bestee soos voor die skeiding nie, weens ander

verantwoordelikhede en verpligtinge. Die ouer moet om hierdie rede ingestel wees daarop om aan die kind erkenning en waardering te gee vir enige positiewe gesindheid en optrede. Wanneer die kind ervaar dat die ouer hom/haar hoogag, sal hy/sy weer hoë selfagting beleef (Van Loggerenberg & Roets, 1993:112-114). Hierdie aspek is deur die navorser met die enkelouers aangespreek tydens die tweede groepwerksessie met die enkelouers. Tydens groepwerksessie 7 met die kinderrespondente is daar alleenlik op die groeplede se positiewe eienskappe gefokus.

Die groeplede het tydens die gestaltgroepwerksessies deur die verskillende lae van Perls beweeg, soos wat hulle die geleentheid gebied is om hulle gevoelens, voorgrondbehoeftes en ontkende aspekte van hulself, uit te druk en verantwoordelikheid daarvoor te neem.

5.2.10 Groepwerksessie 8 – Kinderrespondente

5.2.10.1 Doelstelling van groepwerksessie 8

Die meting van die groeplede se verwerking en hantering van die enkelouersituasie na die gestaltgroepwerkprogram met behulp van dieselfde vraelys as tydens die eerste groepwerksessie.

5.2.10.2 Doelwitte van groepwerksessie 8

- Bied aan groeplede die geleentheid om dieselfde vraelys as tydens groepwerksessie 1 in te vul, ten einde hulle verwerking en hantering van die enkelouersituasie na die gestaltgroepwerkprogram te meet.
- Die verdere versterking van die “self” van die groeplede en die sinvolle afsluiting van die gestaltgroepwerkprogram deur aan die groeplede die geleentheid te bied om die program te evaluateer deur te praat oor die dele in die gestaltgroepwerkprogram waarvan hulle gehou het en daardie dele waarvan hulle nie gehou het nie.
- Die hou van ‘n afslutingspartyjie ten einde die groeplede in staat te stel om die gestaltgroepwerkprogram op ‘n aangename wyse af te sluit.

5.2.10.3 Verloop van groepwerksessie 8

Groeplid D was afwesig. Verder was al die groeplede teenwoordig tydens hierdie groepwerksessie.

- Die groeplede vul die natoetsvraelyste in. Hulle werk vinnig.
- Sommige groeplede het ook lekkers en koeldrank saamgebring vir die afsluitingspartyjie.
- Terwyl almal eet en drink, kry die groeplede die geleentheid om terugvoer te gee oor die aard van die gestaltgroepwerkprogram. Eerlikheid word deur die terapeute aangemoedig. Die groeplede word ook aangemoedig om eerlik teenoor mekaar te wees.
- Vir die meeste groeplede was die biblioterapiesessie (groepwerksessie 6) vervelig.
- Volgens die groeplede was die sensoriese kontakmakingsessie (groepwerksessie 2) en die eerste verfsessie (groepwerksessie 4) die lekkerste.
- Niemand in die groep het 'n behoefte om iets vir iemand anders te sê nie.
- Die terapeute bedank die groeplede vir hulle deelname en moedig hulle aan in die bereiking van hulle drome.
- Groeplid E bedank die terapeute vir hulle moeite. Groeplid E meld verder dat dit vir hom sleg was toe groeplid D tydens die sesde groepwerksessie gevra is om die groep te verlaat. Die medeterapeut toon aan dat sy dieselfde voel, maar verduidelik die noodsaaklikheid daarvan om orde te handhaaf ten einde met die groepwerksessie te kon voortgaan.
- Die groeplede en die terapeute kuier verder net lekker saam.
- Groeplede D en G is verwys vir individuele terapie.
- Tydens groepwerksessie 8 is daar geen individuele assessering van die groeplede gedoen nie, aangesien daar tydens hierdie groepwerksessie met die groep afgesluit is.

5.3 Kategorieë, temas en subkategorieë vanuit groepwerksessies in die gestaltgroepwerkprogram

5.3.1 Kategorieë, temas en subkategorieë vanuit projeksies

Tabel 34: Kategorieë, temas en subkategorieë vanuit projeksies

GROEPWERK-SESSIE	KATEGORIEË	TEMAS	SUBKATEGORIEË
1 Groepstrukturering, bekendstelling en voortoets	Groeplede poog om hulleself in die groep te oriënteer.	<ul style="list-style-type: none"> • Onsekerheid • Opgewondenheid 	<ul style="list-style-type: none"> - Aandagsoekend - Negatiewe gesindheid - Stil en skaam - Positiewe gesindheid - Goeie sin vir humor - Eerlik teenoor medegroeplede
2 Sensoriese kontakmaking	Vestiging van posisie in groep	<ul style="list-style-type: none"> • Werk aspekte van vertroue deur • Kompetisie tydens sensoriese kontakmakingsaktiwiteite 	<ul style="list-style-type: none"> - Stil en skaam - Maak grappies - Domineer ander groeplede - Oorspronklik en kreatief - Eerlik oor hoe elke stimulus hulle laat voel en waaraan dit hulle laat dink. - Soek goedkeuring van ander groeplede.
3 Kleiprojeksie van voorgrond	Groeplede bied weerstand daarteen om oop te maak oor hulle voorgrond-behoeftes en gevoelens.	<ul style="list-style-type: none"> • Beskermend teenoor self • Konflikfase van groepontwikkeling 	<ul style="list-style-type: none"> - Bang om ware self vir ander te wys – bang vir seerkry. - Sommige groeplede het in die week met

			mekaar baklei.
GROEPWERK-SESSIE	KATEGORIEË	TEMAS	SUBKATEGORIEË
Groepwerksessie 1 met enkelouers	Druk op enkelouers	<ul style="list-style-type: none"> • Rolvertolking • Dissipline • Finansies 	<ul style="list-style-type: none"> - Poog om beide rolle van ma en pa in gesin te vervul - Ervaar probleme met disciplinering van kind – kind luister nie. - Kry finansieel swaar
4 Verfprojeksie van belewing van enkelouersituasie	Groeplede projekteer gevoelens oor ouers wat nie meer saam is nie en oor afwesige ouer.	<ul style="list-style-type: none"> • Verligting • Hartseer • Verlies • Aggressie teenoor afwesige ouer 	<ul style="list-style-type: none"> - Afwesige ouer openbaar destruktiewe gedrag teenoor hom-/haarself of teenoor die ander ouer. - Mis afwesige ouer - Behoefté aan kontak met afwesige ouer - Idealiseer afwesige ouer (pa) - Verlies van aandag van afwesige ouer - Ervaar verwerping deur afwesige ouer
5 Strategieë vir hantering van belewinge van enkelouersituasie	Groter openheid ten opsigte van gevoelens oor enkelouersituasie	<ul style="list-style-type: none"> • Kohesiefase van groepontwikkeling 	<ul style="list-style-type: none"> - groeplede vertrou groep met hulle gevoelens en behoeftes

		<ul style="list-style-type: none"> • Voel hartseer oor skeiding • Groepleden dink aan hanteringstrategieë • Groter insig in probleme van afwesige ouer 	<ul style="list-style-type: none"> - Mis afwesige ouer - Wens dat hulle ouers weer bymekaar kan kom – besef dat dit nie gaan gebeur nie. - Behoefte aan meer kontak met afwesige ouer. - Idealiseer afwesige ouer (in hierdie geval pa) - Bel afwesige ouer - Skryf 'n brief vir afwesige ouer en sê hoe jy voel. - Praat met enkelouer oor behoefte aan kontak met afwesige ouer. - Gaan aan met jou lewe – doen dinge wat vir jou lekker is. - "Pa se storm is miskien tog groter as my storm"
GROEPWERK-SESSIE	KATEGORIEË	TEMAS	SUBKATEGORIEË
6 Biblioterapie	Gesindheid teenoor enkelouer of afwesige ouer se nuwe vriend/vriendin van enkelouer of afwesige ouer.	<ul style="list-style-type: none"> • Min groepleden hou van nuwe vriend/vriendin van enkelouer of afwesige ouer. • Groepleden is soms 'n bron van 	<ul style="list-style-type: none"> - Bekommerd oor enkelouer - Afwesige ouer gee geld uit op vriend wat eintlik vir groeplid en sy suster bedoel is. - Groeplid praat met enkelouer oor haar

		<p>ondersteuning vir hulle enkelouers.</p> <ul style="list-style-type: none">• Afwesige ouer (pa in hierdie geval) is onvolwasse – dit pla groeplid.	<p>gevoelens oor sy pa.</p> <ul style="list-style-type: none">- Groeplid maak soms vir sy ma ‘n warm-watersak in die aande.- Afwesige ouer maak nie kontak met sy seun nie.- Afwesige ouer tree onvolwasse en ontoepaslik op.
--	--	--	---

GROEPWERK-SESSIE	KATEGORIEË	TEMAS	SUBKATEGORIEË
Groepwerksessie 2 met enkelouers	Ouerleiding	<ul style="list-style-type: none"> • Bring kind in kontak met afwesige ouer. • Enkelouers moenie te veel verantwoordelikheid op hulle kinders plaas ten einde hulle (enkelouers) se gevoelens en probleme te hanteer nie. • Oop kommunikasie met kind 	<ul style="list-style-type: none"> - Laat kind toe om afwesige ouer te bel en daar te gaan kuier indien moontlik. - Enkelouer kan self 'n terapeut gaan sien of praat met 'n vertroueling. - Laat kinders nog soveel as moontlik kind wees en gee leiding. - Luister na kind - Hanteer gevoelens - Selfbeeldversterking deur erkenning te gee vir take goed afgehandel.
7 Selfbeeldversterking	Versterking van die self.	<ul style="list-style-type: none"> • Groeplede se siening van hulself • Groep se siening van individuele groeplede • Toekomsvisie van groeplede 	<ul style="list-style-type: none"> - Is vriendelik - Mooi oë - Is goed in sport - Is slim - Leierseienskappe - Goeie sin vir humor - Is 'n goeie leier - Is regverdig - Beskermend teenoor ander - Doen werk in klas - Wil baie geld maak - Wil mense help - Wil diere help

			- Wil professionele sportman word.
GROEPWERK-SESSIE	KATEGORIEË	TEMAS	SUBKATEGORIEË
8 Afsluiting en natoets	Terugvoer van groeplede oor aard van gestaltgroepwerkprogram	<ul style="list-style-type: none"> • Slegste sessie • Lekkerste sessie • Slegste ervaring 	<ul style="list-style-type: none"> - Biblioterapiesessie (groepwerksessie 6) was vervelig. - Sensoriese kontakmaking (groepwerksessie 2) was lekkerste - Eerste verfsessie (groepwerksessie 4) ook lekker - Groeplid D wat tydens groepwerk sessie 6 gevra is om die groep te verlaat.

5.3.2 Kategorieë, temas en subkategorieë ten opsigte van groeprolle

Tabel 35: Kategorieë, temas en subkategorieë ten opsigte van groepolle

KATEGORIEË	TEMAS	SUBKATEGORIEË
Oriënteringsfase	Leier Stil/teruggetrokke groeplid Groepnar “Aangepaste groeplid” Volwasse-ouerrol	Neem initiatief in die toepassing van tegnieke Stil en skaam Maak baie grappies Aandagoekend Eerlik met ‘n positiewe gesindheid Neem rol van gesagsfiguur oor ander groeplede in

	Dominerende groeplid	Domineer ander groeplede soms
KATEGORIEË	TEMAS	SUBKATEGORIEË
Konflikfase	Nie-samewerkende groeplid	Aandagafleibaar en swak samewerking
	Groepnar	Soek aandag deur maak van grappies
	Leier	Neem initiatief
	Grapjas	Oorspronklik (in 'n positiewe lig)
	Stil groeplid	Stil en in gedagte
Kohesiefase	Stil groeplid	Stil en skaam – blyk nog bang te wees vir gevoelsuitdrukking binne die groep
	Leier	Neem initiatief
	Volwasse-ouerrol	Tree op as gesagsfiguur oor ander groeplede
	Groepnar	Ontwrig groepwerkproses deur grappies te maak van terapeute en ander groeplede

Vanuit Tabel 35 blyk dit dat die inneem van groeprolle deur die groeplede wel in 'n geringe mate afgeneem het van die oriënteringsfase na die kohesiefase. Die groeplede het gemakliker daarmee geraak om hulself te wees.

5.3.3 Kategorieë, temas en subkategorieë ten opsigte van die lae van Perls

Tabel 36: Kategorieë, temas en subkategorieë ten opsigte van die lae van Perls

KATEGORIEË	TEMAS	SUBKATEGORIEË
Oriënteringsfase	Valse laag	Neem rolle in ten einde pyn rondom enkelouersituasie, te verdoesel en te hanteer. Nog nie gereed om ware self met ander groeplede te deel nie.
	Valse laag met oorgang na	Bang om ware self met ander te

	fobiese laag	deel.
KATEGORIEË	TEMAS	SUBKATEGORIEË
	<p>Valse laag met tekens van weerstand</p> <p>Valse laag met tekens van implosiewe laag</p> <p>Fobiese laag met tekens van implosiewe laag</p>	<p>Bied weerstand teen deel van ware self met ander</p> <p>Tog ook in kontak met gevoelens en behoeftes – weet reeds wat om met gevoelens en behoeftes te doen.</p> <p>Bang om ware self vir ander groep lede te wys.</p> <p>Tog ook in kontak met gevoelens en idees.</p>
Konflikfase	<p>Fobiese laag</p> <p>Fobiese laag met tekens van implosiewe laag</p> <p>Weerstandsblaag</p> <p>Weerstandsblaag met oorgang na implosiewe laag</p> <p>Implosiewe laag</p>	<p>Wil nog nie te eerlik oor self raak nie – vertrou groep nog nie.</p> <p>Bang om ware self vir ander groep lede te wys.</p> <p>Tog ook eerlik oor gevoelens.</p> <p>Bied weerstand daarteen om eerlik oor self in groep te praat.</p> <p>Begin geleidelik ware self met groep deel.</p> <p>Bied weerstand teen onthulling van gesinsituasie – is nog nie gereed nie.</p> <p>Vind dit moeilik om oor afwesige ouer te praat.</p> <p>Tog ook in kontak met gevoelens oor afwesige ouer.</p> <p>Nie bang om self met groep te deel nie.</p> <p>Gee nie om wat ander dink nie.</p> <p>Is in kontak met gevoelens ten opsigte van ouers se skeiding en afwesige ouer.</p>

KATEGORIEË	TEMAS	Eerlik oor gevoelens in groep.
SUBKATEGORIEË		
Kohesiefase	Implosiewe laag	Is in kontak met gevoelens. Is meer hulleself. Praat makliker oor gevoelens ten opsigte van skeiding. Is nie bang wat ander groeplede dink of sê nie. Eerlik oor gevoelens.
	Implosiewe en eksplosiewe laag	Is in kontak met gevoelens, behoeftes en ware self. Is hulleself. Is eerlik oor ervarings in familie en gevoelens. Pas tegnieke in groep (werk met polariteit ten opsigte van afwesige ouer) by die huis op enkelouer toe. Pas hanteringstrategieë buite groepsituasie toe.
	Eksplosiewe laag	Is in kontak met self. Behou individualiteit binne die groep. Is ware self.
	Eksplosiewe laag met tekens van implosiewe laag	Nog bietjie onsekerheid in self.
	Wisseling tussen valse- en implosiewe laag	Groeprnaar ten einde aandag te ontvang. Tog ook eerlik oor gevoelens en ervarings.

Vanuit Tabel 36 blyk dit dat al die groeplede tydens die kohesiefase in die implosiewe laag van funksionering inbeweeg het. Sommige groeplede is reeds in die eksplosiewe laag van funksionering, terwyl een groeplid geregresseer het na die valse laag van funksionering. Die rede vir laasgenoemde regressie is moontlik dat die betrokke

groeplid nie gereed was vir afsluiting nie. Die vooruitsig van afsluiting het hom moontlik met vrees vervul, sodat hy weer sy rol van groepnar moes inneem. Hierdie groeplid is verwys vir individuele terapie na afsluiting met die gestaltgroepwerkprogram.

5.3.4 Kategorieë, temas en subkategorieë ten opsigte van kontakgrensversteurings

Tabel 37: Kategorieë, temas en subkategorieë ten opsigte van kontakgrensversteurings

KATEGORIEË	TEMAS	SUBKATEGORIEË
Oriënteringsfase	Defleksie – lag Retrofleksie Projeksie Samevloeiing	Draai weg van dit wat ongemaklik is of van die fokus op die self, deur die benutting van humor. Keer gevoelens na binne. Plaas gevoelens of blaam op ander groeplede. Is geneig om ander groeplede die skuld te gee tydens konflik-situasies. Vloeи saam met die gevoelens, behoeftes, idees en opinies van ander groeplede.
Konflikfase	Defleksie Introjeksie	Maak grappies. Draai weg van dit wat ongemaklik is en die fokus op self deur woeligheid en grappies onderling. Lag ten einde weg te draai van dit wat ongemaklik is. Handhaaf neutrale gevoel oor skeiding. Probeer om te wees en te sê hoe

		en wat terapeute verwag volgens eie persepsie. Verskuif aandag na informele leiers in die groep.
KATEGORIEË	TEMAS	SUBKATEGORIEË
	Retrofleksie Samevloeiing	Trek gevoelens na binne. Teken en verf wat ander teken en verf.
Kohesiefase	Samevloeiing Retrofleksie Defleksie Projeksie	Vloei saam met die idees en opinies van ander. Teken wat ander teken. Geneig om gevoelens binne te hou. Geneig om gevoelens na binne te keer. Draai deur onderlinge gesels en grappies maak, weg van dit wat ongemaklik is. Blameer ander vir ongelukkigheid.

Alhoewel die kontakgrensversteurings by enkele groeplede afgeneem het, blyk dit uit Tabel 37 dat die spektrum van kontakgrensversteurings in die kohesiefase in 'n groot mate ooreenstem met dié in die oriënteringsfase en konflikfase. Dit blyk verder dat die intensiteit van sommige kontakgrensversteurings soos defleksie, afgeneem het van die oriënteringsfase na die kohesiefase.

5.4 Kinderrespondente se ervaring van getsaltgroepwerkprogram

(Gesamentlike evaluasie deur enkelouer en kind)

Vanuit die sewe pare respondentе (enkelouer & kind) het vyf saam 'n stukkie geskryf oor wat die gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouerkind beteken het. Twee van hierdie vyf enkelouers het ook hulle persoonlike ervaring van die

gestaltgroepwerkprogram neergeskryf. Die kategorieë, temas en subkategorieë ten opsigte van die vyf pare respondent se ervaring van die gestaltgroepwerkprogram, word in Tabel 38 voorgestel:

Tabel 38: Kategorieë, temas en subkategorieë ten opsigte van die kinderrespondente en enkelouers se ervaring van die gestaltgroepwerkprogram

KATEGORIEË	TEMAS	SUBKATEGORIEË
Enkelouerkind se ervaring van gestaltgroepwerkprogram	<ul style="list-style-type: none"> • Groep het baie vir groeplid beteken • Hantering van gevoelens ten opsigte van enkelouersituasie • Insigontwikkeling in enkelouersituasie 	<ul style="list-style-type: none"> - Het groep geniet. - Het gehou van groepstrukturering. - Het nuwe maats gemaak. - Groep was 'n leerervaring. - Wanindruk van groep aan begin – later positief. - Gevoelens is hanteer deur daaroor te praat. - Gevoelens is hanteer deur biblioterapie. - Groeplede het geleer om gevoelens te hanteer deur: verfprojeksie; dinge te doen waarvan jy hou; toepaslike konflikhantering; kontak te behou met afwesige ouer. - Besef dat beide ouers hom nog liefhet. - Realiteitsbesef dat pa en ma nie meer saam is nie en ook nie weer bymekaar sal kom nie. - Insig in ouers se eie problematiek. - Besef dat skeiding beter was, omdat ouers

		<p>nie meer baklei nie.</p> <ul style="list-style-type: none"> - Insig dat skeiding nie sy skuld is nie.
KATEGORIEË	TEMAS	SUBKATEGORIEË
	<ul style="list-style-type: none"> • Verandering in groeplid • Algemene gevoel oor groep 	<ul style="list-style-type: none"> - Selfbeeldversterking - Kind meer selfhandhawend. - Hoop om weer so 'n groep by te woon.
Enkelouer se ervaring van gestaltgroepwerkprogram	<ul style="list-style-type: none"> • Groep het baie vir enkelouer beteken • Insig in hantering van enkelouersituasie • Enkelouer se eie gevoelens ten opsigte van enkelouersituasie • Verandering in verhouding tussen enkelouer en kind 	<ul style="list-style-type: none"> - Het baie geleer uit groep. - Ervaar ondersteuning van ander enkelouers. - Geleer om te luister na kind. - Insig in kind se gevoelens. - Besef belangrikheid van vader- en moederrol in kind se lewe. - Het baie dinge nie verstaan nie. - Verhouding tussen enkelouer en kind het verbeter. - Enkelouer laat kind toe om oor gevoelens te praat.

Na aanleiding van Tabel 38 blyk dit dat die kinderrespondente en hulle enkelouers die gestaltgroepwerkprogram hoofsaaklik as 'n goeie leerervaring beskou het. Die ondersteuning van medegroeplede is deur beide die kinderrespondente en die

enkelouers (tydens die twee groepwerksessies met die enkelouers) waardeer. Tait & Depta (1998:142) toon aan dat groepterapie aan deelnemers 'n veilige plek gee om oor moeilike aspekte met ander groeplede te praat. Spelterapie binne groepverband breek die gevoel van isolasie, normaliseer die herstel-/helingsproses en voorsien portuurgroepondersteuning. Die kombinasie van groepintervensie en spelterapieprosedures voorsien aan kinders die geleentheid om die gevoel dat hulle in 'n buite beheersituasie is, te verwerk (Tait & Depta, 1998:142). Die enkelouerkind voel dikwels buite beheer as gevolg van die verliese en veranderinge wat met enkelouerskap gepaardgaan.

5.5 Terugvoer van klasonderwyser

Na aanleiding van 'n kort voortoets-/natoetsskaal wat deur die Middestad Trauma Terapiesentrum ontwikkel is (Bylae 3) en deur die klasonderwyser ingeval is, kon die volgende gevolgtrekkings gemaak word, naamlik:

- Die kommunikasievaardighede van vyf van die sewe kinderrespondente het verbeter, terwyl die kommunikasievaardighede van twee kinderrespondente dieselfde gebly het.
- Die selfvertroue van drie kinderrespondente het verbeter, terwyl die selfvertroue van vier kinderrespondente dieselfde gebly het.
- Die skoolpunte van drie kinderrespondente het verbeter, terwyl vier kinderrespondente se skoolpunte dieselfde gebly het.

Hierdie inligting word in die kwalitatiewe deel van die empiriese bespreking ingesluit, aangesien die terugvoer hoofsaaklik op die subjektiewe mening van die klasonderwyser berus. Na aanleiding van bogenoemde inligting, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die gestaltgroepwerkprogram veral 'n bydrae gelewer het tot die bemeestering van die ontwikkelingstake by die kinderrespondente soos die ontwikkeling van die vermoë om doeltreffend met volwassenes en die portuurgroep te kommunikeer; die ontwikkeling van 'n positiewe selfopvatting en die voortgesette selfontdekking as waardige persoon.(Vergelyk Pretorius, 1994:97-101 en Louw, *et al.* 1990:326.)

5.6 Integrering van die bevindinge vanuit die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings

Die kwantitatiewe- en kwalitatiewe benadering is in hierdie navorsingstudie met mekaar gekombineer deur die benutting van die dominante- minder dominante model van Creswell. Die navorsingstudie is hoofsaaklik vanuit die kwantitatiewe benadering onderneem, terwyl die kwalitatiewe benadering 'n kleiner komponent van die data-insamelingsproses uitgemaak het. (Vergelyk De Vos, 2002:366.) Die integrering van die bevindinge vanuit die kwantitatiewe- en kwalitatiewe benaderings sal vervolgens bespreek word. Die belangrikste bevindinge vanuit die kwalitatiewe benadering sal benut word om die bevindinge vanuit die kwantitatiewe benadering toe te lig.

5.6.1 Kinderrespondente se belewinge van die enkelouersituasie

Vanuit die kwantitatiewe bevindinge blyk dit dat 100% (al sewe) kinderrespondente **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram oorwegend positief daaroor voel dat hulle ma of pa nie meer by hulle is nie. Positiewe gevoelens sluit in: dit pla hom nie; voel verlig; en voel bly.

Tydens groepwerksessie 4 in die gestaltgroepwerkprogram kon die groeplede deur middel van verfprojeksie en die uitdrukking van gevoelens, bewus word van hulle ervaring van die feit dat hulle ouers nie meer bymekaar is nie. Die oorhoofse gevoelens wat tydens groepwerksessie 4 vanuit die verf- en tekenprojeksies na vore gekom het, is verligting, hartseer en verlies. Die gevoel van verligting is hoofsaaklik ervaar in gevalle waar die afwesige ouer destruktiewe gedrag teenoor hom-/haarself of teenoor die ander ouer geopenbaar het. Tydens groepwerksessie 5 toon die groeplede aan dat hulle hartseer voel oor die skeiding tussen hulle ouers. Die meeste groeplede mis die afwesige ouer en wens dat hulle ouers weer bymekaar kan kom.

Volgens Van Loggerenberg & Roets (1993:112-114) sluit die belewinge van die kind na die verlies van 'n ouer onder andere die volgende in: skuldgevoelens; woede; verwarring; vrees; belewing van ontoereikendheid; belewing van verlies; en smart en depressie. Die belewinge bekom vanuit die kwantitatiewe benadering en vanuit die kwalitatiewe benadering stem in hierdie opsig nie met mekaar ooreen nie. Die rede

hiervoor is moontlik dat die groeplede tydens groepwerksessie 4 en groepwerksessie 5 in die implosiewe laag van funksionering begin beweeg het, waartydens die groeplede in kontak is met hulle ware gevoelens en in staat is om die gevoelens eerlik en oopreg uit te druk. Die eerste invul van die vraelys was aan die begin van die gestaltgroepwerkprogram waartydens die kinderrespondente moontlik nog nie in kontak was met hulle ware gevoelens ten opsigte van die enkelouersituasie nie, vanweë onsekerheid of vrees rondom hulle inskakeling by die groep. Tydens die invul van die vraelys na die gestaltgroepwerkprogram was die negatiewe gevoelens ten opsigte van die enkelouersituasie weer moontlik reeds in 'n groot mate deurgewerk.

5.6.2 Aard van verhouding tussen enkelouer en kind ten opsigte van beheer en aandag

Die verhouding tussen die kinderrespondente en hulle enkelouers blyk na aanleiding van die kwantitatiewe bevindinge oorwegend positief te wees.

Tabel 39: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van beheer van enkelouer voor gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Nooit	Soms	Altyd	Totaal
Kinderrespondente	0%	85.71% (6)	14.29% (1)	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	0%	42.86% (3)	57.14% (4)	100% (N=7)

Voor die gestaltgroepwerkprogram is 14.29% (een) kinderrespondent van mening dat sy enkelouer **altyd** weet waar hy is en/of wat hy doen en 85.71% (ses) kinderrespondente is van mening dat dit **soms** die geval is. Van die enkelouerrespondente is 57.14% (vier) **voor** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle **altyd** weet waar hulle kind is en/of wat hy doen en 42.86% (drie) enkelouerrespondente toon aan dat hulle **soms** weet waar hulle kind is en/of wat hy doen. Dit blyk dat die kinders se belewenis van die beheer van hulle enkelouers **voor** die gestaltgroepwerkprogram verskil van die enkelouer se belewenis.

Tabel 40: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van beheer van enkelouer na gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Nooit	Soms	Altyd	Totaal
Kinderrespondente	0%	71.43% (5)	28.57% (2)	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	0%	71.43% (5)	28.57% (2)	100% (N=7)

Na die gestaltgroepwerkprogram is 28.57% (twee) kinderrespondente van mening dat hulle enkelouers **altyd** weet waar hulle is en/of wat hulle doen en 71.43% (vyf) kinderrespondente is van mening dat dit **soms** die geval is. Van die enkelouerrespondente is 28.57% (twee) **na** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle **altyd** weet waar hulle kind is en/of wat hy doen en 71.43% (vyf) enkelouerrespondente is van mening dat dit soms die geval is. **Na** die gestaltgroepwerkprogram stem die persepsies van die kinderrespondente en die enkelouerrespondente in 'n groter mate met mekaar ooreen.

Tydens die eerste groepwerksessie met die enkelouers, het dit na vore gekom dat die toepassing van dissipline vir die teenwoordige enkelma's 'n probleem was. Dit was egter nie vir die enkelpa 'n probleem nie. Die enkelpa het aangetoon dat hy baie by die huis is en dus baie aandag aan sy kinders kan gee.

Tabel 41: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van aandag van enkelouer teenoor kind voor gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Nooit	Soms	Altyd	Totaal
Kinderrespondente	14.29% (1)	85.71% (6)	0%	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	14.29% (1)	71.43% (5)	14.29% (1)	100% (N=7)

Voor die gestaltgroepwerkprogram is 85.71% (ses) kinderrespondente van mening dat hulle enkelouers hulle **soms** help met hulle huiswerk en/of nie te besig is om saam met hulle te speel nie, terwyl 14.29% (een) kinderrespondent van mening is dat dit **nooit** die geval is nie. Van die enkelouerrespondente, toon 71.43% (vyf) **voor** die gestaltgroepwerkprogram aan dat hulle **soms** hulle kinders help met hulle huiswerk

en/of nie te besig is om met hulle kinders te speel nie, terwyl 14.29% (een) enkelouerrespondent aantoon dat dit **nooit** die geval is nie. Een (14.29%) enkelouerrespondent het wel aangetoon dat hy/sy **altyd** sy/haar kind help met huiswerk en saam met hom speel. Die response van die enkelouer- en die kinderrespondente blyk in hierdie oopsig in 'n groot mate met mekaar ooreen te stem.

Tabel 42: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van aandag van enkelouer teenoor kind na gestaltgroepwerkprogram


Respondente	Nooit	Soms	Altyd	Totaal
Kinderrespondente	0%	85.71% (6)	14.29% (1)	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	0%	100% (7)	0%	100% (N=7)

Na die gestaltgroepwerkprogram is 85.71% (ses) kinderrespondente van mening dat hulle enkelouers hulle **soms** help met hulle huiswerk en/of nie te besig is om saam met hulle te speel nie, terwyl 14.29% (een) kinderrespondent van mening is dat dit **altyd** die geval is. Al sewe (100%) enkelouerrespondente is **na** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle **soms** hulle kinders help met hulle huiswerk en/of nie te besig is om saam met hulle te speel nie. Die response van die enkelouer- en die kinderrespondente stem **na** die gestaltgroepwerkprogram steeds in 'n groot mate ooreen. Die "noot"-respons val ook **na** die program weg. Die rede hiervoor is moontlik dat die enkelouers tydens hulle tweede groepwerksessie aangemoedig is tot oop kommunikasie met hulle kinders en gemotiveer is tot gevoelshantering met hulle kinders. Uit die vyf enkelouers wat aan die gesamentlike evaluasie aan die einde van die gestaltgroepwerkprogram deelgeneem het, het 40% (twee) aangetoon dat hulle geleer het om te luister na hulle kind en dat hulle insig bekom het in hulle kind se gevoelens.

Snyman & Le Roux (1993:86-87) verduidelik dat enkelouerskap ook onvermydelik beskadigde opvoeding en veranderde gesinsverhoudings impliseer wat mag bydra tot opvoedkundige belemmering. Die druk op enkelouers word in baie gevalle te groot en die enkelouer kan nie meer die gewenste aandag aan en dissipline van sy/haar kind konsekwent toepas nie. (Vergelyk Simons & Associates, 1996:143.)

5.6.3 Aard van verhouding tussen afwesige ouer en kind ten opsigte van kontak

Figuur 19: Kind se verlange na afwesige ouer en/of familie van afwesige ouer



Voor die gestaltgroepwerkprogram toon 57.14% (vier) kinderrespondente aan dat hulle **soms** die afwesige ouer mis en/of verlang na die familie van die afwesige ouer en 42.86% (drie) kinderrespondente toon aan dat dit **altyd** die geval is. **Na** die gestaltgroepwerkprogram toon 57.14% (vier) kinderrespondente steeds aan dat hulle **soms** die afwesige ouer mis en/of verlang na die familie van die afwesige ouer en 42.86% (drie) kinderrespondente toon steeds aan dat dit **altyd** die geval is.

Tydens groepwerksessie 5 toon die meeste groeplede aan dat hulle die afwesige ouer mis en wens dat hulle ouers weer bymekaarkom. Een groeplid het teen die sesde groepwerksessie van wensdenkery ten opsigte van sy kontak met sy pa gebruik gemaak, vanweë sy groot behoefte aan kontak met sy pa.

Vanuit die kwantitatiewe bevindinge het dit verder geblyk dat die meeste kinderrespondente daarvan hou om by hulle pa te wees, al is daar nie so 'n goeie verhouding tussen pa en kind nie. Dit blyk verder dat daar **na** die gestaltgroepwerkprogram 'n verbetering in die verhouding tussen pa en kind by 28.57% (twee) respondenten ingetree het. Hier moet egter in ingedagte gehou word dat 14.29% (een) respondent by sy pa as enkelouer woonagtig is en nie soos die res van die respondenten by sy ma nie. Een (14.29%) kinderrespondent het ook sy pa ongeveer tien jaar gelede gesien en was dus nie in staat om hierdie vraag te beantwoord nie. Van Loggerenberg & Roets (1993:112) het in hulle studie van laerskoolkinders gevind dat die spesiale band tussen 'n ouer en kind baie sterk is. Baie kinders wou

graag hulle eie ouers terughê, al het hulle die ouer nie geken nie of al het die ouer hulle teleurgestel en hulle baie pyn veroorsaak en al is hulle kwaad vir die ouer. Die rede vir die verbetering in die verhouding tussen pa en kind by 28.57% (twee) groeplede kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die enkelouers tydens hulle tweede groepwerksessie gemotiveer is om hulle kinders in kontak te bring met die afwesige ouer indien moontlik en indien die samewerking van die ander ouer bekom kan word.

5.6.4 Beweging van die kinderrespondente deur die vyf lae van Perls

Indien die kinderrespondente in staat was om deur die verskillende lae van Perls te beweeg, kan dit as 'n aanduiding dien dat hulle bemagtig is om hulle gevoelens op toepaslike wyses te hantereer.

Tabel 43: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se toepaslike hantering van gevoelens voor gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Positief	Negatief	Totaal
Kinderrespondente	85.71% (6)	14.29% (1)	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	85.71% (6)	14.29% (1)	100% (N=7)

Voor die gestaltgroepwerkprogram is 85.71% (ses) kinderrespondente en 85.71% (ses) enkelouerrespondente van mening dat die kinderrespondente in staat is om hulle gevoelens op toepaslike wyses te hantereer. Een (14.29%) kinderrespondent en 14.29% (een) enkelouerrespondent is van mening dat dit nie die geval is nie. Die response van die kinderrespondente en die enkelouers stem hier in 'n groot mate met mekaar ooreen.

Tabel 44: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se toepaslike hantering van gevoelens na gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Positief	Negatief	Totaal
Kinderrespondente	85.71% (6)	14.29% (1)	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	100% (7)	0%	100% (N=7)

Na die gestaltgroepwerkprogram blyk 85.71% (ses) kinderrespondente in staat te wees om hulle gevoelens oorwegend op toepaslike wyses te hanteer en 14.29% (een) kinderrespondent blyk **na** die gestaltgroepwerkprogram nie in staat te wees om sy gevoelens op toepaslike wyses te hanteer nie. Al sewe (100%) enkelouerrespondente is **na** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle kinders in staat is om hulle gevoelens oorwegend op toepaslike wyses te hanteer. Vanuit hierdie gegewens blyk dit dat die enkelouerrespondente **na** die gestaltgroepwerkprogram meer optimisties ten opsigte van hulle kinders se vermoë is om gevoelens op toepaslike wyses te hanteer as die kinderrespondente self. (Verwys na paragraaf 4.3.19.1 vir 'n verduideliking van toepaslike hantering van gevoelens.) Die kinderrespondente is tydens die gestaltgroepwerksessies aangemoedig om hulle gevoelens te identifiseer, te besit en uit te druk.

Die groeplede het tydens die gestaltgroepwerkprogram deur die verskillende lae van Perls beweeg. Tydens die kohesiefase van groepontwikkeling het dit geblyk dat 100% (al sewe) groeplede in die implosiewe laag van funksionering (in kontak met gevoelens en behoeftes en eerlik oor gevoelens in groep) inbeweeg het. Sommige groeplede was reeds in die eksplosiewe laag van funksionering (is hulle ware self en pas hanteringstrategieë buite groep toe), terwyl een groeplid geregresseer het na die valse laag van funksionering (neem rol van groepnar in ten einde pyn te verdoesel en te hanteer). Die rede vir laasgenoemde regressie is moontlik dat die betrokke groeplid nie gereed was vir afsluiting nie. Hierdie groeplid is verwys vir individuele terapie na afsluiting met die gestaltgroepwerkprogram.

Volgens die kwalitatiewe bevindinge wat deur ongestruktureerde waarneming bekom is, het daar dus wel 'n verbetering in die groeplede se toepaslike hantering van hulle

gevoelens ingetree, alhoewel dit vanuit die kwantitatiewe bevindinge slegs deur die enkelouers se response in die vraelyste gereflekteer word.

5.6.5 Die benutting van kontakgrensversteurings deur die kinderrespondente

‘n Afname in die benutting van kontakgrensversteurings kan ‘n aanduiding wees van ‘n verhoogde vlak van emosionele en sosiale funksionering by die kinderrespondente. Alhoewel dit vanuit die kwantitatiewe bevindinge blyk dat daar ‘n verbetering in die emosionele en sosiale vlakke van funksionering by die kinderrespondente ingetree het, blyk dit vanuit die kwalitatiewe bevindinge dat die spektrum van kontakgrensversteurings in die kohesiefase van groepontwikkeling in ‘n groot mate ooreenstem met dié in die oriënteringsfase en konflikfase van groepontwikkeling. Dit blyk egter tog ook dat die intensiteit van sommige kontakgrensversteurings soos defleksie, afgeneem het van die oriënteringsfase na die kohesiefase.

Die bevindinge vanuit die kwantitatiewe benadering kan soos volg uiteengesit word:

Tabel 45: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van emosionele funksionering voor gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Positief	Negatief	Totaal
Kinderrespondente	71.43% (5)	28.57% (2)	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	85.71% (6)	14.29% (1)	100% (N=7)

Voor die gestaltgroepwerkprogram blyk 71.43% (vyf) kinderrespondente oorwegend ‘n positiewe vlak van emosionele funksionering te handhaaf, terwyl 28.57% (twee) kinderrespondente oorwegend ‘n negatiewe vlak van emosionele funksionering handhaaf. Van die enkelouerrespondente is 85.71% (ses) **voor** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle kind oorwegend ‘n positiewe vlak van emosionele funksionering handhaaf, terwyl 14.29% (een) enkelouerrespondent van mening is dat sy/haar kind oorwegend ‘n negatiewe vlak van emosionele funksionering handhaaf. (Sien vraag 10 in Bylae 2 (vraelys vir ouers).) Die enkelouers

blyk na aanleiding hiervan meer optimisties oor hulle kinders se vlak van emosionele funksionering te wees as die kinders self.

Tabel 46: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van emosionele funksionering na gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Positief	Negatief	Totaal
Kinderrespondente	100% (7)	0%	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	100% (7)	0%	100% (N=7)

Na die gestaltgroepwerkprogram is 100% (al sewe) kinderrespondente en 100% (al sewe) enkelouerrespondente van mening dat die kinderrespondente oorwegend ‘n positiewe vlak van emosionele funksionering handhaaf. Die verskil tussen die response, naamlik 28.57% (twee) by die kinderrespondente en 14.29% (een) by die enkelouerrespondente voor en na die gestaltgroepwerkprogram is volgens die Wilcoxon toets statisties betekenisvol vir hierdie spesifieke respondentegroep.

Tabel 47: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van sosiale funksionering voor gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Positief	Negatief	Totaal
Kinderrespondente	100% (7)	0%	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	85.71% (6)	14.29% (1)	100% (N=7)

Voor die gestaltgroepwerkprogram blyk dit dat 100% (al sewe) kinderrespondente oorwegend ‘n positiewe vlak van sosiale funksionering handhaaf. Van die enkelouerrespondente is 85.71% (ses) **voor** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle kind oorwegend ‘n positiewe vlak van sosiale funksionering handhaaf, terwyl 14.29% (een) enkelouerrespondent van mening is dat sy/haar kind oorwegend ‘n negatiewe vlak van sosiale funksionering handhaaf. (Sien vraag 12 in Bylae 2 (vraelys vir ouers).) In hierdie geval blyk die kinderrespondente meer optimisties oor hulle sosiale funksionering te wees as wat die geval by die enkelouerrespondente is.

Tabel 48: Vergelyking tussen ouer- en kindresponse ten opsigte van kind se vlak van sosiale funksionering na gestaltgroepwerkprogram

Respondente	Positief	Negatief	Totaal
Kinderrespondente	100% (7)	0%	100% (N=7)
Enkelouerrespondente	100% (7)	0%	100% (N=7)

Na die gestaltgroepwerkprogram is 100% (al sewe) kinderrespondente en 100% (al sewe) enkelouerrespondente van mening dat die kinderrespondente oorwegend 'n positiewe vlak van sosiale funksionering handhaaf. Die verskil in die response, naamlik 14.29% (een) by die enkelouerrespondente voor en na die gestaltgroepwerkprogram is statisties betekenisvol vir hierdie respondentegroep.

5.7 Samevatting

- In hierdie hoofstuk het die bevindinge bekom vanuit die kwalitatiewe benadering en die integrering van die kwantitatiewe- en die kwalitatiewe bevindinge hoofsaaklik aandag geniet.
- Tydens die bespreking van die kwalitatiewe bevindinge is daar in die eerste plek aandag gegee aan die bespreking van elke groepwerksessie in die gestaltgroepwerkprogram in terme van die doelstelling, doelwitte en verloop van elke groepwerksessie en die assessorering van die vordering van die individuele groepledde in terme van die projeksies; rolle wat in die groep ingeneem is; beweging deur die lae van Perls en benutting van kontakgrensversteurings deur elke groeplid.
- Die twee groepwerksessies met die enkelouers tydens die gestaltgroepwerkprogram, is ook bespreek in terme van die doelstelling, doelwitte en verloop van die groepwerksessies.
- Die kwalitatiewe data bekom vanuit die groepwerksessies is hierna in tabelvorm in terme van kategorieë, temas en subkategorieë voorgestel. Die kategorieë, temas en subkategorieë vanuit die projeksies; die groeprolle; die beweging van die groepledde deur die lae van Perls en die groepledde se benutting van

kontakgrensversteurings tydens die gestaltgroepwerkprogram, is in tabelvorm voorgestel.

- Die gesamentlike evaluasie van die gestaltgroepwerkprogram deur die enkelouer en kind ten opsigte van wat die program vir die kinderrespondente beteken het, is ook in terme van kategorieë, temas en subkategorieë voorgestel.
- Die terugvoer van die klasonderwyser na aanleiding van 'n kort voortoets-/natoetsskaal wat deur die Middestad Trauma Terapiesentrum ontwikkel is (Bylae 3), is in die laaste plek onder die bespreking van die kwalitatiewe bevindinge van die empiriese studie bespreek.
- Tydens die bespreking van die integrering van die kwantitatiewe- en kwalitatiewe benaderings, is daar op die volgende belangrikste bevindinge gefokus:
 - * die kinderrespondente se belewinge van die enkelouersituasie;
 - * die aard van die verhouding tussen enkelouer en kind ten opsigte van beheer en aandag;
 - * die aard van die verhouding tussen die afwesige ouer en kind ten opsigte van kontak;
 - * die beweging van die kinderrespondente deur die vyf lae van Perls; en
 - * die benutting van kontakgrensversteurings deur die kinderrespondente.
- Na aanleiding van die bespreking van die integrering van die kwantitatiewe- en kwalitatiewe bevindinge, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die gestaltgroepwerkprogram wel 'n verbetering ten opsigte van die kinderrespondente se emosionele- en sosiale vlakke van funksionering en toepaslike hantering van gevoelens teweeg bring het.

In die volgende hoofstuk sal die volledige en verfynde gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks, bespreek word.

HOOFSTUK 6: 'N GESTALTGROEPWERKPROGRAM VIR DIE ENKELOUERKIND IN DIE LAAT MIDDELKINDERJARE IN 'N MIDDESTAD KONTEKS

6.1 Inleiding

Na aanleiding van die bevindinge vanuit die literatuurstudie, is 'n gestaltgroepwerkprogram ontwikkel met die doel om die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks te bemagtig om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie te verwerk en op toepaslike wyses te hanteer. Die ontwikkelde gestaltgroepwerkprogram is tydens die voorondersoek, waartydens vier vroulike respondentes en hulle enkelouers betrek is, aangepas en verfyn. Hierdie aangepaste gestaltgroepwerkprogram is tydens die hoofondersoek met sewe manlike respondentes in hulle laat middelkinderjare en hulle enkelouers, geïmplementeer en geëvalueer. Die gestaltgroepwerkprogram is tydens hierdie hoofondersoek verder verfyn en finale veranderings is aangebring. Die veranderinge wat aan die doelwitte van enkele groepwerksessies aangebring is, is kortliks in hoofstuk 1 onder die toetsing van die vraelys (paragraaf 1.10.4) uiteengesit.

Die gestaltgroepwerkprogram het uit agt gestaltgroepwerksessies met sewe manlike enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in 'n middestad konteks, bestaan. In hierdie gestaltgroepwerkprogram was agt groepwerksessies voldoende, aangesien dit begin blyk het dat die meeste kinderrespondente teen die sesde of sewende groepwerksessie begin gereed raak het vir afsluiting. Afhangende van die behoefté van die betrokke groepledlede, sou daar van meer groepwerksessies in so 'n gestaltgroepwerkprogram gebruik gemaak kon word. Hierdie groep kan as 'n tydbeperkte groep beskou word. Brown (in Prinsloo, 2001:151) beskou tydbeperkte groepe as groepe waar daar voor die tyd reeds besluit word op die aantal sessies. Hierdie groepe het goeie resultate, omdat die groepledlede hulself sterker verbind om die gestelde doelstellings in die bereikbare tyd te bereik.

Die enkelouers het tydens die gestaltgroepwerkprogram twee maal, na elke derde groepwerksessie met hulle kinders, as 'n groep vergader. Tydens hierdie

groepwerksessies het hulle terugvoer ontvang van die aspekte wat met hulle kinders deurgewerk is en nog deurgewerk sou word. Die enkelouers is aangemoedig om die hanteringstrategieë vir gevoelens, wat tydens die gestaltgroepwerksessies met die kinders geïmplementeer is, by die huis te versterk. Die enkelouers se eie gevoelens en behoeftes ten opsigte van hulle verhouding met hulle kinders en gewese eggenoot(e), is ook tydens hierdie sessies hanteer. Die gestaltgroepwerkprogram is afgesluit met 'n gesamentlike evalueringssessie met die groeplede en hulle enkelouers. Tydens hierdie sessie het die kinderrespondente elkeen individueel saam met hulle enkelouer neergeskryf wat die gestaltgroepwerkprogram vir hulle beteken het. Die kinder- en enkelouerrespondente het voor en na die gestaltgroepwerkprogram 'n selfontwerp vraelys ingevul wat die kinderrespondente se belewinge van die enkelouersituasie en hulle hantering daarvan, voor en na die implementering van die gestaltgroepwerkprogram gemeet het. Die effektiwiteit van die gestaltgroepwerkprogram in die bemagtiging van die kinderrespondente om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie op toepaslike wyses te hanteer, is op hierdie wyse geëvalueer. Die bevindinge bekom vanuit die vraelyste en ongestructurreerde waarneming tydens die groepwerksessies, is in hoofstukke 4 en 5 bespreek en geïnterpreteer. Die bevindinge dui daarop dat die ontwikkelde gestaltgroepwerkprogram met vrymoedigheid met enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in 'n middestad konteks geïmplementeer kan word.

In hierdie hoofstuk sal die volledige gestaltgroepwerkprogram in terme van die doelstelling en doelwitte van elke groepwerksessie, uiteengesit en bespreek word.

6.2 Doelstelling van die gestaltgroepwerkprogram

Daar moet volgens Bloom & Fischer en ook Strydom (in Strydom, 2002:154-155) in twee opsigte doelstellings en doelwitte deur die navorsers opgestel word. Die navorser stel in die eerste plek algemene doelstellings en spesifieke doelwitte ten einde die uitvoering van sy/haar studie te rig en in die tweede plek word spesifieke doelstellings en doelwitte vir sy/haar intervensie ontwikkel (Bloom & Fischer en ook Strydom in Strydom, 2002:154-155). Die oorhoofse doelstelling van die gestaltgroepwerkprogram as intervensie met die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks, is soos volg geformuleer:

Om die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in ‘n middestad konteks deur middel van ‘n gestaltgroepwerkprogram te bemagtig om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie te verwerk en op toepaslike wyses te hanteer.

6.3 Bespreking van die gestaltgroepwerksessies van die gestaltgroepwerkprogram in terme van doelstellings en doelwitte

Die verloop tydens een gestaltgroepwerksessie en die verloop van die groepwerkproses word ter inleiding kortliks bespreek:

Elke groepwerksessie begin met “rondtes” waartydens elke groeplid die geleentheid kry om dít wat goed en dít wat sleg was van hulle week met die res van die groep te deel. ‘n “Praathoed” word omgestuur ten einde elke groeplid in staat te stel om te praat sonder om onderbreek te word. Aan die einde van ‘n groepwerksessie, tydens sluiting, kry elke groeplid die geleentheid om aan te toon wat vir hulle lekker en wat vir hulle sleg was van die betrokke groepwerksessie. Die groepwerksessie word op hierdie wyse deur die groepleden geëvalueer. Samevatting van die aktiwiteite tydens die groepwerksessie en beplanning vir die volgende sessie vind laastens plaas. Tussen “rondtes” en sluiting fasiliteer die terapeute die uitdrukking van gevoelens ten opsigte van die groepleden se belewinge van die enkelouersituasie, en die versterking van die “self” deur gebruik te maak van projektiewe tegnieke soos teken, verf, klei, “collage”, fantasie en metaforiese stories. Alhoewel die terapeute doelstellings en doelwitte vir elke groepwerksessie daarstel, moet die terapeute buigsaam wees indien ‘n betrokke groeplid/groepleden ‘n voorgrondbehoefte ervaar wat eers aandag moet ontvang. Dit mag in hierdie gevalle selfs nodig wees om die doelstelling en doelwitte van die bepaalde groepwerksessie te verander, ten einde die behoeftes en gevoelens wat by die groepleden na vore tree, te hanteer. (Vergelyk Oaklander, 1999:173.) Alhoewel die gestaltgroepwerkprogram dus in hierdie hoofstuk baie gestruktureerd uiteengesit is, kan dit eerder as ‘n riglyn benut word, aangesien die terapeut(e) altyd daarop ingestel moet wees om die individuele voorgrondbehoeftes van die groepleden te hanteer.

Alhoewel daar tydens die studie op gestaltgroepwerk gefokus is, het die groepwerkproses ook in die volgende fases verloop soos uiteengesit deur Toseland & Rivas (2001:153-281 & 399-448):

1. Die beplanningsfase – groeplede is geïdentifiseer en gewerf met die hulp van die klasonderwyser; die aard en doel van die groep is aan die potensiële groeplede verduidelik; vrywillige deelname is beklemtoon en toestemming is van die ouers van die groeplede bekom (telefonies en deur die ondertekening van 'n ingeligte toestemmingsbrief).
2. Die beginfase – groeplede leer mekaar ken; die aard en doel van die groep word weer verduidelik; die groep word gestructureer in terme van 'n groepnaam, groepreëls en strawwe en konfidensialiteit word beklemtoon.
3. Die middelfase – groeplede kry geleentheid om gevoelens en behoeftes rondom die enkelouersituasie te projekteer met behulp van verskeie spelmedia. Groeplede word begelei tot die uitdrukking van gevoelens en behoeftes en die hantering daarvan.
4. Die eindfase – groeplede kry die geleentheid om die gestaltgroepwerkprogram te evalueer in terme van die groepaktiwiteite wat hulle geniet het en dié wat hulle nie geniet het nie. Enkelouer en kind evalueer ook gesamentlik wat gestaltgroepwerkprogram vir kind beteken het. Groeplede is reeds tydens beginfase voorberei op afsluiting na agt groepwerksessies. 'n Afsluitingspartyjie is gehou en twee groeplede is verwys vir individuele terapie.

Hierdie fases stem in 'n groot mate ooreen met die fases van 'n gestaltgroepwerkproses soos uiteengesit en bespreek deur Frew (in O'Leary, 1992:43), naamlik die oriënteringsfase, die konflikfase en die kohesiefase. (Vergelyk paragraaf 3.5.4.2.)

6.3.1 Groepwerksessie 1 – Kinderrespondente

6.3.1.1 Doelstelling

Om die groeplede in staat te stel om mekaar te leer ken; die groep te struktureer en die groeplede se verwerking en hantering van die enkelouersituasie met behulp van 'n vraelys te meet.

6.3.1.2 Doelwitte

- Om die groeplede se insig in hulle eie funksionering te verhoog en die aard van die groep aan hulle bekend te stel deur hulle te vra waarom hulle dink hulle hier is.
- Om aan die groeplede die geleentheid te gee om mekaar te leer ken en hulle op hulle gemak te stel deur aan elke groepslid die geleentheid te bied om hom-/haarself voor te stel en te sê waarvan hy/sy die meeste hou en waarvan hy/sy glad nie hou nie.
- Om groepkohesie te bevorder deur aan die groeplede die geleentheid te bied om saam 'n groepnaam uit te dink.
- Om groepreëls saam met toepaslike strawwe gesamentlik binne groepverband op te stel, ten einde die ordelike verloop van elke groepwerksessie te verseker.
- Om die groeplede se verwerking en hantering van die enkelouersituasie te meet, deur aan elke groepslid die geleentheid te bied om die selfontwerppte vraelys in te vul.

Die volgende funksionele hulpmiddels kan benut word ten einde bogenoemde doelwitte effektiief te bereik:

- Groot gekleurde plakaat en dik swart filtpen vir die neerskryf van groepnaam, groepreëls en strawwe. Die groeplede skryf self.
- "Praathoed" (rooi brandweermanhoed met die woord "chief" op) ten einde elke groepslid se praatbeurt aan te dui tydens "rondtes". Hierdie hoed word tydens elke groepwerksessie benut.

6.3.2 Groepwerksessie 2 - Kinderrespondente

6.3.2.1 Doelstelling

Om die groeplede se kontak met hulself en hulle omgewing te verhoog met behulp van sensoriese kontakmakingsaktiwiteite.

6.3.2.2 Doelwitte

- Om die groeplede aan verskeie reuke, teksture, beeld, smake en klanke bloot te stel ten einde hulle in kontak te bring met hulself en hulle omgewing via hulle sintuie.
- Om die groeplede op te voed in die verskeidenheid gevoelens wat mense kan ervaar met behulp van gevoelsgesiggies en die dramatisering van die verskillende gevoelens.
- Om die groeplede in kontak te bring met hulle eie gevoelens deur middel van eksplorasie rondom **wanneer** bepaalde gevoelens deur hulle ervaar word.

Voorgestelde aktiwiteite/Funksionele hulpmiddels:

- Tydskrifte waarin groeplede hulle gunsteling foto soek en vir die groep verduidelik waarom hulle daarvan hou en hoe dit hulle laat voel.
- Groeplede speel op Afrikatrommetjie en lui 'n porseleinlokkie en sê waaraan die onderskeie klanke hulle laat dink en hoe dit hulle laat voel.
- Groeplede voel aan sagte velletjie waarmee die trommetjie oorgetrek is, aan die porseleinlokkie, skuurpapier en watte en sê waaraan die onderskeie teksture hulle laat dink en hoe dit hulle laat voel.
- Groeplede ruik aan lemoen, naeltjies en roosolie en sê waaraan onderskeie reuke hulle laat dink en hoe dit hulle laat voel.
- Groeplede proe aan vleisgegeurde aartappelskyfies en lekkers en sê waaraan onderskeie smake hulle laat dink en hoe dit hulle laat voel.
- Papier met getekende gesigte op wat ses basiese gevoelens uitbeeld, naamlik: hartseer, kwaad, bly, bang, eensaam en moeg; word vir die groeplede gewys en teen die muur opgesit.
- Groeplede kry elkeen geleentheid om 'n gevoel uit tebeeld deur hulle gesigte te gebruik.

6.3.3 Groepwerksessie 3 – Kinderrespondente

6.3.3.1 Doelstelling

Die versterking van die self deur middel van die projeksie van voorgrondbehoeftes met behulp van klei as skeppende spelmedium.

6.3.3.2 Doelwitte

- Om die groeplede te bemagtig tot die hantering van negatiewe gevoelens en tot ontspanning deur hulle op ‘n fantasievlug na die berge en woude te neem.
- Om die “self” van die groeplede te versterk en kontakmaking met die “self” te bevorder, deur aan die groeplede die geleentheid te bied om enige-iets uit die klei te maak wat hulle wil.
- Om die groeplede te begelei in die uitdrukking van hulle behoeftes en gevoelens; die neem van verantwoordelikheid daarvoor en die toepaslike hantering daarvan, deur die toepassing van Oaklander se model in die eksplorering van elke kind se skepping.(Verwys na paragraaf 3.5.7.1.)

Voorgestelde aktiwiteite/Funksionele hulpmiddels:

- Fantasievlug waartydens groeplede hulle oë toemaak en hulle verbeeld hoe hulle saam met terapeute op ‘n uitstappie na ‘n mooi woud en berge, vertrek. Hulle stap in woud en op met berg tot by ‘n koel bergpoel. Daar swim hulle en baljaar in die water. Hierna lê hulle in die son en bak en eet aan heerlike toebroodjies wat hulle saamgebring het. Elkeen tel iets op wat hulle aan hierdie plek sal herinner. Die tog huis-toe word nou aangepak. Hulle klim terug in die bussie en ry terug. Die terapeut tel van 10 tot by een, waarna groeplede weer hulle oë kan oopmaak. Daar word nou in die groep geëksploreer wat elke groeplid van die lekker plek af saamgebring het.
- Groot bol geelgekleurde soutklei, waarvan elke groeplid vir hulle ‘n stuk kan afbreek. Groeplede maak eers kontak met klei deur aan die klei te ruik, te voel en te proe. Groeplede kry geleentheid om gaatjies in die klei te druk; hulle asems in die gaatjies te blaas en die gaatjies vinnig toe te maak. Terapeut beklemtoon dat elkeen se bol klei nou baie spesiaal is, omdat hulle asems in hulle bol klei is. Hierna kry die groeplede die geleentheid om enige-iets uit die klei te maak wat hulle wil.

6.3.4 Groepwerksessie 1 – Enkelouerrespondente

6.3.4.1 Doelstelling

Om die enkelouers se betrokkenheid by die gestaltgroepwerkprogram en die terapeutiese vordering van hulle kinders te verhoog deur die enkelouers in te lig ten opsigte van die terapeutiese werk wat reeds tydens die eerste drie groepwerksessies met hulle kinders gedoen is en om die enkelouers aan te moedig om die nuut aangeleerde hanteringstrategieë vir gevoelens en behoeftes by hulle kinders, te versterk.

6.3.4.2 Doelwitte

- Om aan die enkelouers die geleentheid te bied om mekaar te leer ken en hulle op hulle gemak te stel deur elkeen hom-/haarself te laat voorstel.
- Om die enkelouers se betrokkenheid by die gestaltgroepwerkprogram te verhoog deur die enkelouers in te lig ten opsigte van die terapeutiese werk wat reeds tydens die afgelope drie groepwerksessies met hulle kinders gedoen is.
- Om die enkelouers se betrokkenheid by die terapeutiese vordering van hulle kinders te verhoog deur die enkelouers in te lig ten opsigte van die hanteringstrategieë vir gevoelens en behoeftes wat verband hou met die enkelouersituasie, wat tydens die groepwerksessies met hulle kinders bespreek is en nog bespreek sal word en om die enkelouers aan te moedig in die ondersteuning van hulle kinders met die toepassing van hierdie hanteringstrategieë.
- Om die enkelouers te betrek by die uiteensetting van die volgende groepwerksessies deur die enkelouers in te lig ten opsigte van die tentatiewe beplanning van die volgende drie groepwerksessies met hulle kinders en hulle mening ten opsigte van die beplanning te bekom.
- Om emosionele ondersteuning aan die enkelouers te bied deur enige gevoelens van die enkelouers ten opsigte van die enkelouersituasie wat tydens die groepwerksessie na vore mag kom, te hanteer.

6.3.5 Groepwerksessie 4 – Kinderrespondente

6.3.5.1 Doelstelling

Die fasilitering van die uitdrukking van die groeplede se gevoelens en behoeftes rondom die enkelouersituasie deur middel van die projeksie van die groeplede se belewinge van die enkelouersituasie met behulp van teken/verf as skeppende spelmedium.

6.3.5.2 Doelwitte

- Om die uitdrukking van die groeplede se gevoelens en behoeftes rondom die enkelouersituasie te fasiliteer deur aan die groeplede die geleentheid te bied om te teken of te verf hoe hulle daaroor voel om die meeste van die tyd by net een ouer te bly.
- Om die groeplede te begelei in die uitdrukking van hierdie gevoelens; die neem van verantwoordelikheid daarvoor en die toepaslike hantering daarvan, deur die toepassing van Oaklander se model in die eksplorering van elke kind se skepping.(Verwys na paragraaf 3.5.7.1.)
- Om insig by die groeplede te ontwikkel ten opsigte van die problematiese dinamika tussen ‘n man en ‘n vrou tydens egskeiding deur met behulp van ‘n visuele voorstelling aan die groeplede te verduidelik hoe opgehoopte bakstene (as ‘n metafoor vir onuitgesorteerde probleme) mettertyd ‘n muur tussen ouers vorm wanneer die probleme tussen hulle nooit uitgesorteer word nie.
- Insigontwikkeling in die persoonlike probleme van die afwesige ouer deur elke groeplid hierdie ouer te laat teken en die positiewe en negatiewe eienskappe van die ouer weerskante van die tekening te laat neerskryf.

Voorgestelde aktiwiteite/Funksionele hulpmiddels:

- Papier, verf en gekleurde koukiepenne, ten einde groeplede te laat teken of te laat verf hoe hulle daaroor voel om die meeste van die tyd by net een ouer te bly.
- Papier en gekleurde koukiepenne ten einde aan die groeplede geleentheid te bied om die afwesige ouer te teken en die positiewe en negatiewe eienskappe van hierdie ouer weerskante van die tekening neer te skryf.

- Terapeute teken 'n man en 'n vrou wat teenoor mekaar staan, op 'n stuk papier. Die terapeute gebruik hierdie skets om aan die groeplede te verduidelik dat mense met mekaar trou, omdat hulle lief is vir mekaar. Daar word verder verduidelik dat wanneer konflik tussen 'n man en vrou ontstaan, dit normaal is, maar dat die man en vrou die betrokke probleem moet deurpraat en moet uitsorteer. Indien konflik egter nie opgelos word nie, word 'n baksteen tussen hierdie twee mense gelê en met elke verdere konfliksituasie hoop die bakstene op totdat daar so 'n hoë muur tussen die egpaar is, dat hulle mekaar nie meer kan sien nie. Dit gebeur dan dikwels dat twee mense skei. Die terapeute beklemtoon egter dat dit reg is om te trou, maar dat konflik en probleme net uitgesorteer en deurgepraat moet word.

6.3.6 Groepwerksessie 5 – Kinderrespondente

6.3.6.1 Doelstelling

Om die groeplede te bemagtig in die hantering van hulle belewinge van die enkelouersituasie deur aan die groeplede die geleentheid te bied om toepaslike hanteringstrategieë vir gevoelens en behoeftes te genereer.

6.3.6.2 Doelwitte

- Om die groeplede se kontakmaking met hulle gevoelens en behoeftes rondom die enkelouersituasie te verhoog, deur weer aan die groeplede die geleentheid te bied om hulle harte met pastelle te teken ten einde uit tebeeld hoe hulle daaroor voel dat hulle ouers nie meer bymekaar is nie.
- Om die verwerking en hantering van gevoelens en behoeftes ten opsigte van die enkelouersituasie te bevorder deur die generering van hanteringstrategieë om die groeplede se harte beter te laat voel.
- Om die groeplede te bemagtig in die benutting van hanteringstrategieë deur die groeplede te motiveer in die toepassing en inoefening van die volgende belangrikste hanteringstrategieë:
 - * Om te praat oor hulle gevoelens met mense wie hulle kan vertrou.
 - * Om dinge te doen wat vir hulle lekker is en wat hulle geniet (selfvertroeteling).

- Om die groeplede te bemagtig in die benutting van hulle “veilige plek” as hanteringstrategie vir gevoelens en behoeftes deur aan die groeplede die geleentheid te bied om hulle “veilige plek” deur middel van ‘n “collage” voor te stel.

Voorgestelde aktiwiteite/Funksionele hulpmiddels:

- Papier en pastelle ten einde weer aan die groeplede die geleentheid te bied om hulle harte te teken, ten einde uit tebeeld hoe hulle daaroor voel dat hulle ouers nie meer bymekaar is nie.
- Groeplede word gevra wat hulle dink hulle alles kan doen, ten einde hulle harte beter te laat voel.
- Groeplede word gevra om hulle oë toe te maak en te dink aan ‘n lekker en/of veilige plek waar hulle graag sou wou wees. Tydskrifte, gom, skêre en papier word uitgedeel en die groeplede word aangemoedig om foto’s te soek wat hulle veilige plek/lekker plek die beste voorstel. Die foto’s word uitgeknip en op wit papier geplak. Elke groeplid maak sy/haar eie “collage”.

6.3.7 Groepwerksessie 6 – Kinderrespondente

6.3.7.1 Doelstelling

Om insig te ontwikkel in en ‘n verbeterde perspektief te vestig ten opsigte van die groeplede se hantering van hulle eie enkelouersituasie, deur middel van biblioterapie.

6.3.7.2 Doelwitte

- Om met behulp van die gesamentlike lees van die boek: Menendez-Aponte, E. 2001. **Wat as ... Ma en Pa skei?** Afrikaanse uitgawe. Wellington: Lux Verbi, BM, groter insig in en ‘n verbeterde perspektief ten opsigte van die groeplede se eie enkelouersituasie by die groeplede tuis te bring.
- Om elke groeplid se hantering van die enkelouersituasie te eksplorere deur middel van die benutting van die boekie as uitgangspunt vir die hantering van gevoelens en behoeftes rondom die enkelouersituasie.

- Om die groeplede se konsentrasievermoë te verhoog deur ‘n fisiese groepaktiwiteit/bewegingsaktiwiteit tydens die leesaktiwiteit te inkorporeer.
- Om aan die groeplede die geleentheid te bied om die hanteringstrategieë vir gevoelens en behoeftes ten opsigte van die enkelouersituasie, visueel uit te speel met behulp van gedramatiseerde spel.

Voorgestelde aktiwiteite/Funksionele hulpmiddels:

- Die gesamentlike lees van ‘n boek wat die gebeure en gevoelens rondom ‘n egskeiding en gevolglike enkelouersituasie op ‘n duidelike verstaanbare en visuele wyse uiteensit. Elke groeplid wat wil lees, kry die geleentheid om ‘n bladsy te lees en so word daar geroteer totdat die boekie klaar gelees is. Groeplede word nie gedwing om te lees nie. Na elke bladsy word die betrokke gevoelens en behoeftes wat uit die stuk na vore gekom het, in die groep bespreek. Soortgelyke gevoelens wat by die groeplede voorkom, word ook hanteer.
- ‘n Groepaktiwiteit soos om in ‘n kring te staan en ‘n hoepel om te stuur, sonder dat die groeplede hande los, kan tydens die leesaktiwiteit geïnkorporeer word sodat die groeplede se konsentrasievermoë behoue kan bly.
- Gedramatiseerde spel ten einde hanteringstrategieë vir gevoelens en behoeftes ten opsigte van die enkelouersituasie visueel binne groepverband uit te speel.

6.3.8 Groepwerksessie 2 – Enkelouerrespondente

6.3.8.1 Doelstelling

Om die betrokkenheid van die enkelouers by die gestaltgroepwerkprogram en die terapeutiese vordering van hulle kinders te verhoog deur aan die enkelouers terugvoer te gee ten opsigte van die aspekte wat in groepwerksessies 4 tot 6 met hulle kinders gedek is en om die enkelouers te motiveer om die nuut aangeleerde hanteringstrategieë by hulle kinders te versterk.

6.3.8.2 Doelwitte

- Om die enkelouers se betrokkenheid by die gestaltgroepwerkprogram te verhoog deur aan die enkelouers terugvoer te gee oor die aspekte wat in groepwerksessies 4 tot 6 met hulle kinders gedek is.
- Om die enkelouers se betrokkenheid by die gestaltgroepwerkprogram verder te verhoog deur die enkelouers in te lig ten opsigte van die aspekte wat nog met hulle kinders gedek sal word, naamlik selfbeeldversterking en die hersiening van hanteringstrategieë wat tydens die groepwerksessies hanteer is.
- Om die enkelouers se betrokkenheid by die terapeutiese vordering van hulle kinders te verhoog deur die enkelouers te motiveer om die nuut aangeleerde hanteringstrategieë by hulle kinders te versterk.
- Om emosionele ondersteuning aan die enkelouers te bied deur die enkelouers se gevoelens en behoeftes ten opsigte van die enkelouersituasie te hanteer.

6.3.9 Groepwerksessie 7 – Kinderrespondente

6.3.9.1 Doelstelling

Selfbeeldversterking deur aan elke groeplid die geleentheid te bied om hom-/haarself te teken en sy/haar positiewe eienskappe te identifiseer en te beklemtoon.

6.3.9.2 Doelwitte

- Om die groeplede se kontak met hulself te bevorder deur aan elke groeplid die geleentheid te bied om hom-/haarself te teken op enige manier wat hy/sy wil.
- Om die selfbeeld van die groeplede te versterk deur elke groeplid te motiveer om sy/haar positiewe eienskappe by die tekening neer te skryf.
- Om die selfbeeld van die groeplede te versterk en die uniekheid van elke groeplid te beklemtoon deur aan elke groeplid die geleentheid te bied om hierdie positiewe eienskappe vir die res van die groep voor te lees en die ander groeplede te motiveer om nog positiewe eienskappe by te voeg.
- Om ‘n toekomsperspektief by die groeplede te vestig deur hulle na foto’s in tydskrifte te laat soek wat uitbeeld hoe hulle graag eendag tussen mense wil

wees en hulle te laat dink oor dit wat hulle moet doen ten einde daarby uit te kom.

- Om die groeplede se benutting van hanteringstrategieë vir gevoelens en behoeftes te versterk deur die hersiening van die belangrikste hanteringstrategieë wat tydens die groepwerksessies hanteer is, naamlik:
 - * Om te praat met mense wat jy kan vertrou.
 - * Om dinge te doen wat vir jou lekker is (selfvertroeteling).
 - * Om in jou gedagtes na jou veilige plek te gaan.
- Om die groeplede se benutting van die hanteringstrategieë te eksplorieer deur terugvoer van die groeplede te ontvang ten opsigte van hulle toepassing van die hanteringstrategieë buite die groepsituasie.
- Om die groeplede finaal voor te berei op afsluiting tydens die volgende groepwerksessie deur hulle daarvan te herinner dat dieselfde vraelyste as aan die begin van die gestaltgroepwerkprogram weer ingeval sal word en deur die gesamentlike beplanning van die afsluitingspartytjie.

Voorgestelde aktiwiteite/Funksionele hulpmiddels:

- Papier, verf, pastelle en gekleurde koukiepenne ten einde groeplede hulleself te laat teken en hulle positiewe eienskappe by die tekening te laat neerskryf.
- Elke groeplid lees sy/haar positiewe eienskappe hardop vir die res van die groep voor en die ander groeplede en terapeute voeg dan nog positiewe eienskappe by.
- Tydskrifte word uitgedeel, ten einde groeplede foto's te laat soek ten opsigte van hoe hulle graag eendag tussen mense wil wees. Op hierdie wyse kan 'n toekomsperspektief by die groeplede gevestig word.

6.3.10 Groepwerksessie 8 – Kinderrespondente

6.3.10.1 Doelstelling

Om die groeplede se verwerking en hantering van die enkelouersituasie na die gestaltgroepwerkprogram met behulp van dieselfde selfontwerpte vraelys as tydens die eerste groepwerksessie, te meet, sodat vasgestel kan word of die groeplede na die

gestaltgroepwerkprogram ‘n verbeterde vlak van emosionele en sosiale funksionering handhaaf en in staat is om hulle gevoelens op toepaslike wyses te hanter.

6.3.10.2 Doelwitte

- Om die groeplede se verwerking en hantering van die enkelouersituasie te meet deur aan elke groeplid die geleentheid te bied om weer dieselfde vraelys as tydens groepwerksessie 1, in te vul.
- Om die “self” van die groeplede verder te versterk en die gestaltgroepwerkprogram sinvol af te sluit deur aan die groeplede die geleentheid te bied om te praat oor daardie dele in die gestaltgroepwerkprogram waarvan hulle gehou het en daardie dele waarvan hulle nie gehou het nie. Op hierdie wyse word die aktiwiteite van die gestaltgroepwerkprogram deur die groeplede self, geëvalueer.
- Om deur die hou van ‘n afsluitingspartytjie die groeplede in staat te stel om op ‘n aangename wyse met die gestaltgroepwerkprogram af te sluit.

Voorgestelde aktiwiteite/Funksionele hulpmiddels:

- Die groeplede word kortliks herinner aan die inhoud en aktiwiteite tydens elke groepwerksessie tydens die gestaltgroepwerkprogram. Die groeplede word hierna aangemoedig om die aktiwiteite wat hulle die meeste geniet het en die aktiwiteite wat hulle die minste geniet het, uit te lig. Eerlikheid word deur die terapeute aangemoedig.
- Die terapeute en groeplede (opsioneel) bring lekkers en koeldrank en ‘n afsluitingspartytjie word gehou.

Die gestaltgroepwerkprogram word afgesluit met ‘n gesamentlike evalueringssessie met die groeplede en hulle enkelouers. Tydens hierdie evalueringssessie skryf die groeplede elkeen individueel in samewerking met hulle enkelouer neer wat die gestaltgroepwerkprogram vir hulle beteken het. Eerlikheid word aangemoedig. Enige verdere gevoelens en behoeftes ten opsigte van die enkelouersituasie word hierna individueel met die terapeute bespreek.

Tydens die beplanning, implementering en evaluering van hierdie gestaltgroepwerkprogram is die metodes van maatskaplike werk aanvullend tot mekaar benut. Die omvang van die behoefte aan ondersteuning vir kinders uit enkelouergesinne in 'n middestad konteks, is in die eerste plek in die gemeenskap in die middestadomgewing, waargeneem. Die skool is as deel van die gemeenskap tydens die beplanningsfase genader, ten einde respondentte vir deelname aan die gestaltgroepwerkprogram te identifiseer en te werf. Tydens die implementering van die gestaltgroepwerkprogram, is die metode van maatskaplike werkintervensie met groepe hoofsaaklik benut. Tydens die eindfase is die program geëvalueer en is twee kinderrespondente verwys vir individuele terapie. Enige verdere behoeftes en gevoelens is tydens die gesamentlike evalueringssessie met die groeplede en hulle enkelouers op 'n individuele basis met die betrokke enkelouer en sy/haar kind, hanteer. Daar is dus tydens hierdie navorsingstudie van 'n afgeronde, holistiese program gebruik gemaak.

6.4 Samevatting

- Die volledige en verfynde gestaltgroepwerkprogram wat vanuit die bevindinge van die literatuurstudie en die empiriese studie ontwikkel en geëvalueer is, is in hierdie hoofstuk uiteengesit.
- Die navorsing het met haar ontwikkelde gestaltgroepwerkprogram 'n bydrae gelewer tot die gebiede van gestaltgroepspelterapie en intervensie met enkelouerkinders in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks.
- Die doelstellings en doelwitte van elke groepwerksessie wat in hierdie hoofstuk uiteengesit is, is suksesvol tydens die gestaltgroepwerkprogram geïmplementeer.
- Enkele leemtes van die gestaltgroepwerkprogram is wel geïdentifiseer en bespreek in hoofstuk 1.
- Hierdie leemtes sluit onder andere in die onbetrokkenheid van sommige enkelouers tydens die enkelouergroepwerksessies, wat moontlik toegeskryf kon word aan werksverpligtinge, vervoerprobleme en persoonlike emosionele probleme, asook die woeligheid van sommige groeplede tydens die laaste drie groepwerksessies van die gestaltgroepwerkprogram. Die aanbeveling wat ten

opsigte van eersgenoemde leemte gemaak kan word, is dat 'n afsonderlike gestaltgroepwerkprogram verkieslik na-ure vir die enkelouers aangebied kan word. Fisiese groepaktiwiteite met die aanvang van of geïnkorporeer tydens die laaste drie groepwerksessies van die gestaltgroepwerkprogram, sou woeligheid onder die kinderrespondente kon bekamp. Daar sal egter genoeg tyd vir laasgenoemde in die skoolprogram toegelaat moet word.

Die volgende hoofstuk vorm die laaste hoofstuk van hierdie proefskrif en behels 'n bespreking van die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van hoofstuk 1 tot 6. Die toetsing van die doelstelling, doelwitte en hipoteze soos in hoofstuk 1 uiteengesit, aan die hand van die empiriese bevindinge, vorm ook 'n belangrike deel van die fokus in die laaste hoofstuk.

HOOFSTUK 7: ALGEMENE SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1 Inleiding

Die navorsing wou deur haar navorsingstudie 'n bydrae lewer tot die gemeenskapshulpbronne wat beskikbaar is vir die enkelouergesin. Daar is deur middel van die studie ondersoek ingestel na die bruikbaarheid van 'n gestaltgroepwerkprogram in die bemagtiging van die kind in 'n middestad konteks uit 'n enkelouergesin om sy/haar negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie, op toepaslike wyses te hanteer. Gestaltgroepwerk bied aan die kind die geleentheid om gevoelens en belewinge van die enkelouersituasie binne groepverband te deel en ondersteuning van die terapeute en die ander groeplede te ontvang. Die kind se innerlike self word deur hierdie proses versterk en die kind word bemagtig tot selfondersteuning. Deur hierdie navorsingstudie is daar dus ondersoek ingestel na die bruikbaarheid van die gestaltgroepwerkprogram in die bemagtiging van die kind in die enkelouergesin tot die hantering van die negatiewe belewinge van die enkelouersituasie soos skuldgevoelens, woede, verwarring, vrees, belewing van ontoereikendheid, belewing van verlies, en smart en depressie.

In hierdie hoofstuk sal die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van elke hoofstuk in die studie aandag geniet. Daar sal in die laaste plek aandag gegee word aan die toetsing van die doelstelling en doelwitte en die toetsing van die hipotese.

Hoofstuk 1 behels die algemene inleiding tot die navorsingstudie en sluit in die motivering vir die keuse van die onderwerp; probleemformulering; doelstelling en doelwitte van die ondersoek; die hipotese vir die studie; navorsingsbenadering; soort navorsing; navorsingsontwerp; navorsingsprosedure en werkswyse; voorondersoek; omskrywing van die universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming; etiese aspekte; die leemtes van die studie; die definisies van hoofkonsepte en die indeling van die navorsingsverslag.

In hoofstuk 2 en hoofstuk 3 is die bevindinge vanuit die literatuurstudie bespreek.

Hoofstuk 2 handel oor die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare en terapeutiese intervensie met die kind in die enkelouergesin.

In hoofstuk 3 word die teoretiese agtergrond van gestaltpelteerapie en gestaltgroepwerk bespreek.

In hoofstuk 4 word die eerste deel van die empiriese studie bespreek wat die interpretering van die bevindinge vanuit die kwantitatiewe benadering behels.

In hoofstuk 5 word Deel II en Deel III van die empiriese studie bespreek wat die interpretering van die bevindinge vanuit die kwalitatiewe benadering en die integrering van die bevindinge vanuit die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings, behels.

In hoofstuk 6 word die gestaltgroepwerkprogram wat vir die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in ‘n middestad konteks ontwikkel, geïmplementeer en geëvalueer is, uiteengesit.

7.2 Hoofstuk 1: Algemene inleiding

7.2.1 Samevatting

- In hoofstuk 1 is ‘n globale oorsig van die navorsingstudie verskaf. Die tendens van enkelouerskap en die probleme waarmee enkelouergesinne gekonfronteer word, is kortlik in die inleiding tot hoofstuk 1 bespreek.
- Die motivering tot die keuse om ‘n gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in ‘n middestad konteks te ontwikkel en te implementeer; die formele formulering van die probleem waarmee enkelouerkinders dikwels gekonfronteer word; die uiteensetting van die

doelstelling en doelwitte ten einde die studie te rig en die uiteensetting van die hipotese vir die studie het hierna aandag geniet.

- Die motivering vir die studie was om ‘n bydrae te lewer tot die gemeenskapshulpbronne wat beskikbaar is vir die enkelouer gesin, in die vorm van ‘n gestaltgroepwerkprogram as intervensie vir die enkelouerkind in ‘n middestad konteks.
- Die probleem wat deur die navorsingstudie aangespreek is, is die dikwels ontoepaslike hantering van die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie deur die enkelouerkind, op die emosionele en sosiale vlak.
- Die studie het ten doel gehad om die kind in die laat middelkinderjare in ‘n middestad konteks deur middel van gestaltgroepwerk te bemagtig om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie op toepaslike wyses te hanteer.
- Die hipotese het veronderstel dat indien die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in ‘n middestad konteks, inskakel by ‘n gestaltgroepwerkprogram, die kind bemagtig sal word om sy/haar negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie, op toepaslike wyses te hanteer.
- Daar is verder in die hoofstuk gefokus op die gekombineerde kwantitatiewe-kwalitatiewe navorsingsbenadering waaruit die navorsingstudie onderneem is, met spesifieke verwysing na die dominante-minder-dominante model van Creswell.
- Intervensienvorsing is as die soort navorsing geïdentifiseer en bespreek. Intervensienvorsing is tydens die studie gedoen, aangesien ‘n spesifieke intervensieprogram in die vorm van ‘n gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouerkind in ‘n middestad konteks ontwikkel en geëvalueer is.
- Die enkelsisteemontwerp het as die spesifieke navorsingsontwerp vir hierdie studie aandag geniet.
- Die onderskeie stappe van die enkelsisteemontwerp is as die navorsingsprosedure en werkswyse uiteengesit en bespreek.

- Daar is tydens die bespreking van die voorondersoek gefokus op die literatuurstudie; die konsultasie met kundiges; die uitvoerbaarheid van die ondersoek en die toetsing van die vraelys.
- Die populasie verbonde aan die studie is hierna omskryf, die steekproef is afgebaken en die wyse van steekproefneming is omskryf.
- Die volgende etiese aspekte van toepassing op die navorser se studie, is uiteengesit en bespreek:
 - * Skade aan eksperimentele subjekte en/of respondenten.
 - * Ingeligte toestemming.
 - * Inbreuk op privaatheid.
 - * Aksies en bevoegdheid van navorsers.
 - * Samewerking met medewerkers.
 - * Beskikbaarstelling of publikasie van die bevindinge.
 - * Herstel van subjekte of respondenten.

Tydens die navorsingstudie is hierdie etiese aspekte in ag geneem en toegepas.

- Die leemtes van die navorsingstudie; die definisies van die hoofkonsepte, naamlik spelterapie, gestaltterapie, gestaltgroepwerk, middelkinderjare en laat middelkinderjare, enkelouergesin, en kind in 'n middestad konteks; en 'n uiteensetting van die indeling van die navorsingsverslag, het in die laaste plek in hoofstuk 1 aandag geniet.

7.2.2 Gevolgtrekkings

- Die enkelouergesin het 'n behoefte aan hulpbronne in die gemeenskap ten einde die volgehoute emosionele, sosiale, psigiese en fisiese welstand van sy afsonderlike lede te verseker. Enkelouerkinders ervaar egter dikwels 'n verlies aan gemeenskaps-, ekonomiese- en ouerlike hulpbronne.
- Die gestaltgroepwerkprogram is as intervensie vir die enkelouerkind in 'n middestad konteks, ontwikkel en deur die implementering en evaluering van die program, is daar 'n bydrae gelewer tot die gemeenskapshulpbronne wat beskikbaar is vir die enkelouergesin.

- Die ontoepaslike hantering van die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie deur die enkelouerkind, op die emocionele en sosiale vlak, is suksesvol deur die navorsingstudie aangespreek.
- Die studie het daarin geslaag om die doel, naamlik om die kind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks deur middel van gestaltgroepwerk te bemagtig om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie op toepaslike wyses te hanteer, te bereik.
- Die navorsingsbevindinge het die hipotese wat veronderstel het dat indien die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks, inskakel by 'n gestaltgroepwerkprogram, die kind bemagtig sal word om sy/haar negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie, op toepaslike wyses te hanteer, ondersteun.
- Die gekombineerde kwantitatiewe-kwaltitatiewe navorsingsbenadering met spesifieke verwysing na die dominante-minder-dominante model van Creswell, is as die beste opsie vir hierdie studie benut, omdat die hooffokus van die studie op die meting van die kinderrespondente se vordering met behulp van selfontwerpte vraelyste, geplaas is. Ongestruktureerde waarneming tydens die groepwerksessies het die kleiner kwalitatiewe komponent van die studie uitgemaak en het die bevindinge vanuit die kwantitatiewe benadering aangevul.
- Die benutting van intervensionnavorsing tydens die studie was waardevol, aangesien die onderskeie fases van intervensionnavorsing die ontwikkeling, implementering en evaluering van die gestaltgroepwerkprogram moontlik gemaak het.
- Die benutting van die enkelsisteemontwerp het die meting van die kinderrespondente se vordering moontlik gemaak, met behulp van die voltooiing van dieselfde selfontwerpte vraelys voor en na die implementering van die gestaltgroepwerkprogram.
- Die onderskeie stappe van die enkelsisteemontwerp is as die navorsingsprosedure en werkswyse tydens die studie gevolg en is suksesvol tydens die studie geïmplementeer, sodat die nodige resultate bekom kon word.

- Tydens die voorondersoek het die navorsers haarself ten opsigte van die relevante literatuur oriënteer; kundiges in die middestad konteks, die akademie en die praktyk geraadpleeg; die nodige toestemming van die ouers, die Middestad Trauma Terapiesentrum en die Gauteng Departement van Onderwys bekom; en die vraelys getoets met behulp van die implementering van die gestaltgroepwerkprogram met ‘n kleiner groep van vier vroulike kinderrespondente. Die voorondersoek het die suksesvolle uitvoering van die navorsingstudie moontlik gemaak.
- Die benutting van nie-waarskynlikheidsteekproefneming met spesifieke verwysing na doelgerigte steekproefneming het die keuse van gesikte respondenten vir deelname aan die navorsingstudie vergemaklik.
- Die kinderrespondente en hulle enkelouers is tydens die navorsingsondersoek beskerm deur middel van die inagneming van die etiese aspekte wat betrekking gehad het op die spesifieke navorsingstudie.
- Na aanleiding van die leemtes wat tydens die navorsingstudie geïdentifiseer is, kon aanbevelings vir verdere soortgelyke navorsingsondersoeke gemaak word.
- Die definiering van die hoofkonsepte van die studie het die grondslag vir begrip van die uiteensetting en bespreking van die res van die studie gelê en skakel waninterpretasie uit..

7.2.3 Aanbevelings

- ‘n Gesamentlike navorsingsprojek deur twee navorsers, waartydens ‘n gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouer en ‘n gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouerkind aangebied word, moet sterk oorweeg word, aangesien dit as ‘n belangrike ondersteuningsbron vir die enkelouer se eie problematiek en behoeftes sal dien.
- Die gestaltgroepwerkprogram vir enkelouers en/of betrekking van die enkelouers by ouerleidingssessies moet verkieslik na-ure geskied ten einde vir werksverpligtinge van die enkelouers voorsiening te maak.

- Die ontwikkelde gestaltgroepwerkprogram vir enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in ‘n middestad konteks behoort deur die maatskaplike werkers van die Middestad Trauma Terapiesentrum as deel van hulle terapeutiese intervensie geïmplementeer te word. Die program kan wyer bekendgestel word deur die betrekking van meestersgraadstudente in spelterapie by die implementering van die program by die ander skole in die middestadomgewing.

7.3 Hoofstuk 2: Die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare en terapeutiese intervensie met die kind in die enkelouergesin

7.3.1 Samevatting

- Daar is in die eerste plek in hierdie hoofstuk aandag gegee aan die emosionele en sosiale ontwikkeling van die kind in die laat middelkinderjare, aangesien die kind in die enkelouergesin dikwels veral op emosionele en sosiale vlak ontwrig word. Die emosionele ontwikkeling is bespreek in terme van die kind in die laat middelkinderjare se ervaring en hantering van die verskillende emosies en die ontwikkeling van die kind se selfbeeld. Die sosiale ontwikkeling is bespreek in terme van die ontwikkelingstake en gesinstake wat in die laat middelkinderjare bemeester moet word, aangesien die sosiale ontwikkeling van die kind hoofsaaklik binne die konteks van die kind se gesins- en portuurgroepverhoudings plaasvind.
- Tydens die bespreking van die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare, is die fokus eerstens geplaas op die algemene problematiek van die enkelouergesin, naamlik: Ekonomiese kwesbaarheid, emosionele kwesbaarheid, sosiale kwesbaarheid, kwesbaarheid ten opsigte van roldifferensiasie en pedagogiese kwesbaarheid; en tweedens op die invloed van enkelouerskap op die kind.
- Die enkelouerkind wat hom-/haarself in ‘n middestad konteks bevind het hierna spesifiek aandag geniet.

- Die fokus is hierna geplaas op die terapeutiese intervensie vir die hantering van die kind se belewinge in die enkelouergesin in terme van terapeutiese intervensie in die algemeen en hierna in terme van terapeutiese intervensie binne groepverband. Aanbevelings is gemaak vir die hantering van skuldgevoelens, woede, verwarring, vrees, belewing van ontoereikendheid, belewing van verlies en smart en depressie by die enkelouerkind. Voorstelle is ook gemaak vir die hantering van die enkelouerkind se belewinge binne groepverband.

7.3.2 Gevolgtrekkings

- Tydens die middelkinderjare bereik die kind groter emosionele buigsaamheid en groter emosionele differensiasie. Dit maak die kind in hierdie tyd 'n ideale kandidaat vir gestaltgroepwerk waartydens die kind deur verskeie tegnieke die geleentheid gebied word om sy/haar gevoelens binne 'n vertroulike atmosfeer met ander te deel en om ander te ondersteun wat negatiewe gevoelens ervaar.
- Die verandering in gesinstruktuur vanweë die verlies van 'n ouer, kan die kind se bemeestering van die ontwikkelings- en gesinstake negatief beïnvloed, aangesien die kind se aanpassing binne die enkelouergesinsopset en onaangename gevoelens ten opsigte van die verlies van 'n ouer sy/haar bemeestering van hierdie take kan strem.
- Wanneer die kind uit 'n enkelouergesin in terapie ingeskakel word, moet die ekonomiese-, emosionele-, sosiale- en pedagogiese kwesbaarheid asook die kwesbaarheid ten opsigte van roldifferensiasie van sy/haar gesinsomgewing in ag geneem word. Hanteringstrategieë moet aangepas word om by die kind se betrokke omstandighede te pas.
- Die verlies van 'n ouer is vir die kind 'n negatiewe belewenis, ongeag of die verlies van 'n ouer as gevolg van egskeiding of die dood onlangs ingetree het of andersyds waar die verlies al 'n geruime tyd gelede gebeur het.
- Huweliksontwrigting blyk spanningsvolle gebeure en ekonomiese druk te bevorder; laasgenoemde aspekte bevorder weer ongepaste ouerskap en ongepaste ouerskap bevorder afwykende gedrag by die kinders. Ongepaste ouerskap

impliseer minder aandag aan die kind vanweë 'n gebrek aan tyd, omdat die enkelouer in die meeste gevalle moet werk, asook verminderde beheer oor die doen en late van die kind.

- Die enkelouerkind wat in 'n middestad konteks grootword, word met 'n meer problematiese lewensituasie gekonfronteer as die enkelouerkind wat in 'n ekonomies meer gegoede woonbuurt grootword. Kinders wat in meer gegoede gemeenskappe grootword, mag aan meer prososiale rolmodelle en beter dienste blootgestel word. In teenstelling hiermee mag die rassesegregasie, misdaad, beperkte hulpbronne en geweld wat algemeen is onder baie lae inkomste, stedelike gemeenskappe die vermoë van gesinne om hulleself en hulle kinders te beskerm, verhinder.
- Tydens die gestaltgroepwerkprogram word die enkelouerkind in 'n middestad konteks blootgestel aan ondersteunende volwassenes in die vorm van die terapeute en word die kind bemagtig om sy/haar enkelouersituasie teen die agtergrond van 'n ongunstige omgewing, op meer toepaslike wyses te hanter. Die enkelouer word ook tydens die program begelei om verhoogde emosionele ondersteuning aan sy/haar kind te bied.
- Die selfbeeld van die enkelouerkind lei dikwels skade, vanweë verminderde aandag deur die enkelouer en die afwesige ouer.
- Tydens gestaltgroepwerk kan elke kind begelei word tot die uitdrukking van sy/haar belewinge van die enkelouersituasie en die toepaslike hantering daarvan met behulp van alternatiewe hanteringstrategieë. Die ander groeplede dien as 'n belangrike ondersteuningsnetwerk wanneer emosies en behoeftes uitgedruk word, aangesien hulle aan soortgelyke ervarings blootgestel is.

7.3.3 Aanbevelings

- Die selfbeeld van die enkelouerkind moet in enige intervensieprogram versterk word.

- Tydens die ontwikkeling van hanteringstrategieë vir die enkelouerkind in ‘n middestad konteks, moet die onderskeie kwesbaarhede van die enkelouerkind se gesinsomgewing in ag geneem word.
- Ondersteuningsprogramme vir kinders wat in ‘n middestad konteks grootword, kan ontwikkel word met die doel om individuele vaardighede en bevoegdhede by die kinders te ontwikkel, ten einde hulle in staat te stel om die druk van die stedelike lewe te vermy. Ondersteunende volwassenes wat leiding, terugvoer en beskerming vir hierdie kinders voorsien, kan tydens hierdie programme toesighou oor die kinders se aktiwiteite en as rolmodelle dien.
- Tydens die ontwikkeling van ‘n gestaltgroepwerkprogram, moet daar gefokus word op die enkelouerkind se hantering van skuldgevoelens, woede, verwarring, vrees, belewing van ontoereikendheid, belewing van verlies en smart en depressie wat verband hou met die enkelouersituasie. Die enkelouerkind moet deur die terapeut(e) aangemoedig word om hierdie belewinge op toepaslike wyses te hanteer.

7.4 Hoofstuk 3: Gestaltpelterapie en gestaltgroepwerk

7.4.1 Samevatting

- In hierdie hoofstuk is daar hoofsaaklik gefokus op speltherapie; gestaltterapie; gestaltpelterapie met die kind in die laat middelkinderjare; gestaltgroepwerk en die proses van verandering wat by die kind plaasvind tydens terapeutiese intervensie.
- Kinders sal eerder hulle ervarings en behoeftes projekteer deur gebruik te maak van ‘n vorm van spel, as om hulle ervarings en behoeftes te verbaliseer soos wat die geval is by volwassenes.
- Gestaltterapie kan beskou word as ‘n terapeutiese benadering wat fokus op die kliënt se totale menswees en die kliënt aanmoedig om in kontak te kom met hom-/haarself deur bewustheid van die self te verhoog. Wanneer kontak bewerkstellig is, is die kliënt in staat tot verbeterde probleemoplossing en selfbesluitneming.

- Gestaltterapie is verder bespreek in terme van die veronderstellings van die gestaltbenadering en die gestaltverwante konsepte soos figuur en grond, balans, bewustheid, onvoltooidheid, teenwoordigheidsgesentreerdheid, verantwoordelikheid vir self en kontak.
- Tydens gestaltspelterapie met die kind in die laat middelkinderjare moet “die self” van die kind versterk word deur middel van die verhoging van selfuitdrukking ten opsigte van “wie is ek” en “wie is ek nie”; differensiëring van “die self”; en deur die geleidelike verhoging van emosionele uitdrukking, aangesien emosionele uitdrukking baie moeilik is vir die kind.
- Gestaltgroepwerk is in die eerste plek bespreek in terme van groepspterapie. Groepspterapie hou sosiale waarde vir die kind in, aangesien genoemde werkswyse veral fokus op die veralgemening van die kind se individuele vermoëns na sy/haar interaksie met die portuurgroep. Spelterapie binne groepverband breek verder die gevoel van isolasie, normaliseer die herstel-/helingsproses en voorsien portuurgroepondersteuning.
- Die volgende teoretiese konsepte onderliggend aan gestaltgroepwerk met kinders, is bespreek:
 - * Die “I/Thou”-verhouding
 - * Kontak
 - * Kontakgrensversteurings naamlik projeksie, defleksie, retrofleksie, samevloeiing en introjeksie.
 - * Weerstand
 - * Bewustheid en ervaring
- Die twee primêre groepmodelle wat binne die gestaltbenadering benut kan word, naamlik die “een-tot-een groepmodel” en die “groepsdinamikamodel” is bespreek. Die benutting van die kombinasie van hierdie twee modelle het verder aandag geniet.
- Die oorhoofse gestaltgroepwerkproses is uiteengesit in terme van groepsamestelling en die fases van groepontwikkeling met die verbandhoudende kontakgrensversteurings. Die volgende fases van groepontwikkeling is geïdentifiseer: Oriënteringsfase, konflikfase en kohesiefase.

- Die groepwerkproses tydens een groepwerksessie volg die patroon van "rondtes" waartydens elke kind enige-iets vertel van hulle week; die werksfase waartydens die aktiwiteite in die groep die uitdrukking van gevoelens, die definiëring en versterking van "die self", en ervarings met gesonder aspekte van "die self", fasiliteer; en sluiting waartydens elke groeplid die geleentheid kry om enige-iets wat hulle vir die terapeut of enige iemand anders in die groep wil sê, te sê, om die aktiwiteit te evalueer en om melding te maak van iets waarvan hulle veral gehou het tydens die groepwerksessie of iets wat hulle gehinder het. Die groepwerksessie word binne groepverband saamgevat en beplanning vir die volgende groepwerksessie vind plaas.
- Die onderskeie tegnieke wat in gestaltgroepwerk benut kan word is: Taaloefeninge, nie-verbale taal, eksperimente met dialoog, fantasiebenaderings, die oordrywingsoefening en droomwerk.
- Die model van Oaklander (1988:53-54) word tydens die terapeutiese proses binne groepverband benut om via die projeksies van die groeplede by hulle gevoelens van verlies en belewinge van die enkelouersituasie uit te kom.
- Tydens die hantering van die enkelouerkind se belewinge tydens gestaltgroepwerk, moet daar veral aandag geskenk word aan die hantering van skuldgevoelens, woede, verwarring, vrees en die enkelouerkind se belewing van ontoereikendheid.
- Die proses van verandering wat by die enkelouerkind plaasvind tydens terapeutiese intervensie, behels die kind se beweging deur die vyf lae van neurose, naamlik:
 - * Die valse laag
 - * Die fobiese laag
 - * Die weerstandslaag
 - * Die implosiewe laag
 - * Die eksplosiewe laagWanneer die kind in die eksplosiewe laag beweeg, is hy/sy nou in kontak met sy/haar ware gevoelens en in staat om die gevoelens opreg en eerlik uit te druk op wyses wat nie skadelik vir die self of vir ander mense is nie. Kinders is nou

bemagtig om hulself te wees en om hulle gevoelens aangaande die enkelouersituasie op gepaste wyses te hanteer.

7.4.2 Gevolgtrekkings

- Spelterapie vanuit die gestaltbenadering stel die kind in staat om insig te ontwikkel in sy/haar belewinge van die enkelouersituasie en gevoelens en behoeftes daar rondom.
- Wanneer die kind behoeftes en gevoelens kommunikeer deur die medium van spel, word die proses van selfheling aan die gang gesit en kan hy/sy die bepaalde traumatische ervaring soos verlies, verwerk.
- Dit is tydens gestaltspelterapie met die kind in die laat middelkinderjare belangrik om stadig te beweeg ten opsigte van die uitdrukking van dieper gevoelens soos byvoorbeeld woede deur die kind. Kinders sal soms weerstand toon, omdat hulle nie oor genoeg selfondersteuning of egokrag beskik om die materiaal te hanteer nie.
- Tydens gestaltgroepwerk word die kind nie bloot begelei tot groter kontak met die self en verhoogde selfregulering nie, maar ook tot verbeterde interaksie met portuurgroeplede.
- Kinders het tydens gestaltgroepwerk die gulde geleentheid om hulself te ontdek, te leer ken en om te ontwikkel met behulp van die eksperimente en ervarings met ander groeplede waaraan hulle blootgestel word.
- ‘n Kombinasie van die “een-tot-een groepmodel” en die “groepsdinamikamodel” waartydens daar sowel ‘n fokus op kontak tussen groeplede as een-tot-een werk in die groep (met die ander groeplede wat aangemoedig word om deel te neem tydens die werk), aangemoedig word, leen hom meer tot groepintervensie met kinders, aangesien kinders hulself beter leer ken vanuit hulle interaksie met ander kinders.
- Gestaltgroepe neem langer as ‘n uur, omdat daar tydens ‘n gestaltgroep op elke kind se proses gefokus word ten einde by sy/haar voorgrondbehoeftes en gevoelens uit te kom.

- Indien die terapeut bewus is van die aard van die vyf tipe kontakgrensversteurings wat tydens die verskillende fases van groepontwikkeling hulle verskyning onder die groeplede kan maak, is die terapeut daarop voorbereid en kan hy/sy dit met behulp van die tegnieke van gestaltgroepwerk, en die hulp van die ander groeplede, hanteer.
- Opregtheid en eerlikheid van die groeplede teenoor mekaar moet in 'n gestaltgroep beklemtoon word. Die groeplede word op hierdie wyse van die begin af gemotiveer om meer in kontak met hulself te wees en om kongruent met hulle ware gevoelens op te tree.
- Verskeie tegnieke kom voor in gestaltgroepwerk en daar word baie ruimte gelaat vir die kreatiwiteit van die terapeut. Dit is egter belangrik dat die terapeut die verbale en nie-verbale leidrade wat die kind ten opsigte van hom-/haarself gee, met die kind sal opvolg.
- Binne 'n groepsituasie moet die terapeut vinniger deur die stappe van Oaklander se model van eksplorering beweeg as tydens individuele spelterapie, ten einde by die voorgrond van elke groepslid uit te kom. Hoe meer bewus die kinders word van wat hulle doen en voel, hoe vinniger word behoeftes en gevoelens uitgedruk en toegeëien. Die res van die groep word hierna betrek vir die voorsiening van ondersteuning en om voorstelle te maak vir die benutting van alternatiewe hanteringstrategieë vir bepaalde belewinge.
- Tydens gestaltgroepwerk beweeg die groeplede deur die verskillende lae van Perls, soos wat hulle die geleentheid gebied word om hulle gevoelens, voorgrondbehoeftes en ontkende aspekte van die self, uit te druk en verantwoordelikheid hiervoor te neem. "Die self" word versterk en die kind word 'n selfregulerende individu wat besluite kan neem, probleme kan oplos en met meer toepaslike gedrag as voorheen buite die groepsituasie kan eksperimenteer.

7.4.3 Aanbevelings

- ‘n Gestaltgroep moet verkieslik nie te groot wees nie, met ‘n maksimum van agt kinders, indien die kinders oor die ouerdom van agt jaar is, aangesien daar op elke kind se proses tydens die groepwerksessie gefokus moet word.
- Die weerstand en ontkenning wat dikwels by die kind in die laat middelkinderjare aangetref word, moet gerespekteer word en daar moet stadig beweeg word met die begeleiding van die kind in die uitdrukking van gevoelens en behoeftes.
- Tydens ‘n gestaltgroepwerkprogram moet die enkelouerkind met behulp van projektiwe tegnieke aangemoedig word om sy/haar belewinge en gevoelens en behoeftes ten opsigte van die enkelouersituasie uit te druk. Daar moet hierna met die hulp van die terapeute en die ander groeplede op toepaslike hanteringsmeganismes vir hierdie gevoelens en behoeftes besluit word.
- Daar kan van die volgende projektiwe tegnieke vir die fasilitering van die uitdrukking van gevoelens, die definiëring en versterking van “die self” en ervarings met gesonder aspekte van “die self” tydens die gestaltgroepwerkprogram gebruik gemaak word: Teken, klei, “collage”, sandbak, poppespel, musiek, liggaamsbeweging, kreatiewe gedramatiseerde spel, metaforiese stories, fantasie en beeldwerk.
- Daar word aanbeveel dat ‘n kombinasie van die “een-tot-een groepmodel” en die “groepsdinamikamodel” benut word tydens groepintervensie met die enkelouerkind in die laat middelkinderjare, aangesien kinders hulleself beter leerken vanuit hulle interaksie met ander kinders as wanneer interaksie nie ‘n rol speel nie.

7.5 Hoofstuk 4: Empiriese studie: Deel I

7.5.1 Samevatting

- Inleidend tot hierdie hoofstuk, is daar weer ‘n oorsig gegee van die navorsingsproses soos bespreek in hoofstuk 1, ten einde die leser te oriënteer met die oog op die bespreking van die empiriese bevindinge.
- Die selfontwerpte vraelys vir die kinderrespondente en die selfontwerpte vraelys vir die enkelouerrespondente is tesame met die analisering en interpretering van die data, as deel van die navorsingsproses, bespreek.
- Hierna is die fokus geplaas op die bespreking van die empiriese ondersoek vanuit die kwantitatiewe benadering.
- Die data wat met behulp van selfontwerpte vraelyste vir die kinderrespondente en die enkelouerrespondente, **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram, ingesamel is, is in die vorm van tabelle en figure voorgestel, bespreek en geïnterpreteer.
- Die bevindinge is ook met die literatuurstudiebevindinge vergelyk en geïntegreer.
- Die biografiese besonderhede van die kinder- en enkelouerrespondente is eerstens tydens die bespreking van die empiriese bevindinge vanuit die kwantitatiewe benadering bespreek. Die kinderrespondente was almal manlik. Van die sewe enkelouerrespondente was 85.71% (ses) vroulik, terwyl 14.29%(een) enkelouerrespondent manlik was. Die manlike enkelouerrespondent is by die navorsingsprojek betrek, omdat een van die kinderrespondente tydens die navorsingstudie by sy pa as enkelouer, woonagtig was.
- Hierna is daar gefokus op die bevindinge ten opsigte van die kinderrespondente se verhouding met hulle ma en pa; die verhouding van die enkelouerrespondente met hulle kind en die kinderrespondente se ervaring van gesinsverhoudings in die enkelouergesin **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram.
- Die belangrikste aspekte waarop daar verder in die hoofstuk gefokus is, is die kinderrespondente se emosionele ervaring van die verlies van ‘n ouer; die kinderrespondente se persepsie van die toepassing van beheer deur hulle enkelouer; die kinderrespondente se persepsie van aandag van hulle enkelouer en

die aard van die kontak van die kinderrespondente met die familie van die afwesige ouer, soos deur die kinder- en enkelouerrespondente weergegee **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram.

- Daar is in die laaste plek in hierdie hoofstuk aandag gegee aan die vlak van emosionele funksionering van die kinderrespondente **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram; die vlak van sosiale funksionering van die kinderrespondente en die kinderrespondente se vermoë om gevoelens op toepaslike wyses te hanteer **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram. Die response bekom van die kinder- en enkelouerrespondente ten opsigte van die kinderrespondente se wense **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram het laastens aandag geniet.

7.5.2 Gevolgtrekkings

- Die kinderrespondente was almal (100%) manlik. Die steekproef het sewe kinders van een geslag ingesluit, aangesien die kind in die middelkinderjare verkies om met lede van sy/haar eie geslag te speel.
- Die meeste enkelouerrespondente, 85.71% (ses), was vroulik, terwyl 14.29% (een) enkelouerrespondent manlik was. Die manlike enkelouerrespondent is by die steekproef ingesluit, aangesien een van die kinderrespondente by sy pa as enkelouer woonagtig was.
- Van die enkelouerrespondente was 85.71% (ses) reeds geruime tyd enkelouers ten tyde van die studie (tussen ses en 11 jaar), terwyl 14.29% (een) enkelouerrespondent drie jaar lank 'n enkelouer was. Die geringe verskille in tydperk van enkelouerskap het nie die studie noemenswaardig beïnvloed nie.
- Die oorsaak van die skeiding, hetsy egskeiding, dood of vervreemding, het nie 'n verskil in hierdie studie gemaak nie. Die kinderrespondente se belewinge van die enkelouersituasie het in 'n groot mate ooreengestem.
- Die verhouding tussen die kinderrespondente en hulle ma's blyk oorwegend positief te wees, **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram. Een (14.29%) kinderrespondent was tydens die studie by sy pa as enkelouer woonagtig.

- Die meeste kinderrespondente hou daarvan om by hulle pa te wees, al is daar nie so 'n goeie verhouding tussen pa en kind nie, wat moontlik op 'n behoefte aan kontak met hulle pa's kan dui. **Na** die gestaltgroepwerkprogram het daar 'n verbetering in die verhouding tussen pa en kind by 28.57% (twee) van die respondentete ingetree.
- Vanuit die perspektief van die betrokke enkelouers, blyk dit dat daar 'n verbetering in die enkelouer-kindverhouding **na** die gestaltgroepwerkprogram vir hierdie spesifieke respondentegroep ingetree het. Tydens die gestaltgroepwerkprogram is die enkelouers aangemoedig om meer aandag aan hulle kind te gee en na hulle kind te luister.
- Dit is vir 100%(al sewe) kinderrespondente **na** die gestaltgroepwerkprogram die meeste van die tyd positief om by hulle enkelouergesin te wees. Dit is vir 28.57% (twee) kinderrespondente **na** die gestaltgroepwerkprogram meer positief om by hulle enkelouergesin te wees as **voor** die gestaltgroepwerkprogram.
- Al sewe (100%) kinderrespondente voel **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram oorwegend positief oor die feit dat hulle ma of pa nie meer by hulle is nie. Hierdie bevindinge is sowel in teenstelling met die bevindinge van Van Loggerenberg & Roets (1993:111-112) wat meen dat die verlies van 'n ouer vir die kind 'n negatiewe belewenis is, as met die kwalitatiewe bevindinge van hierdie studie.
- Dit blyk verder vanuit hierdie bevindinge dat die enkelouers in hierdie spesifieke respondentegroep in 'n groot mate in kontak is met hulle kinders se emosionele ervarings van die verlies van die ander ouer.
- Die kinderrespondente mis die afwesige ouer en/of verlang na die familie van die afwesige ouer in 'n groter mate as wat die enkelouerrespondente dink. Die enkelouerrespondente is dus nie heeltemal in kontak met hulle kinders se gevoelens ten opsigte van die afwesige ouer en/of die familie van die afwesige ouer nie. Dit kom voor of hulle die gevoel van verlange na die afwesige ouer en/of sy/haar familie by hulle kinders onderskat. Die moontlikheid bestaan dat die enkelouers hulle eie gevoelens ten opsigte van hulle gewese maats op hulle kinders oordra.

- Geen kinder- of enkelouerrespondente toon **voor** of **na** die gestaltgroepwerkprogram aan dat die enkelouers **nooit** weet waar hulle kind is en/of wat hy doen nie. Dit blyk **voor** die gestaltgroepwerkprogram dat die kinderrespondente minder beheer van hulle enkelouers ervaar as wat die enkelouerrespondente meen hulle op hulle kinders toepas. **Na** die gestaltgroepwerkprogram blyk dit dat die enkelouerrespondente meer realisties is oor die beheer wat hulle op hulle kinders toepas as **voor** die gestaltgroepwerkprogram. Volgens Snyman & Le Roux (1993:86-87) is die enkelouergesin geheel en al afhanklik van een persoon vir sy ekonomiese instandhouding. Die enkelouer het gevvolglik dikwels minder tyd om beheer oor sy/haar kind uit te oefen, aangesien hy/sy nou die enigste broodwinner is.
- Dit blyk dat meer enkelouerrespondente **na** die gestaltgroepwerkprogram aandag (gemeet aan hulp met huiswerk en/of nie te besig om saam met hulle kind te speel nie) aan hulle kinders gee as **voor** die gestaltgroepwerkprogram.
- Min kinderrespondente het **voor** (14.29%) en **na** (28.57%) die gestaltgroepwerkprogram gevoel dat dit hulle skuld is dat hulle een ouer nie meer by hulle is nie.
- Dit blyk dat die kinderrespondente meer op hulle eie by die afwesige ouer se familie gaan kuier as die enkelouer self.
- **Na** die gestaltgroepwerkprogram is 14.29% (een) kinderrespondent minder bang dat sy enkelouer iets sal oorkom as **voor** die gestaltgroepwerkprogram. Die enkelouerrespondente blyk ook meer in kontak te wees met hulle kinders se gevoel van vrees **na** die program as wat **voor** die program die geval was. Die feit dat die respondent in 'n middestadomgewing woonagtig is/was mag addisioneel bydra tot die kinderrespondente se vrees dat hulle die oorblywende ouer ook sal verloor of dat hy/sy iets sal oorkom. Die middestadomgewing leen hom meer tot rassesegregasie, misdaad, geweld en beperkte hulpbronne as wat die geval is in ekonomies meer gegoede woonbuurte.
- Dit blyk dat die enkelouers **voor** die gestaltgroepwerkprogram meer bekommerd is oor die finansiële situasie in die gesin as wat by hulle kinders die geval is. **Na** die gestaltgroepwerkprogram stem die response van die ouer- en

kinderrespondente in 'n groter mate met mekaar ooreen en blyk dit dat 14.29% (een) kinderrespondent meer realisties is oor die finansiële situasie in die gesin as voor die program. Snyman & Le Roux (1993:86-87) is van mening dat die enkelouergesin in 'n ekonomies kwesbare posisie geplaas word.

- Die kinderrespondente beskou hulle enkelouers as banger vandat die enkelouer alleen saam met hulle kind(ers) bly, as wat die enkelouers self voel hulle is. Die moontlikheid bestaan dat die kinderrespondente bekommerd is oor hulle enkelouers.
- Een (14.29%) kinderrespondent blyk na die gestaltgroepwerkprogram 'n bietjie meer bang te wees om net saam met een van sy ouers te bly as voor die program. Die enkelouerrespondente is na die gestaltgroepwerkprogram meer optimisties oor hulle kinders se vrese as die kinders self. Die enkelouerrespondente blyk in hierdie opsig minder in kontak met hulle kinders se gevoelens te wees as voor die gestaltgroepwerkprogram. Die moontlikheid bestaan dat die enkelouers wil hê hulle kinders moet na die program nooit bang voel nie.
- Al sewe (100%) kinderrespondente handhaaf na die gestaltgroepwerkprogram oorwegend 'n positiewe vlak van emosionele funksionering. Daar het vir 28.57% (twee) kinderrespondente 'n verbetering in hulle vlak van emosionele funksionering na die gestaltgroepwerkprogram ingetree.
- Voor en na die gestaltgroepwerkprogram is 100% (al sewe) kinderrespondente van mening dat hulle oorwegend 'n positiewe vlak van sosiale funksionering handhaaf. Van die enkelouerrespondente is 85.71% (ses) voor die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle kind oorwegend 'n positiewe vlak van sosiale funksionering handhaaf, terwyl 14.29% (een) enkelouerrespondent van mening is dat sy/haar kind oorwegend 'n negatiewe vlak van sosiale funksionering handhaaf. In hierdie geval blyk die kinderrespondente meer optimisties oor hulle sosiale funksionering te wees as wat die geval by die enkelouerrespondente is. Na die gestaltgroepwerkprogram is 100% (al sewe) enkelouerrespondente ook van mening dat die kinderrespondente oorwegend 'n positiewe vlak van sosiale funksionering handhaaf.

- Vanuit die bevindinge van die kinderrespondente, blyk dit dat geen verbetering in die kinderrespondente se vermoë om hulle gevoelens oorwegend op toepaslike wyses te hanter, **na** die gestaltgroepwerkprogram ingetree het nie. **Voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram is 85.71% (ses) kinderrespondente in staat om hulle gevoelens oorwegend op toepaslike wyses te hanter en 14.29% (een) kinderrespondent blyk nie in staat te wees om sy gevoelens oorwegend op toepaslike wyses te hanter nie. Al sewe (100%) enkelouerrespondente is **na** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle kinders in staat is om hulle gevoelens oorwegend op toepaslike wyses te hanter. **Voor** die gestaltgroepwerkprogram was 85.71% (ses) enkelouerrespondente van mening dat hulle kinders in staat is om hulle gevoelens oorwegend op toepaslike wyses te hanter. Daar het dus volgens die enkelouerrespondente 'n verbetering in hulle kinders se toepaslike hantering van gevoelens plaasgevind. Vanuit die enkelouerresponse blyk dit dus dat die gestaltgroepwerkprogram daarin geslaag het om die kinderrespondente aan te moedig tot die identifisering, besitting en uitdrukking van gevoelens ten opsigte van die enkelouersituasie op toepaslike wyses.
- Die wens dat ma en pa weer saam moet wees, kom veral **voor** die gestaltgroepwerkprogram by die kinderrespondente na vore. Volgens Van Loggerenberg & Roets (1993:112) wil enkelouerkinders graag by beide hulle ouers bly en verlang hulle baie na die afwesige ouer. Price (1991:205) toon aan dat kinders in die latente middelkinderjare dikwels wens dat hulle ouers weer met mekaar versoen word. Die wense om weer vir pa te sien en dat ma en pa weer bymekaar moet wees, kom **na** die gestaltgroepwerkprogram steeds by die kinderrespondente na vore. Die enkelouerrespondente is **na** die gestaltgroepwerkprogram ook in die meeste gevalle van mening dat hulle kinders 'n behoefté aan 'n gelukkige en harmonieuse gesinslewe het.
- Dit blyk oor die algemeen vanuit die bevindinge dat die kinderrespondente **na** die gestaltgroepwerkprogram meer positief daaroor is om in hulle enkelouergesin te wees as **voor** die gestaltgroepwerkprogram. Die kinderrespondente handhaaf **na**

die gestaltgroepwerkprogram ‘n verbeterde vlak van emosionele funksionering as voor die program. Dit blyk verder dat die kommunikasie tussen enkelouer en kind beter is na die gestaltgroepwerkprogram en dat die enkelouers meer in kontak is met die gevoelens en behoeftes van hulle kinders.

7.5.3 Aanbevelings

- Tydens ‘n gestaltgroepwerkprogram moet oop en eerlike kommunikasie tussen die enkelouer en kind bevorder word deur die enkelouers aan te moedig om meer aandag aan hulle kind te gee en na hulle kind te luister.
- ‘n Aparte gestaltgroepwerkprogram wat vir die enkelouers aangebied word op ‘n tyd wat hulle sal pas, ten einde hulle te begelei en te ondersteun in die hantering van hulle belewinge van die enkelouersituasie en gevoelens teenoor hulle gewese maats, word sterk aanbeveel.
- Die enkelouers moet tydens ‘n gestaltgroepwerkprogram vir hulle kinders, aangemoedig word om hulle kinders in die geval van egskeiding of vervreemding by die afwesige ouer en/of die familie van die afwesige ouer te laat kuier.
- Die enkelouers moet tydens ‘n gestaltgroepwerkprogram vir hulle kinders, aangemoedig word om meer in kontak te kom met hulle kinders se gevoelens deur hulle kinders te vra hoe hulle voel, wanneer hulle enige nie-verbale tekens waarneem.
- ‘n Lewensvaardigheidsprogram kan vir enkelouergesinne in ‘n middestad konteks aangebied word, ten einde onnodige vrese by die enkelouers en hulle kinders uit die weg te ruim en ‘n onderlinge ondersteuningsisteem tussen die enkelouers teweeg te bring.

7.6 Hoofstuk 5: Empiriese studie: Deel II

7.6.1 Samevatting

- In hierdie hoofstuk het die bevindinge bekom vanuit die kwalitatiewe benadering en die integrering van die kwantitatiewe- en kwalitatiewe bevindinge hoofsaaklik aandag geniet.
- In die inleiding tot hierdie hoofstuk is die insameling, analisering en interpretering van data vanuit die kwalitatiewe benadering vir hierdie betrokke studie kortlik verduidelik.
- Die kwalitatiewe data is met behulp van ongestructureerde waarneming ingesamel en opgeteken deur die skryf van prosesnotas na elke groepwerksessie.
- Kategorieë, temas en subkategorieë is vanuit die data van die groepwerksessies en die gesamentlike evalueringssessie met die kinderrespondente en hulle enkelouers aan die einde van die gestaltgroepwerkprogram, geïdentifiseer.
- Hierdie data is in teks en tabulêre vorm aangebied.
- Elke groepwerksessie is hierna bespreek in terme van die doelstelling, doelwitte en verloop van elke groepwerksessie.
- Die assessering van elke kinderrespondent in terme van sy projeksie; rol in die groep; beweging deur die lae van Perls en benutting van kontakgrensversteurings tydens groepwerksessies een tot sewe is in tabelvorm uiteengesit. Die kategorieë, temas en subkategorieë ten opsigte van die groeplede se projeksies; rolle in die groep; beweging deur die lae van Perls en benutting van kontakgrensversteurings, is ook in tabelvorm voorgestel.
- Die twee groepwerksessies waarby die enkelouers self (sonder kinderrespondente) betrek is, is ook in terme van doelstelling, doelwitte en verloop, bespreek. Tydens die groepwerksessies met die enkelouers is hulle betrokkenheid by die gestaltgroepwerkprogram en die terapeutiese vordering van hulle kinders verhoog, deur hulle in te lig ten opsigte van die terapeutiese werk wat reeds met hulle kinders gedoen is en hulle aan te moedig om die hanteringstrategieë vir gevoelens en behoeftes by hulle kinders te versterk.

- Die literatuur is deurgaans geïntegreer by die bespreking van die bevindinge vanuit die kwalitatiewe benadering.
- Die bevindinge van die gesamentlike evaluasie deur enkelouer en kind ten opsigte van die kinderrespondente se ervaring van die gestaltgroepwerkprogram, is ook in terme van kategorieë, temas en subkategorieë in tabelvorm uiteengesit. Vanuit die sewe pare respondente (enkelouer en kind) het vyf saam 'n stukkie geskryf oor wat die gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouerkind beteken het. Twee van hierdie vyf enkelouers het ook hulle persoonlike ervaring van die gestaltgroepwerkprogram neergeskryf. Die kategorieë, temas en subkategorieë is hieruit verhaal.
- Die terugvoer van die klasonderwyser na aanleiding van sy response op 'n kort voortoets-/natoetsskaal wat deur die Middestad Trauma Terapiesentrum ontwikkel is (Bylae 3), is hierna bespreek.
- Tydens die bespreking van die integrering van die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings, is daar op die volgende belangrikste bevindinge gefokus:
 - * die kinderrespondente se belewinge van die enkelouersituasie;
 - * die aard van die verhouding tussen enkelouer en kind ten opsigte van beheer en aandag;
 - * die aard van die verhouding tussen die afwesige ouer en kind ten opsigte van kontak;
 - * die beweging van die kinderrespondente deur die vyf lae van Perls; en
 - * die benutting van kontakgrensversteurings deur die kinderrespondente.

7.6.2 Gevolgtrekkings

- Dit blyk eerstens vanuit die kwalitatiewe bevindinge dat dieinneem van groepolle deur die groeplede, wel in 'n geringe mate afgeneem het van die oriënteringsfase na die kohesiefase in die gestaltgroepwerkproses. Die groeplede het gemakliker daarmee geraak om hulself te wees.
- Dit blyk verder dat al die groeplede tydens die kohesiefase van die gestaltgroepwerkproses in die implosiewe laag van funksionering inbeweeg het.

Sommige groeplede was reeds in die eksplosiewe laag van funksionering, terwyl een groeplid geregresseer het na die valse laag van funksionering. Die rede vir laasgenoemde regressie was dat die betrokke groeplid nie gereed was vir afsluiting nie. Hierdie groeplid is verwys vir individuele terapie na afsluiting met die gestaltgroepwerkprogram.

- Alhoewel die kontakgrensversteurings by enkele groeplede afgeneem het, blyk dit dat die spektrum van kontakgrensversteurings in die kohesiefase in 'n groot mate ooreenstem met die kontakgrensversteurings in die oriënteringsfase en konflikfase van die gestaltgroepwerkproses. Dit blyk egter dat die intensiteit van sommige kontakgrensversteurings soos defleksie, afgeneem het van die oriënteringsfase na die kohesiefase.
- Na aanleiding van die bevindinge van die gesamentlike evalueringssessie deur enkelouer en kind, blyk dit dat die kinderrespondente en hulle enkelouers die gestaltgroepwerkprogram hoofsaaklik as 'n goeie leerervaring beskou het. Die ondersteuning van medegroeplede is deur beide die kinderrespondente en die enkelouers (tydens die twee groepwerksessies met die enkelouers) waardeer.
- Na aanleiding van 'n kort voortoets-/natoetsskaal wat deur die Middestad Trauma Terapiesentrum ontwikkel is (Bylae 3) en deur die klasonderwyser ingevul is, kon die volgende gevolgtrekkings gemaak word, naamlik:
 - * Die kommunikasievaardighede van vyf van die sewe kinderrespondente het verbeter, terwyl die kommunikasievaardighede van twee kinderrespondente dieselfde gebly het.
 - * Die selfvertroue van drie kinderrespondente het verbeter, terwyl die selfvertroue van vier kinderrespondente dieselfde gebly het.
 - * Die skoolpunte van drie kinderrespondente het verbeter, terwyl vier kinderrespondente se skoolpunte dieselfde gebly het.
- Die gestaltgroepwerkprogram het dus veral 'n bydrae gelewer tot die bemeesterung van die ontwikkelingstake by die kinderrespondente soos die ontwikkeling van die vermoë om doeltreffend met volwassenes en die portuurgroep te kommunikeer; die ontwikkeling van 'n positiewe selfopvatting en die voortgesette selfontdekking as waarlige persoon.

- Na aanleiding van die bespreking van die integrering van die bevindinge vanuit die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die gestaltgroepwerkprogram wel 'n verbetering ten opsigte van die kinderrespondente se emosionele- en sosiale vlakke van funksionering en toepaslike hantering van gevoelens teweeg bring het.

7.6.3 Aanbevelings

- Alhoewel die betrekking van die enkelouers by die twee groepwerksessies (vir die enkelouers self) en een gesamentlike evalueringsessie saam met hulle kinders, vir die doeleindes van hierdie navorsingstudie voldoende was, moet 'n volledige gestaltgroepwerkprogram spesifieker vir die ondersteuning en bemagtiging van die enkelouers, in die toekoms oorweeg word.
- Die insluiting van fisiese groepaktiwiteite by die laaste drie groepwerksessies van die gestaltgroepwerkprogram, word voorgestel, aangesien die groeplede woeliger begin raak het tydens die laaste drie groepwerksessies. Die rede vir die woeligheid was moontlik dat die groeplede gereed begin raak het vir afsluiting. Hierdie aanbeveling word veral gemaak in gevalle waar manlike kinderrespondente aan die gestaltgroepwerkprogram deelneem.

7.7 Hoofstuk 6: 'n Gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks

7.7.1 Samevatting

- Die volledige en verfynde gestaltgroepwerkprogram wat vanuit die bevindinge van die literatuurstudie en die empiriese studie ontwikkel en geëvalueer is, is in hierdie hoofstuk uiteengesit.
- Die gestaltgroepwerkprogram het uit agt gestaltgroepwerksessies met sewe manlike enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in 'n middestad konteks, bestaan.

- Die enkelouers het tydens die gestaltgroepwerkprogram twee maal, na elke derde groepwerksessie met hulle kinders, as 'n groep vergader.
- Die gestaltgroepwerkprogram is afgesluit met 'n gesamentlike evalueringssessie met die groeplede en hulle enkelouers. Tydens hierdie sessie het die kinderrespondente elkeen individueel saam met hulle enkelouer neergeskryf wat die gestaltgroepwerkprogram vir hulle beteken het.
- Die kinder- en enkelouerrespondente het **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram 'n selfontwerp vraelys ingevul wat die kinderrespondente se belewinge van die enkelouersituasie en hulle hantering daarvan, **voor** en **na** die implementering van die gestaltgroepwerkprogram gemeet het. Die effektiwiteit van die gestaltgroepwerkprogram in die bemagtiging van die kinderrespondente om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie op toepaslike wyses te hanteer, is op hierdie wyse geëvalueer.
- Die oorhoofse doelstelling van die gestaltgroepwerkprogram is soos volg uiteengesit: Om die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks deur middel van 'n gestaltgroepwerkprogram te bemagtig om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie te verwerk en op toepaslike wyses te hanteer.
- Die gestaltgroepwerksessies van die gestaltgroepwerkprogram is hierna elk in terme van die onderskeie doelstelling en doelwitte bespreek.
- Vooraf is die voorgestelde verloop van een gestaltgroepwerksessie kortliks bespreek.
- Alhoewel daar tydens die studie op gestaltgroepwerk gefokus is, is die fases van die groepwerkproses soos uiteengesit deur Toseland & Rivas (2001:153-281 & 399-448) ook kortliks bespreek, ten einde die verloop van die gestaltgroepwerkprogram verder toe te lig.
- Die voorgestelde aktiwiteite/funksionele hulpmiddels wat tydens elke groepwerksessie benut is, ten einde die doelwitte te bereik, is ook na die uiteensetting van die doelwitte van elke groepwerksessie uiteengesit.
- Die gestaltgroepwerkprogram word afgesluit met 'n gesamentlike evalueringssessie met die groeplede en hulle enkelouers. Eerlikheid word

aangemoedig. Enige verdere gevoelens en behoeftes ten opsigte van die enkelouersituasie word hierna individueel met die terapeute bespreek.

- Tydens die beplanning, implementering en evaluering van hierdie gestaltgroepwerkprogram is die metodes van maatskaplikewerk, naamlik, maatskaplikewerkintervensie met gemeenskappe, -groepe en -individue, aanvullend tot mekaar benut.

7.7.2 Gevolgtrekkings

- Die navorsers het met haar ontwikkelde gestaltgroepwerkprogram 'n bydrae gelewer tot die gebiede van gestaltgroepspelterpie en intervensie met enkelouerkinders in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks.
- Die doelstellings en doelwitte van elke groepwerksessie wat in hierdie hoofstuk uiteengesit is, is suksesvol tydens die gestaltgroepwerkprogram geïmplementeer.
- Enkele leemtes van die gestaltgroepwerkprogram is wel geïdentifiseer en bespreek in hoofstuk 1.
- Hierdie leemtes sluit onder andere in die onbetrokkenheid van sommige enkelouers tydens die enkelouergroepwerksessies, wat moontlik toegeskryf kan word aan werksverpligtinge, vervoerprobleme en persoonlike emosionele probleme, asook die woeligheid van sommige groepplede tydens die laaste drie groepwerksessies van die gestaltgroepwerkprogram.
- Die bevindinge bekom vanuit die response op die selfontwerpde vraelyste, ongestructureerde waarneming, gesamentlike evaluatingsessie deur enkelouer en kind en die terugvoer van die klasonderwyser, dui daarop dat die ontwikkelde gestaltgroepwerkprogram met vrymoedigheid met enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in 'n middestad konteks geïmplementeer kan word.

7.7.3 Aanbevelings

- Afhangende van die behoefte van die betrokke groepplede, sou daar van meer groepwerksessies in 'n gestaltgroepwerkprogram gebruik gemaak kan word.

- ‘n Afsonderlike gestaltgroepwerkprogram waartydens die behoeftes van die enkelouers aangespreek word, sou verkieslik na-ure vir die enkelouers aangebied kan word.
- Fisiese groepaktiwiteite met die aanvang van of geïnkorporeer tydens die laaste drie groepwerksessies van die gestaltgroepwerkprogram, sou woeligheid onder die kinderrespondente kon bekamp. Daar sal egter genoeg tyd vir laasgenoemde in die skoolprogram toegelaat moet word.

7.8 Toetsing van doelstelling en doelwitte

Die doelstelling en doelwitte vir hierdie studie is soos volg in hoofstuk 1 gestel:

Doelstelling:

Om die kind in die laat middelkinderjare in ‘n middestad konteks, deur middel van gestaltgroepwerk te bemagtig om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie op toepaslike wyses te hanteer.

Doelwitte:

Die doelwitte gestel ten einde bogenoemde doelstelling te bereik, is soos volg uiteengesit:

- Om deur middel van literatuurstudie ondersoek in te stel na: die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare; terapeutiese intervensie vir die hantering van die kind se belewinge in die enkelouergesin; gestaltpelerapie en gestaltgroepwerk.
- Om deur middel van ‘n empiriese ondersoek vas te stel in watter mate die kind in die laat middelkinderjare in ‘n middestad konteks met behulp van gestaltgroepwerk bemagtig is om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie, te hanteer.
- Om ‘n gestaltgroepwerkprogram te ontwikkel, toe te pas en te evalueer vir die toekomstige benutting met die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in ‘n middestad konteks.

- Die eerste doelwit is suksesvol bereik deur die bespreking van die literatuurstudiebevindinge oor die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare en terapeutiese intervensie vir die hantering van die kind se belewinge in die enkelouergesin in hoofstuk 2. Die literatuur oor gestaltpelterapie en gestaltgroepwerk is in hoofstuk 3 bespreek. Voldoende literatuur was beskikbaar oor die onderskeie genoemde aspekte. Die aanvanklike gestaltgroepwerkprogram is ontwikkel vanuit die inligting bekom deur die literatuurstudie en vorige navorsing. Die literatuurstudie het die navorser se begrip en kennis ten opsigte van die problematiek van kinders in enkelouergesinne in 'n middestad konteks en beoogde intervensie met behulp van gestaltgroepwerk, aansienlik verhoog.
- Die empiriese ondersoek waarna daar in die tweede doelwit verwys word, is vanuit die kwantitatiewe en kwalitatiewe benadering uitgevoer. Die dominante-minder-dominante model van Creswell is benut (De Vos, 2002:365-367). Die studie is oorwegend vanuit die kwantitatiewe benadering onderneem, aangesien meting van verandering hoofsaaklik met behulp van selfontwerpte vraelyste gedoen is. Die ongestructureerde waarneming van verandering by die respondenten op sosiale- en emosionele vlak, wat eie is aan die kwalitatiewe benadering, het 'n kleiner deel van die studie uitgemaak. Die data is hoofsaaklik ingesamel met behulp van selfontwerpte vraelyste wat aan die begin en einde van die gestaltgroepwerkprogram deur die kinder- en enkelouerrespondente ingevul is en deur ongestructureerde waarneming tydens die groepwerk sessies. Data is ook ingesamel deur middel van 'n gesamentlike evalueringsessie deur enkelouer en kind oor wat die gestaltgroepwerkprogram vir die kind beteken het en deur terugvoer van die klasonderwyser. Die bevindinge vanuit die kwantitatiewe benadering en die bevindinge vanuit die kwalitatiewe benadering vul mekaar effektief en sinvol aan. Data is op hierdie wyse geverifieer en moontlike verklarings is gesoek in gevalle waar data vanuit die kwantitatiewe benadering verskil het van data vanuit die kwalitatiewe benadering. Die tweede doelwit is dus

suksesvol bereik. Die kern van die bevindinge van die empiriese studie word onder die toetsing van die hipotese bespreek.

- Die gestaltgroepwerkprogram wat aanvanklik na aanleiding van die literatuurstudie en vorige navorsing ontwikkel is, is verder verfyn en ontwikkel tydens die voor- en hoofondersoek. Hierdie verfynde en volledige gestaltgroepwerkprogram is in hoofstuk 6 van die proefskrif uiteengesit en bespreek. Die bevindinge bekom vanuit die response op die selfontwerpde vraelyste, ongestructureerde waarneming, gesamentlike evalueringsessie deur enkelouer en kind en die terugvoer van die klasonderwyser, dui daarop dat die ontwikkelde gestaltgroepwerkprogram met vrymoedigheid met enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in ‘n middestad konteks geïmplementeer kan word. Die derde doelwit is dus ook suksesvol bereik.
- Die doelstelling van die navorsingstudie is bereik deur middel van die suksesvolle bereiking van die drie onderskeie doelwitte. Die kinderrespondente in die laat middelkinderjare in ‘n middestad konteks, is deur middel van die gestaltgroepwerkprogram bemagtig om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie op toepaslike wyses te hanteer.

7.9 Toetsing van hipotese

Die hipotese vir hierdie navorsingstudie is soos volg in hoofstuk 1 gestel:

Indien die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in ‘n middestad konteks, inskakel by ‘n gestaltgroepwerkprogram, dan sal die kind bemagtig word om sy/haar negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie, op toepaslike wyses te hanteer.

- Toepaslike hantering word beskou as die mate waarin die kind uit die enkelouergesin in kontak is met sy/haar gevoelens ten opsigte van die enkelouersituasie; uitdrukking kan gee aan hierdie gevoelens; die gevoelens sy/haar eie kan maak en die gevoelens kan hanteer sonder om van die volgende

kontakgrensversteurings gebruik te maak, naamlik: projeksie, introjeksie, retrofleksie, samevloeiing en defleksie.

- Tydens die gestaltgroepwerkprogram is die kind in 'n middestad konteks begelei tot groter bewusheid van hom-/haarself en sy/haar gevoelens; die toepaslike uitdrukking van sy/haar gevoelens; die besitneming van of die neem van verantwoordelikheid vir sy/haar gevoelens; die verkryging van hanteringstrategieë binne en buite die groepsituasie en selfvertroeteling.
- Na aanleiding van die bevindinge bekom vanuit die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die gestaltgroepwerkprogram wel 'n verbetering ten opsigte van die kinderrespondente se emosionele- en sosiale vlakke van funksionering en toepaslike hantering van gevoelens, teweeggebring het.
- Die emosionele en sosiale vlak van funksionering van die kinderrespondente is in die selfontwerp vraelys en tydens die ongestructureerde waarneming gemeet in terme van die kinderrespondente se benutting van kontakgrensversteurings.
- Toepaslike hantering van gevoelens is in die selfontwerp vraelys en tydens die ongestructureerde waarneming gemeet in terme van die kinderrespondente se vermoë om bewus te wees van hulle gevoelens; hierdie gevoelens uit te druk; en verantwoordelikheid vir hulle gevoelens te neem en in terme van die beweging van die kinderrespondente deur die vyf lae van Perls.
- Volgens die kwalitatiewe bevindinge wat deur ongestructureerde waarneming bekom is, het daar wel 'n verbetering in die kinderrespondente se toepaslike hantering van hulle gevoelens ingetree. 'n Verbetering is vanuit die kwantitatiewe bevindinge slegs deur die enkelouers se response op die selfontwerp vraelyste gereflekteer.
- Alhoewel dit vanuit die kwantitatiewe bevindinge blyk dat daar 'n verbetering in die emosionele en sosiale vlakke van funksionering by die kinderrespondente ingetree het, blyk dit vanuit die kwalitatiewe bevindinge dat die spektrum van kontakgrensversteurings in die kohesiefase van groepontwikkeling in 'n groot mate ooreenstem met dié in die oriënteringsfase en konflikfase van groepontwikkeling. Dit blyk egter tog dat die intensiteit van sommige

kontakgrensversteurings afgeneem het van die oriënteringsfase na die kohesiefase.

- Die hipotese word na aanleiding van bogenoemde bevindings vir hierdie spesifieke respondentegroep ondersteun.

7.10 Slotopmerkings

Die enkelouerkind in 'n middestad konteks het behoefté daaraan om op emosionele en sosiale vlak bemagtig te word tot die toepaslike hantering van die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie. Die omvang van enkelouerskap en die verliese en problematiek wat daarmee gepaardgaan is kommerwekkend. Die eie ouers is dikwels nie in 'n posisie om hulle kinders van die nodige ondersteuning en leiding te voorsien nie, aangesien hulle te betrokke is by die hantering van hulle eie pyn, en die druk wat met enkelouerskap gepaardgaan. Die enkelouerkind in 'n middestad konteks word addisioneel met 'n meer problematiese lewensituasie gekonfronteer as die enkelouerkind wat in 'n ekonomies meer gegoede woonbuurt grootword. Die rassesegregasie, misdaad, beperkte hulpbronne en geweld in middestadomgewings verminder die vermoë van gesinne om hulself en hulle kinders te beskerm. Die ontwikkelde en geëvalueerde gestaltgroepwerkprogram dien dus as 'n belangrike hulpbron vir die enkelouerkind in 'n middestad konteks.

Die enkelouerkindrespondente in 'n middestad konteks is deur deelname aan die gestaltgroepwerkprogram bemagtig tot groter bewustheid van hulself en hulle gevoelens rondom die enkelouersituasie; die toepaslike uitdrukking van hulle gevoelens; die neem van verantwoordelikheid vir hulle gevoelens; die benutting van hanteringstrategieë om hierdie gevoelens te hanteer en selfvertroeteling. Die navorsingsbevindinge dui daarop dat die ontwikkelde gestaltgroepwerkprogram met vrymoedigheid met enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in 'n middestad konteks geïmplementeer kan word. Die voortgesette benutting van hierdie program binne middestadomgewings word sterk aanbeveel.

BIBLIOGRAFIE

- Arkava, M.L. & Lane, T.A. 1983. **Beginning social work research.** Boston: Allyn and Bacon.
- Axline, V.M. 1989. **Play therapy.** Edinburgh: Churchill Livingstone.
- Babbie, E. 1998. **The practice of social research.** Eighth Edition. Belmont, CA: Wadsworth Publishing Company.
- Badenhorst, R. 2001. **Onderhoud met mev. R. Badenhorst, bestuurder van die Middestad Trauma en Terapiesentrum.** Pretoria, 11 September.
- Black, M.M. & Krishnakumar, A. 1998. Children in low-income, urban settings: Interventions to promote mental health and well-being. **American Psychologist**, 53(6), 635-646. Retrieved December 3, 2001 from the world wide web: <http://gateway-di.divid.com>.
- Bless, C. & Higson-Smith, C. 1995. **Fundamentals of social research methods – An African perspective.** Second Edition. Lusaka: Juta & Co. Ltd.
- Bloom, M. & Fischer, J. 1982. **Evaluating practice: Guidelines for the accountable professional.** New Jersey: Prentice-Hall.
- Bluestone, J. 1991. School-based peer therapy to facilitate mourning in latency-age children following sudden parental death. In Boyd Webb, N. (Editor) **Play therapy with children in crisis: A casebook for practitioners.** New York: The Guilford Press.
- Boyd Webb, N. 1991. Play therapy crisis intervention with children. In Boyd Webb, N. (Editor) **Play therapy with children in crisis: A casebook for practitioners.** New York: The Guilford Press.

Cacoran, K. & Fischer, J. 1990. **Indeks van ouerlike houding; indeks van gesinsverhoudinge; indeks van kind se verhouding teenoor moeder en indeks van kind se verhouding teenoor vader.** Afgerolde stuk.

Campbell, C.A. 1993. Interview with Violet Oaklander, author of Windows to our Children. **Elementary School Guidance & Counseling**, 28(1), 52-59. Retrieved June 18, 2001 from the world wide web: <http://globalvgw...oolean>.

Cilliers, S.P. 1973. **Maatskaplike navorsing: Metodologie, prosedures, tegnieke.** Stellenbosch: Kosmo-Uitgewery.

Clarkson, P. 1995. **Gestalt counselling in action.** London: SAGE Publications.

Congress, E.P. & Lynne, M. 1994. Group work programs in public schools: Ethical dilemmas and cultural diversity. **Social Work in Education**, 16(2), 107-115. Retrieved December 3, 2001 from the world wide web: <http://globalvgw4>.

Corey, G., Schneider Corey, M. & Callanan, P. 1993. **Issues and ethics in the helping professions.** Fourth Edition. Pacific Grove: Brooks/Cole.

Corey, G. 1995. **Theory and practice of group counseling.** Fourth Edition. Pacific Grove, California: Brooks/Cole Publishing Company.

Dane, F.C. 1990. **Research methods.** Pacific Grove, California: Brooks/Cole.

De Vos, A.S. 1998. Conceptualisation and operationalisation. In De Vos, A.S. (Editor) **Research at grass roots: A primer for the caring professions.** Pretoria: J.L. van Schaik.

De Vos, A.S., Schurink, E.M. & Strydom, H. 1998. The nature of research in the caring professions. In De Vos, A.S. (Editor) **Research at grass roots: A primer for the caring professions.** Pretoria: J.L. van Schaik.

De Vos, A.S. 2002. Scientific theory and professional research. In De Vos, A.S. (Editor) in collaboration with Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions.** Second Edition. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2002. Combined quantitative and qualitative approach. In De Vos, A.S. (Editor) in collaboration with Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions.** Second Edition. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2002. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S. (Editor) in collaboration with Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions.** Second Edition. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2002. Intervention research. In De Vos, A.S. (Editor) in collaboration with Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions.** Second Edition. Pretoria: Van Schaik.

Dubow, E.F., Edwards, S. & Ippolito, M.F. 1997. Life stressors, neighborhood disadvantage and resources: A focus on inner-city children's adjustment. **Journal of Clinical Child Psychology**, 26(2), 130-144.

Faul, A.C.; Hanekom, A.J. & Van Niekerk, C. 1997. **Psigososiale funksionering inventaris vir laerskool kinders.** Pretoria.

Forcese, D.P. & Richer, S. 1973. **Social research methods.** New Jersey: Prentice-Hall.

Fouché, C.B. 2002. Problem formulation. In De Vos, A.S. (Editor) in collaboration with Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions.** Second Edition. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. Introduction to the research process. In De Vos, A.S. (Editor) in collaboration with Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L.

Research at grass roots: For the social sciences and human service professions.

Second Edition. Pretoria: Van Schaik.

Grinnell, R.M. Jr. & Williams, M. 1990. **Research in social work: A primer.** Itasca, Illinois: F.E. Peacock Publishers.

House, R.M. 1998. Child-centered group play therapy as an intervention to increase sociometric status and self-concept. In Landreth, G.L., Homeyer, L.E., Glover, G. & Sweeney, D.S. **Play therapy interventions with children's problems.** Northvale, New Jersey: Jason Aronson Inc.

Kelly, J.B. & Wallerstein, J.S. 1980. **Surviving the breakup: How children and parents cope with divorce.** Great Britain: Grant McIntyre.

Landreth, G.L. 1991. **Play therapy: The art of the relationship.** Indiana: Accelerated Development.

Landreth, G.L. 1993. Child-centered play therapy. **Elementary School Guidance & Counseling**, 28(1), 17-30. Retrieved December 3, 2001 from the world wide web:
<http://globalvgw4>.

Louw, D.A., Schoeman, W.J., Van Ede, D.M. & Wait, J. 1990. Die middelkinderjare. In Louw, D.A. **Menslike Ontwikkeling.** Tweede Uitgawe. Pretoria: HAUM- Tersiér.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Ferns, I. 1998. Middle childhood. In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. **Human Development.** Second Edition. Cape Town: Kagiso Tertiary.

Marriages and divorces. 1998. PO 307. Pretoria: Statistics South Africa.

- McLanahan, S. & Sandefur, G. 1994. **Growing up with a single parent: What hurts, what helps.** Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press.
- Naran, R.V. 1991. **The social support systems and social network characteristics of a group of low-income single mothers identified as users and non-users of social services.** Pretoria: Human Sciences Research Council.
- Neuman, W.L. 1997. **Social research methods: Qualitative and quantitative approaches.** Third Edition. Boston: Allyn and Bacon.
- Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk: Hersiene en uitgebreide uitgawe.** 1995. Kaapstad: Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk.
- Oaklander, V. 1988. **Windows to our children: A gestalt therapy approach to children and adolescents.** Highland, New York: The Gestalt Journal Press.
- Oaklander, V. 1999. Group play therapy from a gestalt therapy perspective. In Sweeney, D.S. & Hofmeyr, I.C. (Editors) **Handbook of group play therapy: How to do it, how it works, whom it's best for.** San Francisco: Jossey Bass Publishers.
- O'Connor, K.J. 2000. **The play therapy primer.** Second Edition. New York: John Wiley & Sons Inc.
- O' Leary, E. 1992. **Gestalt therapy: Theory, practice and research.** London: Chapman & Hall.
- Pretorius, J.W.M. 1994. Die ontwikkelingsfases van die opvoeding. In Ferreira, G.V. (Redakteur) **Temas in die psigopedagogiek. Deel I.** Stellenbosch: UUB.
- Price, J.E. 1991. The effects of divorce precipitate a suicide threat: Case of Philip, age 8. In Boyd Webb, N. (Editor) **Play therapy with children in crisis: A casebook for practitioners.** New York: The Guilford Press.

Prinsloo, C.E. 2001. **Huweliksverryking in die middeljare deur middel van groeigeoriënteerde maatskaplike groepwerk.** Ongepubliseerde D-Phil Proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Schilling, R. & Koh, N. 1992. Bereavement groups for inner-city children. **Research on Social Work Practice**, 2(3), 405-420. Retrieved December 3, 2001 from the world wide web: <http://globalvgw4>.

Schoeman, J.P. 1999. **Spelterapie: Die onontbeerlike vaardighede in terapie met die kind.** Pretoria: Schoeman.

Serok, S. 2000. **Innovative applications of gestalt therapy.** Malabar, Florida: Krieger Publishing Company.

Simons, R.L. & Associates. 1996. **Understanding differences between divorced and intact families: Stress, interaction and child outcome.** Thousand Oaks, California: SAGE Publications.

Singleton, R., Straits, B.C., Straits, M.M. & McAllister, R.J. 1988. **Approaches to social research.** New York: Oxford University Press.

Snyman, M.P. & Le Roux, J. 1993. Die kwesbare posisie van die enkelouergesin in die eietydse samelewing. **Pedagogiek-Joernaal**, 14(1), 86-99.

Strydom, H. 1998. The pilot study. In De Vos, A.S. (Editor) **Research at grass roots: A primer for the caring professions.** Pretoria: J.L. van Schaik.

Strydom, H. 1998. Single-system designs. In De Vos, A.S. (Editor) **Research at grass roots: A primer for the caring professions.** Pretoria: J.L. van Schaik.

Strydom, H. 2002. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S. (Editor) in collaboration with Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions.** Second Edition. Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. 2002. Single-system design. In De Vos, A.S. (Editor) in collaboration with Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions.** Second Edition. Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. 2002. The pilot study. In De Vos, A.S. (Editor) in collaboration with Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions.** Second Edition. Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. & Venter, L. 2002. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S. (Editor) in collaboration with Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions.** Second Edition. Pretoria: Van Schaik.

Tait, D.C. & Depta, J. 1998. Group play therapy with bereaved children. In Landreth, G.L., Homeyer, L.E., Glover, G. & Sweeney, D.S. **Play therapy interventions with children's problems.** Northvale, New Jersey: Jason Aronson Inc.

Toseland, R.W. & Rivas, R.F. 2001. **An introduction to group work practice.** Fourth Edition. Boston: Allyn & Bacon.

Van Loggerenberg, M. & Roets, H.E. 1993. Die belewing van die kind in die enkelouergesin. **Educare**, 22(1&2), 106-119.

Yontef, G.M. 1993. **Awareness dialogue & process: Essays on gestalt therapy.** Highland, New York: The Gestalt Journal Press.

BYLAE 1

VRAEELYS VIR KINDERS

Hierdie vraelys meet hoe jy daaroor voel om net by jou ma of jou pa in die huis te bly.

Party vrae handel oor hoe dit vir jou is om by jou ma en/of pa te wees en ander vrae handel oor wat jy van jouself dink en hoe dit vir jou is om tussen jou maats te wees.

Antwoord asseblief **al** die vrae so eerlik as moontlik. Die inligting in hierdie vraelys sal vertroulik hanteer word. Lees asseblief die instruksies voor elke vraag baie deeglik deur. Baie dankie vir jou samewerking.

Mej. C.M. Winter

D-Phil student in Maatskaplike Werk met spesialisering in spelterapie
Universiteit van Pretoria

Antwoord asseblief die volgende vrae eerlik.
Hierdie is nie 'n toets nie.
Daar is nie regte of verkeerde antwoorde nie.

Kantoorgebruik

V1 1-2

V2 3

V3 4-5

V4 6

Ouderdom: Jaar

Graad:

Geslag:

Seun	1	Dogter	2
------	---	--------	---

V5 7

1. By wie bly jy? Merk met 'n regmerkie.

Ma	1	Pa	2
----	---	----	---

V6 8

2. Is daar iemand anders wat saam met jou in jou huis bly, behalwe jou ma of jou pa?

.....
.....
.....
.....

V7 9-10
V8 11-12
V9 13-14
V10 15-16

3. Hoe is dit vir jou om by jou **ma** te wees?
Merk ja of nee by elke sin.

	1	2
My ma is baie irriterend	Ja	Nee
My ma is te kwaai met my	Ja	Nee
Dit is vir my lekker om by my ma te wees	Ja	Nee
My ma is baie geduldig met my	Ja	Nee
My ma laat my self besluite neem	Ja	Nee

V11 17
V12 18
V13 19
V14 20
V15 21

4. Hoe gaan dit tussen jou en jou **ma**?
Merk ja of nee by elke sin.

	1	2
Ek kom goed oor die weg met my ma	Ja	Nee
Ek voel trots op my ma	Ja	Nee
My ma verstaan my nie	Ja	Nee
Ek voel skaam oor my ma	Ja	Nee
Ek kan die meeste van die tyd vir my ma sê hoe ek voel	Ja	Nee
My ma stel belang in wat ek doen	Ja	Nee

V16 22
V17 23
V18 24
V19 25
V20 26
V21 27

5. Hoe is dit vir jou om by jou **pa** te wees?

Merk ja of nee by elke sin.

	1	2
My pa is baie irriterend	Ja	Nee
My pa is te kwaai met my	Ja	Nee
Dit is vir my lekker om by my pa te wees	Ja	Nee
My pa is baie geduldig met my	Ja	Nee
My pa laat my self besluite neem	Ja	Nee

V22	<input type="checkbox"/>	28
V23	<input type="checkbox"/>	29
V24	<input type="checkbox"/>	30
V25	<input type="checkbox"/>	31
V26	<input type="checkbox"/>	32

6. Hoe gaan dit tussen jou en jou **pa**?

Merk ja of nee by elke sin.

	1	2
Ek kom goed oor die weg met my pa	Ja	Nee
Ek voel trots op my pa	Ja	Nee
My pa verstaan my nie	Ja	Nee
Ek voel skaam oor my pa	Ja	Nee
Ek kan die meeste van die tyd vir my pa sê hoe ek voel	Ja	Nee
My pa stel belang in wat ek doen	Ja	Nee

V27	<input type="checkbox"/>	33
V28	<input type="checkbox"/>	34
V29	<input type="checkbox"/>	35
V30	<input type="checkbox"/>	36
V31	<input type="checkbox"/>	37
V32	<input type="checkbox"/>	38

7. Hoe is dit vir jou die meeste van die tyd by jou huis waar jy nou bly?

Merk ja of nee by elke sin.

	1	2
Dit is nie vir my lekker om by my huis te wees nie	Ja	Nee
Die mense in my huis baklei te veel	Ja	Nee
My huismense verstaan my nie	Ja	Nee
Ek kom goed oor die weg met die mense in my huis	Ja	Nee
Die mense in my huis is lief vir mekaar	Ja	Nee

V33	<input type="checkbox"/>	39
V34	<input type="checkbox"/>	40
V35	<input type="checkbox"/>	41
V36	<input type="checkbox"/>	42
V37	<input type="checkbox"/>	43

8. Hoe voel jy daaroor dat jou ma of pa nie meer by julle is nie?
Merk ja of nee by elke sin.

	1	2
Ek voel deurmekaar	Ja	Nee
Ek voel kwaad	Ja	Nee
Ek voel bang	Ja	Nee
Dit pla my nie	Ja	Nee
Ek voel verlig	Ja	Nee
Ek voel bly	Ja	Nee
Ek voel minderwaardig	Ja	Nee
Ek voel eensaam	Ja	Nee
Ek voel hartseer	Ja	Nee
Ek voel dit is my skuld	Ja	Nee
Ek voel my ouer(s) het my nie meer lief nie	Ja	Nee

V38	<input type="checkbox"/>	44
V39	<input type="checkbox"/>	45
V40	<input type="checkbox"/>	46
V41	<input type="checkbox"/>	47
V42	<input type="checkbox"/>	48
V43	<input type="checkbox"/>	49
V44	<input type="checkbox"/>	50
V45	<input type="checkbox"/>	51
V46	<input type="checkbox"/>	52
V47	<input type="checkbox"/>	53
V48	<input type="checkbox"/>	54

9. Merk met 'n regmerkie of die volgende sinne **nooit, soms, of altyd** so in jou lewe is.

	1	2	3
	Nooit	Soms	Altyd
Ek mis my pa/ma wat nie meer by ons is nie			
Ek voel dit is my skuld dat my pa/ma nie meer by ons is nie			
Ek hou van my ma/pa by wie ek bly se nuwe vriend/vriendin			
Ons kuier nog by die familie van my pa/ma wat weg is			
Ek verlang na die familie van my pa/ma wat weg is			
My ma/pa by wie ek bly, weet die meeste van die tyd waar ek is			
My ma/pa by wie ek bly, weet die meeste van die tyd wat ek doen			
My ma/pa by wie ek bly, help my met my huiswerk			
My ma/pa by wie ek bly, is baie keer te besig, om saam met my te speel.			
Ek is bang my ma/pa by wie ek bly, kom iets oor.			
Ons het min geld in die huis			
My ma/pa voel bang vandat ons alleen bly			

V49	<input type="checkbox"/>	55
V50	<input type="checkbox"/>	56
V51	<input type="checkbox"/>	57
V52	<input type="checkbox"/>	58
V53	<input type="checkbox"/>	59
V54	<input type="checkbox"/>	60
V55	<input type="checkbox"/>	61
V56	<input type="checkbox"/>	62
V57	<input type="checkbox"/>	63
V58	<input type="checkbox"/>	64
V59	<input type="checkbox"/>	65
V60	<input type="checkbox"/>	66

9. (Vervolg)

	1	2	3
	Nooit	Soms	Altyd
Ek voel bang vandat ek saam met net een van my ouers bly			

V61 67

10. Sê of die volgende sinne waar of vals is.

	1	2
	Waar	Vals
Ek hou van myself		
Ek doen dikwels dinge wat vir my lekker is		
Ek voel gelukkig		
Ek voel spesiaal		
Ek haat myself		
Ek voel ongelukkig		
Ek voel ek is nie spesiaal nie		
Ek doen baie goed vir my ma/pa by wie ek bly, sodat hy/sy nie vir my kwaad word nie		
Ek probeer altyd soet wees, sodat my ma/pa nie met my raas nie		
Ek maak baie grappies, sodat ek nie hoef te dink aan my pa/ma wat weg is nie		
Ek praat liewer oor ander goed as om oor my gesin te praat		

V62 68
V63 69
V64 70
V65 71
V66 72
V67 73
V68 74

V69 75
V70 76
V71 77
V72 78

11. Het jy maatjies?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

V73 7912. Sê of die volgende sinne waar of vals is,
as jy wel maatjies het.

	1	2
	Waar	Vals
Ek is bang my maats hou nie meer van my nie, as ek sê wat ek dink		
Ek doen altyd wat my maats vir my sê om te doen		
Ek hou van my maats		
Dit is vir my lekker by my maats		
My maats hou van my		
Ek haat my maats		
Ek is vriendelik met my maats		
My maats verstaan my		
Ek speel lekker saam met my maats		
Ek voel vinnig kwaad		

V74 80
V75 81
V76 82
V77 83
V78 84
V79 85
V80 86
V81 87
V82 88
V83 89

12. (Vervolg)

	1	2
	Waar	Vals
Dit is ander mense se skuld as ek sleg voel		
Ek slaan my maats as my maats my kwaad maak		
Ek byt my maats as hulle my kwaad maak		
Ek skop my maats as hulle my kwaad maak		
Ek sê lelike goed vir my maats as hulle my kwaad maak		

V84	<input type="checkbox"/>	90
V85	<input type="checkbox"/>	91
V86	<input type="checkbox"/>	92
V87	<input type="checkbox"/>	93
V88	<input type="checkbox"/>	94

13. Merk ja of nee by elkeen van die volgende sinne:

	1	2
Ek weet die meeste van die tyd hoe ek voel	Ja	Nee
Ek weet die meeste van die tyd wat ek dink	Ja	Nee
Ek weet hoe ek daaroor voel dat my ma en pa nie meer saam is nie	Ja	Nee
Ek weet wat om te doen met my gevoelens	Ja	Nee
Dit is vir my maklik om vir mense wie ek vertrou, te vertel hoe ek voel	Ja	Nee
Ek kan in 'n groep sê wat ek voel en dink, sonder om bang te wees vir wat die ander van my gaan dink	Ja	Nee
Ek doen baie keer dinge om myself te bederf wanneer ek nie lekker voel nie	Ja	Nee
Ek weet die meeste van die tyd wat ek nodig het	Ja	Nee
Ek kan vir my ma/pa by wie ek bly, vra vir dit wat ek nodig het	Ja	Nee
Ek kan die meeste van die tyd self besluite neem	Ja	Nee
Dit is vir my die meeste van die tyd maklik om probleme op te los	Ja	Nee

V89	<input type="checkbox"/>	95
V90	<input type="checkbox"/>	96
V91	<input type="checkbox"/>	97
V92	<input type="checkbox"/>	98
V93	<input type="checkbox"/>	99
V94	<input type="checkbox"/>	100
V95	<input type="checkbox"/>	101
V96	<input type="checkbox"/>	102
V97	<input type="checkbox"/>	103
V98	<input type="checkbox"/>	104
V99	<input type="checkbox"/>	105

14. As jy **een** wens kon gewens het,
Wat sou jy gewens het?

.....

V100 106-107**BAIE DANKIE VIR JOU HARDE WERK!**

BYLAE 2

VRAEELYS VIR OUERS

Enkelouerskap is besig om toe te neem in die samelewing van vandag. Die grootste oorsaak van enkelouergesinne is egskeiding. Enkelouerskap plaas die enkelouer in ‘n posisie van groter verantwoordelikheid wat in baie gevalle moeilik is om te hanteer.

Hierdie vraelys meet hoe u dink u kind die enkelouersituasie beleef en hanteer.

Antwoord asseblief **al** die vrae so eerlik as moontlik. Die inligting in hierdie vraelys sal vertroulik hanteer word. Lees asseblief die instruksies voor elke vraag baie deeglik deur. Baie dankie vir u samewerking.

Mej. C.M. Winter

D-Phil student in Maatskaplike Werk met spesialisering in speltherapie

Universiteit van Pretoria

**Antwoord asseblief die volgende vrae eerlik.
Daar is nie regte of verkeerde antwoorde nie.**

Kantoorgebruik

V1 1-2

V2 3
V3 4

V4 5-6

Ouderdom van ouer: jaar

V5 7

Geslag van ouer: (Merk met 'n regmerkie)

Manlik	1	Vroulik	2
--------	---	---------	---

1. Werk u tans?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

V6 8

2. Indien wel, watter werk doen u?

.....

V7 9-10

3. Hoe lank is u al 'n enkelouer?jaar
.....maande

V8 11-12
V9 13-14

4. Wat het die skeiding tussen u en u eggenoot veroorsaak?

Egskeiding	1	Dood	2	Vervreemding	3
------------	---	------	---	--------------	---

V10 15

5. Hoe is dit vir u om by u kind te wees?

Merk ja of nee by elke sin.

	1	2
My kind is baie irriterend	Ja	Nee
Ek vind dit moeilik om my kind te beheer	Ja	Nee
Dit is vir my lekker om by my kind te wees	Ja	Nee
Ek het baie geduld met my kind	Ja	Nee
Ek laat my kind self besluite neem	Ja	Nee

V11 16
V12 17
V13 18
V14 19
V15 20

6. Hoe gaan dit tussen u en u kind?

Merk ja of nee by elke sin.

	1	2
Ek kom goed oor die weg met my kind	Ja	Nee
Ek voel trots op my kind	Ja	Nee
Ek verstaan net nie my kind nie	Ja	Nee
Ek voel skaam oor my kind	Ja	Nee
My kind kan die meeste van die tyd vir my sê hoe hy/sy voel	Ja	Nee
Ek stel belang in wat my kind doen	Ja	Nee

V16 21
V17 22
V18 23
V19 24
V20 25
V21 26

7. Hoe dink u **is dit vir u kind** die meeste van die tyd om in julle gesin te wees?
Merk ja of nee by elke sin.

	1	2
Dit is nie vir my kind lekker om by ons as gesin, te wees nie	Ja	Nee
My kind voel die lede van ons gesin baklei te veel	Ja	Nee
My kind voel ons as gesin, verstaan hom/haar nie	Ja	Nee
My kind kom goed oor die weg met ons as gesin	Ja	Nee
My kind voel die lede van ons gesin is lief vir mekaar	Ja	Nee

V22	<input type="text"/>	27
V23	<input type="text"/>	28
V24	<input type="text"/>	29
V25	<input type="text"/>	30
V26	<input type="text"/>	31

8. Hoe dink u **voel u kind** daaroor dat u gewese eggenoot nie meer by julle is nie?
Merk ja of nee by elke sin.

	1	2
My kind voel deurmekaar	Ja	Nee
My kind voel kwaad	Ja	Nee
My kind voel bang	Ja	Nee
Dit pla my kind nie	Ja	Nee
My kind voel verlig	Ja	Nee
My kind voel bly	Ja	Nee
My kind voel minderwaardig	Ja	Nee
My kind voel eensaam	Ja	Nee
My kind voel hartseer	Ja	Nee
My kind voel dit is sy/haar skuld	Ja	Nee
My kind voel ek het hom/haar nie meer lief nie	Ja	Nee

V27	<input type="text"/>	32
V28	<input type="text"/>	33
V29	<input type="text"/>	34
V30	<input type="text"/>	35
V31	<input type="text"/>	36
V32	<input type="text"/>	37
V33	<input type="text"/>	38
V34	<input type="text"/>	39
V35	<input type="text"/>	40
V36	<input type="text"/>	41
V37	<input type="text"/>	42

9. Merk met 'n regmerkie of die volgende sinne **nooit, soms, of altyd** so in u en u kind se lewe is.

	1	2	3
	Nooit	Soms	Altyd
My kind mis my man/vrou wat nie meer by ons is nie			
My kind voel dat dit sy/haar skuld is dat my man/vrou nie meer by ons is nie			
My kind hou van my nuwe vriend/vriendin			
Ons kuier nog by die familie van my gewese eggenoot/e			
My kind verlang na die familie van my gewese eggenoot/e			

V38	<input type="text"/>	43
V39	<input type="text"/>	44
V40	<input type="text"/>	45
V41	<input type="text"/>	46
V42	<input type="text"/>	47

9. (Vervolg)

	1	2	3
	Nooit	Soms	Altyd
Ek weet die meeste van die tyd waar my kind is			
Ek weet die meeste van die tyd wat my kind doen			
Ek help my kind met sy/haar huiswerk			
Ek is baie keer te besig, om saam met my kind te speel			
My kind is bang ek kom iets oor			
Finansieel kry ek swaar vandat my eggenoot/e nie meer by ons is nie			
Ek voel bang vandat ek alleen saam met my kind/ers bly			
My kind voel bang vandat hy/sy saam met net een ouer bly			

V43		48
V44		49
V45		50
V46		51
V47		52
V48		53
V49		54
V50		55

10. Toon met 'n regmerkie aan of die volgende sinne waar of vals is rakende u kind.

	1	2
	Waar	Vals
My kind hou van hom-/haarself		
My kind doen dikwels dinge wat vir hom/haar lekker is		
My kind voel gelukkig		
My kind voel spesiaal		
My kind haat hom-/haarself		
My kind voel ongelukkig		
My kind voel hy/sy is nie spesiaal nie		
My kind doen baie dinge vir my, sodat ek nie vir hom/haar kwaad word nie		
My kind probeer altyd soet wees, sodat ek nie met hom/haar raas nie		
My kind maak baie grappies, sodat hy/sy nie hoef te dink aan my eggenoot/e wat weg is nie		
My kind praat liewer oor ander goed as om oor sy/haar gesin te praat		

V51		56
V52		57
V53		58
V54		59
V55		60
V56		61
V57		62
V58		63
V59		64
V60		65
V61		66

11. Het u kind maats?

Ja	1	Nee	2
----	---	-----	---

V62		67
-----	--	----

12. Toon aan of die volgende waar of vals is
rakende u kind, indien u kind wel maats het.

	1	2	
	Waar	Vals	
My kind is bang sy/haar maats hou nie meer van hom/haar nie, as my kind sê wat hy/sy dink			V63 68
My kind doen altyd wat sy/haar maats vir hom/haar sê om te doen			V64 69
My kind hou van sy/haar maats			V65 70
Dit is vir my kind lekker by sy/haar maats			V66 71
My kind se maats hou van hom/haar			V67 72
My kind haat sy/haar maats			V68 73
My kind is vriendelik met sy/haar maats			V69 74
My kind se maats verstaan my kind			V70 75
My kind speel lekker saam met sy/haar maats			V71 76
My kind voel vinnig kwaad			V72 77
My kind meen dit is ander mense se skuld as hy/sy sleg voel			V73 78
My kind slaan sy/haar maats as hulle my kind kwaad maak			V74 79
My kind byt sy/haar maats as hulle my kind kwaad maak			V75 80
My kind skop sy/haar maats as hulle my kind kwaad maak			V76 81
My kind sê lelike goed vir sy/haar maats as hulle my kind kwaad maak			V77 82

13. Merk ja of nee by elkeen van die volgende sinne:

	1	2	
	Ja	Nee	
My kind weet die meeste van die tyd hoe hy/sy voel	Ja	Nee	V78 83
My kind weet die meeste van die tyd wat hy/sy dink	Ja	Nee	V79 84
My kind weet hoe hy/sy daaroor voel dat ek en my eggenoot(e) nie meer saam is nie	Ja	Nee	V80 85
My kind weet wat om te doen met sy/haar gevoelens	Ja	Nee	V81 86
Dit is vir my kind maklik om vir mense wie hy/sy vertrou, te vertel hoe hy/sy voel	Ja	Nee	V82 87
My kind kan in 'n groep sê wat hy/sy voel en dink, sonder om bang te wees vir wat die ander van hom/haar gaan dink	Ja	Nee	V83 88
My kind doen baie keer dinge om hom-/haarself te bederf wanneer hy/sy nie lekker voel nie	Ja	Nee	V84 89

13. (Vervolg)

	1	2
My kind weet die meeste van die tyd wat hy/sy nodig het	Ja	Nee
My kind kan vir my vra vir dit wat hy/sy nodig het	Ja	Nee
My kind kan die meeste van die tyd self besluite neem	Ja	Nee
Dit is die meeste van die tyd vir my kind maklik om probleme op te los	Ja	Nee

V85	<input type="checkbox"/>	90
V86	<input type="checkbox"/>	91
V87	<input type="checkbox"/>	92
V88	<input type="checkbox"/>	93

14. As u kind **een** wens kon gewens het,
wat dink u sou hy/sy gewens het?

.....

V89 94-95**DANKIE VIR U SAMEWERKING**

BYLAE 3

Voortoets-/Natoetsskaal ontwikkel deur METT Sentrum

(NIE BESKIKBAAR NIE!)

BYLAE 4**INGELIGTE TOESTEMMINGSBRIEF**

Naam van ouer van respondent:
Datum:.....

Naam van respondent:

.....

Hoofondersoeker: Carla Winter

Departement Maatskaplike Werk
 Fakulteit Geesteswetenskappe
 Universiteit van Pretoria
 Pretoria
 0002
 Tel. no: 082 638 5202

Ingeligte Toestemming:

1. **Titel van die studie:** Die bemagtiging van enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in 'n middestad konteks.
2. **Doel van die studie:** Die doel van hierdie studie is om u kind deur middel van gestaltgroepwerk te bemagtig om sy/haar negatiewe belewinge van die enkelouersituasie op toepaslike wyses te hanteer.
3. **Prosedures:** My kind sal gevra word om een maal per week 'n groepsessie by te woon vir ongeveer agt tot tien weke. Ek en my kind sal gevra word om elkeen 'n vraelys voor die begin van die reeks groepsessies en weer aan die einde van die reeks groepsessies in te vul. Hierdie vraelys meet die vordering van my kind met sy/haar hantering van die enkelouersituasie. Dieselfde vraelys word aan die begin en einde van die reeks groepsessies ingevul. Ek as ouer sal ook gevra word om ongeveer twee tot drie groepsessies saam met die ander ouers by te woon, ten einde ondersteuning te ontvang met die hantering van my kind.
4. **Risiko's en ongemak:** Tydens die groepsessies sal u kind gehelp word om uiting te gee aan sy/haar emosies oor die enkelouersituasie. Hierdie gevoelens sal egter tydens die groepsessies hanteer word met behulp van bepaalde gestaltgroepwerktegnieke en die ondersteuning van die ander groeplede.

Tydens die groepsessies wat ek as ouer sal bywoon, sal ons emosies oor ons enkelouerskap op dieselfde wyse hanteer word.

5. **Voordele:** My kind kan deur sy/haar deelname aan en samewerking tydens die totale gestaltgroepwerkprogram, sy/haar negatiewe belewinge van die enkelouersituasie verwerk en op beter wyses hanteer.

Ek as enkelouer kan gehelp word om die positiewe verandering in my kind se gedrag te versterk en om my enkelouerskap makliker te hanteer.

Die resultate van die studie sal ander terapeute in staat stel om kinders wat hulleself in enkelouersituasies bevind, deur middel van gestaltgroepwerk te bemagtig om die situasie beter te hanteer.

6. **Regte van die respondent:** Ek en my kind mag ter enige tyd van deelname aan hierdie studie onttrek.

Dienste in die vorm van groepterapeutiese intervensie sal gratis aan u kind gelewer word. Indien verdere individuele terapeutiese intervensie na die groepintervensie verlang word, sal u kind na een van die terapeute van die Middestad Trauma Terapie Sentrum verwys word vir individuele aandag.

7. **Konfidensialiteit:** Die ware identiteit van my en my kind sal **nie** in die finale navorsingsverslag bekend gemaak word **nie**. Slegs die ondersoeker, medeterapeut en haar supervisor sal bewus wees van ons identiteit. Indien daar van 'n videokamera of kasset gebruik gemaak sal word om enkele groepsessies op te neem, sal my en my kind se addisionele toestemming hiervoor bekom word.

Die resultate van die studie mag in professionele joernale gepubliseer word of tydens professionele konferensies aangebied word, sonder dat my en my kind se identiteit bekend gemaak word.

8. **Indien ek enige navrae het, kan ek die volgende nommer skakel: 082 638 5202**

.....
Handtekening van ouer

.....
Datum

.....
Handtekening van ondersoeker